As die lewe jou in diep waters
gooi, moet jy swem . . .
of sink.
DRIFT
CECILIA STEYN


As die lewe jou in diep waters
gooi, moet jy swem . . .
of sink.
DRYF
CECILIA STEYN

DRYF

Cecilia Steyn

Human & Rousseau

Vir my seuns, Marius en Francois.

Omdat die vorige boeke wat ek aan julle

opgedra het liefdesverhale was.

Ook vir Ouma Cielie,

by wie ek vermoedelik my liefde

vir die see gekry het.

CALEB

“Hierdie gaan die beste vakansie ooit wees!” sê Mateo en gryp vir Caleb en Ebert om die skouers. Vandag is Vrydag en die bruisende afwagting van die somervakansie hang in die lug soos die reuk van braaivleisvure op ’n Saterdagaand.

Caleb skram vies weg en kyk wie hulle gesien het. “Jy’s in die openbaar, ou,” sug hy. Ná die jaar wat hy gehad het, hoop hy sy pel is reg.

“Beter as jou vorige matriekvakansie?” vra Ebert en lag. Mateo is ’n jaar ouer as Caleb en Ebert.

Mateo haal sy skouers op. “Hei, soos ek dit sien het ek verlede jaar my gapjaar in matriek gevat, maar ek is seker ek het hom dié keer in die sakkie. Of dalk het ek net vir julle gewag.”

Mateo se oë lig na die meisie in die winkel wat besig is om T-hemde op te vou. Sy gee ’n skaam glimlag en kyk dan vinnig weg.

Mateo is een van daai ouens. As hy vir ’n meisie glimlag, glimlag sy altyd terug. Hy laat Caleb vandag dink aan ’n blikkie Coke wat wil oorborrel. Miskien omdat dit sy laaste jaar, hopelik, ooit van skool was. Mateo is nog altyd all play en no work. Dit was juis sý blink plan om in Plett te gaan kamp vir hulle matriekvakansie.

“Die coolste chicks bly in die karavaanpark, ou,” het Mateo gesê. Caleb en Ebert het net gefrons. Oulike meisies sal mos enige plek bly. Caleb dink Mateo se keuse het eerder te doen met die feit dat sy ouers ook in hulle strandhuis in Plett gaan wees, en Mateo nie heeldag onder sy ma se wakende en oorbeskermende valkoog wil partytjie hou nie. Ebert het eers volstrek geweier. Vir wat moet hulle in tente gaan bly as hulle ’n gastehuis

kan bekostig? Maar Mateo se entoesiasme was aansteeklik en kort voor lank het Caleb en Ebert ingestem.

As sy pa vandag hier was sou hy een of ander avontuur vir Caleb en sy pelle uitgedink het vir hulle matriekvakansie. Een wat nie meisies behels nie, maar ’n ontdekkingsreis.

’n Duikekspedisie, natuurlik. Na die Galapagos, Fidji, Palau of na die Great Barrier Reef in Australië. Maar vir eers moet Mateo se kampvakansie doen. Dalk as sy pa terug is kan hy vir hulle so ’n adrenalienbelaaide avontuur reël.

Die meisie agter die toonbank lig weer haar kop om na die ouens te kyk. Caleb haal nog iets wat hy vir die vakansie nodig het van die rak af en sit dit in die trollie.

“Het ons alles?” vra Ebert.

“Tente, flitse, slaapsakke en nog ’n klomp gadgets. Ja, ek dink ons is klaar,” sê Caleb. “Ná hierdie geshop het ek éérs ’n vakansie nodig.”

Hy stoot die trollie na die betaalpunt.

Toe Caleb wil betaal, sê die kassier: “Jammer, die kaart is declined.” In die agtergrond blêr Kersmusiek uit die winkel se luidsprekers al is dit nou eers November.

Caleb lig sy wenkbrou. “Probeer weer, asseblief. Ek is seker daar’s net fout met julle masjien. Ek het nou net petrol daarmee ingegooi.”

Caleb glimlag vir die meisie. Sy knik en tik die kaart weer op die masjien. Dan trommel sy haar vingers en staar in afwagting na die skerm.

Sy skud haar kop. “Nee, jammer. Transaction declined, sien.” Sy hou Caleb se kaart na hom en wys vir hom die strokie.

Asof dit dalk die verkeerde kaart kan wees, kyk hy daarna toe hy dit by haar vat. Maar hy weet hy het net een kaart in sy beursie.

“Dis my ma,” probeer hy vir die vreemdeling verduidelik. “Sy het seker net vergeet om my sakgeld in te betaal.” Die meisie knik. “Haar kop is deesdae op ’n ander plek.” Caleb skud sy kop. Hoekom vertel hy nie sommer vir die vreemdeling dat sy so is vandat sy pa twee maande gelede verdwyn het nie.

Vir nou moet hy dalk met hulle finansies werk totdat sy pa terug is. Voor hulle krag dalk afgesit word, of so iets.

“Jammer daaroor. Ek kom môre terug, asseblief, hou my inkopies vir my,” vra Caleb en beduie na die goed wat die meisie reeds in herbruikbare sakke gepak het. Hy hoop die pleit in sy stem sal haar oortuig.

“Wat draai jy so?” vra Mateo langs Caleb.

“Ek weet nie. My kaart werk nie.”

“Jou ma?” vra Mateo.

Caleb knik. “Seker, ja.”

Mateo haal sy kaart uit en hou dit na die kassier. “Gebruik myne,” sê hy.

“Nee man, dis cool. Ek kom môre terug,” sug Caleb.

“Daar gaan nie tyd wees om terug te kom nie,” sê Mateo. “Ons ry môre.”

Voor Caleb kan keer, ping Mateo se selfoon al. Die kassier is duidelik nie lus om al die inkopies op die rakke terug te pak nie.

Buite die inkopiesentrum staan die drie eers in die parkeerarea by hulle motors.

“Dan sien ek julle môreoggend sewe-uur. Moenie verslaap nie,” sê Mateo.

“Ons sal nie laat wees nie,” sê Ebert.

“Jy hoef my nie twee keer te nooi nie,” sê Caleb. “Ek wil net uit hierdie plek kom.”

Mateo klop Caleb op die skouer. “Beach party!” gil hy en skuif sy sonbril oor sy oë.

Caleb skud sy kop en lag.

“Nou toe, kom ons waai. Ek moet nog my klere gaan was,” sê Ebert. Van die drie pelle is Ebert die een wat volgende jaar die maklikste op varsity gaan aanpas. Hy’s ’n onafhanklike ou. Sy ma is lankal uit die prentjie en sy pa werk hom dood om die pot aan die kook te hou vir hom en sy suster. So hy weet van in en om die huis met alles help. Hy en Mateo het al gespot hulle gaan vir Ebert ’n voorskoot koop.

Op pad huis toe gee Caleb die woorde vorm in sy kop. Hy moet sy ma mooi benader en haar nie meer ontstel as wat sy reeds is nie. Hy hoop net sy sal alleen oukei wees die paar weke wat hy weggaan.

By die huis laat die silwer Maserati Levante in hulle oprit sy ma se Smart Fortwo soos ’n vaal mossie lyk. Wat maak sy pa se broer hier? Hy het sekerlik belangriker dinge om te doen. ’n Week gelede het ’n helse storm om sy oom se kop losgebars. Dawid Meyer is die uitvoerende hoof van Orion Energie. Hy het in die pers erken dat Orion Energie besig is om aansienlike volumes geologiese eksplorasiewerk aan die Wildekus te doen. Seismiese opnames, gravitasie-magnetiese eksplorasiewerk, en hulle gaan verkenningsputte boor. Die beraamde volume van die belegging is sowat vierhonderdmiljoen dollar. Duisende omgewingsbetogers kom nou op strande saam om die opnames stop te sit. Dit pla sy oom duidelik nie om met aanhoudende skokgolwe onherstelbare skade aan mariene lewe aan te rig net om geld te maak nie. As Caleb se pa nou hier was sou hy beslis een van die voorbokke by die betogings gewees het. Sy pa en oom is teenoorgestelde pole. Een wil die aarde bewaar en die ander gee nie om dat hy dit vernietig nie.

Caleb hoor sy oom se bulderende stem voor hy hom sien.

Hy klem sy kake.

In die sitkamer sit sy ma oorkant sy oom. Haar oë is rooi gehuil. Dis niks nuuts nie. Dis hoe sy die afgelope twee maande lyk. In haar hand is ’n

verskrompelde sneesdoekie.

“Kom sit, Caleb,” sê sy ma. Die manier hoe sy dit sê en hoe sy op hierdie oomblik sy oë vermy, wil sy bene laat knak. Is daar uiteindelik nuus oor sy pa?

“Oom.” Dawid Meyer staan op en groet vir Caleb met die hand. Sy pa se broer is ’n lang man met diep blesse, maar nog nie ’n grys haar op sy kop nie. Hy gee vir Caleb een van daardie handdrukke wat sê: Ek is groter, beter, sterker en slimmer as jy en jy moet dit nie vergeet nie.

Sy oom se knieë maak ’n kraakgeluid toe hy gaan sit. Soos ’n skarnier wat olie kort.

“Ons moet praat oor die hofuitspraak,” sê sy oom.

Die hofuitspraak! Hoe kon hy vergeet het? Met die dat hy net vakansie op die brein het, was dit die laaste ding in sy gedagtes. So dis hoekom sy ma nou ekstra flenters lyk.

Trane verdof skielik sy visie. Hy dink nie hy wil hoor wat die regter oor sy pa se saak beslis het nie. Hy knip sy oë, want hy weier om voor Dawid Meyer te huil.

Sy ma vee nog ’n traan af en Caleb gaan sit langs haar. Gesprekke oor sy pa is ’n teer punt in die huis.

“Die hof het jou pa toe nie dood verklaar nie,” sê sy ma. “Hulle dink ook nie jou pa is dood nie. Hulle soek konkrete bewyse. So die boedel kan nie afgehandel word nie.”

“Ma bedoel hulle soek ’n lyk . . .”

Sy ma knik stadig. Verligting spoel oor Caleb. Hulle sal nie ’n lyk kry nie, want hy is nie dood nie. Sy pa is weer iewers op ’n ekspedisie en hy kan hulle nie kontak nie. Dis wat hy nog heeltyd vir almal probeer vertel. Dit het al twee keer vantevore gebeur.

Daar was die keer toe sy pa vir ’n week deur seerowers gevange gehou is in die Maldives. Ook die keer toe hy en twee van sy kollegas gestrand was op ’n klein eiland in Maleisië. Maar hy het altyd teruggekom. Oukei, sy pa was nog nooit vir twee maande van die huis af weg sonder om kontak te maak nie, maar hy weet hoe om na homself te kyk. Buitendien was daar die boodskap ná die video wat sy pa op sy blog gesit het. Die laaste boodskap voor sy pa se radio silence. Die video wat sy pa op sy blog gesit het wys groot onderwater golwe in Stormwater. Sy pa wou weet wat dit is, maar sover Caleb weet kon niemand vir sy pa ’n verduideliking gee nie.

Ek is oukei. Moet niks glo wat julle oor my hoor nie, het die boodskap gelees.

“Dis tog goeie nuus, nie waar nie?” vra Caleb.

Sy ma skud haar kop. “Ons het al hieroor gepraat . . . dis al twee maande en jy weet wat Kaptein gesien het.”

Caleb voel hoe woede in hom opstoot. Wil sy ma so graag hê sy pa moet dood wees? Hy verstaan dit nie.

Caleb se ma gee nog ’n snik. “Ek wil net ’n einde aan die onsekerheid hê,” sê sy.

“Dit maak twee van ons,” sis sy oom. “Karel se verdwyning het baie moeilikheid veroorsaak. Hy beter nou uit sy wegkruipplek kom.”

Sy ma ruk asof die woorde haar ook soos ’n vuishou in die maag tref. Sy oom laat dit klink of sy pa eerder vir die mafia gewerk het as vir ’n universiteit. Caleb blaas sy asem stadig uit.

“Watse moeilikheid kan ’n professor in oseanografie veroorsaak?” vra Caleb.

“Miskien kan jy hom vra as jy hom kry. As ek moet raai . . . hy het groot somme geld van donateurs vir navorsing ontvang en nou is hy net weg. Besluit vir jouself.”

Caleb bal sy vuiste. Waarvan presies beskuldig sy oom nou sy pa?

“Insinueer jy my man is ’n skelm?” vra sy ma.

“Orion Energie het hom oor ’n miljoen rand geskenk vir ’n geheimsinnige projek waarmee hy besig was. Miskien kan jy vir die aandeelhouers verduidelik waarvoor die geld gebruik is. En dis nie net Orion nie. Karel het by baie ander groot maatskappye aangeklop en geld gekry. Hemel. Ek beweeg in dieselfde kringe as daardie mense en nou kan ek hulle nie in die oë kyk nie! Al wat ek sê is, baie mense wil weet wat van hom en die geld geword het.”

Caleb kyk na sy ma.

Sy lyk verbaas om dit te hoor. “Ek weet nie waarmee hy besig was voor sy dood nie,” sê sy.

Bitterheid stoot in Caleb op toe hy na sy oom kyk. Sy pa het niks gehad om voor weg te hardloop nie.

Hy is nie ’n lafaard nie.

Beslis nie ’n dief nie.

Die geld wat hulle het, is sy ma s’n. Háár erfgeld. Dit weet die hele wêreld tog. Almal spot altyd dat sy pa met sy ma getrou het sodat hy sy passie kan uitleef.

Sy ma dink as sy pa regtig nog gelewe het, sou hy hulle mos weer gekontak het.

“So die hof het darem nie Kaptein se getuienis aanvaar nie?” vra Caleb.

Dawid Meyer maak keel skoon. “Nee.”

“Vir wat weet ek nie,” sê sy ma.

Caleb vryf sy oë. “Ek is jammer, maar ek sluk swaar aan Kaptein se getuienis. Hy is altyd dronk. Hy het almal op ’n malle soektog gestuur

terwyl ons dalk elders moes gekyk het. Die eerste vier-en-twintig uur is kritiek om iemand op te spoor en hy het ons tyd gemors met sy nonsenspraatjies. En Pa het tog daardie boodskap gestuur," sê hy.

Sy ma maak haar mond oop om iets te sê, maar Caleb keer haar.

"Ma het nooit van Kaptein gehou nie, nou is hy skielik vir Ma ’n betroubare getuie? Wil Ma hê Pa moet dood wees?"

Sy ma trek haar asem in. "Dis nie wat ek . . . enige iets kon met jou pa gebeur het ná daardie kriptiese boodskap, Caleb." Skielik voel Caleb soos ’n monster. Hy wil nie sy ma laat sleg voel nie, hy wil net verstaan hoekom sy skielik so oor sy pa voel.

George Xhamela, of Kaptein soos almal hom noem, was sy pa se vriend. Kaptein het Caleb se pa altyd op vryduikekspedisies in Stormwater en die omgewing uitgevat met sy pa se boot. Almal noem hom Kaptein omdat hy ’n skipper is. Caleb se pa het Kaptein met sy lewe vertrou. Dis waar die probleem inkom. Hy was die enigste ooggetuie en beweer Caleb se pa se vliegtuig het in die see voor Stormwater geval. Mense dink hy is kop in een mus met Caleb se pa. Dat Caleb se pa hom betaal het om te lieg oor wat hy gesien het.

"Wat van die privaat speurder?" vra Caleb. "Hy het tog sekerlik al bewyse oor iets gekry?"

Dawid Meyer blaas sy asem uit. Hy is duidelik nie langer lus vir hierdie gesprek nie.

"Hy’s skoonveld met al die geld wat jy en jou ma hom betaal het." Dit lyk of sy oom enige oomblik gaan grom. "Ek het julle gewaarsku."

So dis hoekom die ou nie meer Caleb se e-posse of oproepe beantwoord nie.

Sy oom steek sy hande verdedigend in die lug. "Ek wil nie meer hierby betrokke wees nie. Ek was my hande. Weet net Orion Energie soek hulle

geld. Anders sal jy maar moet opdok, Liz. Op die oomblik het ek baie hooi op my vurk.”

“Ek het in die nuus gehoor,” sê Caleb. “Ek wonder wat my pa dink oor waarmee Oom nou besig is.”

Die kyk wat Dawid Meyer vir Caleb gee stuur ’n rilling teen sy ruggraat af.

“As jy iets weet beter jy praat, Caleb.”

“Bedoel Oom ek weet iets wat ek nie sê nie?”

“Die kind weet niks! Hemel, Dawid.” Sy ma trek haar skouers reguit en kyk haar swaer in die oë. “Ons, meer as enigiemand anders, wil weet wat presies met Karel gebeur het. Wat daardie boodskap beteken het.” Sy ma wring haar hande. “Jy weet, Dawid, ek het jou nog altyd verdra ter wille van Karel, maar nou gaan jy te ver. Wat sou hy gesê het as hy moes weet hoe jy ons nou behandel?” Ten minste is daar darem een ding waaroor hy en sy ma saamstem. “Jou broer was nie ’n skelm nie!” Is nie ’n skelm nie, wil Caleb haar reghelp, maar los dit liewer. Hy sal hulle nog almal verkeerd bewys.

Caleb sit sy arm om sy ma se skouers. “Is daar enigiets wat ons kan doen?” vra hy.

“Kry vir Karel voor die verkeerde mense hom kry. As jou pa nie in daardie vliegtuigongeluk dood is nie, gaan hy binnekort dood wees.” Sy oom se woorde stuur ’n skokgolf deur Caleb. Sy pa se boodskap het dan gesê hy is oukei. Dat hulle niks moet glo wat mense oor hom sê nie.

“Ek?” vra hy gegrief. “Ek sal nie weet waar om te begin soek nie.”

“Maak ’n plan, jong man . . . of kom uit met die waarheid.” Dawid Meyer draai om en loop voordeur toe.

Toe Dawid Meyer in sy kar klim, draf Caleb agter hom aan.

Sy oom kyk geïrriteerd om.

“Wat as ons niks doen nie?” vra Caleb.

“Dan beter jy en jou ma ook oor jul skouers kyk. Watergrafte kan versmorend wees, Caleb. Wie weet. Dalk sluit jy en jou ma by hom aan.”

Caleb word yskoud.

Het sy oom hulle so pas met die dood gedreig?

FREYA

Freya is glo ’n wonderbaba wat uit ’n proefbuis kom. Haar ma’s laat dit klink asof sy eendag net opgedroom is en voilà, daar was sy!

Soms wanneer sy in die spieël kyk, kan sy haar verbeel hoe haar ma’s met ’n katalogus van mans voor hulle gesit en eienskappe uitgekies het. “Oe, hierdie neus, nee hierdie oë. En daardie ken.”

Amper soos wanneer ’n mens na ’n plastiese chirurg toe gaan. Maar toe betaal Marlena en Daniela vir ’n botched job. Partymaal voel dit net vir Freya of hulle nie seker is wat om met haar te doen nie. Veral deesdae.

Marlena en Daniela beplan al vir twee jaar hulle twintigste huweliksherdenking. ’n Maandlange reis deur Amerika. ’n Wit Kersfees, Nuwejaar in Times Square. Hulle karring so aan Freya, maar sy weier om saam te gaan. Twee dae op ’n vliegtuig net om vir ’n maand in vreemde beddens in vreemde stede te gaan lê, is nie haar idee van pret nie.

Sy luister of sy iets vanuit die kamer langsaan kan hoor.

Die persoon wat ingestem het om vir die vakansie by Freya te kom bly het glo nou ’n familiekrisis van haar eie en kan ongelukkig nie meer kom nie.

Freya is nie seker of sy bly of kwaad moet wees nie. Dis haar wiskunde-tutor wat by haar sou bly vir die vier weke! Dis genoeg om enigiemand ongevalle toe te laat hardloop. Heidi is ’n oujongnooi met ’n vreemde sin vir humor, maar sy is baie gaaf.

Nie dat Freya ’n babaysitter nodig het nie. Net iemand om vir haar kos te maak, haar klere te was en haar hospitaal toe te vat as dit nodig is. Dis nie asof sy niks vir haarself kan doen nie. Sy verkies net om haar energie te

spaar vir belangriker dinge. Soos wanneer jou foon amper pap is en jy selektief besluit wat om nog daarmee te doen voor dit heeltemal dood is.

Freya het aspris gevra: “Wat as ek daar siek word en moet hospitaal toe gaan?”

“Ons moet die reis kanselleer,” het Daniela ’n uur gelede gesê en haar voorkop geknie.

Nie dat Freya wou hê hulle moet hulle wittebrood kanselleer en hier bly nie. Hulle sien al so lank uit na die trippie. Sy wil net eerder by die huis bly. Noir whodunits binge in ’n bekende kamer met ’n bekende bed. Háár kussings en háár duvet. Sy, haar bed en haar pajamas is immers die afgelope jaar besties.

Nou is Daniela en Marlena besig om die oplossing vir hulle krisis agter ’n toe deur uit te redeneer. Asof Freya skielik ’n probleem is wat bestuur moet word.

Haar ma’s se kamerdeur gaan oop en Freya lê terug op haar kussings. Sy skuif haarself gemaklik.

Daniela kom sit op haar bed. Marlena staan agter Daniela met haar hand op Daniela se skouer.

Dit kan nie ’n goeie teken wees nie.

“So ons het gedink jy kan by my tannie in die Oos-Kaap gaan bly vir die paar weke,” sê Daniela. Sy gee ’n sagte glimlag. “Sy het ingestem. Dis jou ouma se broer se vrou. Marian,” sê Daniela.

“Die vars lug sal jou goed doen, Freya. Sonskyn en see . . .”

Asof vars lug ’n kitskuur vir ’n kroniese siekte is!

“Ons is eintlik nie eens verwant nie,” Freya vou haar arms. “Daar’s baie mense by wie ek hier kan bly,” keer sy. “Vir wat moet ek Oos-Kaap toe gaan?”

“Dis Desember, Freya. Almal het planne vir die vakansie. Hulle gaan na familie toe of kry self kuiermense. Jy weet hoe dit is,” sê Marlena. Maar Freya weet van beter. Nadat sy siek geword het wil niemand die verantwoordelikheid hê om na haar te kyk nie.

“Stormwater is ’n magiese plek, jy sal sien,” sê Daniela. “Ek het altyd heerlike somers daar gehad as kind.”

“Stormwater?” vra Freya. As dit nie alles oor die plek sê nie. Sy vat haar foon en gaan na Google Maps. Tik Stormwater in die soekblokkie.

“Is julle ernstig? Die plek is nie eens op Google Maps nie!”

Daniela vat Freya se foon en kyk daarna. “Nou toe nou,” sê sy. “Dis snaaks, maar moenie bekommer nie. Dis naby Oos-Londen se lughawe.”

“Freya, stop dit. Dis of dit of jy gaan saam Amerika toe. Ons het nie verniet jou visum en paspoort in orde nie,” sê Marlena. “Jy weet dis ons eerste keuse.”

“Ugh!” Sy byt haar lip en staar net na hulle.

Marlena en Daniela se oë gryp na mekaar. Asof hulle mekaar wil vang voor een van hulle val. Almal dink sy moet net haar vingers klap en gesond word, maar as ME eers sy kloue in jou slaan . . . Freya het al soms gewonder as sy ’n pa gehad het, of hy beter sou verstaan.

Alles het met ’n virus begin.

Freya kon dit net nie afskud nie. Toe begin die moegheid wat nie wil weggaan nie, toe begin die aanhoudende lyfseer. As dit nie was vir die ondersteuning van duisende ander mense soos sy op sosiale media nie, sou Freya gedink het sy is besig om mal te raak. Soms voel dit of daar elke dag iets anders fout is met haar.

Sy google dadelik die hospitale in die Oos-Londen-omgewing. Hulle is almal ver van die lughawe af. Die gedagte laat haar maag draai.

Daniela staan op. “Dalk moet ons maar net bly, Lena,” sê sy. Vir ’n oomblik staan haar ma’s net so in mekaar se arms.

“Oukei tog! Ek gee op. Ek sal gaan!” sê Freya. “Die plek beter opvangs hê.”

“Daar is, ek belowe,” sê Daniela met ’n glimlag. Sy druk Freya se hand. “Ek het vir Marian op haar sel gebel.”

“Mag daar vir julle part meerminne wees wat op unicorns ry as die plek dan so magical is.”

Toe Freya alleen is skud sy haar kop. Sy kan nie glo sy het hiervoor ingestem nie. Wanneer laas was sy buite? Wat nog te sê van buite die erf?

Sonder haar aanlyn-gemeenskap sou Freya beslis al moed opgegee het. Om elke dag met ’n nuwe skeet wakker te word en mense te hê wat dit bevestig, is beter as enige briljante dokter. Op sosiale media kan sy haarself wees. Foto’s post van goeie en slegte dae sonder om te wonder wat mense gaan sê. Daar is sy net chronically_illFreya.

Sy neem ’n selfie waarop sy haar hande oor haar oë hou.

Have to leave my bed!! Any advice on travelling with ME?

CALEB

Toe Caleb terugkom in die huis, sit sy ma nog verslae op die bank.

Senuweeagtig vryf sy haar hande saam.

“Ek kon nie glo wat ek hoor nie.” Sy ma sluk. “Die vermetelheid om jou pa van diefstal te beskuldig. Dis nie die nalatenskap wat ek vir hom wou hê nie. Mense moet sy navorsing onthou, nie dit wat jou oom nou kwytgeraak het nie. Hy verdien beter.”

Caleb vryf oor sy borskas. As sy ma moet weet van die waarskuwing wat sy oom hom so pas gegee het. Wat as sy pa nie oukei is nie? Wat as sy lewe in gevaar is? Caleb sal hom moet waarsku. Maar hoe moet hy dit doen as hy nie eens weet waar sy pa is nie? Hy sal net moet uitvind waarmee hy besig was voordat hy verdwyn het. Dalk is daar iets wat hom na sy pa toe lei. Het dit iets met daardie video te doen? Is dit waarvoor sy pa die befondsing nodig gehad het? Om uit te vind wat dit was?

“Ma is reg, Pa verdien beter,” sê Caleb. Dalk is hy die enigste een wat nou iets hieraan kan doen. Hy sal moet Stormwater toe. Om dinge uit te kyk. En as Kaptein reg is, as sy pa se vliegtuig in die see geval het en sy pa is dood, dan wil hy dit bewys.

Sal hy kan? Waar begin ’n mens soek?

Sy ma byt haar lip. “Jy aard na hom.”

Caleb se hart versag. “Ma bedoel avontuurlustig?”

“Ja, altyd opsoek na ’n uitdaging.”

“Pa het my altyd vertel waaraan hy werk, maar die laaste ruk voor hy . . . weg is, het hy niks met my gedeel nie. Hy het stiller geword.” Caleb het

geen idee waarmee sy pa homself die laaste ruk besig gehou het nie. Een ding is seker, dit wat al sy aandag geverg het, was iets in Stormwater. Sy pa was pal daar. Hy het selfs die Landrover daar gelos sodat hy net af kon vlieg wanneer hy daar wou wees.

Caleb trek sy hande deur sy hare. Dan soen hy sy ma op die wang. Hy sal homself nooit vergewe as sy ma iets moet oorkom nie.

Hy wil net hê dinge moet wees soos voor sy pa se verdwyning.

Die sprankel in sy ma, en haar entoesiasme vir haar antieke winkel in Woodstock is al vir maande uitgedoof. Die liefde vir antieke items is háár nalatenskap. Haar pa en oupa was groot versamelaars. Sy ma is ’n enigste kind. Sy pa het altyd gesê sy ma kom uit ou geld. Haar oupa was ’n diamantmagnaat. Deesdae gaan sy net een keer per week winkel toe. Voor sy pa se verdwyning het sy elke aand opgewonde aan die etenstafel vir hulle vertel van haar versamelskatte wat sy die dag vir die winkel aangekoop het. Dan was sy gewoonlik nie seker of sy dit wil verkoop of iewers in hulle oorvol huis wil sit nie. ’n Handjievol personeel kyk nou na die plek. Caleb wonder of hulle ooit behoorlik die verskil tussen ’n Queen Anne en ’n Chippendale ken.

“Ek is in my kamer as Ma my nodig het, ek moet pak. Ons ry môre vroeg,” sê hy.

“Ha! Jou sakgeld. Ek is jammer. Ek het skoon vergeet om dit oor te betaal,” sê sy en sit haar hand oor haar mond.

“Dis oukei, Ma. Dinge is deurmekaar. Dalk . . . dalk moet Ma ook ’n bietjie weggaan terwyl ek nie hier is nie.” Dit sal hom beslis meer gemoedsrus gee as hy weet sy is iewers waar niemand na haar sal soek nie.

Sy ma knik. “Ek sal daaroor dink. Belowe. Ek EFT gou jou geld.”

“Dankie.”

Caleb loop na sy kamer aan die verste punt van die huis. Hy maak die deur toe en leun vir ’n oomblik daarteen. Dan sluk hy die hartseer wat nou in sy

keel opwel soos skerwe glas. Rukkerig trek hy sy asem in sodat hy die trane wat wil kom, kan keer.

“Waar is jy, Pa?” fluister hy.

Caleb vryf oor sy nek en val op die bed neer. As hy net geweet het wat om te doen. Skielik wil hy nie meer sy ma alleen los nie. Maar hy wil ook Stormwater toe. Hy moet uitvind wat regtig met sy pa gebeur het. Hy hoop sy vat sy raad en gaan self ’n bietjie weg. Hemel weet sy het dit nodig.

Caleb ruk toe die takke van die peerboom buite sy kamervenster skielik teen die venster slaan. Die Suidooster woed hierdie jaar lank nadat dit sy tyd is. Sy pa sou sê dis as gevolg van klimaatsverandering.

Uit gewoonte gaan Caleb se hand na die bakkie op sy bedkassie. Dis waarin hy altyd sy karsleutel, beursie, selfoon en sonbril neersit. Maar dis die 1953-halfkroon wat sy vingers beetkry. Hy vryf dit altyd om en om wanneer hy stres, soos voor ’n eksamen of ’n date.

Sy pa se pa het hom vertel dat hy baie van sy belangrikste besluite met die muntstuk geneem het. Caleb se gunstelingstorie was die een waarin sy oupa al by die bushalte gesit het om universiteit toe te gaan toe hy die muntstuk vir die eerste keer in die lug gegooi het. Sy oupa was onseker of hy die regte besluit vir sy toekoms maak. Daardie dag was sy oupa se besluit tussen universiteit of die Vloot. Sy oupa het op ’n ander bus geklim. Hy het sy ouers daardie aand van ’n telefoonhokkie in Simonstad gebel om te sê hy gaan nie meer onderwys swot nie. Hierdie verandering van rigting het ’n hele nuwe toekoms vir sy oupa oopgeblaas. As hy nie in Simonstad was nie, sou Caleb se oupa nooit sy ouma ontmoet het nie. Dan was sy pa nie so lief vir die see nie en dan sou Caleb dalk nie vandag op hierdie bed gelê het nie. Dalk sou hy dan ook nie in dié situasie gewees het nie.

Caleb vou die muntstuk in sy vuis toe. Hy weet die antwoord wat hy wil hê voor hy dit die lug inskiet.

“Matriekvakansie kop, Stormwater stert,” fluister hy.

Hy huiwer vir ’n oomblik voor hy kyk op watter kant die muntstuk geland het. Toe hy sy hand oplig staar hy net daarna. Hy kom regop. Sy hart ruk, die stertkant van die muntstuk staar terug na hom.

“Net ’n verandering van rigting, dis al.”

Caleb vat sy foon en stuur vir Ebert en Mateo ’n boodskap.

Jammer julle. Change of plans. Ek sal die vacay ’n mis moet gee. Geniet dit sonder my. Ek moet Stormwater toe. Goed gaan uitsorteer.

Caleb sit sy foon af voor hulle hom bel en van plan laat verander.

Sal hy dit kan doen? Privaat speurder speel?

Skielik is hy nie so seker nie.

Wat weet hy tog van sy pa se werk af? Net mooi niks.

Maar hy moet tog iets doen.

Net die gedagte laat sy keel toetrek.

Hy gryp ’n drasak uit sy kas en begin klere pak. Sy oupa se muntstuk sit hy in sy beursie. Vir geluk, want dis wat hy gaan nodig hê as hy sy pa wil opspoor, of uitvind wat presies met hom gebeur het.

’n Halfuur later lui die deurklokkie. Hy moes geweet het sy pelle sal hom nie sommerso skotvry laat loskom nie.

Vanuit sy kamer hoor hy hulle stemme. Sy ma het hom voorgespring en die deur vir hulle oopgemaak.

Caleb draf deur toe.

Netnou verklap hulle iets oor sy nuwe plan en dit mag nie gebeur nie. Sy ma sal hom nooit toelaat om self speurder te speel nie.

“Ons het net ’n paar finale reëlings om uit te sorteer,” keer Caleb voor sy ma agterkom iets is fout. “Kom ons gaan praat sommer in my kamer.”

Met groot oë beduie Caleb vir hulle om niks te sê nie.

Veilig in sy kamer, kyk Mateo hom nou vraend aan.

“Jy kan nie net so ’n boodskap stuur sonder meer info nie!” sê Mateo vies.

Caleb beduie Mateo moet sagter praat.

“Ek neem aan die geheimsinnigheid beteken jou ma mag nie weet nie?” vra Ebert.

“Korrek. Sy weet nie hoekom ek skielik wil gaan nie en sy mag ook nie uitvind nie.”

“Gaan jy ons vertel?” vra Ebert.

Caleb knik. “Oom Dawid was netnou hier. Kom insinuasies maak dat my pa geld verduister het en dat sy lewe in gevaar was.”

“Jou pa geld steel?” Mateo lag.

“Ek wil natuurlik my pa se naam skoon hou, maar dis wat my oom gesê het toe ek en hy alleen was . . .” Caleb se oë rus swaar op sy pelle.

“Wat het hy gesê?” vra Ebert.

“Hy het my gedreig dat ek en my ma dalk in ’n watergraf kan opeindig . . . ” Caleb sluk. Toe die woorde uit is, voel dit of hy in seesand wegsink. “Hy sê ek moet my pa kry voor die verkeerde mense hom kry.”

“Bedoelende hy? Die pes!” sê Mateo. “Jy dink nie hy het klaar iets aan jou pa gedoen nie? Aan sy vliegtuig?”

“Hy is ’n wingerdluis, maar ek dink nie hy is die tipe wat sy hande sal vuilmaak nie.”

“Wat kon jou pa gedoen het om so iets te verdien?” vra Ebert.

“Dis wat ek wil gaan uitvind.”

“Hoe gaan jy dit doen?” wil Mateo weet.

“Ek moet op ’n manier in Stormwater kom sonder dat my ma weet. Ek het gedink om sommer af te vlieg. My pa het die Landy daar in die motorhuis gehou om mee rond te ry. Kaptein het hom altyd daarmee by die lughawe gaan haal. So ek sal vervoer hê. Ek moet net die huis se spaarsleutel opspoor. Hoop Kaptein se nommer werk nog.”

Caleb sluk. Hy kan nie nou bekostig om sentimenteel te raak nie. Hy moet gefokus bly.

Hy moet net uitvind wat met sy pa gebeur het voor hy en sy ma ook iets oorkom. Dis hoekom hy die skielike knop in sy keel probeer afsluk.

“Ons kan jou môreoggend lughawe toe vat, maar is jy seker jy wil dit doen?” vra Mateo.

“Ek weet nie, Caleb. Dit klink gevaarlik. Jy weet nie wat jy daar gaan kry nie,” sê Ebert.

Caleb loop op en af. “Nou wat stel julle voor? Die privaat speurder is vort met ons geld. Iemand moet iets doen.”

Mateo sit sy hand op Caleb se skouer. “Hei. As dit is wat jy wil doen is dit fine. Sê net as ons kan help.”

Mateo kyk na Ebert. Hy knik. “Natuurlik. Miskien moet ons saamkom?”

Caleb skud sy kop. “Nee, ek moet dit alleen doen. Ek wil julle nie ook in gevaar stel nie. En dalk kry ek niks.”

“As jy seker is ons moenie saamkom nie,” sê Mateo.

“Ek is.”

“Koop jy net jou vliegtuigkaartjie en dan sien ons jou môre,” sê Mateo.

“Dankie. Julle is die beste.”

Terug in sy kamer ping Caleb se foon. Dis seker sy ma wat sy sakgeld inbetaal het.

Hy betaal Mateo se geld terug. Dan, met ’n bewende hand, koop hy sy vliegtuigkaartjie Oos-Londen toe.

Hy blaas sy asem uit.

Nou is daar nie omdraai nie.

FREYA

As Freya in voorbodes geglo het, was sy nou oortuig daarvan dat hierdie die slegste idee was wat haar ma's nog ooit gehad het.

Die duif wat pas teen haar kop vasgevlieg het, tref die groot glasruit langs die ingang na die aankomsaal met 'n harde slag voor hy weer sy balans herwin en wegvlieg. Die donker onheilspellende wolke wat besig is om saam te pak, maak dinge nie beter nie.

Freya vryf haar kop en leun vir 'n oomblik op haar stapstok. Wie het dit almal gesien? Die vlug van Johannesburg na Oos-Londen was stampvol en dit op 'n Saterdag. Maar die res van die passasiers druk net geïrriteerd verby haar.

Stadig, met stywe bene, begin sy weer loop. Vanaand gaan haar hele lyf soos 'n versteende zombie voel. Om op sestien soms 'n stapstok nodig te hê is net so embarrassing.

By die bagasiedraaiband sak Freya se moed in haar skoene. Die gemaal van al die mense maak haar benoud. Skerp lig en harde geluide is altyd 'n irritasie. Sy staan eers agtertoe sodat die ander passasiers hulle tasse kan vat. Toe haar tas die laaste een is wat oorbly, voel dit of sy weer kan asemhaal. Al probleem is, sy is nie seker hoe op aarde sy nou haar swaar tas van die band af gaan lig nie.

Die sekuriteitswag moes gesien het toe sy vir die derde keer nie regkom nie, want toe haar tas aan die oorkant uitkom, gryp hy dit stewig vas en tel dit van die band af.

Met 'n groot glimlag kom hy daarmee aangeloop.

"Yours?" vra hy.

“Yes, thank you,” sê sy skaam en sommer vies vir haarself omdat sy so pateties geraak het.

Toe sy uiteindelik in die aankomsaal staan is daar drywers met naamborde. Families met spandoeke en blomme. Mense groet hulle geliefdes en maak eers praatjies.

Maar Freya se naam staan nêrens op ’n bord nie. Daniela het vir haar ’n foto van Marian gestuur, maar sou sy haar hier kon herken? Sy sien ook nie ’n ouer vrou wat alleen wag nie.

Sy haal haar foon uit en skakel dit aan.

Daar is al klaar ses boodskappe van Marlena en Daniela om te hoor of sy veilig geland het. Vies druk sy haar foon in haar denim se agtersak.

Freya trek haar tas na buite. Dalk wag Marian daar?

Sy kyk senuweeagtig rond. Toe vroetel sy weer haar foon uit om liewer seker te maak. Marlena het haar die nommer laat stoor voor sy uit Pretoria weg is.

Net toe kry sy ’n boodskap van Marian.

Die man wat jou sou kom haal het, het ’n krisis. Sy dogter sal jou nou kom haal. ’n Meisie met ’n Afro. Haar naam is Anathi.

CALEB

Ná die vlug van Kaapstad na Oos-Londen loop Caleb onseker deur die lughawe. Hy het met sy sakgeld vir hom ’n vliegtuigkaartjie gekoop. Gelukkig het hy sy eie rekening en sy ma weet nie wat daarin aangaan nie. Hy kry sy sakgeld. Hy spandeer sy sakgeld. ’n Huurmotor sou natuurlik die maklikste opsie wees om van die lughawe af in Stormwater te kom, maar dit sou ’n groot hap uit sy geld vat.

Kaptein se nommer was gelukkig nog dieselfde. Hy het ingestem om Caleb te kom haal. Kaptein het die spaarsleutel vir die huis en die Landy. Hy hou alles vir Caleb-hulle in stand, nes toe sy pa nog hier was. Betaal tot iemand om die gras te sny en die bossies uit te skoffel.

Kaptein het gesê hy sal buite in die optelsone vir hom wag.

Naby die sypaadjie kyk hy op net om ’n toneel uit ’n riller te sien afspeel.

Sy kop ruk van die geblêr van ’n toeter en brieke wat skreeu.

Toe sien hy die meisie wat handeviervoet oor ’n tas lê.

Sy het voor ’n kar ingeloop!

Op die teer lê ’n wit stapstok wat vol plakkers is. Die meisie met die stapstok het blonde hare met pienk punte soos spookasem.

Caleb draf om haar op te help. Mense op pad na hulle motors stop om te kyk.

“Hei, is jy oukei?” vra hy en steek sy hand na haar uit.

“Los my!” sis sy.

Hy lig sy hande. “Oukei, jammer. Ek wou net help,” sê hy vies.

“Ek het genoeg hulp vir een dag gehad, dankie.”

Caleb frons toe sy regop kom. Op haar T-hemp staan: Yes, I’m still sick.

Hy wonder wat haar makeer, want sy lyk nie juis siek nie.

Uit die kar klim ’n meisie met ’n Afro. Sy slaan haar deur toe en sit haar hande in haar sye. Caleb kan nie help om te glimlag nie. Hy is seker sy probeer kwater lyk as wat sy is. Die meisie se oë wat messe skiet, ruk herinneringe in hom wakker.

Dis Ana! Kaptein se dogter.

“Is jy oukei?” vra sy vies vir Spookasem.

“Behalwe dat ek nie oortromme oor het nie, is ek, ja.”

Anathi se oë vergroot. “Vir my het dit gelyk of jy op jou foon was en nie gekyk het waar jy loop nie,” sê sy. “Jy kan bly wees ek het betyds gebriek.”

Op die agterste sitplek van die ouerige wit Polo toring ’n Dalmatian met ’n rooi halsband.

Die meisie met die stapstok frons. “Jou naam is nie dalk Anathi nie?” vra sy.

Die meisie met die Afro glimlag skielik.

“Ek is. Is jy Freya?” vra sy nou sommer vriendeliker. So dit ís Ana! Caleb glimlag stadig.

Blondie knik. “Ja. Freya Eksteen.”

“Wonderlik,” sê Anathi. “Jammer ek is laat. My pa is . . . kom ons sê maar net buite aksie, soos gewoonlik. Dat ons mekaar nou so moet ontmoet.” Ana se stemtoon verklap dat sy vies is. As Kaptein buite aksie is beteken dit net een ding: Hy is dronk en kan nie bestuur nie.

“Dis fine,” sê Spookasem.

“Anathi Xhamela? Herken jy my nie?” vra Caleb.

Albei die meisies kyk hom vreemd aan. Anathi begin rukkerig lag. “Caleb Meyer?”

Op die sypaadjie begin mense nou wegloop. Die ontmoeting staan hulle duidelik nie aan nie.

“Jou pa sou my ook ’n lift gegee het,” sê Caleb. Hy sit sy hand op sy bors.

Anathi kyk hom op en af. “Sou hy nogal?” Het Kaptein dan nie vir haar gesê hy moet saamry nie?

“Ek het geweet jy ken my darem nog.”

“Hoe kan ek jou vergeet? Jy het my my eerste soen gegee, onthou.”

Caleb lag. “Ons was agt. En daai een outjie het my gedare.”

Caleb vryf verlig oor sy moeë oë toe Anathi haar arms om sy skouers gooi. “Ek het jou eers nie herken nie. Ek het nie gedink ek sal jou ooit weer hier sien nie. Nie nadat . . . Ek is jammer oor jou pa.” Caleb knik. “Nou toe, almal wat ’n lift soek beter klim. Ons mag nie so lank hier stilhou nie.”

FREYA

In die bakwerk van die motor laat Freya se refleksie haar amper terugdeins. Die meisie met die stapstok en hangskouers lyk vir haar soos ’n paar gunstelingjeans wat te veel gewas is en op die nate begin lostorring. ’n Jaar gelede sou ’n heel ander meisie na haar teruggekyk het. Een met gespierde bruin skouers en sterk bene. ’n Swemkampioen. Maar nou . . .

Caleb se stem ruk haar terug realiteit toe. Hy het krullerige sandbruin hare en donkerbruin oë. Freya merk hy is twee koppe langer as sy en het breë skouers.

“Mag ek dit vir jou in die kattebak tel?” vra hy en vat haar tas. “Ek’s Caleb,” sê hy asof sy dalk vroeër te besig was om nors te wees en nie sy naam opgelet het nie.

Caleb se hand huiwer op haar tas.

Omdat Freya weet daar’s nie ’n manier hoe sy die tas gelig gaan kry nie, sê sy: “Ja, oukei . . . dankie.” Dit voel of sy die woorde uitwurg. Sy ignoreer die ander hand wat hy na haar uithou om te keer dat sy weer haar balans verloor. “Ek is Freya, maar jy’t seker gehoor?”

“Ek het.”

“Kom, kom, voor die reën ons vang,” sê Anathi en klop met haar hand op die deur om hulle aan te jaag.

“Genade, wat het jy hierin?” vra Caleb toe hy die tas lig. “Goudstawe?”

“Meer pille as klere,” antwoord Freya en sluk ’n lag. Sy wens dit was ’n grap. Sy het ekstra ingepak vir ingeval.

Toe sy so grasieus moontlik die agterdeur probeer oopmaak, is Caleb vinnig daar om te help.

Hy hou die deur oop.

Freya glimlag. “Dankie. Ek was sommer netnou vies vir myself, toe haal ek dit op jou uit, jammer. Dit gebeur baie, ek bedoel word vies vir myself.”

Freya probeer haar asem egalig hou toe sy met ’n kreun versigtig langs die reusehond inskuif. Die sitplek wat vol hondehare is laat haar gril.

“Goed om te weet,” sê Caleb en sit haar stapstok by haar voete neer voor hy die deur agter haar toemaak.

Die hond gee ’n tjankblaf. Freya skreef haar oë en deins weg.

“Queenie sal nie byt nie,” sê Anathi.

Freya druk haar rug diep teen die sitplek vas. Sy’s nie so seker daarvan nie. Sy vee met haar duim oor haar linkerpols om haarself te kalmeer.

Deur haar skoensole kan sy die trilling van die enjin voel toe Anathi rukkerig wegtrek.

“Jammer, nè? Ek sal hopelik volgende maand my lisensie hê.” Die woorde laat Freya regop sit. So Anathi het nog nie ’n lisensie nie? “Ek het al vier keer gegaan, dis net ’n geldmaakspul. Ek sê julle.”

Die ratte skuur en krap toe Anathi sukkel om dit te verander.

“As daar iewers ’n bestuur-engeltjie is, kan hy ons asseblief veilig in Stormwater kry?” spot Caleb. “Moet ek nie liewer bestuur nie?”

“Hei, watch it. My uppercut het baie verbeter oor die jare,” lag Anathi.

Freya maak haar oë vir ’n oomblik toe. Wat het haar besiel om in te stem hiervoor? As sy net gesond genoeg was om saam met haar ma’s te reis.

“Jy het ’n hondjie gekry?” vra Caleb laggend.

“Dis tegnies nie myne nie. Ek is eintlik nou veronderstel om met haar te gaan stap.”

“Ek sien,” sê Caleb.

“So jy kom vir Miss kuier?” vra Anathi en kyk na Freya in die truspieël.

Toe Anathi agterkom Freya weet nie van wie sy praat nie, sê sy: “Miss Marian.”

Caleb en Anathi gee mekaar ’n kyk.

“Ja . . . uhm,” sê Freya verleë.

Freya het geweet Marian was glo ’n Engels-onnie, maar sy’t nie geweet almal noem haar Miss buite die klaskamer nie.

“Kom jy ook by iemand kuier?” vra Freya vir Caleb.

Caleb trek sy asem skerp in voor hy antwoord: “Ek kom ’n vliegtuig soek wat blykbaar in die see geval het . . . en my pa wat in die vliegtuig was.”

Freya skuif ongemaklik op die sitplek. Dis nie die antwoord wat sy verwag het nie.

“As jy sê jou pa . . .” Freya is nie seker hoe sy die vraag moet vra nie. “Ek bedoel . . . lewe jou pa nog nadat die vliegtuig in die see geval het?”

Caleb kyk oor die landskap wat verbyrits. Hy vou sy arms oor sy borskas, maar antwoord haar nie.

Dit was ’n dom vraag om te vra. Ook een wat niks met haar te doen het nie, herinner sy haarself. Hierdie is nie een van haar gunsteling-whodunits nie. Alhoewel dit ’n baie goeie film sal maak.

“Is dit wat jy hier kom doen? Jy glo nie my pa nie?” Anathi kyk Caleb aan asof hy skielik sy kop verloor het. “Ek dog jy kom jou pa se huis uitsort?”

Freya merk hoe Caleb se adamsappel op en af beweeg. Hoekom sal hy sy pa se huis moet uitsorteer? Is sy pa dan dood? Nee, hoekom sal hy hom dan moet soek? En hoekom is hy alleen? Stadig, Freya, raas sy met haarself.

“Nee, ek kom net ’n bietjie kyk of ek iets meer kan uitvind oor sy verdwyning . . .”

Anathi knik.

Verdwyning? Dalk is die plek nie so boring soos sy gedink het nie. Sy wonder wat Caleb se storie is.

Vir ’n hele ruk sê nie een van die drie iets nie.

Stormwater lees die bord waar hulle ná ’n tyd afdraai. Die pad soontoe is slegter as die hoofweg. Daar is vrek baie slaggate en Anathi kry dit nie reg om een mis te ry nie.

Freya hou haar maagspiere styf sodat elke stamp en pluk minder seermaak.

Blink druppels begin op die voorruit te plons en loop soos watervalle ondertoe. “Jammer dat jy my moes kom haal het in die weer,” sê sy.

“Dis fine. Ek sal nie dat Miss in die weer ry net omdat my pa nie kan nie. As die weer so is . . . is sy ook in ’n bui.” Asof Anathi besef het wat sy sê, maak sy keel skoon. “Sy betaal ook goed. Ek doen baie los werk vir haar.” Anathi kyk na Queenie wat besig is om met haar groot pienk tong die ruit te lek. “Wanneer ek nie met die dorp se honde gaan stap nie.”

Freya knik.

Caleb draai na haar. “Jou naam, Freya. Dis mos ’n Noorse naam?”

“Skandinawies, ja.”

“Die godin van liefde en fertiliteit,” sê Caleb.

“Ugh, moet my asseblief nie herinner nie,” sug sy. “Omdat ek ’n . . .” Sy bly vinnig stil. Amper vertel sy vir wildvreemdelinge dat sy ’n

“wonderwerk” is. Dit behoort hulle lekker te laat lag.

Dis woorde wat sy gehoor het vandat sy klein was. Woorde wat haar altyd nog ’n bietjie harder laat druk het. Wonderwerke behoort mos wonderlik te wees, of hoe?

Net nadat sy die nasionale swemspan gehaal het, het sy siek begin geword. Soms kry sy goeie dae, waarin sy alles wil inhaal wat sy misloop, net om die volgende dag weer plat op haar rug te lê. En dan kom die vreeslike pyn wat haar in die middel van die nag in trane laat wakker word.

“Ek hoop nie die weer is altyd so sleg hier nie?” verander sy die onderwerp om haar gedagtes skoon te vee.

Freya laat die druppels wat deur die ruit inwaai op haar gesig val. Water het haar nog altyd gekalmeer. Toe sy vyf was, het Daniela haar na haar eerste swemles gevat. Sy was so tuis in die water asof dit die plek was waar sy nog altyd vandaan gekom het.

“Dis omdat jy ’n watergeboorte was,” terg Marlena altyd.

“Nee. Ons kry eintlik in die herfs en lente reën hier,” ruk Anathi se stem haar terug. “Maar deesdae is die weer onvoorspelbaar.”

“Ja, die hele planeet se weer is deesdae onvoorspelbaar,” sê Caleb. “Ek het onlangs gelees dat weermanipulasie ’n werklikheid is. Dink net, wie die weer beheer, beheer die wêreld. Dis die oorlogvoering van die toekoms.”

Freya frons. Dit klink belaglik.

“My pa het my vertel. Amerika is al van die sewentigs af besig met eksperimente. Wie weet, dalk is dit juis hulle wat met die wêreld se weer speel,” sê Caleb.

Freya het niks om oor die weer te sê nie. Vanuit haar kamervenster sien sy die son opkom en ondergaan. Nou en dan boomtoppe wat waai en af en toe reën. Sy kom nie genoeg buite om ’n opinie te hê oor iets so alledaags nie.

Die ingang na ’n melkery flits verby. Anathi moet stadiger ry vir die beeste wat die hele pad vol staan. Caleb draai sy venster toe net toe die skerp reuk van beesmis in haar neusgate opstoot. Freya doen vinnig dieselfde.

Aan hulle regterkant is ’n township. Langs sinkhuisies en baksteenhuise hang wasgoed aan die drade wat die huise omhein. Kinders skop ’n bal langs die pad. Anathi blaas vriendelik toeter en waai vir hulle.

Freya skuif regop toe sy die bordjie sien wat lees Welkom in Stormwater.

Onder die bord is ’n tuin met vrolike blomme.

Links is daar ’n muur wat kleurvol geverf is. Mermaid’s staan in wit letters op die bont muur. Op ’n swart bord staan: Specials – Hawaiian pizza and free Coke. Hamburgers – 2 for the price of one!

“Ek vertrou nie mense wat pynappel op hulle pizza eet nie,” sê Anathi.

Freya glimlag. Sy hou nogal van pynappel op ’n pizza.

Anathi draai links met ’n grondpaadjie wat wegswaai van die ander huise. Sy beduie na ’n mankoliekige gebou. “En daar is die enigste winkel in Stormwater. Hulle het iets van alles, maar vir groot inkopies ry ons gewoonlik stad toe.”

Freya skreef haar oë om die graffiti op die kant van die gebou te lees.

Voer die vloek staan daar in swart tranerige letters.

’n Rilling kruip teen Freya se ruggraat af. Wie sal so iets teen ’n muur spuitverf?

Caleb maak keel skoon. Anathi kyk na hom.

“Dis net die crazies,” sê sy. “Party mense glo daar’s ’n vloek oor Stormwater.”

Anathi hou stil by ’n stopstraat en wag vir ’n vrou met ’n stootwaentjie om oor die pad te draf.

“ ’n Vloek?” vra Freya. Sy kyk vas in ’n sinkhuisie wat onder ’n groot boom in die veld naby die kafee staan.

Skulpe, glasbottels en bene hang aan stringe tou aan die takke. Hulle ruk en bewe in die vreeslike wind.

’n Vrou met lang dreads wat tot op haar boude hang, kom uit die huisie gestap. Haar donkerbruin vel glinster in die reën.

Toe sy vir Freya sien, staan sy skielik stil. Dit lyk of sy iets fluister. Daar is skulpe en vere in haar hare.

Freya trek haar asem in. Die vrou het potblou oë. Dit voel of haar kyk Freya tot op die been oopkloof.

“Mense sê dis sý en haar voorgeslag wat ons vervloek,” sê Anathi en beduie met haar kop in die vrou se rigting. “Iamanga.”

“Haar oë is so blou,” sê Freya. Freya het self blou oë, maar nie soos die vrou s’n nie.

“My ma sê dis omdat sy in die see gebore is en in die see sal doodgaan.” Anathi skud haar kop.

Anathi ry nie. Iamanga kyk op na die donker wolke en steek haar hande in die lug. Haar lippe beweeg nou vinniger. Freya kan nie wegkyk nie. Dit lyk of Iamanga met die wolke speel. Asof sy dink sy kan hulle soos skaakstukke met haar vingerpunte rondskuif.

Dan maak Iamanga albei haar vuiste toe en pluk hulle nader aan haar lyf. Freya se hart ys. Dit voel of sy Freya denkbeeldig nader trek. Sy probeer wegkyk, maar sy kan nie. Blou oë hou haar gevange.

“Sien!” sê Anathi. “Net daar freak sy my uit. Die mense dink haar ma en ouma is verantwoordelik vir weerlig wat vyftien jaar gelede twee kinders in die omgewing doodgeslaan het. Iamanga was omtrent sestien toe dit gebeur het. My ma sê die mense het haar ma en ouma in die see verdrink omdat

hulle glo hekse was. Hulle sê Iamanga is ook ’n heks. Die mense hier rond is bang vir haar ná wat agterna gebeur het.”

“Wat het agterna gebeur?” vra Freya en loer onderdeur die reusehond se kop om na Anathi in die spieëltjie te kyk.

“Die strand waar haar ma en ouma verdrink het, het daardie nag net onder die branders weggeraak.”

“Drie Susters,” voeg Caleb by. Hy ken duidelik die geskiedenis.

“Nou nie regte susters nie,” sê Anathi en skud haar kop. “Dit was ’n silwerwit sandstrand wat ons Drie Susters genoem het.” Anathi kyk oor haar skouer na Freya. “Tot vandag toe is die see daar onbegaanbaar.”

“Dis die malste ding wat ek nog ooit gehoor het,” fluister Freya en kyk weer na Iamanga.

“Dalk nie,” sê Anathi. “Elke jaar verdrink hier ten minste twee mense in die area.”

“Een vir haar ouma en een vir haar ma,” sê Caleb en glimlag. “Dis ’n ou legende. Vandat ek klein was, het my pa dit vertel. Welkom in Stormwater.”

“Maar jy hoef nie te bekommer nie. Twee mense het klaar die jaar . . . twee maande gelede . . .” Anathi maak keel skoon en Freya ruk toe die hond skielik langs haar begin blaf.

Iamanga maak haar vuiste oop.

Freya blaas haar asem uit. “Nou hoekom bly sy nou hier?” vra sy.

Die kar trek weg met ’n skielike ruk.

“So twee jaar gelede was sy net een oggend terug in die dorp. Inwoners is bang as hulle haar verjaag sal sy die dorp ook in die see laat verdwyn.”

“Is Miss Marian ook een van die crazies wat dit glo?” vra Freya.

“Miss?” vra Anathi. Sy draai af met nog ’n nou grondpaadjie. Groot bome met verstrengelde takke hou hande vas oor die pad en maak ’n digte blaredak.

“Ja.”

“Jy kan vir jouself uitvind. Hier is ons,” antwoord Anathi en hou voor ’n houthek stil.

Caleb klim uit en stoot die hek oop. Anathi ry nie in nie, maar klim ook uit.

Freya maak haar oë vir ’n oomblik toe asof sy haarself wil terugtoor huis toe. Desember lê soos ’n doodsvonnis voor haar.

Die drieverdieping houthuis wieg soos ’n akrobaat wat enige oomblik sy balans gaan verloor. Boomhuis staan uitgekerf op ’n houtbordjie bo die hek. Asof die plek ’n pretpark of ’n attraksie moes wees wat nooit gerealiseer het nie.

Freya sit haar hand onseker op die deurhandvatsel en klim uit. Die storm wat gedreig het om oomblikke gelede los te bars is nou skoonveld.

Dis net die rukwind wat die huis se geraamte laat bewe en kreun.

’n Gryskop vrou kom vanuit die bome agter die huis gestap. Sy is maer en lyk baie ouer as wat Freya haar voorgestel het. Haar vel is bruingebrand en plooierig, maar Freya kan sien sy moet seker baie aantreklik gewees het op haar dag. Sy dra ’n T-hemp en spanbroek met reënstewels wat vol modder is en hou ’n sambreel vas.

Dít moet seker miss Marian wees.

Die vrou se lang hare hang in ’n vlegsel oor haar skouer. Daar’s net ’n paar los slierte wat oor haar gesig waai. Dowwe oë ontmoet Freya s’n.

Twee blaffende honde kom aangehardloop. Agter hulle kom ’n ou wit Labrador hinkepink aangestap. Miss wag geduldig vir die hond voor sy ’n kleinhekkie agter hulle toemaak.

Caleb haal haar tas uit die kattebak.

Miss frons toe sy vir Caleb sien.

“Hier is Freya! Veilig en in een stuk,” borrel Anathi. Natuurlik het haar ma’s die vrou vertel dat Freya fragile is soos ’n verdomde porseleinkoppie.

Hierdie gaan ’n lang vakansie wees.

Caleb lig sy hand in ’n groet vir Miss.

“Caleb Meyer, is dit sowaar jy?” vra Miss en stap nader.

“Hallo, Miss,” antwoord hy.

“Dis lekker om jou in die dorp te sien. Kom jy ’n bietjie rus?”

“Ek kom eintlik kyk of ek iets meer oor my pa se verdwyning kan uitvind.”

So sy pa is nie dood nie, net weg. Dis verskriklik.

Miss knik. “Dis jammer oor jou pa. Ek weet nie of ek jou ooit vertel het nie, hy was my beste student,” sê sy.

“Beste taalstudent?” vra Caleb.

“Ja. Ek het altyd gedink hy sal ’n skrywer of verslaggewer word. Toe roep die see hom.”

Dis asof Miss se woorde soos ’n weerligstraal op die grond tussen almal tref. Freya kan voel hoe die atmosfeer skielik verander.

“Jy weet wat ek bedoel,” sê Miss.

Caleb skuif ongemaklik sy voete.

“Ek sal gou Freya se tas binnetoe vat,” sê hy.

“Dankie, Caleb. Anathi het die laaste kamer op die tweede verdieping vir haar reggekry.”

Die tweede verdieping! Hoe verwag die vrou moet sy die hele Desember so baie trappe klim?

“Ek gaan wys gou vir Caleb waar die kamer is,” sê Anathi en vlug ook die huis in. Great. Nou los hulle haar alleen.

“Verskoon die honde. Hulle is skoon laf as hulle vreemdelinge sien,” sê Miss. ’n Hond met kort sandkleurige steekhare en bakore maak sy merk teen die hek. ’n Ander een, ’n skaaphond, spring teen Freya op.

“Sy is Scylla, en hierdie basterbrak is Pandora,” stel Miss die honde voor asof hulle haar kinders is.

“En daardie een?” vra Freya en wys na die labrador wat nou in die skaduwee gaan lê het.

“Dis Becky. Sy is siek en oud.”

Miss se uitdrukking is versigtig. Haar lippe span in ’n stywe lyn en ’n plooi knyp tussen twee grys wenkbroue vas. Sy staar langer na Freya as waarmee sy gemaklik is. Toe hou sy haar hand na Freya uit. Freya bal haar vuis voor sy die vrou formeel met die hand groet.

“Scylla! Pandora!” raas Miss toe die honde om hulle voete begin speel. Freya ruk effens. Sy voel ’n koue, nat neus wat in haar palm grawe. “Gaan! Get!” gil Miss.

“Dis oukei,” sê Freya, al is dit eintlik nie oukei nie. Sy hou nie juis van honde nie, ook nie van kwaai ou tannies nie.

Vir ’n oomblik voel dit weer vir Freya of Miss haar gesig ondersoek vir iets. ’n Besorgde glimlag kry amper plek om die vrou se mond, maar dan is die strak lyne skielik terug.

“Hierdie was ’n slegte idee,” sê Miss net betyds vir Caleb en Anathi om dit te hoor. “Jy moes dalk liewer nie gekom het nie.” Freya weet nie of sy bly

of spyt moet wees dat Miss presies soos sy voel nie.

“Ons moet waai,” sê Anathi en raak doenig met Scylla en Pandora. Sy haak leibande aan hulle halsbande en laai hulle in die kar. “Ons is nou-nou terug!” roep sy.

“Reg so, en dankie,” sê Miss. Sy draai na Caleb. “Wees versigtig, gehoor?”

Caleb knik net en groet.

Hulle kyk hoe Caleb en Anathi wegry.

“Kom,” sê Miss en beduie Freya moet voor loop.

Agter haar praat Miss: “As jy hiernatoe gekom het om leeg te lê, weet net, ek gaan jou nie pamperlang en bedien nie. Hierdie is nie ’n hotel of ’n hospitaal nie.” Haar stem huiwer nie toe sy dit sê nie.

Freya hou haar asem op en loop stadiger.

Van agter kan sy Miss se kyk op haar nek voel.

Al wat Freya kan doen is om te klink of dit haar nie pla nie. “Oukei,” sê sy. Freya sluk om te keer dat sy hartseer word. Sy wil nie hier wees nie.

“Die eerste en tweede verdiepings is joune. Die grondvloer myne. Ek kan met moeite die trappe tot bo klim, maar ek doen nie, so ek weet nie hoe dit daar bo lyk nie. Anathi het die kamer vir jou skoongemaak en die bed oorgetrek.”

“Dankie.” Freya kyk om haar rond.

Daar is baie antieke houtmeubels in die huis. In die hoek van die vertrek staan ’n stokou televisie. Daar’s ’n kwilt oor die bank. Die kombuis is in die een hoek. In die vensterbank groei kruie in potte. Oral is skulpe van alle groottes en kleure in glaskaste en op rakke.

Freya loop na drie papierdun wit skulpe met die mooiste spiraalvormige kronkels op. Hulle is onder mekaar uitgestal. Toe sy haar hand daarna

uitsteek, ruk sy van die skrik.

“Moenie! Dis papiernautilusskulpe. Argonoute. Hulle is skaars.”

“Skuus, Miss.”

“As jy gelukkig is, kry jy hulle Meimaand in die vlak branders. Met hulle kreatuur nog binne.” Miss laat dit klink of daar klein Frankenstein-monsters in die skulpe bly.

“Kreatuur?” vra Freya. Haar eerste gesprek met Miss is glad nie wat sy haarself voorgestel het nie. Jy lyk nes jou ma. Of Jy het so groot geword, was wat sy gedink het hulle eerste woorde vir mekaar gaan wees.

“Eintlik is die papiernautilus glad nie ’n nautilus nie. Dis ’n huis vir ’n seekat wat in die diepsee bly. Dit is ook net die vroulike diere wat dit het. Om hulle eiers te beskerm.”

“Soos die Kraken?” vra Freya.

Miss Marian se oë vernou asof sy haar vervies. “Koppotig, ja.”

Freya knik.

Die wind huil om die hoeke van die huis. Freya verbeel haar sy kan die vloer onder haar voel beweeg. Sy druk op haar stapstok om te keer dat sy nie steier nie.

“Jy sal nog jou seebene kry,” sê Miss asof hulle op ’n boot en nie in ’n huis is nie.

“Daar is sap in die yskas, as jy dors is. Ons drink nie die kraanwater hier nie. Daar is gekoopte water ook in die yskas.” Miss Marian draai om en vlug by die skuifdeur uit.

Freya staan alleen in die sitkamer.

Sy sal nie huil nie.

Die huis ruik na houtpolitoer en klamheid. Toe Freya omdraai, steek haar asem in haar keel vas.

Sy loop na die oop skuifdeur wat na ’n houtdek lei. Van hier af kan sy die hele Stormwater sien. Voor haar is huise se dakke. Hier is soveel meer horison as dorp. Blougroen branders rol en stoot tot dit in wit bruisende skuimbolle aan sagte sand lek. ’n Jaar gelede sou sy nie kon wag om die water op haar vel te voel nie. Sy blaas haar asem stadig uit.

Bo Freya hang klomp skulpe aan draad- en garingkontrapsies. In die plant wat oor die reling van die dek rank, maak voëls beurte om die nektar uit die geel trompetvormige blomme te suig.

In die een hoek is daar nog klomp houers met skulpe op ’n verweerde houttafel. In die ander hoek staan ’n grasbesem. In dié een het daar ’n glasogie ’n piepklein nessie gemaak. Langs die tafel staan ’n stoel met ’n gebreide kniekombers netjies opgevou.

Daar staan ook ’n teleskoop op die dek en Freya gaan kyk daardeur. Sy sien mense op die strand loop. Ander wat in die vlak water speel. ’n Paar vissermanne.

Op die rotse loop mense met hulle honde.

Dan sien sy Anathi se Polo. Sy en Caleb staan nou voor ’n ou vissershuisie. Dis seker waar hy die vakansie gaan bly.

Net hier op die dek is dalk waar sy haar hele vakansie gaan spandeer, besluit Freya.

Sy swaai die teleskoop na regs. Dan pluk sy dit byna weg toe Iamanga se huisie voor haar gesigsveld inskuif.

Iamanga staan onder die boom, sy is besig om iets op te hang. Dan, asof sy Freya se kyk op haar aanvoel, kyk sy op. En dit voel of sy weer regdeur Freya kan sien.

CALEB

“Wil jy hê ek moet saam met jou inkom?” vra Anathi toe hulle met ’n ruk op die grasperk voor Sandkasteel stilhou. “Dis mos die eerste keer nadat . . .”

Caleb onthou nog hoe sy ma altyd sy pa gespot het: “As jy belowe om die kothuis se naam te verander, sal ek dalk saamkom.” Dit het sy pa altyd laat lag.

“Nee. Ek wil die een op my eie doen.”

“Sure, as jy so sê.”

“Wat van ek help jou met bestuurslesse as jy jou ma kan oortuig om vir my van haar gewilde vetkoeke te bak?” vra Caleb. Dorothea se vetkoeke is een van sy gunstelingherinneringe aan Stormwater.

“Ek kan bestuur,” lag Anathi. “Ek sal kyk wat ek omtrent die vetkoeke kan doen. Sien jou hier rond.”

Caleb knik. “Dankie vir die lift.”

Toe Caleb na die huis draai, besef hy hy kort nog die sleutels. “Het jou pa dalk die sleutels vir jou gegee?” roep hy.

“Onder die pot langs die voordeur,” beduie Anathi met haar kop.

“Ernstig?” vra Caleb.

“Jy weet net so goed soos ek hier is nie skelms nie. Buitendien, wie sal dink mense steek nog sleutels daar weg? O, en die Landy se sleutel is in die huis op die sleutelhouer.”

Caleb lag en haal sy sak uit die kattebak. Anathi krap weer die ratte toe sy die kar in trurat sit. Hy skud sy kop en kyk hoe sy met ’n kar vol blaffende honde strand toe ry.

Toe hy omdraai, staan hy alleen voor sy pa se huis.

Hy blaas sy asem sag uit. Die sleutel is sowaar onder die pot toe hy dit oplig.

Dit voel soos nou die dag toe hy hier saam met sy pa was. Maar dit was twee of drie jaar gelede. Vriende en skoolaktiwiteite het stadig maar seker vir Caleb belangriker geword, en soos sy ma het hy al hoe minder Stormwater toe gekom.

Die gras is kort gesny nes Kaptein belowe het.

Caleb druk die sleutel in die slot en sluit die deur oop.

Toe hy die deur oop het, vou die huis se reuke verwelkomend om hom. Hy het vergeet hoeveel hy dit gemis het. Skielik voel dit of sy pa enige oomblik by die voordeur gaan inloop met vandag se vangs. Kabeljou dalk? Dat hy nou vir Caleb gaan sê om die vuur aan te steek.

Hy gaan sit sy sak in sy kamer voor hy die hortjies voor die vensters begin oopmaak.

Toe al die hortjies oop is, skuif hy die verweerde gordyne voor die klein sitkamervenster weg en maak dit wyd oop. In die kombuis kyk hy na die inhoud van die ou yskas. Op die een rak staan twee blikkies koeldrank en ’n verseëlde boksie langlewemelk. Hy druk die kragprop in. Die yskas gorrel asof hy keel skoonmaak.

Hy maak die agterdeur se skuifslot oop. Dis nog net so styf en geswel soos Caleb dit onthou. Eers met die tweede pluk kry hy die deur oop.

In die gang staan hy eers weer en kyk na die ou foto’s van die huis. Dit was eers ’n sendelinghuisie op die plaas wat vandag as Stormwater bekend staan. Op die foto is Stormwater net ’n plaas met wye vlaktes en hier en

daar ’n wit spikkel vir ’n huis. Langs dit hang ’n foto van die twee riviere wat Stormwater omarm. Deesdae is dit net twee dun stroompies wat hier vloei en geen mere nie. Daar is net ’n klomp riete wat keer dat die rivier in die see uitmond.

Dan skep hy moed om na sy pa se kamer te gaan.

Sy hart klop in sy keel toe hy sy pa se kamerdeur oopstoot.

Wat gaan hy hierbinne kry?

FREYA

Met aandete sit Freya en Miss by die eetkamertafel. Die een helfte van die tafel is vol buisies verf en kwaste. Daar lê klippe en skulpe wat in bont kleure geverf en met patrone versier is. In die agtergrond is die televisie aan op ’n nuuskanaal, maar die klank is af.

Hoekom sou Miss vir haar sê sy moes nie gekom het nie? Dit voel vir Freya of sy al ’n rits goed verkeerd gedoen het, en sy is skaars hier.

“Die kamer is lekker, dankie,” besluit sy om ’n geselsie te maak. Freya het so rus-rus die trappe tot op die tweede verdieping geklim.

Toe sy uiteindelik bo kom, kon sy nie help om te glimlag toe sy sien hoe krom en skeef Anathi die bed opgemaak het nie. En sy het tot vir Freya ’n yslike groot geel blom in ’n klein potjie op die spieëlkas gesit. Sonskyn in ’n potjie. Freya het nog nooit so ’n blom gesien nie.

Die hele middag het Freya in haar kamer weggekruip en miss Marian in haar bos. Asof hulle bang is vir mekaar. Sy het die tas plat op die vloer gesit en die rits oopgemaak. Dalk het sy môre energie om dit uit te pak, maar nie vandag nie. Net haar vitamines het sy op haar spieëlkas gepak. Ander meisies sou dalk grimering of parfuum daar sit, maar nie sy nie. Daarna het sy vir ’n paar uur net op die bed gelê en na die plafon gestaar. Dis iets waarmee sy deesdae goed is. Sy ken elke krakie en merkie op die plafon in haar kamer by die huis.

“Dan is ek bly,” ruk Miss se stem haar terug tafel toe. “Ek is nog fluks en fiks, dis net my knieë wat nie meer die trappe wil klim nie.”

Freya knik.

Miss skep vir hulle van die vis en slaai in. Daar is ’n beker water ook op die tafel en twee glase.

“Daniela het seker vir Miss gesê dat ek siek is?”

Miss sit haar mes en vurk neer. “Ek . . . ek kan nie jou duiwels vir jou baklei nie. Ek sou nie weet hoe nie.” Freya sit effens regop. Niemand het haar siekte al duiwels genoem nie.

Freya vermy Miss se oë en kyk in die vertrek rond. Daar hang baie foto’s teen die mure. Maar niemand wat vir haar bekend lyk nie, behalwe Miss. Daar’s ’n foto van Miss met ’n baba. Dan een van haar saam met ’n ouer seun. Hy glimlag haasbek en hou ’n verjaarsdagkoek vas. Op die foto, in ’n ligblou raam, is die seun ouer. Dit moet sy matriekafskeid wees. Hy en die meisie lag verspot. As Freya na die klere op die foto kyk moet die man seker nou in sy veertigs wees. Daar’s ’n foto van hom by sy eerste kar en waar hy graad vang. Freya was reg. Op die volgende foto’s lyk die man al diep in sy dertigs. Hy het seker die wêreld vol gereis, want in dié raam is net foto’s van hom by bekende landmerke. Die piramides. Die Groot Muur van China. Die Eiffeltoring in Parys. Daar is nog ander wat Freya nie ken nie.

Op dié foto’s is die sprankel nie meer in sy oë nie. Sy glimlag is ook weg. Asof die lewe en verantwoordelikhede mos grootmense se sprankel opvreet soos daardie spoke op ’n Pacman-speletjie. Sy vermoed dis hoe haar oë ook deesdae vir ander mense lyk.

“Wie is dit?” vra Freya en wys na die foto’s.

Miss maak keel skoon. “Dis Simon,” sê sy sonder om na Freya te kyk. “Hy was my seun . . . My man is tien jaar gelede dood en Simon twee maande gelede.” Twee maande? Was hy een van die persone waaroor Anathi vanoggend gepraat het?

Freya se oë flits weer na die foto’s, dan kyk sy vinnig weg.

“Ek is jammer om dit te hoor,” kry sy darem sag uit.

Miss knik. “Nog slaai?” vra sy en hou die bak na Freya.

“Nee, dankie.” Freya en Miss eet in stilte verder voor hulle opstaan.

“Ek gaan inkruip,” sê Miss toe hulle klaar die skottelgoed gewas het. “Dit was ’n lang dag. Vat vir jou ’n flits boontoe.” Miss beduie na die kombuisblad. In die hoek staan ’n paar flitse. “As daar iewers ’n boom in die omgewing omwaai het Stormwater nie elektrisiteit nie.”

“Goed so,” sê Freya.

Toe sy alleen agterbly, sien sy dit is nou eers agtuur. Wat is sy nou veronderstel om die hele nag met haarself aan te vang? Dis nie asof sy sal kan slaap nie. Haar hele lyf voel gekneus. En wanneer sy so moeg is, is dit amper seerder om te lê as om op haar voete te wees.

Toe sy op die eerste vloer kom, stop sy.

Freya byt haar lip.

Hoekom wou Miss ’n hele vloer tussen haar en Freya hê?

Waar sy staan is ’n nou, donker gang met drie toe deure. Miss het tog gesê die vloer is ook hare.

Saggies loop sy na die eerste deur.

Onder haar voete kraak die plankvloer. Sy druk die handvatsel so sag moontlik af. Die deur kraak toe sy dit opstoot.

Sy is teleurgesteld om net ’n leë vertrek te kry en maak die deur toe voor sy na die volgende een loop.

Freya sit die lig aan. In die tweede kamer is rakke en rakke vol ou boeke.

Buite krap en skuur die wind buierig om die huis. Soos ’n monster wat wil inkom. Die dak kraak asof dit enige oomblik gaan oopskeur. En verbeel sy haar of ruk die mure ook?

Sy trek die deur agter haar toe en stap na die laaste deur.

Freya sit haar hand op die handvatsel en druk dit af. Eers dink sy dit haak vas, maar toe besef sy die deur is gesluit.

Skielik slaan ’n donderslag buite. Freya spring agteruit. Die ganglig flikker aan en af. Toe is alles stikdonker.

Sy sit haastig die flits aan en klim die trappe na haar kamer. Miss was reg. Sy moes nie gekom het nie.

Met die flits soek sy in die donker na haar nagklere in die tas. Sy kry dit, trek aan en klim in die bed. Sy druk die bedlamp se skakelaar, maar die krag is steeds af. Dan sal sy maar net die flits heelnag moet aanhou, want sy sal nooit in die onbekende donker ’n oog kan toemaak nie.

Met die laken oor haar kop en oorfone in haar ore weet Freya sy gaan vir ure rondrol. Tot die pyne in haar lyf ook hulle lê gekry het.

Drie ure later laat ’n slag Freya regop sit.

Sy knip haar oë ’n paar keer om aan die donker gewoond te raak. Die flits is af. Gelukkig het haar selfoon ook mos ’n flitsfunksie.

Die foon is nog oop op ’n boodskap van haar ma’s wat sy besig was om te lees. Wanneer het sy aan die slaap geraak?

Onder haar lyf voel die matras steeds vreemd.

Vir ’n oomblik lê sy na die donker en staar. Die nag is so pikswart, hier’s nie eens skaduwees nie. Net verwronge swart kolle wat soos gesigte lyk.

Toe sy dit nie meer kan vat nie, staan Freya op. Sy trek die gordyne oop. Geen wonder nie. Hier’s nie eens straatligte nie. Sy ril. Met die gordyne oop laat die wiegende bome se skaduwees nou uitgerekte drogbeelde teen haar mure dans.

Sy klim terug in die bed.

Om die huis se hoeke weeklaag die wind steeds droewig. Sy het nog nooit ’n wind só hoor huil nie.

Sagte druppels begin val. Toe reën dit harder. Vet druppels slaan teen die ruit soos iemand wat klop om in te kom.

Freya se hart stamp in haar borskas. Sy steek haar hand uit na die foon.

Die volgende oomblik rammel ’n ander klank deur die vertrek.

Wat maak so?

Vrees prikkel deur haar lyf. Moet sy Miss gaan wakker maak? Is hierdie ’n tornado of ’n orkaan of iets? Sy sal mos nie weet nie.

Die geluid laat ’n rilling teen haar rug af klim.

Dit klink asof water deur die mure van haar kamer begin sypel. Sy skyn haar selfoon se lig op die mure, maar dis droog.

Freya vryf weer oor haar arms. Daar is dit weer.

Dis ’n roggel. Soos asemhaling, maar ook nie.

Sy klou die laken stywer teen haar bors vas. Is dit . . . is dit hoe dit klink as iemand water sluk . . . as iemand verdrink?

Freya skud haar kop. Nou is sy laf. Dis daardie vervlakste praatjies oor Iamanga en die vloek wat haar so omgekrap het.

Sy druk weer haar oorfone in haar ore, trek die laken oor haar kop en knyp haar oë toe.

Toe haar foon skielik onder haar kussing vibreer, vries sy op die plek. Freya kyk na die skerm. Dis Daniela.

Hoe gaan dit daar? Jy het nog nie geantwoord nie.

Is Marian toe darem gaaf? Ek hoop julle kom goed oor die weg. Ons is gepak en reg vir die vlug vannag. Lief vir jou.

Freya huiwer voor sy antwoord. Moet sy vir Daniela sê wat Miss gesê het? Dat sy nie moes kom nie. Dat sy eerder wil huis toe gaan.

Toe tik sy: Alles is oukei. Lief vir julle ook. Xx

CALEB

Toe Caleb nog klein was, het sy pa altyd een of ander kaart teen die studeerkamermuur opgesit en hom dan van ver plekke en avonture vertel. Caleb het dan aan sy pa se lippe gehang.

Maar wat hy in sy pa se kamer gekry het, is iets uit ’n wetenskapfiksie-fliek.

Nou in die donker sonder krag, kan hy dit alles net-net uitmaak, maar die prent is in sy geheue vasgebrand.

Veral die satellietkaarte van Stormwater en die omliggende omgewing wat teen sy pa se muur vasgesit is.

Daar’s nie net een kaart nie, maar ’n klomp afdrukke van dieselfde kaart en op elkeen is sirkels in rooi en blou merkers gemaak. Net op verskillende plekke. Soos boksies wat sy pa afgemerk het. Dit was asof sy pa elke keer oor begin soek het na iets en dit dan op die kaarte geïdentifiseer het. Maar na wat?

Op die mankolieke ou houtlessenaar staan stapels notaboeke. Onsamehangende notas is rond en bont daarin geskryf. Daar is GPS-koördinate. Van die ander notaboeke het navorsing oor vliegtuigongelukke en die Bermuda-driehoek. Sommige oor maalkolke en aardverwarming en energielyne. Daar’s ook notas oor stroping van hulpbronne en tsunami’s. Caleb gooi die notaboek in sy hand vies neer. Wat het hom laat dink dat hy net Stormwater toe sou kom en alles kom uitfigure? Is dit die vreemde navorsing waarvoor sy pa geld van donateurs nodig gehad het?

Hier is so baie moontlikhede. So baie inligting, hy weet nie eens waar om te begin nie!

Hy trek sy hande deur sy hare. Daar is tot ’n stokou koerantberig en ’n foto van ’n vliegtuig wat in 1931 hier geval het.

Lying crashed on the beach of Stormwater after only two years of service is the severely damaged Fokker Super Universal. It crashed on a night flight on the last day of 1931, adding a second disaster to Union Airways operations for that year. Major Miller was at the controls in very misty conditions that forced him down to within a few feet of the shoreline. For reasons unknown, although most likely because of gusting wind, the plane veered to the right, the wing hit the beach and the Fokker crashed.

Daar’s ook ’n paar koerantuitknipsels oor vreemde verskynsels. Een gaan oor ’n seeskilpad, met eendmossels op sy dop, wat in Port Elizabeth uitgespoel het. Ander oor bote wat gesink het. Verdrinkings in die omgewing. Van die uitknipsels is al dun gevat soos sy pa dit seker oor en oor bly lees het. Bang dat hy die vorige keer iets gemis het.

Dan is daar ’n boek wat ooplê, The Best of Lawrence Green. Dis ’n versameling koerantberigte wat ’n bekende joernalis geskryf het. Die een berig handel oor verlore skatte aan Stormwater se kus. Dit gaan oor ’n rots wat Caleb baie goed ken. Die een met die stokou kaart daarin gebeitel. Sy pa het dit op ’n keer vir hom gewys. Maar is dit regtig ’n kaart na ’n skat of net ’n bron van vars water? ’n Portugese kruis, en die letters N, NE, JN, L/L/LL en ’n kronkelende stippellyn was glo oor die sewentig jaar gelede nog duidelik sigbaar. Die berig beweer die aanslag van die natuur het die lyne verdof. As Caleb reg onthou, is net die kruis nog sigbaar. Historici het bevestig dat dit wel ’n Portugese inskripsie was. Daar was bewerings dat drie Portugese skepe hier spoorloos verdwyn het. Die São João Baptista in 1622 en in 1647 die Sacramento en die Nossa Senhora da Atalaia. Skepe wat dalk baie goud, porselein en speserye aan boord gehad het. Sekerlik het sy pa nie nou begin skatte jag nie.

Caleb trek sy vingers deur sy hare.

En dan is daar die berig oor SAL vlug 406 wat hier aan die kus in die see geval het. Dit was tydens die apartheidsjare. Die vliegtuig is nooit gekry nie. Of so beweer hulle. Die passasiers ook nie. Daar is heelwat kontroversie oor die ramp. Aan boord was belangrike rolspelers wat dalk

vroeër ’n einde aan apartheid kon gemaak het. Naasbestaandes beweer hulle is gebel om die lyke uit te ken en toe hulle in Oos-Londen kom, was daar geen liggame nie. Dis crazy!

Was hy verkeerd? Is hier niks om uit te vind nie? Behalwe dat sy pa dalk waansinnig was. En as hy waansinnig was, is sy oom nie dalk reg nie? Sou sy pa hulle net so kon los en verdwyn. Iewers ’n nuwe lewe begin met donateurs se geld?

Toe dit klink of die storm uiteindelik bedaar, vat Caleb die herlaaibare lig wat op die kombuistafel staan. Agter die voordeur op die sleutelhouer hang die Landy se sleutel. Aan dieselfde haaitand-sleutelring is die sleutels vir die twee motorhuisdeure. Caleb loop in die donker na die lamlendige dubbelmotorhuis.

Hy is verbaas die ding het nog nie heeltemal gedisintegreer van al die roes nie. Die chaos in sy pa se kamer het hom so gegooi, hy kon homself nog nie sover kry om te kyk of die Landy darem nog kan ry nie.

Die geroeste skarnier van die sinkdeur kraak toe Caleb dit oopswaai.

“Wat op aarde?” fluister hy sag.

’n Splinternuwe boot staan soos ’n baken in die donker. Caleb skyn die lig sodat hy beter kan sien.

Calypso, staan daar op die boeg. Hy loop nader.

Skielik voel dit of sy bene gaan meegee. In die een hoek op die boot se dek lê sy pa se duiktoerusting. Dis nie enige duiktoerusting nie. Dis vir vryduik. Iets wat hy ook jare laas saam met sy pa gedoen het. Iets wat sy pa hom geleer het.

Die boot het ’n glasbodem, dieptepeiler en visvinder. Maar dis nie wat Caleb se aandag trek nie. Hy klim op die boot toe hy die geseëlde bokse sien.

Hier is ook ’n onderwater-magnetometer en die enkelfrekwensie sonar. Selfs ’n onderwater-metaalverklikker. Alles wat sy pa nog wou gebruik het? Die klomp goed moes ’n fortuin gekos het. Is dit met die donateurs se geld gekoop?

“Waarna het Pa gesoek?” praat hy met homself. Die gemis na sy pa wat hy nou al vir maande onderdruk skiet deur sy bravade na die oppervlak van sy bewussyn. As hy sy oë hard genoeg toeknyp kan hy amper sy pa ruik. Sout en see.

Caleb verskuif sy aandag na die Landy en klim van die boot af. Toe Caleb opkyk, kyk hy in die dowwe metaal van die Landy se buffer vas.

Om sy pa se kar te sien voel amper asof sy pa hier staan. Vir ’n oomblik kan hy hom verbeel dat sy pa nou uit die kar gaan klim. ’n Vuis in sy keel voel of dit sy suurstof afsny.

Sy pa was altyd so kwaai met hom wanneer hy as klein seuntjie in die kar wou speel. “Dis nie ’n speelding nie,” sou sy pa kamma raas. Die kar was altyd vol modder wanneer sy pa van een of ander avontuur teruggekom het. Maar dis wanneer al die modder en stof uiteindelik afgewas was, dat Caleb verstaan het wat sy pa sien. Dan het die Landy se blinkgroen bakwerk alles soos ’n spieël weerkaats.

Caleb was darem toegelaat om met die was en poleer te help. “Blink genoeg sodat jou ma haar hare in die weerkaatsing kan doen,” het sy pa altyd gesê. Dan sou sy pa die kar in die motorhuis trek tot hy op sy volgende avontuur vertrek. Dit was in die dae voor sy pa gereeld vir werk iewers heen moes vlieg. Later jare het hy al hoe meer tyd in Stormwater spandeer.

Toe hy klein was kon hy nooit verstaan wat sy pa eintlik vir ’n lewe gedoen het nie. Sy ma het net altyd gesê: “Jou pa doen belangrike werk vir ons planeet.” Wat dit ook al beteken het.

Hy skuif agter die stuurwiel in en maak die deur toe.

Hy skud sy kop. Hy moet net onthou hoekom hy hier is. Vir sy pa. Vir sy ma. Hy sal sy oom verkeerd bewys.

Hy draai die sleutel.

Klik.

Caleb probeer weer.

Klik.

Miskien het die kar ’n trick om hom aan die gang te kry. Die kar is so oud soos die eerste eendmossels wat ooit op aarde was. Oukei, nie so oud nie.

Toe hy vir ’n derde keer probeer en die kar nie aan die gang kan kry nie, klim hy uit.

Met ’n gesukkel kry hy die enjinkap oop.

Hy vroetel aan ’n draad hier en ’n skroef daar. Caleb staan terug. Wat maak hy? Hy het geen idee waarna hy kyk nie. Hy’s nie ’n werktuigkundige nie. Nes hy ook nie ’n speurder is nie.

Net voor hy die kap toemaak, vang iets sy oog. Op die waterpomp is ’n sleutel met maskeerband vasgeplak.

Dis vreemd. Spaarsleutel vir die huis?

Caleb trek die maskeerband af en vat die sleutel. Dit lyk nie soos die kothuis s’n nie. Hy druk dit in sy broeksak, maak die enjinkap toe en sluit die motorhuis.

In die kamer gaan lê hy moedeloos op die bed.

Hy het geen idee wat die laaste paar maande in sy pa se lewe aangegaan het nie. Het hy sy kop verloor? Dis hoe dit lyk.

Caleb haal die sleutel uit sy broeksak en bekyk dit. Hoekom het sy pa dit onder die enjinkap van die Landy gebêre? Of dalk weggesteek?

Hoekom sou Miss hom waarsku en sê hy moet versigtig wees?

Daar’s net een persoon wat hom dalk kan help om alles te verstaan, en dis Kaptein.

FREYA

Sondagoggend laat die gekraai van ’n haan Freya op haar sy draai. Iewers deur die vroeë oggendure moes haar oorfone uit haar ore geglip het. Die bedliggie brand ook nou, so die krag het weer aangekom. Met moeite maak sy haar oë oop. Haar kop voel of iemand dit vol watte gestop het. Sy is nog doodmoeg. Soggens voel dit altyd vir Freya of sy uit narkose probeer wakker word.

Toe die haan ophou kraai, luister sy.

Uiteindelik stilte! Sy het begin dink daardie storm van laasnag gaan nooit bedaar nie.

Halfses, wys die tyd op haar selfoon.

Sy val met ’n sug terug op haar kussing.

Op die grondvloer hoor Freya nou voetstappe. Vir ’n oomblik lê sy net daarna en luister. Onthou Miss ooit dat sy hier is?

Freya besluit om ook op te staan. Sy glip haar sneakers aan sonder om die veters vas te maak. Oor haar nagklere pluk sy ’n los hemp.

Sy klim die trappe na onder.

Toe sy in die kombuis kom, staan die skuifdeur oop en daar’s geen teken van Miss nie.

Buite is die honde ook nêrens te sien nie. Freya besluit om na die hekkie te loop wat na die bome lei. Daar waar sy Miss die vorige dag sien uitkom het.

Sy stap met die eerste paadjie wat regs draai. Die paadjie is oorgroei en takke haak aan haar hare, klere en bene. Elke paadjie lei na sy eie

weggesteekte hoekie, besef sy.

Freya loop haar vas teen ’n boord dooie vrugtebome. Op ’n mosselskulppaadjie ontdek sy ’n wit tuintonnel. Daar is ’n lang tafel met plantbakke en tuingereedskap op. Maar geen blomme nie. Groente, wat lyk of dit sommer net opgekom het, groei in die vorm van ’n halfmaan. Boontjies en tamaties staan rond en bont. Komkommers hang verlep aan stingels. Daar is ook ’n papajaboompie en ’n bedding aarbeie. Asook kruie soos roosmaryn en pietersielie.

Toe sy verder loop, kry sy ’n hoekie wat met bome omring is. Onder die bome lê twee ou kampstoele onderstebo tussen die lang gras. Niemand sit seker meer hier nie. Nog verder aan kry sy roosbome wat stomp afgesny is, maar nog groen blare het.

Dan hoor sy geluide. Honde wat speel, en ’n sagte gesing.

Freya loer deur die takke na waar sy die geluide hoor. Miss Marian is in ’n hoenderhok besig. Toe Freya die haan sien, neem sy aan dis hy wat vanoggend so lawaai het. Hy’s bruin, met die mooiste vere in groen en blou, met ’n bloedrooi kam op sy kop.

Die honde begin blaf en kom na Freya aangehardloop. Sy kom agter die bos uit en buk tussen takke deur voor sy by die hoenderhok kom. Miss se hare is weer in ’n lang vlegsel. Sy dra ’n T-hemp en ’n spanbroek met reënstewels. Op haar rug het sy ’n klein sakkie.

“Jy kan inkom. Maak net die hekkie agter jou toe. En oppas vir Daantjie, hy skop.” Miss beduie na die haan. Om hom sal Freya maar eerder ’n wye draai loop. “Ek moet die bosse laat snoei en uitdun,” sê Miss. “Ek het onlangs eers weer hier begin inkom. Toe ek die hoenders aangeskaf het. Die stuk grond hier agter die huis was eintlik Simon s’n. Ná sy dood wou ek nie meer hier kom nie.”

Freya knik en maak versigtig die hek oop. Die hoenders skarrel en raas toe sy ingaan. Sy wil graag vir Miss vra hoekom sy nie op Stormwater welkom is nie, maar weet nie hoe nie. Dalk as Miss dit self vir Daniela sê, sal sy kan huis toe gaan. Sy sal na haarself kyk.

“Ek gee hulle kos en haal die eiers uit,” sê Miss.

“Ek kan help,” bied Freya aan. Al weet sy nie hoe om dit te doen nie.

“So,” sê Miss en beduie vir Freya hoe om die eiers uit te haal. Dan skryf sy met ’n potlood die datum op die eiers. Toe sy klaar is, wys sy vir haar hoeveel kos die hoenders en kuikens moet kry. Oggend en aand. Freya druk haar hand onder ’n hen in. Sy begin verwoed haar vlerke klap. Freya draai haar kop weg, maar voel die eier in haar palm en hou dit na Miss.

“Kon jy darem slaap?”

“So bietjie. Die huis is onbekend. Ek sal dit nog gewoond raak. Die geluide . . .”

“Geluide?” vra Miss. Sy kyk na Freya met daardie selfde plooi tussen haar wenkbroue soos die vorige dag.

“Ja . . . water . . . water wat borrel en bruis,” sê Freya.

Met ’n slag land die eier tussen Miss en Freya op die grond. Spatsels rou eier loop teen Miss se reënstewels af. Haar kneukels is spierwit soos wat sy die potlood vashou.

Het sy al weer iets verkeerds gesê?

“Is als oukei?” vra Freya.

“Ja, ja . . . dis seker weer die geut wat verstop is. Ek sal vir Kaptein vra om daarna te kyk.”

“Dankie,” sê Freya.

Miss sit die sakkie met mieliepitte weer in die rugsakkie.

“Dié deel van die erf is so verlate. Is dit veilig vir Miss om so alleen hier te wees?”

Miss klop op die sakkie. “Ek het altyd ’n selfoon, ’n paniekknoppie en pepersproei hier buite by my.” Pandora gee ’n blaf asof sy wil sê sy pas haar mooi op. “Ja, ja, en die honde ook,” lag Miss. “Toe, ons moet opskud. Ons moet gaan stap voor dit hooggety word.”

“Stap?” vra Freya skielik benoud. “Dis skaars lig.” Sy het gedink om dalk weer terug te klim in die bed.

“Ek sal eerder in die bed wil bly. Ek voel nie vanoggend lekker nie.”

Freya weet nie wat om in Miss se kyk te lees nie.

“Jy kan nie elke dag in die bed bly nie,” sê Miss kwaai. “Die vars lug sal jou goed doen. Die oefening ook.”

Freya sug. “Nee, dankie,” is al wat sy sê.

“Suit yourself,” sê Miss. “Sit jy dan sommer die eiers in die kombuis.” Toe Freya in die huis kom, loer sy deur die balkon se skuifdeur. Miss trek al in die straat.

Dankie tog.

CALEB

’n Kraakgeluid laat Caleb regop sit. Sy kop klop omdat hy so laat eers aan die slaap geraak het. Hy vryf oor sy gesig.

Die tyd op sy selfoon wys dis sesuur.

Dan hoor hy weer iets.

Voetstappe? Die ou huis met sy oorspronklike plankvloere en dun mure kraak maar so. Hy is verbaas die huis het nog ’n dak ná laasnag se storm.

Toe Caleb se foon in sy hand vibreer, skrik hy hom lam.

Dis ’n boodskap van Anathi. Maar hy kan nie nou daarna kyk nie. Dis waaragtig voetstappe wat hy hoor!

Dit voel of sy hart in sy keel klop.

Wat as dit sy pa is? Wat as dit die persone is waarteen sy oom hom gewaarsku het?

Dan kom die voetstappe nog nader.

Caleb kyk in die kamer rond vir iets wat hy as ’n wapen kan gebruik, maar al wat daar is, is die bedlamp.

So stil moontlik trek hy die kragprop uit en vat die lamp met sy swaar gietysterbasis stewig vas. Ten minste is die ding lekker swaar.

In die gang hoor hy die voetstappe nog nader kom. Hy kan hoor die persoon probeer sluip.

Toe Caleb se foon weer op sy bedkassie vibreer, sak sy maag vloer toe en hy vloek in sy binneste.

Die persoon moet ook die foon gehoor het, want die voetstappe verstil.

Dan skraap hy moed bymekaar.

Caleb pluk die deur oop en storm uit die kamer, lamp omhoog, net reg om iemand se kop inmekaar te slaan.

“Whoaa!” Die gil weergalm deur die huis. Anathi keer met haar linkerhand voor haar gesig.

“Ana! Wat maak jy dié tyd van die oggend hier?” vra Caleb vies. Hy hou sy hand oor sy trommende hart en sit die lamp op die grond. “Amper slaan ek jou kop inmekaar!”

“Paranoid soos jou pa, sien ek,” sê Anathi en beduie na die lamp.

“Ek is nie paranoid nie, oukei.” Ná wat hy in sy pa se kamer gekry het behoort hy dalk te wees. Hy sal dit nie vir Anathi sê nie. Wat bedoel Anathi in elk geval? Hy het nooit sy pa as paranoïes geken nie. Dit voel vir Caleb of sy pa ’n heel ander lewe hier op Stormwater gehad het.

“Ek het vir jou ’n boodskap gestuur, maar jy’t nie geantwoord nie.”

“Want ek was te besig om uit te figure wie loop in my gang rond!”

“Oukei, oukei, jammer. Jou voordeur was nie gesluit nie. Toe dink ek jy’s dalk al wakker.”

Het hy nie gisteraand die deur gesluit nie? Hoekom is hy seker hy het? Dalk het hy die laaste keer wat hy buite was vergeet om dit te doen.

“Klop net asseblief volgende keer,” sê Caleb. “Ek kon kaal hier rondgehardloop het, weet jy?”

Anathi frons. “Is dit iets wat jy gereeld doen?” lag sy.

“Nee, maar as ek dalk wil . . .”

“Oukei. Jammer. Ek kom in vrede,” sê Anathi en hou twee inkopiesakke na hom. Onder haar arm knyp sy ’n houer met vetkoeke vas. “Ek het gedink jy’t seker nog nie kos gekoop nie. O, en die vetkoeke. Jy kan my later bedank.”

Caleb vat die sakke en loer daarin. Plaasbotter, aarbeikonfyt, kaas, kouevleis, vrugte en sy gunsteling. “Aah, ’n suurlemoentert! Jy’s die beste, Ana, regtig. Ek eet dit sommer vir ontbyt. Suurlemoene is mos vrugte.”

“My ma stuur dié. Moet net nie dat sy hoor jy wil tert vir brekfis eet nie,” lag Anathi. “Dis sy wat nou die padstal so ent buite Stormwater het. Die een wat gister toe was. Sy maak net weeksdae oop. Jy’s gelukkig daar het voorraad oorgebly.”

“En vetkoek,” sing Caleb.

Hy glimlag en vat die houer by haar. Hy sit die vetkoeke op die klein tafeltjie in die kombuis neer. Die reuk laat sy maag grom.

“Koffie?” vra hy vir Anathi.

“Nee, dankie. Ek moet eintlik waai.”

Caleb maak die kraan oop en hou die ketel daaronder. Roeserige water spoeg-spoeg en spat. Seker omdat die pype lanklaas gebruik is. Hy pluk die ketel vies weg en gooi die water uit.

“Jig.”

Hy maak ’n beker vol melk en druk dit in die mikrogolfoond. Ten minste is daar koffie en suiker in houers op die kas.

Anathi gaan sit by die kombuistafel.

Toe die mikrogolf biep, haal hy die melk uit en maak vir hom koffie.

Hy gaan sit by Anathi.

“Hoe was jou eerste aand hier?” vra sy.

“Oukei. Ek was heelaand besig om deur my pa se werk te kyk. Maar ek kan nie kop of stert daarvan uitmaak nie.”

“Ek sien . . .” Anathi lyk of sy nog iets wil sê, maar sy doen dit nie.

“Sê wat jy wil sê.”

“Dis net . . . ek dink jy soek na niks, Caleb. My pa en jou pa . . . hulle al twee het gehou van ’n goeie samesweringsteorie. Dis al.”

Caleb staan op. Hy het nie gedink Anathi is ook een van die mense wat nie glo sy pa se vliegtuig het geval nie.

“Wat was hulle teorie? Watse sameswering?” vra hy. “En hoekom sê jy my pa was paranoid?”

Sy haal haar skouers op.

“Jy moet maar eerder my pa vra, maar ek dink jy gaan na ’n imaginary wrak soek.”

“Ek glo ook nie my pa is dood nie, maar waar is sy vliegtuig dan? Waar is hy? My pa sou nie aspris net verdwyn het nie.”

“Hoe seker is jy hy sou nie?” Sy loop venster toe. “Kom kyk hier,” sê sy.

Anathi trek die gordyntjie weg. “Sien jy daardie wit huis. Die een met die gesnoeide heining?”

“Ja.”

“Dis waar jou pa gebly het voor hy verdwyn het.”

Caleb skud sy kop.

“Jy bedoel hy het nie hier gebly nie? Vir wat sou hy dit doen?” Hy begin al meer wonder of sy oom reg is. Het sy pa geweet sy lewe is in gevaar? Is dit

hoekom hy dalk laag lê?

“Ek sê jou mos, paranoid. Van daar af kon hy dié huis fyn dophou.”

“Hoekom sou my pa sy eie huis wou dophou?” Caleb sluk. Alles laat hom dink hy het nie sy pa geken nie. Maar hy sal dit nie vir Anathi sê nie.

“Ek weet nie, my pa en jou pa het geglo iemand is agter jou pa aan.”

Oor die video op sy blog? As hy net geweet het! Caleb vat ’n sluk van sy koffie en besluit om die onderwerp te verander voor hy dalk sy kop of sy moed verloor. Wat het hom laat dink dat hy hierdie raaisel sal kan oplos?

Dan onthou hy van die Landy.

“Sal jy my gou help om die Landy te jump start?” vra hy eerder.

“Natuurlik, ek trek gou my kar nader.”

Caleb sluit die motorhuis oop. Dankbaar dat sy pa die Landy agteruit in die motorhuis parkeer het. Hy stoot die motorhuisdeure oop en wys vir Anathi om nog nader te ry.

Die Polo spring vorentoe soos ’n kat op sy prooi. Caleb glimlag, maar sê niks.

Anathi stop sentimeters van die Landy af.

Hy maak die enjinkappe oop en koppel vinnig die kabels op die batterye.

“Maak seker die kar is uit rat en trek die handrem op. Cool. Start haar en gee ’n bietjie gas!”

Anathi maak so en ná ’n rukkie draai Caleb die Landy se sleutel. Hy’s dankbaar toe die enjin grom soos ’n beer wat onnodig wakker gemaak is.

“Ek gaan die Landy ’n bietjie laat loop, dankie,” sê Caleb en maak die enjinkappe toe nadat hy die kabels ontkoppel het.

Anathi bly in die kar sit en Caleb staan arms gevou langs haar ruit. Bo hulle trek die grys gordyn van gister weg om met ’n mooi blou hemel te spog.

“Wat is die deal met Freya? Hoekom is sy by Miss vir die vakansie?” vra hy.

“Haar ouers is glo oorsee. Miss moet babysit.”

“Is sy Miss se kleindogter?”

Anathi skud haar kop. “Nee. Verlangs familie. Freya het glo issues. Dalk het jy en sy iets waaroor julle kan praat.”

“Watse issues het sy?”

“Sy is glo siek, maar sy lyk nou nie juis vir my siek nie,” sê Anathi. Hy kyk na haar met ’n diep frons. “Anyway. Ek moet waai.”

Caleb skud sy kop. Behalwe vir die stapstok en die T-hemp het Freya vir hom ook heel normaal gelyk, maar dis nie te sê sy is nie.

“Dankie vir als, Anathi . . .” sê hy. “En, o ja. Ek het nie issues nie!”

“Dan is jy nog nie lank genoeg op Stormwater nie,” sê sy en lag toe sy die kar in trurat sit en agteruit begin ry. “Miskien moet jy dit net drop, Caleb!” roep sy.

Hy wens hy kon.

FREYA

Terwyl Freya in die bed lê vang haar oog die pamflet wat Caleb gister hier by Miss afgegee het. Dis waarmee hy Maandag en Dinsdag besig was. Sy het op die dek deur die teleskoop gesien hoe hy die pamflette op lamppale sit en by huise afgee.

Kon iemand hom al help met inligting? Sy hoop so. Dit moet vreeslik wees as jou pa net so verdwyn. Sonder ’n woord.

Op die pamflet is ’n foto van sy pa by ’n vliegtuig. Seker die een wat ook weg is. Met ’n pleidooi daarby vir enige inligting.

Toe Freya se foon skielik lui, frons sy. Dis Miss.

Hoekom sal sy haar bel?

“H . . . hallo,” antwoord sy.

“Luister hier, juffroutjie. As jy dink jy gaan elke dag in die bed bly, maak jy ’n reusefout. Klim uit die bed en trek aan. Ek wag vir jou in die kombuis. Vandag stap jy saam met my en my vriendinne. Jy het nou al die dubbelreënboog gemis en gister die jellievissies. Wie weet wat mis jy vandag.” Freya sluk ’n lag. Ná die storm kon Miss nie uitgepraat raak oor die dubbelreënboog wat Freya nie kon sien nie omdat sy in die bed gelê het.

Freya sluk. “Oukei. Laat ek net gou aantrek.” Hoe sy tot onder by die see gaan stap, weet sy nie. Nog minder hoe sy terug gaan stap.

Toe Freya gemaklik aangetrek het, loop sy na onder. Miss se voorkop trek weer op ’n plooi toe sy vir Freya sien.

“Het jy net ander pajamas aangetrek?”

Freya kyk na haar uitrusting. Sy hou van gemaklik wees. Sagte materiale en snitte wat haar nie vasdruk nie. Haar vel is sensitief en seer.

“Die is nie pajamas nie, wel nie tegnies nie. Dis my dagpajamas.”

“Dagpajamas? Hemele red my,” sug Miss. “En al daai?” vra Miss en beduie na die armvol pilhouers wat Freya vasklou.

“My vitamines. Ek drink dit net gou,” sê sy. “Want ek gaan dit nodig hê,” mompel sy vir haarself.

Sy begin die vitamines uittel en hoor hoe Miss haar tong klik. Agt pille lê uiteindelik in die palm van haar hand.

In ’n glas water drup sy drie verskillende bottels homeopatiese druppels en sluk die hand vol pille daarmee weg.

“Nou verstaan ek hoekom jou ma’s jou nie wou saamvat nie.” Miss gooi haar hande in die lug.

“Ek is nie hier gedump nie, ek wou kom,” lieg Freya.

“Nou kom tog dan net.”

Miss stap flink vooruit. Haar arms swaai en sy loop heeltemal te vinnig vir Freya om by te hou. Sy het geen idee hoe sy hierdie afdraandes gaan terugstap nie. Af is makliker as op.

Met elke tree wat sy gee, kry Freya ’n nuwe pyn op ’n ander plek. Wanneer sy stop en op haar stapstok leun om haar asem terug te kry, loer Miss net afkeurend oor haar skouer. Dan ignoreer sy die pyn in haar bene en druk haarself nog ’n bietjie meer.

Miss draai af op ’n grondpaadjie waar aalwyne aan weerskante groei.

Freya klink soos ’n blaasbalk en rus eers weer op haar stapstok. Sy sal vir Miss moet sê sy sal hierdie nie elke dag kan doen nie. Agter die aalwyne is struike. Sy skrik toe die bos skielik wikkel. Dis gelukkig net bokkies, besef sy verlig toe hulle oor die paadjie verby haar hardloop.

“Kom jy?” hoor sy Miss roep.

Freya byt op haar tande.

Die ongemaklike paadjie kronkel na onder, maar uiteindelik sien Freya die see. Stadiger, versigtig sodat haar bene nie moet meegee nie, loop sy na die klein parkeerarea langs die strand. Daar staan ’n paar karre. Seker vroeë vissermanne.

Deel van ME hê, is dat jy jou lyf leer ken en Freya weet sy kan nie nog verder loop nie.

Miss moet maar aanstap.

Op die grasperk staan ’n houtbankie. Teen die rugkant is iemand se naam op ’n metaalplaatjie gegraveer. Iemand wat hier verdrink het? Wat het Anathi gesê? Hier verdrink elke somer ten minste twee mense. Freya sak net betyds op die bankie neer.

Haar wange gloei nou en sy blaas haar asem uit. Haar hart klop heeltemal te vinnig en haar lyf voel soos lood. Sy sak teen die rugleuning af. Dan tel sy haar voete op die bankie en gaan lê op haar rug.

Toe Freya haar kop draai, sien sy hoe die groot blou water diep asemhaal.

In en uit. In en uit.

Stadig kom sy regop. Daar’s so baie dolfyne in die branders. Sy het nog nooit so iets gesien nie. Hulle speel en seil deur die water.

Sy glimlag. Miss is reg, as sy vandag weer in die bed gelê het, het sy dit gemis. Party van die dolfyne is laf en spring bo die golwe uit.

Skielik smag sy daarna om die water op haar lyf te voel. Om elke swemslag wat sy die afgelope jaar gemis het in te haal. Maar oefening laat haar simptome opvlam. Haar ma’s is oortuig dit was die swem wat haar laat spiral het. Die stres om te wen en te kompeteer. Freya weet egter dit was nie. Dis dan waarvoor sy so lief was.

Toe Freya haar asem terug het, kyk sy na Miss.

Sy vroetel met haar tone tussen die skulpe en die sand.

Wat maak sy ooit?

Twee ou dames in swembroeke met nat hare kom aangeloop. Hulle groet vir Miss en gee Freya nuuskierige kyke. Waar is Miss se vriendinne ooit?

Freya staan stadig regop om te kyk wat Miss doen. Haar bene voel klaar styf.

Sy loop rustig op haar eie pas na die sagte wit sand toe. Verby ’n bord wat waarsku oor seestrome en wat jy moet doen as die gety jou invat. As jy nie ’n sterk swemmer is nie, roep om hulp. As jy kan swem, swem parallel met die kus. As jy nie vordering maak nie, dryf totdat die stroom jou weer op die strand uitspoel. Freya glimlag. Dit klink soos haar siekte. Dis soms so wreed en oorweldigend soos ’n vloedgolf wat haar heel insluk. Wat haar oor en oor wil verdrink.

Sy sluk toe sy weer aan die vloek en die geluid van gisteraand dink. Die seeheks met oë so blou soos die einste branders.

“Die dolfyne was mooi, nè?” Freya draai om.

Dis Caleb. Het hy nou net uit die see geloop? Sy hare is nat. Hy dra ’n duikpak. Blinknat en vol druppels.

“Het jy geduik?” vra sy.

“Vryduik,” sê hy. “Dit was amazing. So saam met die dolfyne.”

“Dit klink fantasties.” Freya sal wat wil gee vir so ’n ondervinding. Sy tuur na die strand waar Miss gebukkend staan. “ ’n Mens sou dink sy’t al genoeg skulpe.”

“Ek het gesien, ja,” sê Caleb. “Nou toe, ek moet waai. Ek moet seker vandag leidrade begin opvolg.”

Freya wonder watse leidrade hy al gekry het.

Sy kyk na Caleb en dan na Miss. Sy is so siek vir siek wees. Vir ankerloos dryf saam met hierdie stroom wat haar gevat het. Miss is reg. Sy mis baie as sy heeldag in die bed lê. Almal geniet hul somer. Sy sal wat gee vir ’n behoorlike avontuur. Miskien kan sy elke dag ’n bietjie uit die huis kom. Sy is nou hier.

Freya byt haar lip.

Sy weet nie of sy die regte ding doen nie, maar toe Caleb omdraai, sê sy: “Hei, wag gou.” Freya loop nader. Sy druk haar hare agter haar ore in. “Ek het gewonder of ek saam met jou op jou avontuur mag kom? Jy weet, om na die vliegtuig te soek.”

Caleb trek sy asem in. “Dis nie ’n avontuur nie. Dis ernstig, Freya. Dis my pa se lewe . . .”

Freya sluk. “Ek weet, jammer. Dis net, dit sal goed wees om ’n bietjie uit te kom. En ek dink ek kan dalk help.”

Caleb vryf oor sy nek. “Tensy jy die beste speurder op aarde is, kan jy nie help nie.”

“Ek is effe van ’n whodunit boffin,” sê Freya. “Al moet ek dit nou self sê. Veral vroeër jare se noir-films. Jy weet, dié gebaseer op Agatha Christie se boeke, filmmakers soos John Huston, Roman Polanski. Ek het al die classics gesien.” Sy voel simpel toe sy besef sy’s besig om haar filmkennis soos ’n vervlakste kwalifikasie vir ’n werksonderhoud af te rammel.

“Hierdie is nie ’n fliek nie,” sug hy. “Wat sê Miss?”

“Ek het haar nog nie gesê nie.”

“Ek weet nie, Freya. Wat as dit gevaarlik raak?” vra Caleb.

“Hoe gevaarlik kan dit nou raak om na ’n wrak te soek?”

Hy lig sy skouers en kyk ver oor die see asof hy iets dink wat hy nie sê nie. “Ek gaan vryduik ook, boot ry.”

“Ek kan swem,” sê sy. Hoekom sy dit vir hom sê, weet sy nie. Sy was ’n jaar laas in ’n swembad. En sy’s onfiks.

Caleb dink seker sy’s belaglik, want hy lag.

“Almal kan swem, Freya. Vryduik en gewone duik is anders. Jy moet gekwalifiseerd wees.”

Sy sit haar hande op haar heupe. “Ek sal in die boot bly, belowe. Ek is ’n sterk swemmer, dis wat ek bedoel het. Maar ek hoef nie saam te duik nie . . .”

Skielik lyk hy spyt omdat hy gelag het en knik net.

“Ek kan na myself kyk. Asseblief? Dalk voel ek te sleg en wil ek nie saamkom nie, maar ek wil help . . .”

“Jou siekte?”

Freya knik. “My simptome is soos daai verhoudingstatus op sosiale media, complicated.” Sy byt haar lip. Sy wil hom nie afskrik nie. En dis presies wat gaan gebeur as sy nou al haar skete hier aframmel. “Dis nogals mooi hier . . . ek wil nie die hele vakansie in die bed lê nie,” sê sy eerder. Wat sy nie sê nie is dat die kans om ’n geheim te help oplos, mos nooit weer oor haar pad sal kom nie.

“Oukei. Maar as jy siek voel gaan ek jou nie nurse nie, en jy moet eers by Miss hoor of dit oukei is met haar.” Freya glo nie Miss sal ’n probleem daarmee hê nie. Sy sal eerder dankbaar wees dat Freya onder haar voete uit gaan wees.

“Dankie. Ek skuld jou.”

“Sure. Onthou net jy’s nie my verantwoordelikheid nie. Daarvan het ek genoeg. Wanneer wil jy saamkom?”

Freya haal haar skouers braaf op. “Sommer nou,” sê sy. “As dit oukei is?”

“Gaan sê net gou vir Miss.”

Freya kyk met ’n swaar hart na waar Miss al trek. Wat het haar besiel om vir Caleb te sê sy sal oukei wees as sy self nie eens seker is sy sal wees nie.

“Jy sien nie dalk kans om gou na haar toe te hardloop nie?” vra Freya.

“Laat ek raai. Jy kan nie tot daar en terug kom nie?”

Hopelik is dit ’n retoriese vraag.

Caleb kyk om toe ’n enjin agter hulle dreun. Sy een mondhoek trek op. “Hier is die Stormwater Herold nou.”

Freya volg sy blik. Drie vrouens klim uit ’n swart motor.

“Die koerant?”

“Dis wat Anathi hulle noem.” Hy grinnik betekenisvol.

Die deftige vrou wat agter die stuur uitklim het lang swart hare, behalwe vir die silwerwit sliert in haar kuif. Dit lyk asof sy haar stapuitrusting fyn beplan het. Die vlootblou pakkie hoort eerder op ’n runway as in dié klein dorpie. Een van die ander vrouens wat by die passasierskant uitklim, het die rooiste krulhare wat Freya al ooit gesien het. Sy dra ’n baie stywe oefenbroek wat aan haar mollige lyf klou. Sy sit ’n breërandhoed op haar kop. Die derde vrou, met blonde hare en ’n heldergeel kopdoek, kom dadelik na Freya geloop met uitgestrekte arms. Sy dra ’n los jogabroek en wit kaftan.

“Ek is Irma,” sê sy toe sy by Freya kom en haar hande ongenooid op haar skouers sit. “Jy is seker Miss se gas?”

Freya knik. So dié is Miss se vriendinne.

Die rooikopvrou kom ook nadergestap. Haar lippe is helderoranje, nes haar naels.

“Ah, jy is pragtig,” koer sy. “Ek is Blanche.” Sy trek Freya ook sommer nader vir ’n drukkie.

Dis net die vrou met die lang swart hare wat eenkant bly staan. “Lily,” stel sy haarself met ’n kopknik voor.

Blanche waai deur die lug. “Ag, verskoon vir Lily. Sy is nie ’n hugger nie. Sy is mos ons hoofmeisie hier rond, aangesien sy die dorp se inwonersvereniging bestuur.”

Lily klik haar tong.

“Ek is Freya en die is Caleb . . .”

“Meyer?” val Lily vir Freya in die rede. Sy haal haar sonbril af en fokus haar skerp blik op Caleb. “Wat bring jou Stormwater toe, Caleb? Nie gedink ons sal jou ooit weer hier sien nie. Nie ná jou pa se ongeluk nie.” Sy kyk betekenisvol na die see.

“Ek kom kyk of ek iets oor my pa se verdwyning kan uitvind,” sê hy.

Lily lig haar wenkbroue en knik.

Freya hou nie van die vrou se vibe nie. Haar gesig lyk hard, byna krities, terwyl sy na Caleb kyk.

Die ander vrouens koer hul simpatie in ’n koor.

“Freya, Miss sê vir my jy is siek. Jy moet bietjie saam met ons in die meerminpoel kom dryf. Dis goed vir die shakras en sommer die siel ook. Dit sal jou lekker laat ontspan. Dalk is ons water net die wonder wat jy nodig het,” sê Blanche.

Freya onderdruk ’n glimlag toe sy Blanche in ’n baaikostuum op haar rug in ’n poel probeer visualiseer.

Lily sug. “Blanche, goeiste. Die mense sal begin dink jy is ook ’n heks nes Iamanga.”

“Een mens se heks is ’n ander mens se healer, Lily.” Blanche knipoog vir Freya. “Lily hug nie en sy dryf nie,” terg Blanche.

Irma trek ongemaklik aan haar kaftan. “Wag, laat ons gaan. Miss raak nou ongeduldig.” Sy sit haar hand op Blanche se skouer.

“Ons moet ook aanstap,” sê Caleb asof hy nie kan wag om van die spul vrouens af weg te kom nie. Hy sit sy paddavoete en duikbril langs Freya neer. “Ek gaan net gou vir Miss sê jy kom saam.”

Freya kyk hoe maklik hy na Miss draf, sy voete lig oor die sand. Sy wens sy kon dit ook nog doen.

CALEB

Caleb draf vinnig na waar Miss nou op ’n rots sit. Hoekom het hy hiervoor ingestem? Freya gaan hom net terughou en dis eintlik nie iets waarvoor hy nou tyd het nie. Hy moes net nee gesê het, maar toe kry hy haar jammer.

Toe Miss vir Caleb sien, kom sy regop en stap nader.

“Ha! Jy kom asof jy gestuur is. Kyk hier, ek wil dit vir jou wys,” sê sy.

Caleb frons.

“Weet jy waarna jy kyk?” In Miss se palm lê iets driehoekigs en grys. Sy hou dit nader sodat hy beter kan sien.

Hy skud sy kop. “Nee. Ek het nie ’n clue nie, jammer.”

“Ek vermoed dis metaal van jou pa se vliegtuig.” Caleb voel of iets sy wind uitslaan. “Hierdie stukke grys metaal kom van tyd tot tyd uit die see. Veral die afgelope maand toe die see baie rof was. Dis onbuigbaar, voel jy?”

“So Miss glo my pa se vliegtuig het geval?” vra hy.

“Wel . . . ek weet nie. Kaptein is ’n alkoholis, maar jou pa was sy vriend. Hy sou dit nie sê as dit nie so was nie.”

Caleb knik. Dis wat sy ma ook dink. Wat as sy oom reg is? Sou Kaptein sy pa help met so ’n buitensporige plan om te verdwyn?

Hy vat die metaal by Miss. Om en om draai hy dit in sy hande.

“Ek het al ’n glashouer vol hiervan. Jy kan later omkom en dit kom kry,” sê Miss. “Hier kan moontlik nog stukke tussen die skulpe wees.”

Die metaal se hoeke is gevou soos ’n servet. Daar is ’n gaatjie in die middel.

“Die gaatjie is dalk waar ’n skroef of ’n pop rivet sou inkom,” verduidelik Miss. “Ek het gedink jy kan dit na iemand vat wat dalk sal weet.”

Caleb vou die metaal in sy palm toe asof dit sy pa is waaraan hy vashou. Hy probeer dit buig, maar hy kan nie. Wat ook al die hoeke soos ’n pannekoek omgevou het, moes baie sterk gewees het. ’n Ontploffing dalk?

Hy blaas sy asem uit toe hy daaraan dink.

“Na wie toe sou ’n mens dit vat?” vra hy.

“Die kurator by die museum, sou ek dink. Of ’n ingenieur by die lughawe dalk?”

Caleb knik.

“Ek moet gaan. Ek wil ’n draai by Kaptein gaan maak. Miss weet nie dalk waar ek hom die tyd van die dag kan kry nie?”

Sy huiwer voor sy antwoord: “Moontlik in Mermaid’s.”

“So vroeg?”

“Ja. Moet net nie dat Dorothea hoor ek weet nie.”

“O, ja . . . nog een ding, Miss . . .” Caleb weet sommer hy gaan spyt wees oor wat hy volgende gaan vra.

Miss kyk afwagtend na hom.

“Mag Freya saam met my kom?”

Miss haal haar skouers op en lig haar hand vir die drie vrouens wat nou geselsend en met swaaiende arms na hulle aangestap kom. “Seker maar, maar jy pas haar mooi op, verstaan jy? En moet haar nie korrupteer nie, gehoor?”

Caleb glimlag. “Ek sal en ek sal nie?”

Miss skud haar kop. “Sien julle dan later,” sê sy.

“Geniet die stappie,” sê Caleb vir die vrouens.

Miss en die ander begin wegstap met hulle flink pas en Caleb draf terug na Freya.

Freya skuif haar sonbril oor haar oë toe hy by haar kom.

“Miss sê dis reg. Ek mag jou net nie korrupteer nie.”

“Korrupteer nogal?” lag Freya.

“Sy’s seker bang ek is net so weird soos my pa,” sê Caleb en loop na die Landy. “Wat ek eintlik vir haar moes gesê het, is dat jy mý dalk sal korrupteer.”

“Ek vir jou?” vra Freya verbaas.

“Ja, voor jy jou oë uitvee dra ek dalk ook my pajamas in die openbaar.”

Sy stamp hom liggies teen die skouer. “Baie snaaks. Hierdie, meneer, is dagpajamas vir jou inligting.” Sy beduie na haar grys pretpakkie met die roosgoue polkadots asof dit op ’n runway hoort. Caleb lag. “As ek kon sou ek dit mode gemaak het.”

“As jy so sê.” Caleb glimlag. Dis tog nie asof hy vir haar kan sê hy dink dit lyk oulik nie.

Hy maak die passasiersdeur vir haar oop en stap om. Daar is drie sitplekke voor. Freya skuif in, en met die stapstok tussen haar knieë vasgeknyp, maak sy die deur toe.

“Is jy reg?” vra Caleb.

“Yeah vir ’n avontuur,” sê Freya.

Caleb gluur na haar. “Jy kom nie baie uit nie, nè?” vra hy.

Freya glimlag skaam. “Vir al wat jy weet kom ek net saam omdat jy hier is met ’n kar en omdat ek nie kans sien om terug te loop nie.”

Caleb gooi sy kop agteroor en lag. “Kom ek raai, in dié scenario is ek Humphrey Bogart en jy die femme fatale.”

FREYA

“Ek wil net eers ’n notaboek by die huis kry,” sê Caleb en hou voor Pelikaanweg drie-en-twintig stil. Sandkasteel staan op ’n houtplankie teen die muur. Dis die huisie waar sy voorheen vir Caleb deur die teleskoop gesien het.

Van nader lyk die plek nog meer verwaarloos. Wit verf peul soos sonverbrande velle van die mure af. Daar is groen mos op die geute.

Caleb sluit die voordeur oop en laat haar voor loop.

“Maak jouself tuis,” sê Caleb. Hy krap in die yskas en hou vir Freya ’n blikkie koeldrank.

Freya vat ’n sluk van die koue vloeistof. Voor sy kan sit, sê hy: “Ek wil jou iets wys, kom gou saam.”

Sy volg hom in die nou gang af, en in by ’n vertrek.

Op die bed is ’n duvet met grys en blou strepe. Maar wat haar aandag trek, is al die satellietkaarte teen die mure en die papiere op die lessenaar. Daar lê ook oral koerantuitknipsels rond.

“My pa het alles net so gelos,” sê Caleb. “En ek kan nie besluit wat om hiervan te dink nie.”

“Is dit my eerste toets?” vra Freya.

“Nee, net as iets jou opval.”

Freya wys na die notaboeke op die lessenaar en knik. “Hier moet leidrade wees. Mag ek?”

“Asseblief. Dalk trek iets jou aandag.”

Freya kyk deur die ou koerantberigte. “Hier het ’n passasiersvliegtuig ook geval?” vra sy en lees vlugtig die berig.

“Ja. My pa het my vertel Lily het ’n kind op daardie vlug verloor. Net hier voor Stormwater. Haar dogter was ’n lugwaardin op die vlug. Hulle het nooit ’n liggaam gehad om te begrawe nie. Ook nooit antwoorde gekry nie. Ek dink dis hoekom sy hier kom bly het.”

“Dis vreeslik.” Sy dink weer aan hoe Lily voorgekom het by die strand. Geen wonder die vrou se oë was so hard en koud nie.

Sy blaai deur een van die notaboeke en stop by ’n bladsy.

“Het jy hierdie bladsy uitgeskeur?” vra sy.

Caleb vat die notaboek by haar. “Nee, ek het dit nie eens gesien nie.”

Freya glimlag. “Ek wonder wie het. Het jy ’n potlood?”

“Hier moet iewers een wees. Hoekom?”

“Jy sal sien.”

Caleb krap in die lessenaar se laai en bring een te voorskyn.

Freya begin die bladsy agter die een wat uitgeskeur is in te kleur. Hopelik het Caleb se pa hard genoeg gedruk om etslyne te los.

“Old school. Ek hou daarvan, Nancy Drew,” sê Caleb.

Woorde en ’n tekening slaan op die bladsy deur.

“Wat is dit dié?” Sy draai die notaboek na Caleb. Hy vee liggies oor die afdruk. “Dit lyk soos ’n selakant,” sê hy. “En hierdie soos gebolde seile op die vis se rug. Asof die vis ’n skip is.”

“Jou pa . . . of iemand het tot ’n raam om die skets geteken.”

Caleb vryf oor die woorde wat deurslaan op die donker agtergrond.

“Dis my pa se handskrif. Hier staan,” Caleb skreef sy oë om beter te sien, “belangrik: sien skildery.”

“Wat beteken dit?” vra Freya.

“Ek het geen idee nie.”

“Het julle so ’n skildery?”

“Nie wat ek kan onthou nie. My pa het soms skilderye uit my ma se winkel hierheen gebring. Kom ons kyk of hier so iets in die huis is,” sê Caleb.

“Oukei.” Freya staan op en saam soek hulle deur elke vertrek.

“So wat nou?” vra sy toe hulle weer in die kamer opeindig. “Daar’s nie so ’n skildery hier nie. Is dit dalk in ’n galery?”

“Ek glo nie. Ek het dit nog nooit in my lewe gesien nie.”

“Dalk kan jy dit vir jou ma stuur?” stel Freya voor.

Caleb vee oor sy nek. “Nie so goeie idee nie. Sy dink ek is in Plett op die oomblik.”

“Mag sy nie weet jy’s hier nie?”

Caleb kou sy onderlip. “My ma weet nie ek is hier besig om te doen wat ek doen nie.”

“So niemand weet waar jy is nie?”

“My pelle weet. Hulle sal my nie split nie.”

“Oukei,” sug Freya. Dis nie baie slim van Caleb nie. Wat as hy ook iets oorkom? “Wie dink jy het dit uitgeskeur?”

“Iemand wat dink dat dit belangrik is? Ek wens ek het geweet.”

“Goed. Ons sal seker ons eie lysies moet maak,” sê Freya en vat ’n pen op die lessenaar.

Toe sy daarmee wil skryf, vat Caleb dit uit haar hand. “Gebruik liewer die een,” sê hy en hou ’n ander pen na haar. “Sentimentele waarde, sorry.” Hy druk die pen in die bedkassie se laai.

Freya gaan sit op die bed. Sy tik die pen teen haar ken.

“So wat weet ons?”

Sy luister aandagtig toe Caleb haar vertel van die drie verskillende teorieë en wat Kaptein sê hy gesien het.

“So jý dink jou pa is vermis en jou ma dink hy’s dood. En jou oom dink jou pa het aspris pad gevat?”

Caleb knik.

“As dit vuilspel was, wie sou so iets kon of wou doen?” vra sy. “En wat was dit wat ons dink hulle gedoen het?”

“Ek weet nie. My oom het iets gesê van mense wat sy navorsing befonds? Hy het geïnsinueer dat my pa die geld vasgelê het.”

“So jou oom dink jou pa het vyande? Jy weet . . . het hy mense kwaad gemaak? Iemand iets geskuld?”

“My pa was ’n nice ou. Hy het nie vyande gehad nie. Net hy en sy broer het van tyd tot tyd vasgesit, maar watter familie doen nie?”

“Definieer vassit?” sê sy en skryf Broer bo aan die lysie van verdagtes.

“Normale familiegoed . . .” sê Caleb.

“Wat van jou ma? Dink sy jou pa is dood of wéét sy jou pa is dood?”

“Freya!”

“Oukei, jammer. Ek vra net vrae wat die polisie ook sou vra.”

“Die polisie het niks aan die saak gedoen nie. Hulle het gesê ’n volwasse man het die reg om te wees waar hy wil wees. Ons het ’n privaat speurder aangestel, maar hy het met ons geld verdwyn.”

“Dis interessant.” Sy kan sien haar vrae maak Caleb ongemaklik. Dalk moet sy eers die onderwerp verander.

“Wat was sy laaste woorde aan die beheertoring?” vra sy. “Mense sê gewoonlik wat besig is om fout te gaan voordat . . .”

Caleb vryf oor sy nek. “Daar is geen rekord van waar my pa opgestyg het nie. Definitief nie Kaapstad Internasionaal nie. En geen vliegplan is ingedien vir die laaste maand voor sy verdwyning nie.”

“Sodat niemand weet waarheen hy op pad was nie?”

“Moontlik.”

“En dis nie vir jou vreemd nie?”

“Dit is seker.”

“Dis suspisieus.”

Caleb blaas sy asem langsaam uit. “Daar was ook ’n laaste boodskap voordat my pa van die radar af verdwyn het,” sê hy. “Die boodskap het gesê hy is oukei en ons moet nie glo wat ons van hom hoor nie. Daar was ook ’n vreemde video wat hy op sy blog gesit het voor sy verdwyning.”

“Video?” vra Freya.

“Ja, dis onder die water geneem. Mens kan nie lekker sien nie, maar dan skielik is daar ’n massiewe rukking. Op die video tuimel my pa en die kamera honderde meters ver. Dit was amper soos . . . amper soos ’n skokgolf.” Caleb spring op. Hy vryf sy voorkop. “My oom! Nou is ek seker hy het iets hiermee te doen.”

“Hoe is jy nou so seker?”

“Hy is ’n grootkop by Orion Energie, hoekom het ek nie vroeër hieraan gedink nie!”

Freya kyk met groot oë na Caleb. “Wat het dit met enige iets te doen?”

“Jy kyk duidelik nie nuus nie,” sug hy. “My oom is in die nuus omdat Orion Energie seismiese opnames in die omgewing wil doen. Dis ’n hengse storie. Betogings en alles. Maar wat as die video iets met die seismiese skokgolwe te doen het waarmee hulle die opnames doen? Dit kan verduidelik hoekom hy so gretig is om te weet waar my pa is . . . of hy het klaar iets aan my pa gedoen en nou wil hy maak of my pa geld gesteel het.”

Freya lig haar wenkbroue.

“Dis ’n lang storie,” sê Caleb en staan op. Hy sit sy hande in sy sye. “Op die strand het Miss vir my stukke metaal gewys. Sy dink dis dalk stukkies van my pa se vliegtuig.”

“Dit klink belangrik.”

“Miss het gesê ons kan dalk by die kurator by die museum in Oos-Londen vra oor die stukkies metaal wat uit die see spoel. Sy het glo al ’n hele houer daarvan. Ons kan dit netnou by haar kry,” sê Caleb.

Freya skryf alles neer. “So wat weet jy van die aand toe die vliegtuig dalk geval het?” vra sy.

“Daardie aand was Anathi se pa die enigste ooggetuie. Hy beweer hy het ’n vuurbal gesien wat in die see geval het. Maar die weer was sleg. Die lugmag het ’n soektog begin, maar net so gou weer afgelas weens die gure weerstoestande. Die see was vir dae te onstuimig en die soektog is heeltemal stopgesit. Kaptein was blykbaar dronk. Niks het uitgespoel om te bewys hy was reg nie.”

“Ek’s jammer, Caleb,” sê Freya.

Caleb streep sy mond in ’n dun lyn. “Ek móét net uitvind wat gebeur het. Anders weet ek nie . . .” Hy vou sy hande in sy skoot. “Ek wil almal so graag verkeerd bewys. My pa sou ons nie net so gelos het nie.”

“Wat van die paar dae voor die tyd?” vra Freya. “Het nog enigiets vreemds gebeur waarvan jy weet?”

Caleb skud sy kop.

“Het iemand al na sy telefoonrekords gekyk?” vra sy. “Wie het hy die laaste paar dae voor sy verdwyning gebel?”

“Ek sal moet uitvind,” sê Caleb.

Freya klap die notaboek toe en staan op.

“Dit gaan seker nie help as ons heeldag hier rondhang nie. Watter leidraad ondersoek ons eerste?”

“Mermaid’s toe,” sê Caleb. “Dronk mense verklap gewoonlik geheime.”

CALEB

Mermaid’s is donker, behalwe vir die flikkerende blou neon naambord en ’n paar flou ligte wat brand.

’n Kelnerin met ligte hare knik ’n groet.

“Julle kan enige plek sit, ek bring nou spyskaarte,” sê sy.

“Ons is eintlik op soek na Kaptein,” sê Caleb.

Sy beduie met haar kop na ’n tafel teen die agterste muur.

“Dankie,” sê Caleb.

Kaptein lê met sy kop op sy arms asof hy slaap. Voor hom staan ’n glas met donker vloeistof.

Caleb en Freya gaan sit in die bankie oorkant hom.

Kaptein haal diep asem en gee ’n harde snork. Sy lyf ruk. Hy lig sy kop en kyk met dowwe bruin oë na Caleb, dan na Freya. Kaptein se oë vergroot en hy deins effens terug toe hy mooi na Freya kyk. Hy vou sy hande oor sy kop asof hy pas ’n spook gesien het.

“Is jy lus vir koffie?” vra Caleb vir Freya.

“Nie nou nie, dankie.”

Toe die kelnerin met spyskaarte by hulle tafel staan, sê Caleb: “Een sterk filterkoffie, asseblief.”

Die blonde vrou knik.

Caleb sit die notaboek en pen voor hom neer. “Dag, Kaptein. Hoe gaan dit?” vra hy toe die man regop sit.

Kaptein antwoord nie Caleb se vraag nie. Hy frons eerder. “Anathi het vir my gesê wat jy hier doen. Ek is jammer oor wat met jou pa gebeur het, maar hier is niks om uit te vind nie.” Sy oë soek deur die leë kroeg, voordat hy vir ’n oomblik weer ongemaklik na Freya staar.

Caleb trek sy vingers deur sy hare. “Is Kaptein seker oor wat jy gesien het daai aand? Dit was nie net weerlig of iets nie?”

“So jy glo my ook nie?”

“Ek wil weet wat met my pa gebeur het. As hy dalk nog lewe, wil ek hom opspoor.”

“Ek weet wat ek gesien het. Vergeet net hiervan en gaan aan met jou lewe.” Kaptein klink nou soos sy ma.

“Anathi praat iets van samesweringsteorieë? Dat Kaptein en my pa paranoïes was? Was dit oor daardie video?”

Kaptein leun vooroor en pluk Caleb aan sy kraag nader. Sy neus se punt raak amper aan Caleb s’n. Sy bolip krul om.

“Luister wat ek vir jou sê! Ek is seker jou pa het jou en jou ma hieruit gehou vir ’n rede.” Kaptein spoeg die woorde uit soos ’n vloek. Dan laat los hy vir Caleb en val terug in die bank.

Caleb trek sy klere reg. “Kaptein bedoel ons is in gevaar?” Die ou man staar net na die glas voor hom. “My oom insinueer my pa lewe nog. Dat hy wegkruip omdat hy geld gesteel het wat mense vir navorsing geskenk het. Dit alles het saam met ’n waarskuwing gekom . . . dat ek en my ma se lewens dalk in gevaar mag wees. Weet Kaptein iets daarvan? Dat my pa by verkeerde mense gesteel het?” Hy gluur na Kaptein. “Ek glo nog elke dag dat hy by die voordeur gaan instap asof niks gebeur het nie.”

Kaptein se oë soek weer deur die kroeg. Waarna soek hy? Of is die vraag na wie?

Hy vat ’n lang sluk van sy drankie en laat sak sy kop. Duidelik gaan hulle nie veel uit hom kry nie.

Moedeloos haal Caleb die sleutel uit sy broeksak. Hy sit dit op die tafel neer.

“Herken Kaptein die sleutel?” vra hy.

Kaptein tel die sleutel op en kyk daarna. “Nee. Jammer,” sê hy. Hy sit die sleutel met ’n bewende hand op die tafel neer. “Waar kry jy dit?”

“Onder die Landy se enjinkap. Dit was op die watertenk vasgeplak met maskeerband,” sê Caleb.

Kaptein tik op die tafel met ’n krom vinger. “Al wat ek weet is wat ek gesien het.”

“En dit is?” vra Caleb.

“Die vliegtuig was nog doer oor die see. Daar was ’n storm aan die kom. Ek het gehoop hy kan sien waar hy op Lily se plaas moet land in die slegte weer.”

“Lily se plaas?” vra Caleb.

Kaptein knik. “Dis waar hy die laaste ruk geland en opgestyg het as hy hierheen kom. Ek moes hom daar met die Landy gaan haal. Die wind was sterk en dit het gereën. Toe jou pa al hoe laer vlieg, het ek geweet daar is groot fout. Hy het gesukkel om die vliegtuig gelyk te hou. Jou pa het die neus afgedruk ondertoe en toe stadig regs begin draai. Alles het so vinnig gebeur. Toe tref hy die water. Regtervlerk eerste. Ek het dadelik seeredding gebel. As hy die landing oorleef het, het hy beslis verdrink, Caleb. Of hy is dood van die koue. Hierdie water is vriesend in die winter. En daar was die storm. Die see was so rof. Die vliegtuig het vinnig gesink en teen die tyd dat ’n helikopter na hom begin soek het, was daar geen teken van jou pa of

die vliegtuig nie. Niks het eens uitgespoel nie. Hulle het gedink ek het verkeerd gesien.” Kaptein skud sy kop. “Ek sê vir jou, daardie aand was ek nie dronk nie. Ek weet wat ek gesien het. En ek meen . . . as ek my verbeel het, sou jou pa mos nog hier gewees het.”

Caleb trek sy asem skerp in. Watse beserings moes sy pa nie alles opgedoen het om die water teen so ’n spoed te tref nie? Hy sluk. Hy het gehoop Kaptein sal ook vir hom sê dat sy pa dalk nog lewe, maar nou weet hy nie meer nie.

Die kelnerin sit die koffie voor Caleb neer. Voor Kaptein se hand weer na sy glas kan mik, skuif Caleb dit weg. Hy stoot die koffie na Kaptein.

Kaptein gooi vier sakkies suiker in sy koffie en roer dit tydsaam voordat hy ’n sluk vat. Sy hand bewe toe hy die koppie in die piering wil neersit. Koffie stort oor die rand en bemors die tafel. Freya sit haar hand op Kaptein s’n om die koppie vir hom neer te sit, maar hy pluk dit weg.

Caleb skud sy kop. “Net nog een ding. Soos Kaptein sê, het hy sommer op Lily se plaas geland, maar Kaptein weet nie dalk vanwaar hy opgestyg het nie? Dit was nie by Kaapstad Internasionaal nie.”

Die ou man skud sy kop. “Nee, jammer.”

“Kaptein het my nommer as jy enigiets onthou . . . of van plan verander,” sê Caleb.

Die ou man slaan met sy vuis op die tafel. Langs Caleb wip Freya.

“Verstaan jy nie wat gebeur met mense wat te veel weet nie!” Kaptein se oë flits weer na Freya. “Aanvaar dat hy weg is en gaan aan met jou lewe.”

Caleb spring op. “Ek kan nie. Ek het nie ’n keuse nie. Dankie in elk geval,” sê hy en vat Freya aan die elmboog.

Toe Freya opstaan en verby Kaptein stap, gryp hy haar aan die arm. “Jy moes nie Stormwater toe gekom het nie. Jy’s vervloek, nes jou pa! Hierdie

dorp is te klein vir almal se geheime.” Kaptein wys sy tande vir Freya. Sy trek haar arm uit sy greep en loop haastig deur toe sonder om terug te kyk.

“Is jy oukei?” vra Caleb toe hy haar inhaal. “Het hy jou seergemaak?”

“Daai toppie creep my uit,” sis Freya toe sy wag dat hy die Landy se deur oopsluit. Sy vryf oor haar arms asof sy Kaptein se woorde wil afvryf. Wat het skielik in die ou man gevaar?

Caleb trek uit die parkeerarea.

“Wel dit het nie juis gehelp nie,” sug hy terwyl hy in die truspieëltjie loer.

“Behalwe dat ons weet hy sou op Lily se plaas land,” sê Freya.

“Wie is jou pa?” vra Caleb toe hulle begin ry.

“Nie iemand wie Kaptein sal ken nie. Ek het net twee ma’s”

Caleb sluk. Moet hy uitvra?

Dan sê Freya: “Seker net ramblings of an old drunk. My ma’s het my uit ’n katalogus gekies, so hy is sommer net simpel.”

Caleb kyk fronsend na haar. “Katalogus?”

“Seker nie regtig ’n katalogus nie. My pa is ’n sperm donor. Deesdae werk dit soos ’n vervlakste dating website. Ek weet nie hoe dit sewentien jaar gelede gewerk het nie.”

“Wag . . . so tegnies kan Kaptein dalk regtig jou pa ken. Dalk was hy van hier. Of is . . .”

“Ugh, Caleb! Moenie sulke goed sê nie.” Freya sug. “Dis presies hoekom ek nooit vir iemand vertel nie. Hoe sal hy buitendien weet wie my pa is? Hy’s ’n dronkaard.”

Hy kyk na Freya. “Dalk is ek nie die enigste persoon wat ’n geheim het om te ontrafel nie.”

Freya kyk na hom en frons. Dan sit sy die radio aan.

“I’m a lonely boy, I’m a lonely boy,” sing The Black Keys.

Sy sug en sit weer die radio af.

“Ek dink net nie so aan my pa nie. Anders gaan ek hom in elke vreemdeling soek . . . of sien.”

“Kaptein het net seker van sy saak gelyk, dis al.”

Freya vou haar arms. “So waarnatoe nou?”

“Sal die museum jou opcheer?” vra Caleb.

“Dalk,” sê Freya en skakel weer die radio aan.

Caleb hou buite die boomhuis stil. “Kom jy saam?” vra hy. “Ek kry gou die houer met metaalstukkies by Miss.”

“Nee wat. Ek wag hier.”

Hy knik en draf die huis binne.

Heelpad tot in Oos-Londen museum sê Freya nie ’n woord nie.

“Kom jy?” vra Caleb toe hulle buite die museum stilhou.

Dit lyk of sy uit ’n waas wakker skrik. Is dit Kaptein se opmerking wat haar so ontstel het?

“Ja,” sê sy vinnig en klim uit.

Hulle loop al met ’n kronkelende sementpaadjie langs wat na die ingang lei. Met die intrapslag voel dit vir Caleb of hulle terug in tyd geglip het. ’n Kalmte omvou hom. Groot ruimtes doen dit aan ’n mens. So ’n gevoel van melancholie. Hierdie was immers een van sy pa se gunstelingplekke en hulle het altyd hiernatoe gekom toe hy jonger was.

Freya kyk om haar rond. “Dit lyk na ’n cool plek.”

“Dit lyk nog net soos ek dit onthou,” sê Caleb. “Ek en my pa kon vir ure hierbinne rondloop toe ek klein was.”

“Ek wonder of ons ’n afspraak moes gemaak het,” fluister Freya.

Die museum is doodstil behalwe vir hulle stemme wat deur die kolossale ruimte weergalm en die knars van hulle sneakers op die blinkgepoleerde parketvloer.

“Dis nie asof hulle besig is nie. Kyk hoe stil is die plek.” Caleb verskuif die bottel met die metaalstukke na sy ander hand. “Hiernatoe,” sê hy en beduie na die bordjie naby die ingang wat lees Administration.

Twee van die kantore se deure staan oop, maar daar is niemand agter die lessenaars nie.

Dr Nobomi Majangaza – Curator lees die naambordjie langs die laaste deur.

Caleb klop aan die deur al is daar niemand agter die lessenaar nie.

“She’s not there,” praat ’n stem skielik agter hulle. Dis ’n lang man met ’n bril en blonde hare. “She’s on the second floor, busy with a new exhibition.”

“Would it be all right if we go on up?” vra Caleb. “I have something to show her.” Hy lig die glasbottel. Die man se wenkbroue lig.

“May I?” vra hy.

Caleb aarsel.

“I am the museum’s principal scientist. Doctor Brooks.”

Dan gee Caleb toe. “Sure.” Hy gee vir die man die houer.

“What do you want to know?” Die man lig die houer om daarna te kyk sonder om die deksel af te skroef.

“I was wondering if she would know what this is and where it came from,” sê Caleb.

Versigtig maak die doktor die houer oop. Hy haal ’n stukkie metaal uit en kyk geesdriftig daarna. “Metal for sure,” sê hy.

“Yes, but from what? A ship? Or maybe an airplane?”

Die man skreef sy oë. “Airplane? That’s hard to say. Where did you find it?”

“Miss Marian, with whom I am staying, picked them up over a period of time,” antwoord Freya. “On the beach in Stormwater.”

“Interesting things happen in Stormwater,” sê hy met ’n veraf uitdrukking.

“What is that supposed to mean?” vra Caleb.

“Some people think it’s cursed, that’s all. Let me look into it.” In die kantoor vat hy ’n pen en papier en hou dit na Caleb. “Jot down your details and if we figure it out, we will contact you.”

Huiwerig skryf Caleb sy besonderhede neer. Hy wonder of die ou ooit sal terugkom na hom.

Die man sit die papier met ’n rekkie om die houer vas.

Toe hulle omdraai om uit te loop, draai Caleb terug. “Wait,” sê hy. Hy vat die houer en maak dit oop. Dan vat hy een van die stukke metaal en druk dit in sy beursie. Soos dinge nou lyk is dit dalk al wat hy van sy pa se vliegtuig sal kry.

Freya glimlag asof sy verstaan.

“I hope to hear from you soon,” sê Caleb. Die man knik en verdwyn op met die trappe na die volgende verdieping.

“Ek wens ons kan net een ordentlike antwoord oor iets kry,” sê Caleb toe hy en Freya wegstap.

“Wys vir my jou gunstelinguitstallings,” sê sy. “Ons is nou hier. Jy’t belowe om my op te cheer, onthou?”

Caleb glimlag, maar hy is seker dit bereik nie sy oë nie.

Hy loop na die vertoonkas wat hom as seuntjie altyd bang gemaak én gefassineer het. Dis sowaar nog op dieselfde plek.

“Tada!” sê hy toe hulle voor die glaskas staan en beduie na die dikkerige voël met die kort bene, sagte bruin en wit vere en omgekrulde wipstert. Die stewige oranje snawel lyk of dit jou vinger kan afbyt.

Hy hoop Freya sal ook dink die voël met die eienaardige vorm is cool.

Freya sluk ’n lag. “Wow. ’n Dodo en haar eier. Ek het nie eens geweet ons het so iets in die land nie. Dis so cool, net jammer hulle is extinct. Ek sou daai snawel en kort bene graag in aksie wou sien.”

“Ja, so dood soos ’n dodo, soos my pa altyd gesê het. Dan het hy my herinner dis wat gebeur as mens nie na die natuur kyk nie.” Caleb glimlag trots en krap die agterkant van sy nek, bly dat Freya ook van die uitstalling hou. “Die eier is ongelukkig nie die real deal nie, hierdie is net ’n veselglas replika. Die regte een word iewers in die museum in ’n kluis gehou.” Caleb glimlag. “Marjorie Courtenay-Latimer, die eerste kurator van die museum, het die regte dodo-eier by haar tannie Levinia gekry. ’n Seekaptein, ek dink Van Syker, het dit by iemand gekry wat hom iets geskuld het. So het dit hier beland. Anyway, ek het altyd gedink dis ’n big deal. En nogal ’n cool storie.”

“Dit is. Wat was eerste, die dodo of die eier?” vra Freya. Caleb lag. Sy lig haar ken. “Wys my wat het die tweede plek op jou lysie gehaal.”

Caleb vat Freya se hand en trek haar na sy volgende gunsteling.

“Jammer, ek was net ingedagte,” sê hy en los dadelik haar hand.

“Dis niks,” sê sy traak-my-nie-agtig.

Vir ’n oomblik staar hulle woordeloos na die groot manta ray in die middel van die saal.

“Hierdie is fantasties,” sê Freya.

Caleb maak keel skoon. “Maande gelede het daar so ’n manta ray en haar baba net hier anderkant uitgespoel.”

“Regtig?” vra Freya. “Hier naby?”

“Ja. My pa het in ’n blog daaroor geskryf voor hy . . . Hulle is nie eintlik tuis in hierdie waters nie. Dit was as gevolg van seestrome wat te koud was, of iets.”

“Caleb, wat as jou pa iets oor aardverwarming uitgevind het?” vra Freya skielik en kyk ernstig na hom. “Dalk het daardie video iets daarmee te doen?”

Caleb dink vir ’n oomblik daaroor. “Hy was baie passievol oor die bewaring van die oseaan. As hy iets uitgevind het, sou hy dit uitbasuin het.”

“Maar wat as iemand dit nie uitbasuin wou hê nie? Dalk het die video iets met global warming te doen.”

Caleb frons. “Ek dink nie so nie, Freya. Dis nie wat gebeur het nie.” Nee, hy is seker sy oom en Orion Energie sit agter sy pa se verdwyning. Maar hoe sal hy dit kan bewys?

“Goed dan.” Sy haal haar skouers op.

“Kom ek gaan wys jou die selakant en dan koop ek vir jou die beste melkskommel wat jy nog ooit geproe het.”

FREYA

Toe Freya ná vyf by die boomhuis kom, staan daar ’n swart bergfiets op die stoep. Een met breë, vet bande, met seesand in die gleufies.

Wie se fiets is dit?

In die huis is Miss besig om tafel te dek. Freya sien niemand by haar nie.

Sy glimlag toe Freya vir haar ’n piesangmelkskommel gee. “Aah, Friesland-melkskommel. Caleb het een van die Oos-Kaap se grootste geheime met jou gedeel!” lag sy.

“Hy het. Ek is so versadig van daai double thick. Ek dink nie ek sal nou al kan eet nie,” sê Freya.

“Jy is vergewe. Net hierdie een keer. Ek bêre jou kos in die louoond.”

“Dankie.”

Miss sit haar melkskommel in die yskas en skep vir haar hoenderpastei en groente in.

“Ek het vir jou ’n fiets by Lily geleen,” sê Miss. “Sodat jy nie hoef te stap nie.”

Die fiets is vir haar? Freya glimlag. Sy wil opspring en Miss sommer ’n druk gee, maar betyds keer sy haarself. Miss sal niks daarvan hou nie.

“Cool, baie dankie. Ek het nou net gewonder wie s’n dit is.” Freya besluit om vir Miss ’n vuis te hou.

Huiwerig gee Miss vir haar ’n ligte vuisstamp. “Kyk maar of jy regkom. Ek het net gedink dalk is fietsry vir jou vinniger en makliker as stap. Ek bedoel

jy sal makliker kan rondbeweeg.”

Miss se goeie bui verbaas vanaand vir Freya. Sy wonder of sy vir Miss moet vertel wat Kaptein vandag gesê het. Sy woorde maal al heeldag deur haar kop. Sy wou dit nie vir Caleb wys nie. Wat het hy nou weer gesê? O, ja. Dronk mense verklap gewoonlik geheime. Is dit wat vandag in Mermaid’s gebeur het? Weet Kaptein iets van haar wat niemand anders weet nie?

Sy sit regop. “Ons het toe die metaalstukke na die museum gevat,” sê Freya.

“En toe? Kon hulle help?”

Freya skud haar kop. “Hulle sal vir Caleb bel as hulle kan uitfigure wat presies dit is.” Freya sluk. “Die museum was cool. Ek het dit geniet.”

“Ek is bly jy het ’n bietjie uitgekom, Freya. Jy het sommer vanaand kleur in jou wange.”

Freya glimlag skaam.

“Ons het ook vir Kaptein in Mermaid’s gekry,” sê sy sag.

“Ek het so gedink. Arme Dorothea. Sy werk haar vingers deur en hy drink elke sent uit.”

“Kaptein het iets gesê . . . iets vreemds,” sê Freya.

“Hy kan so baie snert praat.” Miss skep ’n hopie soetwortels op haar vurk. “Wat het hy dié keer kwytgeraak?”

“Hy’t gesê ek moes nie Stormwater toe gekom het nie . . . dat ek vervloek is, nes my pa. Dat . . . dat die dorp te klein is vir almal se geheime.”

Miss sit haar mes en vurk hard neer, dan skuif sy haar bord weg. Sy vat ’n sluk van haar water asof sy eers mooi oor haar woorde wil dink voor sy praat.

Miss staan op. Haar stoel skuif agteruit. Sy maak haar bord met kleefplastiek toe en sit haar kos in die yskas. “Lyk my ek is ook nie honger nie,” sê sy.

In die kombuis krap Miss in die kas. Dan bring sy ’n pakkie sigarette, ’n aansteker en ’n bottel rooiwyn te voorskyn.

“Het ek iets verkeerds gesê?” vra Freya.

“Nee . . . ek vervies my net vir Kaptein as hy so simpel is. Ek gaan ’n bietjie buite op die dek sit . . . as jy by my wil kom sit.”

Miss se aanbod laat haar frons. Eers ’n fiets en nou dit?

“Ek dink ek gaan iets soek om te lees en dan maar inkruip. Dit was ’n lang dag.”

Freya klim die trappe na die tweede verdieping en glip by die vertrek met al die boekrakke in. Sy leun teen die deur toe sy dit agter haar toemaak. Hoekom het Miss nie ontken wat Kaptein gesê het nie?

In die skemer kry haar vingers die skakelaar en sy sit die lig aan.

In die hoek van die vertrek staan ’n stowwerige stoel. Sy slaan die sitplek met haar hand voor sy gaan sit.

Freya swaai haar bene oor die armreëling. Dan sit sy musiek op haar foon aan en druk haar oorfone in haar ore. Daar is nuwe boodskappe van haar ma’s. Nog foto’s. Dit lyk ten minste of hulle hulleself geniet.

Vir ’n hele ruk sit-lê sy net so. Kaptein se opmerking en Miss se reaksie bly deur haar kop maal. Haar ma’s sou mos nie vir haar jok oor waar sy vandaan kom nie? Hoekom sou hulle? Dalk het hulle net nie besef die spermskenker was van Stormwater nie? Toevalle gebeur. Maar as die skenker . . . haar pa, van Stormwater is, hoekom het Kaptein gesê hy is vervloek?

Om haar aandag af te lei, loop sy tog na die naaste boekrak. Miss het beslis ’n voorliefde vir Catherine Cookson en James Patterson. Hier is honderde

boeke met vergeelde bladsye en omgekrulde hoeke.

Sy loop eerder na ’n toring meubels wat soos ’n spook onder ’n wit laken wegkruip.

Stof bol deur die lug toe Freya die laken afpluk. Daar is twee koffietafels en twee stoele wat op mekaar gestapel is.

Bo-op die stoel is ’n kleurvolle kwilt en onder die kwilt is die mooiste antieke spieël. Sy lig die spieël op. Dis net wat haar kamer nodig het. Noudat sy daaraan dink, dis wat die huis nodig het. In haar badkamer is ’n baie klein spieël waarin sy kwalik haar neus en oë kan sien. En sy kan nie onthou of sy nog ’n spieël iewers in die huis gesien het nie. In dié spieël kan sy ten minste haar kop en skouers sien. Sy is ook mal oor die raam. Dit laat haar aan iets uit ’n sprokie dink.

In haar kamer laat Freya die spieël teen die muur balanseer. Môre sal sy vir Miss ’n spyker en hamer vra.

Freya gaan lê op haar bed. Toe sy na die plafon staar, vang sy haarself aan Caleb dink. Wat maak hy nou?

Een ding is seker – sy wil nie die hele aand na die plafon lê en kyk nie.

Sy loop dek toe. Miss sit op haar stoel. Sy druk die sigaret dood toe Freya langs haar staan. Die see dreun en raas hard vanaand.

“Iets gekry om te lees?” vra Miss.

“Nee, nie eintlik nie.”

Freya loop na die teleskoop. Dalk kan sy net vinnig kyk of Caleb by die huis is. Sy swiep die teleskoop oor Stormwater.

“Is hy by die huis?” vra Miss.

Freya pluk die teleskoop weg voor sy behoorlik iets kan sien. Haar wange brand.

“Wie? Uhm . . .”

“Hoekom gaan jy nie net nie?” vra Miss. “Jy weet jy wil. Dan kan jy sommer kyk of jy regkom met die fiets.”

Sy glimlag. “As Miss nie omgee nie,” sê sy.

“Glad nie. Moet net nie te laat terugkom nie.”

“Ek sal nie. Sien later.”

CALEB

“Rise and shine, Princess!” Die stem laat Caleb ruk. Skree Mateo nou al in sy drome op hom? Caleb knyp sy oë stywer toe. Hy moet op die bank aan die slaap geraak het. Hy was so moeg nadat hy vir Freya afgelaai het, hy wou net vir ’n rukkie hier lê en dink. Nou hoor hy al sy pel se stem in sy kop.

Dit moet sy skuldige gewete wees. Hy moes nou saam met sy pelle hulle matriekvakansie geniet het. Dis memories wat hulle altyd sal bybly, en nou sit hy hier en kon nog van niks kop of stert uitmaak nie.

“Die ou is nou net so gevrek soos die plek. Sewe-uur in die aand en hy slaap al.”

Ebert?

“Kom ons gooi hom in die bad!” kom die stem laggend.

Beslis Ebert.

“Ek het ’n beter plan,” kom Mateo se stem weer.

Caleb draai op sy rug.

Die volgende oomblik tref ’n skoot water hom vol in die gesig.

“Ek sê mos rise and shine, Princess!”

Sopnat kom hy regop. “Wat de hel!” gil hy.

Toe hy die water uit sy oë vee, kyk hy in Mateo se grinnik vas. Tussen Mateo se lippe hang ’n sigaret. Sy oë is geskreef en hy staan reg met nog ’n bottel water.

“Hokaai!” keer Caleb en hou sy hande verdedigend in die lug.

“Lekker om jou ook te sien,” skerts Mateo en haal die sigaret uit sy mond. Hy blaas ’n bol rook oor sy skouer.

Caleb vryf oor sy gesig in ’n poging om uit die diep slaap wakker te word. “Ek het vir ’n oomblik gedink ek word mal. Wat maak julle hier?”

“Kry ons nie eens ’n hallo nie?” vra Mateo en gaan sit op die stoel oorkant hom. “Die tent het sleg geslaap.”

Caleb glimlag en skud sy kop. “Welkom in Stormwater,” sê hy geamuseerd.

Mateo lig sy wenkbroue. “Die plek suck, ou. Gelukkig het ons met my pa se Cruiser gekom. Die pad is ’n ongeluk wat wag om te gebeur.” ’n Kussing tref Caleb teen die kop. “Om nie te praat van dié krot nie.” Mateo se oë kry die kraak teen die muur. “Ek hoop hier is meisies.”

“Hei, dis mý krot,” lag Caleb. “Ja, hier is meisies. Dis Desember.”

“Die plek het potensiaal,” sê Ebert.

“Die plek is cool,” skerm Caleb, voor Ebert planne begin optrek om die kothuis te verbeter of te sloop. Hy gaan volgende jaar argitektuur swot. “Stormwater ook. Julle moet dit net verstaan, maar wat maak julle hier?”

Mateo en Ebert kyk na mekaar. “Ons kom jou help,” sê Ebert. “Ek weet dit was nog net ’n paar dae, maar het jy al iets gekry?” vra hy.

Caleb vryf oor sy ken.

“Niks konkreets nie,” erken hy en vou sy arms om sy knieë.

Toe Mateo hom liggies teen die bors tik, lig Caleb sy kop. Hy het nie eens die voetstappe agter hulle gehoor nie.

Dis Anathi wat met ’n bord aangestap kom.

“Ana,” sê Caleb. “Hierdie is Mateo en Ebert. Julle, dis Anathi, of Ana, soos ek haar noem.”

“Hi,” groet Anathi. “My ma stuur dié. As sy so aanhou gaan jy rol ná die vakansie.” Anathi kyk die ouens noukeurig deur. “Lyk my jy het hulp gekry?”

“Die twee?” lag Caleb. “Hulle is net hier vir die kos en die girls.”

Caleb draai om toe nog ’n skaduwee oor die vloer val. Hy glimlag toe hy sien dis Freya. Sy laat ’n fiets teen die stoepmuur rus voor sy inkom. Haar wange is rooi en sy haal hard asem.

“O . . .” sê sy. “Ek het nie geweet jy’t kuiermense nie, anders het ek nie sommerso opgedaag nie.”

“Ek is bly jy’s hier, kom in,” sê hy en maak effens keel skoon. “Als reg?” vra hy sagter toe sy langs hom staan.

Haar oë gaan na Anathi. Kaptein se opmerking van vanoggend skiet deur sy gedagtes.

“Ja, soort van.”

“Wil jy daaroor praat?” vra hy.

“Dalk later,” sê Freya.

Caleb knik. “Kom in. Jy ken vir Ana en dié is my pelle, Ebert en Mateo. Hulle het nou net hier aangekom.” Hy sien hoe Freya selfbewus aan haar hare vat. “Ek dink hulle het hulle matriekvakansie in Plett opgegee om my na my pa te help soek. Of dis wat ek hoop,” sê hy. “Julle, dis Freya,” stel hy haar voor.

“Hei, ek’s Ebert.” Ebert knik stadig. Iets wat hy doen wanneer hy op sy senuwees is. “En ja, dis hoekom ons hier is.”

“Ek is Mateo.” Mateo glimlag breed en vat die bord pannekoek by Anathi. “Pannekoek?” vra hy en hou die bord na Freya.

Anathi klik haar tong. Sy vat die bord terug voor Freya kan antwoord. “Ons is nie savages nie. Kom, Freya. Ek en jy kry bordjies. Dan kan ons eet as hulle klaar afgelaai het.”

“Kom ek help indra,” sê Caleb. “Mateo se tas is seker die een wat so groot soos ’n huis is.”

“Hierso, die een is lig,” sê Mateo en stop sy smuktas in Caleb se hande.

Wat die ou laat dink het hy sal van ’n vakansie in ’n tent hou, gaan Caleb se verstand te bowe.

“Jy kan myne ook vat, ek’s nie so ’n diva soos Mateo nie. Die klein swart tassie,” lag Ebert. “Dan vat ek my rekenaarsak en my Playstation.”

Caleb tel die swart tas ook op en gaan sit alles in die kamer met die twee enkelbeddens.

Hulle steek ’n vuur aan en dra ou opvoustoele na buite. Daar is ook ’n hangmat wat hulle opslaan.

Natuurlik deps Mateo die hangmat. “Shotgun!” roep hy.

Ebert maak of hy die hangmat gaan tiep. “Jy beter leer om te deel die vakansie, Britz,” skerts hy.

Caleb glimlag. Met hulle hier kan hy enigiets hanteer wat hy oor sy pa uitvind.

Almal sit om die vuur en pannekoek eet. Ebert speel vir hulle musiek deur sy bluetooth-luidspreker toe Mateo vra: “So wat beteken daai graffiti op die kafee se muur?”

Anathi sit haar pannekoek neer en vertel vir hulle van Iamanga en haar voorouers.

Ook van die kamtige vloek. Dat dit alles Desember, vyftien jaar gelede, begin het nadat daardie kinders deur die weerlig getref is.

“So was hulle regtig hekse? Is sý?” vra Ebert.

Anathi haal haar skouers op. “Mense in die township is baie bygelowig.”

“ ’n Weerligstraal kan enigiemand tref. Verkeerde plek, verkeerde tyd en jy is ’n goner,” sê Mateo.

“Mense in die township vertel dieselfde nag toe die wraaknemers Iamanga se ma en ouma verdrink het, het daar vreemde goed met hulle begin gebeur . . .”

“Watse goed?” vra Ebert en skuif vooroor om Anathi beter te sien.

“Goed soos skaduwees wat aan hulle geklou het. Eetgerei wat buig sonder dat iemand daaraan vat. Geluide soos dolosse wat gegooi word. Koppies en glase wat in kombuiskaste rinkel. Hande wat om hulle kele vou.”

Caleb kyk na Freya. Haar kop is agteroor terwyl sy luister. Sy staar na die hemel, die fyn lyne van haar nek geëts teen die donker. Hier gaan die son nie oor die see onder nie, maar verdwyn agter die dorp en los die lug in skakerings van pienk en blou wat na goud en donkerblou verkleur. Soos iets wat in ’n sprokie hoort, tot alles fluweelswart word met sterre wat soos skerfies glas teen die naghemel flikker.

“En dan is daar gerugte van ’n geroggel,” sê Anathi in ’n sagter stem. “Soos ’n voorbode.”

Freya se kop ruk op. “Geroggel?” vra sy.

“Ja. ’n Geluid soos iemand wat verdrink. Jy weet, wat water sluk en verstik.” Die vlamme wat in Anathi se oë weerkaats laat hulle soos twee gloeiende kole lyk. “Dis soos ’n waarskuwing vir die persoon wat gaan verdrink. Elke jaar verdrink daar ten minste twee mense hier in die see.”

“Een vir haar ma en een vir haar ouma,” raai Ebert.

“Exactly,” sug Anathi.

“Wie’s nou bang vir dié vloek?” vra Mateo. “Ek gaan swem die vakansie.”

“Twee mense het klaar . . .” Anathi kyk na Caleb. Sy waai deur die lug. “Ag dis net ouvroustories.”

In Freya se nek klop ’n aartjie onbedaard. Haar oë staar net na die vlamme. “Maar hoekom net random mense laat verdrink wat niks hiermee te doen gehad het nie?” vra sy opstandig.

“Ek sê mos dis net ouvroustories. In ons kultuur glo ons dooies wil nie alleen wees nie. Die mense hier rond glo as Iamanga se ma en ouma jou roep is dit omdat jy moet betaal soos hulle moes betaal het. Dalk betaal jy vir iets wat jou pa of oupa gedoen het. Maar as jy hier is, sal hulle jou kry. Dis wat die mense in die township glo.”

“So jy’s vervloek as jy die geluid hoor?” fluister Freya. Caleb kyk op. Skielik lyk dit of al die kleur uit Freya se gesig dreineer het.

Dink sy aan wat Kaptein vanoggend vir haar gesê het?

“Oukei, genoeg van jou spookstories,” sê Caleb. “Netnou verjaag jy al my helpers uit Stormwater.”

“Is jy nog in die skool, Freya?” vra Ebert.

“Ja. Tuisskool,” sê sy en maak keel skoon.

“Freya is siek,” sê Caleb.

“O,” sê Mateo. “Jy lyk nie siek nie.”

“Dis complicated,” sug sy. “Hashtag invisible illness.” Caleb kan sien sy probeer glimlag, maar kry dit nie reg nie.

Mateo haal sy skouers op.

“Watter graad?” vra Ebert.

“Volgende jaar matriek.”

“Dieselfde graad as ek,” sê Anathi. “Ek het ’n jaar later skool toe gegaan. Moes eintlik ook nou klaar met matriek gewees het. Ek wens ek kon ook by die huis skoolgaan.”

“Dis nie so lekker soos jy dink nie. Vriende vat die pad. Wie wil heeldag in iemand se kamer uithang terwyl hulle in die bed lê? Ek mis dit om sport te doen, om normaal te wees,” sê Freya. Trane kom lê vlak in haar oë. Die ander moet dit ook gesien het, want ’n aardige stilte kom sit tussen hulle.

“Ek wil gaan kyk hoe lyk die see,” sê Mateo en staan op.

“Ek kom saam,” sê Anathi. “Vir ingeval jy bang word. Iemand moet jou teen Iamanga beskerm!”

Ebert bly sit.

“Hoekom gaan jy nie ook nie?” vra Caleb vir Ebert.

Ebert frons, maar hy vang die skimp.

Toe hy en Freya alleen is, vra Caleb: “Jy oukei? Dit was ’n lang dag.”

Sy skud haar kop. “Dit kan jy weer sê.”

“Jy kan enige tyd hiernatoe kom,” sê hy.

“Jou huis raak ’n bietjie vol.” Freya lag ten minste effens.

“Nog steeds.”

“Dankie.” Freya vryf haar hande teen mekaar asof sy koud kry. “Wat Kaptein gesê het . . . toe ek vir Miss vanaand daarvan vertel, was sy kwaad. Sy het dit nie ontken nie. Sy het net ’n bottel wyn oopgemaak en gaan rook.”

Caleb skud sy kop. “Sover ek weet sien Miss en Kaptein nie eye to eye nie. Moet jou nie aan hulle steur nie. Soos jy gesê het, hy was dronk.”

Freya druk ’n pienk sliert hare agter haar oor en leun vorentoe. Sy vou haar hande in haar skoot. “Daar’s nog iets,” fluister sy.

“Ja?”

“Dit wat Anathi nou net vertel het . . . ek het daai geroggel die aand van die storm gehoor en Kaptein het letterlik vir my gesê ek is vervloek nes my pa?” Caleb sluk, terwyl hy haar gesig dophou. “Wat as hy reg is? Wat as my ma’s nie vir my die waarheid vertel het nie? Wat as ek net hier is om te verdrink?” Freya laat sak haar kop in haar hande. Hy sit sy hand op haar rug.

Sy pa het hom ook al baie kere van die stories vertel, maar as dit waar is, hoekom Freya? Is Kaptein reg?

Caleb vryf sirkels oor haar rug. “Dit was ’n vreeslike storm. Ander mense se geute het seker ook so gemaak.”

“Het joune?” vra Freya.

Caleb frons. “Wel, nee, maar my kop was op ’n ander plek. Hier’s ’n klomp vreemde mense in die dorp. Moet jou nie aan enige van die stories steur nie.” Caleb hoop hy is reg.

“Sure,” sê Freya, maar dit lyk nie of sy oortuig is nie. Dan sal hy maar net haar aandag van die simpel vloek moet aflei.

“Ten minste is ek nie so bad nie,” troos Caleb.

“Hoekom dink jy is ek hier?”

“Wel, dan beter ek jou nie teleurstel nie.” Hy staan op en hou sy hand vir Freya. “Ek hoop jy hou van bordspeletjies.”

FREYA

Gisteraand het Miss al geslaap toe Freya by die huis kom. Freya luister of sy vir Miss kan hoor, maar die huis is stil vanoggend. Sy hoor net die honde wat buite speel en blaf.

Met ’n strek klim sy uit die bed.

Sy gryp haar heup vas.

“Ugh!” Dis haar straf oor al die fietsry en baie loop van gister.

Freya strek haar rug. Sy sluk. Dalk as sy die pyn ignoreer verdwyn dit.

Vanoggend is dit vroeg warm. Sy trek ’n T-hemp aan saam met ’n gemaklike harem-broek en haar sneakers.

Toe sy in die kombuis kom, is daar ’n nota van Miss op die toonbank. Sy het gaan stap.

Freya vat ’n piesang en gaan sit op die dek om dit te eet.

Haar foon biep.

Daar’s drie boodskappe van haar ma’s wat wil weet hoe dit gaan en natuurlik ’n klomp foto’s ook.

Daar’s ook ’n boodskap van Caleb.

Hoop jy’s oukei? Ons het werk om te doen . . .

Ek is, laat weet Freya. Sy vryf haar heup en kreun.

Toe Freya die trappe na haar kamer klim, onthou sy van die spieël.

Sy bekyk die kamer noukeurig.

Waar sal die beste plek daarvoor wees?

Dan sien sy die sterk spyker wat klaar in die houtpaneel gekap is. Hoe het sy dit gister nie gesien nie? As dit stewig is sal dit baie moeite spaar.

Freya pluk ferm daaraan. Dit voel of dit die gewig van die spieël sal dra.

Sy vat die spieël stewig vas en lig dit aan die koperketting. Versigtig haak sy dit oor die spyker. Dan wikkel sy dit reguit. Nog ’n klein bietjie na links. Daarso.

Freya gee twee treë agteruit om seker te maak die spieël hang mooi reguit.

Sy glimlag vir haar refleksie.

Die volgende oomblik gebeur alles so vinnig en voor Freya kan keer, land die spieël met ’n slag by haar voete.

Glas lê oral. Die raam is ook in stukke.

Wat gaan sy nou vir Miss sê?

Freya kyk op.

Die haak is steeds in die muur. Dit het nie eens ’n millimeter geskuif nie.

Die spieël het tog gehang. Sy was so seker daarvan.

Freya hoef nie lank te wonder oor wat sy vir Miss gaan sê nie, want swaar voetstappe eggo in die gang.

Miss klop nie, sy storm net uitasem die kamer binne.

“Wat op aarde gaan hier aan . . .” Miss maak nie haar sin klaar nie.

Sy stop toe sy die gebreekte spieël sien. Haar hand nog op die deurkosyn.

“Ek kan verduidelik,” keer Freya. “Dit was net ’n ongeluk.”

Maar dit lyk nie of Miss haar hoor nie. Sy mompel net iets wat klink soos: “Hy haat spieëls. Hy haat spieëls!”

Wat bedoel Miss?

“W . . . wie haat spieëls?” vra Freya huiwerig.

Miss skud haar kop en kyk haar met blitsende oë aan. “Ek het geweet jy gaan net moeilikheid maak.”

Freya druk verby Miss en klim die trappe kombuis toe om ’n besem en skoppie te gaan haal. ’n Traan rol oor haar wang. Sy moes nooit Stormwater toe gekom het nie.

Alles en almal hier gee haar die creeps. Almal behalwe Caleb.

Toe sy weer in die kamer kom, is Miss nie daar nie.

Terwyl sy die skerwe opvee, hoor sy hoe die skuifdeur met ’n slag toeslaan.

Miss.

Freya kyk deur die venster. Anathi is besig om die honde in die kar te laai, maar dis of Miss haar nie eens sien nie. Sy loop verby Anathi sonder om met haar te praat.

Hoekom sal ’n simpel spieël haar so ontstel?

Dalk is die antwoord agter daardie geslote deur?

Freya maak die vloer vinnig skoon.

As Miss weer vandag so ver loop soos gister, het sy dalk tyd om na die sleutel te soek.

Freya loop kombuis toe, gooi die stukke op ’n ou koerant, vou dit versigtig toe en smyt dit in die vullisdrom. Sy gaan sit vir ’n oomblik op die bank om

haar asem terug te kry. Dan staan sy op. Hande op die heupe kyk sy na die vertrek. Waar sou iemand soos Miss ’n sleutel wegsteek?

Freya begin deur laaie soek. Bo-op kaste. In blikke en kruiepotte. Onder skulpe en in boeke.

Sy loop na Miss se kamer. Skielik stop sy.

Wat as Miss haar in haar kamer betrap?

Op die dek gaan kyk sy of sy vir Miss deur die teleskoop kan sien.

Daar’s geen teken van haar nie.

Toe Freya oor die drumpel van Miss se kamer trap, voel sy skuldig. Sy het geen reg om sommerso hier in te loop en rond te snuffel nie.

Hoe anders sal sy weet wat in daai kamer is?

Miss se kamer is donker. Die gordyne is nog toe. Daar’s antieke hangkaste teen die een muur. Haar bed is nog nie opgemaak nie. Dit laat Freya glimlag.

Sy trek die bedkassie se laai oop. Versigtig om dit nie deurmekaar te krap nie.

Onder die bedlampie is ook niks.

Freya maak die boek op Miss se bedkassie oop. ’n Boekmerk val vloer toe.

Vrek!

Hoe gaan sy dit nou weer op die regte plek terugsit?

Die boekmerk is van eenvoudige wit papier. Daar’s ’n klomp hartjies en kruisies op geteken. In ’n kinderlike handskrif staan daar:

I love you so much Momy. Dady is cool two.

Simon

Die spelfoute laat Freya glimlag. Haar ma’s het ook tonne sulke kaartjies en prente wat sy in die kleuterskool gemaak het.

Freya druk die boekmerk soort van in die middel van die boek en hoop dis min of meer waar dit uitgeval het.

Dan voel sy versigtig om die rante van die hangkaste en word beloon met vingerpunte vol stof.

Waar is die vervlakste sleutel?

Dalk moet sy net vir Miss vra wat in daardie vertrek is. Dis tog bloot ’n onskuldige vraag. En as sy genoeg moed het, kan sy sommer vra wat Miss oor die spieël bedoel het. As hier ’n simpel spook in die simpel huis in die simpel dorp is, het sy die reg om te weet.

Toe sy niks in Miss se kamer kry nie, loop sy na Miss se badkamer.

Sy maak die kassie onder die wasbak versigtig oop.

Sonder om aan iets te raak kyk sy na alles in die kassie. Daar is ekstra handeseep. Lyfroom. Skeermesse. Tampons. Watte.

Niks buitengewoons nie.

Dalk is die sleutel in die kamer vol boeke?

Freya loop die trappe op. Toe stop sy.

Draai om.

Loop af en dan weer op.

Sy glimlag en klim twee trappe na onder.

Dan trap sy op die een spesifieke trap.

Dit kraak harder as die ander. Maak amper ’n tipe klapgeluid asof dit los is.

Freya se hart klop in haar keel toe sy afbuk.

Sy druk haar vingers onder die lip van die trap en lig dit op.

Die plank lig sowaar.

“O, daar is jy!” roep ’n stem agter Freya.

Sy laat val die plank met ’n slag en spring op die trap. Sy het nou so geskrik, sy kon nie sien of daar iets in die holte is nie.

Toe sy omdraai staan Blanche daar.

“’Skuus man, ek het nie bedoel om jou te laat skrik nie,” lag Blanche. Haar bos krulle skud saam met haar koddige lyf. “Is Marian hier?” vra sy.

“Uhm, nee, sy het vir die tweede keer vanoggend gaan stap,” sê Freya. Haar stem kraak nes die trap onder haar skoen.

Blanche bly vir ’n oomblik stil, dan frons sy. “O, sy het gevra ek moet kom tee drink. Sy het ontsteld geklink.”

Freya sluk. Dis seker oor háár wat Miss so omgekrap is.

“Seker om oor my te kla,” sê Freya.

Blanche waai deur die lug. “Nonsens. Jy’s dan perfek!”

Die vrou se entoesiasme is aansteeklik en laat Freya effens beter voel.

“As Marian moeilik raak kan jy by my kom stoom afblaas, gehoor?” sê Blanche. “Ek is meestal agter die huis in my kristalwinkel.” Die vrou kyk vir ’n oomblik stip na Freya, knipoog en sê dan: “Jy kan doen met ’n bietjie swart toermalyn en obsidiaan.”

“Uhm, oukei, dankie,” sê Freya. Blanche glimlag. Skielik voel Freya dapper. “Miss is ontsteld oor ek vanoggend ’n spieël gebreek het.”

Freya probeer Blanche se reaksie peil, maar óf die vrou weet niks óf sy's ’n goeie aktrise.

“Ag, net ’n spieël?” sê-vra Blanche.

“Miss het gesê hý hou nie van spieëls nie. Weet jy dalk wie sy bedoel het? Is dit . . . Simon of die oom?”

Blanche vat aan haar hare. “Nee gits, sjoe . . . ek moet my winkel gaan oopsluit,” mompel sy.

Freya hoor voetstappe in die kombuis.

Dan kom dit nader. “Blanche,” sê Miss. “Toe ek anderkant die ou skeepswrak trek, besef ek ek het jou vir tee genooi.”

“Dis oukei, maar ek moet regtig nou gaan. Ons praat later.”

Miss draai om en sê nie ’n woord vir Freya nie.

Trane brand agter Freya se ooglede.

Sy gaan lê op haar bed en vat haar foon. Kyk na haar sosiale media.

Sy het lanklaas iets gepost. Sy was so besig saam met Caleb dat sy nie eens daaraan gedink het nie.

Freya gaan like ’n paar plasings van haar aanlyn pelle. Sy plaas ’n foto wat sy gister by die museum geneem het. #me #goodtobeup #adventure #invisibleillness #holiday #chronicpain #chronicfatigue #goodday

Freya draai op haar sy en maak haar oë toe. Sy moet net ’n bietjie rus voor sy na Caleb toe gaan.

CALEB

“Shotgun!” roep Ebert Donderdagoggend en gryp die bak met die laaste sny suurlemoentert uit die yskas.

“Ek glo dit nie!” sê Mateo. “Dit was my ontbyt.”

Caleb loer oor Mateo se skouer om te sien wat in die yskas oor is. Hy haal die laaste twee eiers, ’n paar snye brood en ’n blok kaas uit en sit dit op die kas neer.

Sy foon vibreer op die tafel.

“Bak jy solank die eiers,” sê Caleb vir Mateo oor sy skouer terwyl hy oor die foon se skerm vee om dit te antwoord.

Dis sy ma.

“Sjoe, maar Ma bel vroeg?”

Hy sien Mateo het nie ’n clue hoe ’n mens ’n eier bak nie, en druk die foon tussen sy skouer en oor vas. Terwyl hy met sy ma praat, steek hy die gasplaat aan en sit die pan daarop. Dan beduie hy vir Mateo na die olie en eiers.

Caleb loop na buite om rustig met sy ma te gesels.

“Nee, hier gaan alles goed,” sê hy. “Ons rus lekker.”

“Kry julle nie snags koud in die tent nie?” vra sy ma.

Caleb vryf oor sy nek. Hy haat dit om so vir sy ma te lieg. Maar sy sou hom buitendien nooit Stormwater toe laat kom het nie.

“Nee, glad nie. Die uhm . . . tent is nogal warm.”

“Nou toe, ek moet gaan. Vir die een of ander rede bly ek aan jou dink.” Sy ma se spidey sense beter nie nou inskop nie. As sy moet weet waarmee hy besig is!

“Ek is fine, Ma. Regtig.”

“Oukei my kind.”

Die reuk van gebrande roosterbrood en roereiers tref Caleb toe hy weer na binne loop. Ebert lê op die bank en Playstation speel.

“Jy lieg lekker vir jou ma, nè?” terg hy.

“Jy weet hoekom. Die is nie soos daai keer in graad nege toe ons jool toe is en gemaak het of ons eerstejaars is nie.”

“Toe het sy ons uitgevang,” sê Ebert. “Sy gaan jou die keer ook uitvang.”

“Daardie keer het my neef op ons gesnitch. Wie het geweet ons gaan hom daar raakloop?”

“Ja, dit was ’n lekker Sondagskoolkamp!” roep Mateo vanuit die kombuis. Caleb skud sy kop. Dit was hulle skans vir hulle joolnaweek van vryheid.

Caleb loop kombuis toe om te kyk of iets van die eiers en brood oor is.

In die kombuis hang digte rook in die lug.

Ebert kom ook ingeloop.

Caleb hoes en waai voor sy gesig. Hy loop agterdeur toe en maak dit wyd oop.

“Vir wat help jy nie vir Mateo nie, Ebert? Jy weet mos hoe om kos te maak.”

“Ek is met vakansie. Ek rus.”

“Hoe my ma dit al die jare reggekry het om alles tegelyk te doen, weet ek nie,” sê Mateo.

Caleb lag. “Ek ook nie, maar ons beter vinnig leer voor ons universiteit toe gaan.” Die woorde voel of hulle in Caleb se lugpyp vassteek. Sal hulle finaliteit oor sy pa hê voor dan?

Caleb kyk na sy foon. Freya het laat weet sy sien hom vandag, maar sy’s nog nie hier nie. Hy hoop nie sy voel siek nie. Sy het haarself beslis gister ooreis.

“Ry jy en Ebert gou, Anathi se ma het ’n padstal op die pad uit. Dan koop julle ’n bietjie kos vir ons. Ek gaan solank kyk of ek my pa se foonrekords in die hande kan kry.”

“Cool,” sê Mateo. “Ek hoop daar is suurlemoentert. Ebert skuld my een!”

Nadat sy pelle gery het, loop Caleb kamer toe en skakel sy laptop aan.

Vermoedelik was sy pa se laptop en selfoon by hom toe hy verdwyn het. Daarmee saam sy e-posse en kontakte.

Caleb gaan na sy pa se selfoondiensverskaffer se webblad. Sy pa se gebruikersnaam en wagwoord is op sy rekenaar gestoor. Sy pa het hom daarmee vertrou omdat hy altyd wou weet hoeveel lugtyd en data hy nog oor het. Ook wanneer hy kan opgradeer.

Hoekom het hy nie al vroeër hieraan gedink nie?

Hy tik die inligting in. Die webblad laai. Hy klik op sy pa se selnommer. Dan op Get detailed account. Hy tik die datum in van die rekening waarna hy soek.

Die staat laai af as ’n PDF op sy rekenaar.

Caleb maak dit oop. Sy maag draai.

Op die skerm is al sy pa se oproepe wat hy gemaak het die week voor sy verdwyning.

Op die dag van sy verdwyning het sy pa een nommer drie keer gebel.

Caleb skryf dit neer. Dis nie sy ma se nommer nie. Dit lyk ook nie bekend nie.

Net toe Caleb die nommer wil bel, kom Mateo en Ebert met ’n lawaai by die huis aan. Hy los eers die oproep en loop sitkamer toe.

Freya en Anathi kom ook ingestap.

“Hei,” groet Caleb. “Jy’s laat. Ek het begin bekommerd geraak.”

Freya blaas haar asem uit. “Jammer. Crazy oggend en ek moes net ’n bietjie rus.”

“Is jy oukei?” vra Caleb.

Freya glimlag en knik.

“Ek sal jou nog vertel. Waarmee is jy besig?” vra sy.

“Ek het nou net die selfoonrekords gekry. Daar’s een nommer wat drie keer gebel is die dag toe my pa verdwyn het.”

“Weet jy wie dit is?” vra Freya.

“Nee. Ek wou nou net bel om uit te vind.”

Ebert en Mateo loop met die sakke kos kombuis toe.

“Dink jy dis ’n goeie idee?” vra Ebert in die verbygaan.

“Sal iemand dan nie weet ons snuffel nie?” vra Mateo. “Almal het deesdae apps wat jou nommer eien. Hulle sal jou van dadelik herken.”

“Julle het ’n punt beet, maar hoe kan ons uitvind wie dit is?” vra Caleb.

“Ek kan van my foon af bel,” stel Freya voor. “Niemand sal my aan jou pa verbind nie. Ek sal net sê dis ’n verkeerde nommer.”

“Dit kan werk,” sê Ebert.

“Ek weet nie. Ek wil jou nie in gevaar stel nie,” sê Caleb.

“Watse gevaar?” vra Freya. “Ek bel en ons sien wie se nommer dit is sonder om hulle te vra.”

“Oukei, as jy seker is,” sê Caleb.

“Ek is,” sê sy.

Hy staan op en kry die nommer in die kamer. Freya skakel die nommer wat Caleb vir haar lees. Dit voel of die temperatuur skielik tien grade styg. Freya sit die foon op luidspreker toe dit begin lui, maar hulle het nie ’n app nodig om te weet wie se nommer dit is nie.

“Carina Ross,” antwoord ’n vrouestem. “Hallo?”

Caleb se knieë wil knak. Almal se oë flits na hom.

Sy pa het ’n ander vrou drie keer daardie dag gebel. Is sý die rede hoekom sy pa verdwyn het? Het sy pa hulle almal gebluf? Die beeld van sy pa en ’n slanke blondine in ’n bikini wat nou iewers op ’n Mediterreense eiland lê en cocktails drink, doem voor hom op.

Freya rammel iets af oor ’n verkeerde nommer, maar Caleb hoor haar skaars.

Sy beëindig die oproep en kyk vraend na Caleb.

“So weet jy wie dit is?” vra Anathi.

“Nee,” kom dit krakerig uit.

Sy brein wil nog nie werk nie. Wie is die vrou? Hy het haar naam nog nooit gehoor nie.

“Ek is seker dis nie soos dit klink nie,” sê Ebert. “Jou pa sou nooit . . .”

“Hy sou nie,” voeg Mateo by en klop Caleb op die skouer. “Het jy al na jou pa se e-posse gekyk? Dalk sien jy iets daar.”

“Ek ken nie my pa se wagwoord nie,” antwoord Caleb.

Ebert loop kamer toe en kry sy laptop. Hy gaan sit op die bank en skakel die rekenaar aan. “Wat is sy e-posadres?”

“livingunderwater654@gmail.com,” sê Caleb.

“Cool adres.” Ebert begin wagwoorde intik.

“Wat maak jy?” vra Caleb.

“Ek toets die twintig wagwoorde wat die meeste gehack word.”

Mateo lag. “Awesome!”

“Jy weet dis teen die wet,” sê Freya.

“Carina Ross is ’n mariene bioloog by die akwarium in Oos-Londen,” sê Anathi. “Julle beauties het ’n brein ook nodig. Dankie, Google,” sê sy en swaai die foto op die skerm van ’n donkerkop vrou soos ’n towerstaf voor hulle.

“O, oukei. Dit maak meer sin,” sug Caleb effens verlig. Maar hy is nog nie oortuig nie. “Dit beteken nie noodwendig hy het haar vir werk gebel nie . . .” Weet sy ma wie die vrou is? Nou kan hy haar nie eens vra nie.

Freya moet die kommer op sy gesig lees, want sy sê: “Dalk het sy vir jou pa inligting oor die video op sy blog gehad.”

Mateo wikkel sy wenkbroue. “Daar’s net een manier om uit te vind.”

Caleb knik. “Ek dink ons almal het ’n dag by die akwarium nodig.”

“Nie voor ons eers jou pa se e-posse gelees het nie,” sê Ebert. “QWERTYUIOP.” Ebert haal sy skouers op. “Jou pa was so old school.”

Caleb gaan sit langs Ebert. Hy skuif sy vriend se rekenaar na sy skoot. Sy oë vries op die skerm. Asof hy eerder nie wil sien wat daar staan nie.

Daar is honderde ongeleesde e-posse. Seker mense wat nie weet sy pa het twee maande gelede verdwyn nie. Miskien is daar iets in sy sent-boksie. Hy klik daarop.

Dit voel of hy gaan naar word terwyl hy deur die lysie werk.

Daar's niks aan Carina Ross nie. As daar iets tussen hulle was, het sy pa al die spore mooi uitgevee. Dan maak Caleb 'n e-pos oop wat sy pa aan sy oom gestuur het.

Hy trek sy asem in toe hy dit lees.

"Hoekom lyk dit of jy 'n spook gesien het?" vra Freya.

"Ek het dit geweet!" sis Caleb. "My oom is 'n slang." Hy spring op en trek sy vingers deur sy hare. "Dis hy. Ek's seker daarvan. Hy het gesorg dat iets met my pa gebeur."

"Hoekom sê jy so?" vra Mateo. Hy kom staan langs Caleb. "Die donder," sê hy sag.

"Volgens die e-pos het my pa geweet van die seismiese opnames wat Orion Energie wou doen," verduidelik Caleb. "Hy het my oom daarteen gewaarsku. Hom vertel hoeveel skade hy gaan aanrig. Die e-pos is gestuur 'n paar dae nadat my pa die video op sy blog geplaas het."

"Maar dis jou oom se antwoord . . ." sê Mateo.

". . . wat 'n mens koue rillings laat kry," voltooi Caleb die sin. Hy skud sy kop. "Hy het my pa gedreig nes hy my gedreig het."

Caleb lees die e-pos hardop: "Jy beter nie jou neus indruk waar dit nie hoort nie, Kleinboet. Wie weet, dan is jy dalk jou befondsing vir jou projekkie kwyt. Sonder hierdie vooruitgang is Suid-Afrika se ekonomie dood in die water. As ons nie nou iets hieraan doen nie, sal die land gas en olie ten duurste moet invoer in die toekoms." Caleb bly vir 'n oomblik stil. Dan lees

hy verder: “Jy en Orion kan julle geld hou. Ek wil nie met bloedgeld my navorsing doen nie, was my pa se antwoord.”

“Sjoe. Dis intens,” sê Anathi.

Caleb knik. Hy vryf oor sy nek. “Kom ons gaan kyk wat ons by die akwarium kan uitvind.”

Dis Desember en die esplanade is besig. Straatverkopers sit met hoop in hulle oë dat iemand hulle mandjies en kralewerk sal koop. Vakansiegangers wat by die Wimpy eet. Tieners met skaatsplanke. Drawwers met oorfone.

Binne die akwarium is dit net so besig. Die plek lyk anders as wat Caleb onthou. Sy pa het gepraat van herstelwerk wat hier gedoen moes word. Skade wat deur ’n storm aangerig is.

Hoe lank gelede was dit?

Vir hom was die plankvoetpaaie met uitkykpunte aan die see se kant altyd ’n hoogtepunt. Dis ook die beste plek om walvisse en dolfyne te sien. Daar het jy ook ’n goeie uitsig oor die pikkewyn- en robpoel. Dis waarskynlik hoekom die plek nou so besig is. Hy het vergeet van die daaglikse vertonings wat hier gehou word.

“Welkom by die oudste akwarium in Suid-Afrika,” sê Caleb toe hulle klaar toegang betaal het.

“Is dit hoekom die plek so klein is?” vra Mateo. Anathi pomp hom in die ribbes.

“Kom ek gaan wys jou iets met ’n groter mond as wat jy het,” sê sy en pluk hom aan die hand.

“Is daar so iets?” vra Ebert en lag.

“Net-net,” sê Anathi. “Die pelikane.” Mateo volg haar woordeloos. Caleb sweer Mateo is klaar verlief.

Caleb kyk rond en sien ’n vrou met ’n seegroen T-hemp en kortbroek besig om ’n groep kinders bymekaar te roep. Dis seker ’n toer wat gaan afskop. Hy draf soontoe.

“Jammer om te pla,” sê hy. “Weet jy dalk waar ek vir Carina Ross kan kry?”

“Yes,” antwoord die vrou. “She’s outside, in the rehabilitation pool.”

“Thank you,” sê Caleb. Hy loop terug na waar Ebert en Freya na inligtingsplakkate teen die mure kyk.

“Carina is buite,” sê hy.

Toe hulle buite kom, stop Caleb. Daar is net een persoon in die swembad.

Carina Ross is ’n mollige vrou. Sy dra ’n duikpak en waterskoene. Haar kort, donker krulhare is nat en agteroor gevee. Op haar neus is ’n dik wit streep sonbrandroom. Sy lyk in haar vroeë dertigs. Heeltemal te jonk vir sy pa . . .

Hy blaas sy asem sag uit.

Freya en Ebert bly staan toe Caleb nader loop.

“Ek gaan vir Freya wys waar die walvisuitkykpunt is,” sê Ebert.

Caleb knik.

“Hi, are you Carina?” vra hy vir die vrou.

“The one and only!” sê sy, maar kyk nie op nie. Haar oë is op die groot seeskilpad wat sy vashou.

“May I please speak to you?” vra Caleb.

“In connection with what?” vra sy.

Caleb sluk. Hy kyk rond. “I am Caleb Meyer.”

Die vrou lig haar kop. Sy kyk na hom. “Karel’s son?”

“Yes.”

“I am not comfortable talking to you about your dad,” sê sy.

“Why not? Because . . . you had an affair?” Caleb voel sommer ligter toe die vraag wat heelpad hiernatoe aan hom geknaag het oor sy lippe val.

Carina kyk geskok op. “Is that what you think?”

“I don’t know what to think.”

Sy skud haar kop. “Good grief, no. He was my mentor. I looked up to him.” Sy kyk na ’n groep besoekers wat om die swembad staan. “I can’t help you. All I can tell you is that we were colleagues. That’s all.”

“The day my dad disappeared he phoned you three times. Why? Was it because of that video he posted on his blog?” Die vrou vermy sy oë, maar Caleb weier om nou op te gee. “Please, I need to know what happened to him.” Hy sal smeek ook as hy moet. Die vrou weet iets wat sy nie wil sê nie. Hy is seker daarvan. Hoekom anders wil sy nie oor hom praat nie?

“You better get in the water then,” sê sy. Caleb trek sy plakkies uit en klim in die swembad. Die water is vrek koud, maar as dit is wat dit gaan vat sal hy dit enige tyd doen.

“Are you familiar with the term dead water?” vra sy sonder om na hom te kyk.

Iewers in sy brein lui dit ’n klokkie, maar hy kan nie nou presies onthou wat dit is nie.

“It sounds familiar,” sê hy.

“It’s underwater waves,” Carina loer onrustig oor haar skouer. “Waves that cannot be seen from land.” Sy byt haar lip. “That is what he saw in the water that day.”

“The video?” vra hy.

Carina knik.

“Isn’t it just an old sailor’s tale?” vra Caleb. Is dit die gevolg van Orion Energie se seismiese opnames? Hy het gisteraand weer opgelees daaroor op die internet. Seismiese luggewere vuur lug onder hoë druk van ’n skip af die seebodem in. Daai golwe kan oor die vierduisend kilometer trek.

Carina Ross lig haar skouers.

“He mentioned something about that when all these species started to beach in the area. And after he went missing, a ship almost did too. He had a similar experience before that. He phoned me three times that day. He said he uncovered something, but he couldn’t discuss it over the phone. He did tell me he had an appointment to see the Minister of Environment, Forestry and Fisheries. She was here in East London on business. He said if the meeting went well, he was going to write an article and send it to the media. But then . . .”

“He never made it here.” Hy voel kwaad en hartseer tegelyk, maar hy trek sy skouers reguit. Hy kan nie nou emosioneel raak nie. “Do you have any idea where his plane took off?”

“He said he was leaving from Citrusdal and would be here soon.” Carina Ross kyk Caleb stip in die oë. “You have to be careful. I don’t have a good feeling about this. Whatever he discovered, was something somebody wanted to hide.”

Seker sy oom! Caleb sluk. “I have to find my dad.”

“His body you mean?” Carina se mond trek simpatiek. “According to the only witness,” lig sy ’n skouer.

Caleb bedank haar en vee oor die groot karetskilpad se dop. Dan klim hy uit die water. Sy gedagtes jaag. Hulle moet by die huis kom. Hy moet uitvind waarvan Carina gepraat het.

In die Landy op pad terug praat almal tegelyk oor wat Carina vir Caleb vertel het.

“So hoekom Citrusdal?” vra Freya.

“Ek weet nie,” sê Caleb. “Ons sal moet uitvind.”

Die R72 huis toe is vrek besig. ’n Kopseer is besig om agter Caleb se oë te begin klop. Agter hom ry ’n ou geroeste wit bakkie heeltemal te naby aan sy buffer. Die bestuurder lyk na ’n ouerige man. Caleb ry stadiger met die hoop dat die motor hom sal verbyvat. Die bakkie ry ook net stadiger.

“Ek probeer solank kyk wat die dooie water is waarvan sy gepraat het,” sê Ebert met sy oë op sy foon.

Caleb kyk in sy truspieël. Die middagson maak dit moeilik om die bestuurder in die motor agter hom behoorlik te sien.

Omdat hy nie vandag nog ’n ongeluk ook nodig het nie, sit hy sy flikkerlig aan om na die regterbaan te skuif. Toe hy ’n opening kry, glip hy oor na die ander baan.

Dan ry hy vinniger.

“Dooie water is ’n verskynsel wat voorkom wanneer daar ’n sterk vertikale digtheidslaag is as gevolg van soutgehalte of temperatuur, of albei. Dit is algemeen waar ’n laag vars of brak water bo-op digter soutwater rus, sonder dat die twee lae meng. Die verskynsel is die gevolg van energieproduserende interne golwe wat ’n uitwerking op vaartuie kan hê.”

“So bote kan nie in die vars water beweeg nie?” vra Mateo.

“Net so,” sê Ebert. “Of hulle word meegesleur deur die onderste golwe.”

Caleb frons. “Daar sou nie vars water so diep in die see wees nie.”

“Ek weet,” sê Ebert. “Ek sal nog lees.”

Agter hom verwissel die wit bakkie ook nou van baan, maar ten minste bly hy nou so twee karre agter hulle.

Caleb hou sy oë in die truspieëltjie. Is hy ook besig om paranoïes te raak nes sy pa?

Hy is verlig toe hy uiteindelik uit die mal verkeer kan kom en op die Stormwaterpad afdraai.

Ná die eerste kronkel in die pad sien hy die bakkie het ook afgedraai. Caleb trap die versneller effens.

“Hei!” sê Anathi dadelik. “Die potholes. Jy gaan ’n tyre trap.”

“Moenie uitfreak nie . . . maar daardie wit bakkie ry al van die akwarium af agter ons.”

Anathi draai haar kop om te sien van wie Caleb praat.

“Dis net ou Billy Boomslang, Caleb,” lag Anathi. “Die ou is altyd hoog in die takke nes ’n boomslang, as jy verstaan wat ek bedoel. Hy is ook die local slangvanger.”

“Wat het hy by die akwarium gesoek?”

“Ek weet nie,” Anathi haal haar skouers op. “Miskien het hy ontbyt by die Wimpy gaan eet.”

Caleb ry stadiger. Voor hulle is ’n blinde draai. Die bakkie ry ook stadiger. Ná die draai wys Caleb vir hom om verby te kom.

Die bakkie kom stadig tot langs hulle.

Nou kan Caleb die bestuurder duidelik sien. Billy is ’n ouerige man, hy het reg gesien. Hy groet hulle nie. Die bakkie versnel voor hulle uit.

“Sien. Dis net paranoia,” lag Anathi.

“Jy sou ook skrikkerig gewees het,” sê Caleb.

Die volgende oomblik voel dit of sy hele lyf verstyf. Die bakkie het omgedraai en pyl nou reg van voor op hulle af.

Almal gil.

“Swaai uit!” roep Mateo.

“Wat maak die ou man?” skree Caleb.

“Nou is nie die tyd vir chicken speel nie!” Dis Anathi wat gil.

“Doen iets, Caleb!” roep Freya agter hom.

Die bakkie ry heen en weer oor die pad. Reg op hulle af. Dan tref hy die buffer van die Landy met ’n slag aan die regterkant.

“Die ou is mal!” Caleb pluk die stuurwiel net betyds na links. Die Landy bons, want daar’s nie ’n manier hoe hy nou vir slaggate ook kan uitswaai nie.

Die bakkie skraap aan die bestuurderskant. Die geluid ets in Caleb se brein. Klippe knars onder die bande toe hulle die teerpad se skouer tref. ’n Stofwolk maak dit moeilik om te sien. Caleb trap die rem en die kar ruk tot stilstand.

Die bakkie hou net aan met ry.

“Het hy beheer verloor?” vra Anathi. Haar asemhaling vinnig en vlak.

“Hy’s seker gerook!” skree Ebert.

Nee, dink Caleb. Die bakkie het hulle aspris gestamp. Maar hoekom? Om hulle skrik te maak?

Toe die stof gaan lê, klim hulle uit.

Caleb se asem raas. Adrenalien spoed deur sy lyf. As hy daai ou kry!

Maar toe hy opkyk, is die bakkie besig om om te draai.

Sy hart klop dubbel so vinnig toe die bakkie weer op hulle afpeil.

Die bestuurder mis al die slaggate met presisie asof hy dit toe-oë kan ry.

“Staan weg, julle!” skree Caleb. “Die ou se kop raas!”

Die meisies gil.

Maar die bakkie tref hulle nie. Remme skreeu toe hy langs hulle stop.

Deur die oop venster kan hy Billy Boomslang nou beter sien. Die man se gesig is rooi. Sy oë wreed. Hy dra swart tuinhandskoene en ’n sonpet. Onder die pet steek kort grys hare uit.

“Were you following me, boy?” roep die man.

“What? No! You almost killed us!” skree Caleb. “Look at my car!” Caleb beduie na die vieslike skraap op die kant van die Landy.

Die man gee ’n sinistere grynslaggie.

“Die ou is mal,” hoor hy Mateo sê.

“Saggies,” sê Freya.

Caleb mik om die deur van die bakkie se passasierskant oop te pluk. Hy sal die ou wys. Maar sy pelle keer hom.

“Mense is crazy deesdae,” fluister Ebert. “Los dit net. Die ou gee my die creeps. Netnou het hy ’n pistool of ’n ding.”

Caleb tree terug. Hulle is reg.

“You better watch where you are going! Accidents happen!”

Die bakkie trek met skreeuende bande weg.

Caleb voel sy asem jaag. Hy vee met sy hande oor sy gesig.

Sy pa se kar het nou ’n vieslike skaafmerk aan die regterkant. Die spieëltjie hang skeef. Die agterste band het gebars toe hulle uitswaai en die skouer tref.

“Ek gaan die polisie bel,” sê Anathi. Sy pluk haar foon uit haar broeksak.

“Nee, los dit net,” keer Caleb.

Anathi vou haar arms.

“Daai ou het crazy eyes,” sê Freya. “Dit het gelyk of hy ons wou vrek maak.”

“Het iemand seergekry?” vra Caleb.

Sy oë gaan dadelik na Freya.

Haar hande bewe. Hy sit sy arm om haar skouers. “Hei, ons is oukei. Jy is oukei,” sê hy.

Maar vir hoe lank? Billy se woorde weergalm in sy kop. Ongelukke gebeur. Moet hy bang wees? Almal bly hom waarsku.

Nadat hulle die band geruil het, ry hulle na Caleb se huis.

Anathi en Mateo maak vir almal koffie.

In die kamer staan Ebert hande op die heupe na die kaarte en kyk. Toe sê hy: “Nou sien ek dit.”

FREYA

Vrydagoggend word Freya skuins oor haar bed wakker. Sy is behoorlik in die laken verstrengel. Sonder om haar oë oop te maak skandeer sy haar lyf. Soos onsigbare hande wat oor haar liggaam gly om te voel waar dit vandag pyn.

Regterheup. Linkersy. Limfkliere onder haar arms. Nek. Kakebeen.

Is dit al? wil sy amper hardop gil.

Sy vryf haar oë. Toe onthou sy wat gister gebeur het. Die spieël, toe amper die ongeluk. Toe die opwinding om die dooie water op die satellietkaart te sien. Uiteindelik het hulle ’n behoorlike leidraad.

Hopelik is Miss vandag nie meer kwaad vir haar nie.

Haar foon vibreer op die bedkassie.

Het jy die nuus gesien? Die boodskap is van Caleb.

Nee, antwoord sy vinnig.

Sit aan die televisie op die nuuskanaal!

Freya staan met ’n kreun op. Kaalvoet klim sy die trappe na onder. Haar bene voel swaar en moeg. Sy sukkel om hulle te beweeg en dit voel of sy deur los seesand loop. Die volgende oomblik slaan sy neer. Sy gly oor twee trappe voor sy haarself optrek aan die reling. Sag blaas sy haar asem uit.

Stadiger, maar ongeduldig klim sy die trappe ondertoe.

“En as jy so mank loop?” vra Miss.

“Ek het nou net vir my ’n paar trappe gekoop,” sê Freya. “Maar ek het niks gebreek nie,” keer sy.

Sy stop toe sy sien daar is nog ’n persoon by Miss.

Dis Lily. Vandag dra sy ’n grys broekpak en roomkleurige bloes. Om haar nek hang ’n lang string pêrels.

Die televisie is reeds op die nuusstasie. Miss en Lily sit ook daarna en kyk.

“Weet jy of Caleb al iets uitgevind het?” vra Lily. Sy vryf ingedagte die kussings met haar wysvinger en duim. Ringe soos knobbels op haar vingers weerkaats die lig in die oggendson.

“Ons het nog niks gekry nie,” sê sy vir Lily. “Wat gaan aan? Caleb sê ek moet na die nuus kyk.”

“Shhh. Hulle gaan nou weer die berig wys,” sê Miss en beduie met haar hand dat Freya moet stil wees. Freya kan nie agterkom of Miss nog kwaad is vir haar of nie.

Dan verskyn ’n man op die skerm. Hy het ’n dik snor. Sy vel is verrimpeld van die son. Hy dra ’n verbleikte keps. ’n Jong, vroulike verslaggewer hou ’n mikrofoon na hom.

“Roberto, jy sê jy het gistermiddag die vangs van ’n leeftyd in jou nette gehad? Vertel ons wat gebeur het,” sê die vrou.

“Dit was ongelooflik, weet jy?” sê Roberto. “Die manne het my geroep. Gesê Kaptein moet kom kyk! Iets vreeslik swaar is in die sleepnet.”

“Waar presies het dit gebeur?” vra die verslaggewer, Mikeila Young. Hulle staan in Oos-Londen se hawe.

“Net hier anderkant. Aan die kus van Stormwater. Daar waar maande gelede gerugte van ’n vliegtuigongeluk was.”

Die beeldmateriaal verskuif na ’n kaart van die omgewing, terwyl die verslaggewer weer die besonderhede van die area en ongeluk weergee.

“Gerugte,” snork Lily. Glo sy ook vir Kaptein? Was sy dalk ook ’n ooggetuie en het nooit iets gesê nie?

“Caleb se pa sou mos op jou plaas land? Het jy niks daardie aand gesien nie?” waag Freya dit.

Lily se hand gaan na haar pêrels. “Waar hoor jy dit?” vra sy. Haar kyk skiet messe in Freya se rigting. Freya dink nie sy moet vir Lily sê hulle het dit by Kaptein gehoor nie. Lily se oë flits na Miss.

“Op jou plaas land?” vra Miss. Sy gaan sit op die bank.

“Ek het niks daarvan gedink nie. Karel het gevra of hy daar mag land en opstyg. Ek het ja gesê. Hy het dit net ’n paar keer gedoen, daardie dag het hy nooit daar uitgekom nie. Ek was in elk geval daai tyd in die Kaap. Julle beter nie my naam by julle ondersoek insleep nie.”

Haar kneukels is nou net so wit soos die pêrels, so styf hou sy hulle vas.

Die visserman en verslaggewer in die hawe is terug op die skerm. “Eers het ons gedink dis die vangs van ’n leeftyd,” praat Roberto verder. “Maar toe ons die net uit die water hys, was dit nie vis nie, maar ’n vliegtuig!”

“ ’n Vliegtuig!” roep Freya opgewonde en leun vorentoe om beter te hoor.

“Ons kon ons oë nie glo nie, jy weet. Ek het gesê hulle moet haar stadig uitbring,” verduidelik Roberto.

“Kon julle die registrasienommer sien?” vra Mikeila Young.

“Ja,” sê Roberto.

Langs Freya trek Miss haar asem hoorbaar in.

“Dit was al ’n bietjie deur die see verweer en vol mosselskulpe, maar dit het vir my gelyk na ZS-SUP. Wit vliegtuig met seegroen strepe.”

“Die vliegtuig wat hy beskryf klink soos Caleb se pa s’n,” sê Freya. “Dit beteken Kaptein het die waarheid gepraat.”

Lily vee haar hare agter haar oor in. “Sjuut. Kom ons luister nou.”

Roberto beduie met sy hande na die kamera. “Maar die volgende oomblik het ons net die net hoor skeur. Daar was niks wat ons kon doen nie. Toe sak sy weer die dieptes in. Ons het haar op vierhonderd meter diep gehaak.”

“En vertel vir ons, Roberto, kon julle die oorskot van die vlieënier sien?” dring die verslaggewer aan.

Die vraag laat stilte oor die sitkamer hang.

“Mikeila, ek kan met sekerheid sê dat daar geen liggaam in die vliegtuig was nie. Sy het propeller na bo eerste uitgekom. Ons kon die kajuit duidelik sien, weet jy.”

Die volgende oomblik breek Lily se string pêrels. Die klein balletjies spat in alle rigtings oor die plankvloer.

“Kyk nou! Hulle maak ’n mens skoon op jou senuwees. Wie sê dis ooit Karel se vliegtuig? Die man sê dan die nommer was verweer. Mens sou tog nie met sekerheid dit kon sê nie.” Freya kan nie Lily se reaksie peil nie. Is sy kwaad, ontsteld of hartseer?

Lily buk en begin haastig die pêrels optel.

Freya buk en begin haar help.

“Dit móét Karel se vliegtuig wees. Ek het geweet Kaptein sal nie lieg nie. Arme, Caleb. Jy sal moet kyk of hy oukei is, Freya. Die nuus sal ’n skok vir hom wees,” sê Miss.

Freya knik stadig. “Ek sal.”

Miss kry ’n plastiekhouer waarin hulle die krale kan sit.

Freya sit die laaste pêrel in die bakkie.

“Dankie.” Lily gee vir Freya ’n effense glimlag. Sy vat die bakkie met ’n bewende hand.

Miskien is sy net so bang soos Kaptein om by hierdie spul betrek te word. Want vliegtuie val nie sommer net uit die lug nie.

Is dit hoekom Lily nie eens vir Miss gesê het Caleb se pa sou op haar plaas land nie?

Onverwags sit Miss haar hand op Freya se skouer.

“Maar as daar nie iemand in was nie . . . dalk is Caleb reg. Dalk lewe sy pa nog,” sê Freya hoopvol.

Lily kyk verbaas na haar. “Is dit wat Caleb dink?”

Freya knik. “Hoop.”

“Ek kan nie dink iemand kon so ’n ongeluk oorleef nie,” sê Miss.

“Beslis nie. En as hy het, sou haaie en die koue hom vir seker gekry het,” sê Lily.

Freya frons oor Lily se opmerking. Dan tik sy vir Caleb ’n boodskap.

Ek is so jammer, Caleb . . . So wat nou?

Nou gaan ons uit met die boot, kom die antwoord dadelik. Die antwoord skok deur Freya. Sy het gedink Caleb sou nou tyd nodig hê. Om te verwerk wat hy pas uitgevind het. As dit een van háár ouers was sou sy nou haar oë uitgehuil het.

“Mag ek asseblief saam met Caleb-hulle op die boot uitgaan?” vra Freya en ignoreer die pyn wat deur haar lyf brand. Sy kan nie uitmis nie. Sal dit help as sy die simpel siekte ignoreer? By die huis sou sy nou in die bed gelê het. ’n Fliek gekyk of nog geslaap het. Maar Caleb het haar nodig.

“Gaan hy die vliegtuig soek?” vra Lily.

“Dit klink my so.”

“As jy goed genoeg voel, kan jy, ja,” antwoord Miss. Sy kyk na Freya se arm wat oor haar maag gevou is. “Vat net vir jou ’n sonhoed saam. Kyk in my kamer op die kapstok. Daar hang ’n paar.”

“Dankie,” sê Freya en klim stadig en versigtig die trappe sodat sy nie weer neerslaan nie.

In haar kamer tik sy vinnig vir Caleb ’n boodskap dat sy mag saamkom.

Sy vryf oor haar buik.

Toe sy in die badkamer kom en uittrek, sien sy hoekom sy nou maagkrampe ook het. Toe tref die realiteit haar. Sy het vergeet om tampons in te pak!

Freya onthou die pakkie tampons wat sy in Miss se badkamerkassie gesien het. Sy vou die handdoek om haar lyf en loop weer die trappe na onder.

Buite hoor sy Miss en Lily se gedempte stemme. Lily is seker op pad.

Freya kan nie wag nie. Sy sal net vir Miss sê dat sy ’n tampon nodig gehad het. Sy sal later by die winkel haar eie koop.

In Miss se badkamer kry sy die tampons in die kas onder die wasbak en loop terug na haar badkamer.

Onder die stort dink sy aan wat hulle dalk vandag gaan kry.

Hulle gaan waarskynlik nie al die leidrade oplos nie, maar dalk kry hulle net Caleb se pa se vliegtuig. Te minste weet hulle vir ’n feit hier ís ’n vliegtuig in die see. Dan dink sy aan Billy Boomslang wat hulle gister amper afgeskryf het. Sy moet eintlik vir Miss daarvan vertel. Hoor wat sy daarvan dink.

Freya staan vir ’n oomblik stil sodat die warm water op haar stywe nek kan spuit. Dan beweeg sy haar kop van kant tot kant. Sy wens sy kan die siekte wegtoor.

Met die warboel van gister het sy nog nie kans gekry om vir Caleb van die spieël of haar soektog na die sleutel te vertel nie. Miskien is dit beter so. Hy

het genoeg om aan te dink. Veral ná die nuus vanoggend. Arme Caleb. Nou sal hy dalk moet aanvaar sy pa is dood, al was hy nie meer in die vliegtuig nie. Miss is reg. Niemand kan so iets oorleef nie, al het hy uit die vliegtuig gekom.

Sy draai die krane toe en begin afdroog. Sy vat die pakkie tampons en skud een uit. Die tampon val in haar hand, maar dis wat op die vloer langs haar voet val, wat haar asem laat ruk.

’n Sleutel?

Dié sleutel?

Sy’s nie seker hoe lank sy na die sleutel gestaar het nie. Haar hande bewe.

Natuurlik! Hoekom het sy dit nie vroeër besef nie. Miss het seker nie eens meer op haar ouderdom die goed nodig nie. Dis die perfekte wegsteekplek.

Wat moet sy nou doen?

Haar kop sê toets die sleutel! Maar dalk is Miss al terug in die huis.

Moet sy dit hou of terugsit?

Wat as Miss die sleutel soek terwyl Freya weg is?

Nee, sy sal alles terugsit waar sy dit gekry het. En beslis ook nie vir Miss sê sy het ’n tampon nodig gehad nie. En wanneer Miss moreoggend gaan stap, sal sy dit op daardie geslote deur gaan toets.

Freya glimlag opgewonde.

Sy trek so vinnig aan as wat haar stywe lyf haar toelaat.

Op die eerste vloer glip sy by Miss se kamer in, dan Miss se badkamer.

Haastig sit sy die pakkie met die sleutel terug in die kassie.

Toe Caleb die toeter buite blaas, ruk Freya van skrik. Sy’t hom gevra om haar vandag te kom haal. Sy sien nie kans vir fietsry nie.

In die verbystap sien sy die kapstok. Sy tel die naaste hoed net betyds op toe Miss in die kamer kom.

“Hier is jy,” sê Miss.

“O, uhm. Die sonhoed!” sê Freya heeltemal te hard. “Ek leen dié een.”

Miss frons.

Toe Freya buite is, sien sy eers die aaklige hoed wat sy gevat het.

CALEB

“Ek is jammer,” sê Freya toe sy in die kar klim. “Oor jou pa, bedoel ek.”

Caleb vryf oor sy borskas. Hy wonder of sy oë nog rooi is van die huil. Hy het heeltyd gedink hy is emosioneel reg om uit te vind wat hy vanoggend uitgevind het, maar hy was verkeerd.

Sy pa is dood. Sy vliegtuig lê werklik iewers in die see voor Stormwater.

Kaptein was reg. Sy ma was reg. Sy oom was verkeerd. Hy het al vroeg, ná die nuus gebreek het, vir Caleb ’n boodskap gestuur. Caleb het dit nog nie gelees nie. Hy wil nie weet wat sy oom nóú oor sy pa sê nie. As Dawid Meyer iets met sy pa se dood te doen het, sal Caleb dit bewys. Hy moet net. Vir sy pa.

Sy ma het hom ook vroeg gebel. Sy wou seker maak hy is oukei. Mateo het haar verseker hulle sal mooi na hom kyk. Dit het sy ma gerusgestel dat hy ten minste saam met sy pelle is. Dankie tog vir hulle!

Die vraag is net: Is hy werklik gereed om alles oor sy pa en die ongeluk uit te vind?

“Dankie,” antwoord hy Freya toe hy voel hy kan sy stem vertrou om nie te kraak nie. “Ten minste weet ons hy het nie saam met iemand, of alleen, net die pad gevat nie.”

Freya knik. Hy hoop sy is oukei. Sy het gevra hy moet haar vandag kom oplaai.

Toe hulle by die sandstrand stilhou is Mateo besig om met die Cruiser die boot met sy neus na die see te parkeer. Aan weerskante van die strand is rotse. Agter hulle toring die groen koppe van Lily se plaas.

“Dink julle nie daardie wolke bring reën nie?” vra Ebert vir Caleb toe hulle by die ander aansluit. Hy kyk bekommerd na die paar wolke ver agter Stormwater wat oor die binneland dryf.

“Watse wolke? Daai in die binneland?” vra Caleb en frons.

“Moet nie sê ek het julle nie gewaarsku nie,” sê Ebert.

“Hei wag!” roep Anathi. Sy kom haastig aangestap met vier honde aan leibande. Twee in elke hand. Mateo klim uit die Cruiser en kom staan by hulle. “Ek weet ons het gesê ons gaan vir niemand van gister sê nie, maar . . .” sê Anathi uitasem.

“Ana, komaan. Jy’t jou pa vertel?” vra Caleb nog voor Anathi klaar kan praat.

Sy knik. “Hy’t gesê ons moet versigtig wees vir Billy. Hy’t nie al sy varkies op hok nie.”

Caleb sug hard.

“Dit was duidelik genoeg,” sê Freya.

“Ons moet maar uit sy pad bly,” sê Anathi. “In elk geval. Ek het vir my pa gesê julle gaan uit met die boot . . . Ná die nuus van vanoggend wil hy saamgaan. Ek wou net . . .” Anathi tuur ver oor die see, “kom kyk dat hy my nie embarrass nie . . . sodat ek hom kan huis toe vat as hy onder die prop is.”

Net toe hou Kaptein in sy ou blou Mercedes stil.

“Netnou besluit hy om ons te kom stop! Hemel, Ana.” Hy’s nie lus vir Kaptein wat hom weer vertel hy moet sy gekrap los nie. En ná gister is dit presies wat hy seker gaan doen.

Maar dis nie wat Kaptein doen nie. Hy klim uit die kar en loop nader met iets in sy hande.

Sy pa se videokamera!

“Hy slinger nie. Dis seker ’n goeie teken,” sê Anathi deur geklemde kake.

“Kom ons gaan soek jou pa se vliegtuig! Almal glo my seker nou,” sê Kaptein. “Sover ek weet, het nie een van julle laaities ’n skipperlisensie nie.”

Die drie ouens kyk na mekaar.

“Hallo, Kaptein. Jy was reg,” groet Caleb en sit sy rugsak met sy laptop en notaboek op die boot.

Kaptein hou die videokamera soos ’n olyftak na Caleb. “Daar was nie meer ’n geheuekaart in nie. Jou pa moes dit uitgehaal en saam gevat het . . . dalk om dit veilig te hou.”

“Die video met die dooie water was seker op daardie skyfie. Ek wonder wat my pa nog daarop gehad het,” sê Caleb.

“Ek weet nie. Hy het die kamera in die Landy vergeet. Ek . . . wou nog nie in die huis ingaan en dit gaan bêre nie. Anathi het vir jou ’n ander geheuekaart ingesit vanoggend. Dalk kry ons die vliegtuig, dan kan jy dit onderwater afneem.”

“Hoekom die skielike hulp aanbied, Kaptein?” vra Caleb.

“Ons moet uitvind wie agter jou pa se ongeluk sit. Hy sou dit vir my gedoen het. Aangesien jy nie jou mal idee gaan stop nie, moet iemand ten minste seker maak julle is veilig. Ek sal myself nooit vergewe as jy ook iets moet oorkom nie, en ek ken die see,” sê Kaptein.

Caleb vat die kamera en knik. “Dankie, Kaptein.”

“Ek kan my pad toe-oë kry. En ek weet waarheen om te gaan. Ek ken vir Roberto. Hy het vir my die koördinate gegee.”

Caleb weet Kaptein gaan nie hou van wat hy volgende gaan sê nie.

“Ons gaan nie vandag na die vliegtuig soek nie,” sê hy. “Ons gaan na die plek waar my pa die dooie water gekry het.”

Dis nie net Kaptein wat hom bekommerd aankyk nie. Almal staar na Caleb asof hy getik is.

“Daai plek? Jy sê dooie water . . .” Kaptein lyk of hy asvaal word. Weet hy wat Caleb bedoel?

“Ek wil sien wat my pa gesien het,” sê Caleb.

“Jou pa het gesê ons moenie weer soontoe gaan nie,” sê Kaptein.

“Ons weet nou beslis my pa se vliegtuig het geval. Nou beter ons uitvind hoekom. Voor iemand ons stop.” Soos hulle sy pa gestop het, wil hy byvoeg.

Sy pelle knik.

Voor Kaptein kan kop uittrek, sê Mateo: “Dankie dat jy van plan verander het, Kaptein.”

Die ou man knik. Hy krap sy nek met ’n krom wysvinger. “ ’n Paar weke voor jou pa se ongeluk was hier snaakse aktiwiteite in Stormwater.”

Caleb verstil. Gaan Kaptein vandag uiteindelik praat? “Hoe bedoel Kaptein?” vra hy.

“Onbekende gesigte. Onbekende bote op die water. Duikers. Meer mense op die strand.”

“Was dit nie net skoolvakansie nie?” vra Caleb.

“Miskien, maar jy weet hoe dood is die plek in September.”

Caleb knik. Langs hom maak Freya nuwe aantekeninge in haar notaboekie.

“Die laaste keer dat ek en jou pa uitgegaan het met my boot was twee weke voor sy ongeluk. Dit was net nadat al die dooie visse so uitgespoel het. Hy wou gaan kyk hoe lyk die koraalrif nadat die water se temperatuur so drasties gedaal het. Iets het daardie dag met jou pa onder die water gebeur. Hy was net anders toe hy uit die see gekom het.”

Caleb maak keel skoon. “Wat bedoel Kaptein? Soos siek, of iets?”

“Nee, nie siek nie. Hy was uitasem. Bleek. Daar was ’n groot sny op sy voorkop wat gebloei het.”

“Dit moes die dag gewees het wat hy die video gemaak het,” sê Caleb.

“Hy het net gesê die koraal is besig om dood te gaan en dat hy vir ’n ruk nie hier gaan duik nie . . . en dat ek ook nie mense hiernatoe moet bring om vis te vang tot hy weet wat aangaan nie.”

“As hy so iets gesien het, sou hy mos juis weer daar wou duik om sy bevindinge te monitor,” sê Caleb.

“Presies. Ek dink wat ook al hy gesien het, het hom bang gemaak.”

Al daardie waansinnige notas in sy pa se notaboeke kom by Caleb op. Die satellietkaarte. Sy pa het probeer verstaan wat hy afgeneem het.

“Dis al wat ek weet, Caleb. Ná daardie duik was hy bang vir iets.” Kaptein haal sy skouers koel op. “Ná jou pa se ongeluk was hier ook ’n vragskip wat in daai einste omgewing sommer net van koers af geraak het. Amper hier op die sand geloop.”

“Dan moet ons vandag soontoe gaan,” sê Caleb.

Kaptein mors nie tyd nie en deel vir almal reddingsbaadjies uit. Toe hy by Freya kom, stop hy.

“Jy kom saam?” vra Kaptein. Caleb is nie seker of dit ’n vraag of ’n stelling is nie. Freya trek haar uitgestrekte hand terug.

Ongemaklike stilte volg. Toe sê Anathi: “Moenie ongeskik wees nie, Pa. Natuurlik gaan sy saam.” Anathi draai na Freya: “Moet jou nie aan hom steur nie, oukei?”

Kaptein hou uiteindelik ’n baadjie na haar en Freya vat dit. Sy trek dit aan en Caleb help haar om die bandjies stywer vas te maak.

“Sodat jy nie verdrink nie. Vir die vloek en so aan,” sê hy en knipoog. Freya glimlag. “Daarso,” sê Caleb toe hy al die gespes vasgemaak het.

“Dankie.” Freya se vingerpunte raak per ongeluk aan Caleb s’n. Vir ’n oomblik vat hy haar hand vas. Dan los hy dit weer.

“Net nog een ding,” sê Caleb.

“Het ek iets vergeet?” vra Freya.

Hy waag dit en haal die aaklige hoed van Freya se kop af. Hy vat die wit pet uit sy sak en sit dit op haar kop. “ ’n Ekstra een wat ek in die Landy gehad het. Daarso,” sê hy. “Nou kan ek jou gesig sien.”

Freya se wange word pienk.

“Ek moet waai. Ek het net gou kom kyk of alles reg is hier.” Anathi se oë gaan vlugtig na haar pa.

“Kom jy nie saam nie?” vra Freya blykbaar teleurgesteld.

“Ek moet ongelukkig nog eers met die brakke gaan loop.”

“Sien later,” sê Freya.

“Sterkte!” roep Anathi en begin wegdraf, die honde aan hulle halsbande blaffend voor haar uit.

“Klim jy solank in, Freya,” beduie Caleb. “Anders gaan jy nat word. Ek en die ouens gaan die boot in die water stoot.”

“Ek kan help stoot,” sê Freya. “Wie is bang vir ’n bietjie water?” Sy kyk na Kaptein, maar hy vermy haar oë.

“Nee, klim in,” sê Caleb.

“Oukei, oukei,” sê Freya. “Jy hoef nie kwaai te wees nie.” Voor sy kan keer, swaai Caleb haar in sy arms. Freya se wenkbroue lig, maar sy glimlag breed. Caleb dra haar na die trap aan die agterkant van die boot. Hy help

haar om in te klim. Vir ’n sekonde was haar arms om sy nek. Haar mooi groot oë en sagte mond baie naby aan syne. Vir ’n oomblik vergeet hy van alles. Soos die gevoel wanneer jy opkom ná ’n nagduik en jy op jou rug op die oop see dryf en net uitasem na die sterre bo jou staar. Dan is dit net jy, die see en sterre op die planeet.

“Dankie,” fluister sy toe hy haar neersit.

“Sure,” fluister hy terug.

Hulle haak die sleepwa los en swaai die as sodat dit verleng. Dan haak hulle weer die sleepwa aan die Cruiser.

Kaptein klim in die boot en gaan staan agter die stuur.

Mateo ry weer agteruit en Caleb en Ebert wys vir hom hoe ver om nog te gaan. Die sleepwa en die Cruiser is nou in die vlak branders.

Kaptein meet die golwe met sy skippersoog. “Nou! Stoot!” roep hy. Hulle stoot die boot vorentoe. Caleb aan die een kant en Mateo en Ebert aan die ander kant. Die boot glip van die sleepwa af en gly die water binne.

Toe hulle enkeldiepte is klim hy en die ouens vinnig op die boot met die trap aan die agterkant.

Mateo skuif dadelik agter die dieptepeiler in. Sy vingers raak besig met die knoppies. Daar is baie verskillende verstellings. Weet hy ooit wat hy doen? Daar is goed soos vlakwater, diepwater, soutwater en varswater. Die masjien piep-piep soos iets wat in ’n hospitaal hoort.

“Daarso,” sê Mateo asof die instellings kinderspeletjies was. Hy gaan lê op ’n bankie oorkant Freya met sy voete op die boot se rand en sy hande agter sy kop.

“Moet ons koördinate intik?” vra Ebert. “Ek kon dit min of meer van die satellietkaarte kry.”

“Verduidelik weer wat jy gesien het?” vra Mateo.

“Toe ek weet waarna om te soek was dit so duidelik. Hierdie wit lyne is branders, ver agter die breekwater.” Ebert wys vir Kaptein een van die kaarte wat hy saamgebring het.

“Daai is te diep vir branders, boetie. En te groot,” sê Kaptein.

“Presies. Maar tog is dit. Dis branders wat jy net op ’n satellietkaart sal sien. Nie van die land af nie. Hulle is diep onder die oppervlak.”

“Is julle seker dis waarnatoe julle wil gaan?” vra Kaptein vir Caleb. “Dis nie veilig nie.”

“Asseblief, Kaptein.”

“Daai plek is vervloek. Nes die dorp. Die boot kon nie laas daar wegkom nie. Al was dit ’n windstil dag. Moet nie sê ek het julle nie gewaarsku nie. En nee, ek het nie daai fensie getoeters van julle nodig nie. Ek het dit hier,” sê hy en tik met sy wysvinger teen sy slaap. “Die geheim is om altyd ’n landmerk te hê.” Hy knyp sy een oog toe en kyk terug land toe. Caleb sien nie die baken waarvan Kaptein praat nie.

“Waarna soek ons presies?” vra Freya. Sy gaan staan langs Caleb.

“Enigiets op die seebodem wat verdag lyk. Patrone in die sand wat anders lyk. Kabbeling wat lyk of dit in die water rondom iets beweeg. Snaakse vorms wat uit plek uit lyk.” Hulle kyk na die visvinder.

“Goed,” sê sy. “Ek gaan hier sit.” Freya maak haarself langs die glasbodem tuis. Dis ’n versterkte glasvenster, ’n meter by ’n meter, waardeur ’n mens na die water onder die boot kan kyk.

Caleb gaan sit weer langs Freya. Sy skuif effens op om vir hom plek te maak. Ebert kyk na hulle. Dan glimlag hy. Caleb skud sy kop en Freya kyk weg. Hy is nie seker wat presies besig is om tussen hom en Freya te gebeur nie, maar miskien hou hy daarvan.

Die boot se enjin dreun harder.

“Dalk kry ons sommer die wrak van jou pa se vliegtuig ook,” sê Freya.

“Dan is dit my gelukkige dag,” sê Caleb. “Maar ek dink nie dis op dieselfde plek nie.”

Hoe dieper hulle vaar, hoe groter word die branders. Asof die see besig is om omgekrap te raak.

Caleb kyk na Freya. Die wind ruk haar hare oor haar oë. Sy vee dit weg en kyk bekommerd na die dreigende inkswart wolke, maar sy sê niks.

Caleb kreun sag. Dis onmoontlik vir die boot om voor die dreigende wolke te bly.

“Nie vandag nie. Net nie nou nie,” sug Caleb en staan op.

“Ek het julle gesê dit gaan reën,” sê Ebert. “En kyk nou.” Hy hou sy hand uit en ’n paar groot druppels plons in sy palm.

“Moet tog nie so bang wees nie, toe,” sê Mateo.

“Dit sal nou oorwaai,” sê Caleb. “Vier seisoene in een dag.”

“Hoe ver nog?” vra Caleb vir Kaptein.

Kaptein kyk na Stormwater wat nou net ’n klein kol op die horison is.

“Nie ver nie,” sê hy.

Caleb trek sy T-hemp uit, trek ’n duikpak nader, wikkel die klewerige duikpak soos ’n tweede vel oor sy lyf, en trek die rits op.

Dan trek hy die res aan: paddavoete, handskoene. Hy skuif die duikbril oor sy kop.

Caleb sit nie ’n suurstofsilinder op sy rug nie.

“Gaan jy vryduik?” vra Ebert.

“Ja, dis veilig tot so agtien meter,” verduidelik hy. “As ek dieper moet gaan sal ek opkom vir die silinder.”

“Dit was om en by hier, Caleb,” sê Kaptein. Caleb kyk na Ebert se koördinate.

“Dis presies waar die satellietkaart die prominente wit strepe het,” sê Caleb. Hy kyk teleurgesteld na die instrumente wat nie ’n geluid maak nie. Geen aanduiding dat hier dalk iets aan die gang is nie. “Hier moet tog iets wees.”

“Ons weet nie eens of daardie golwe op die masjiene sal registreer nie,” stel Ebert hom gerus. “Gaan kyk net liewer self wat aangaan.”

Caleb knik.

Die weer wat dreun laat Caleb opkyk. Ebert was reg. Die wolke het hulle ingehaal.

“Ek dink hier’s iets!” roep Caleb en wys na die skerm van die visvinder.

Toe die weer ’n waarskuwing dreun, roep hy: “Kan die weer nie net hou nie!”

Branders spat oor die kante van die boot. Caleb vee die water uit sy gesig. Die boot lig en sak saam met die branders wat soos reuse uit die see opstaan.

Freya gryp onwillekeurig na die naaste vashouplek. Caleb kan sien haar asem begin jaag.

“Ons moet teruggaan, Caleb,” sê Kaptein. Hy’s reeds besig om die boot om te draai. “Die weer lyk nie goed nie. Jy kan nie in dié see duik nie.”

“Dit gaan nou oorwaai. Ek is seker daarvan,” keer Caleb.

“Daar!” sê Mateo. “Hier’s iets!” Hy beduie na een van die skerms. Caleb sien ’n vorm op die bodem van die see. Soos sand wat in ’n spiraal gespoel is.

“Ek sien dit!” sê hy.

“Die storm gaan nie oorwaai nie. En ek ken nie hierdie nuwe boot nie,” sê Kaptein. “Ons kom môre weer.”

Die volgende oomblik tref ’n blits die oppervlak van die see soos ’n sweep.

Op Freya se arm sien Caleb hoe die haartjies skielik regop staan. Sy trek haar bene styf teen haar lyf en vou haar hande oor haar ore. Caleb se hart krimp. Daar is vrees in haar oë. Sy skouers sak. Hy moes haar nie saamgebring het nie. Caleb skuif tot teen Freya en vou sy arms om haar. Sy druk haar kop in sy nek.

“Als gaan oukei wees,” fluister hy.

Die volgende oomblik klink dit soos hael op ’n sinkdak. Elke instrument op die boot gaan mal. Masjiene biep. Ligte flikker waarskuwings. Iets tref Caleb teen die skouer. Hael? Dit voel massief. Die harde reën wat nou val maak dit moeilik om te sien.

Mateo spring op en druk knoppies, maar niks help nie. Ebert lyk of hy gevries het.

Die klank word al hoe vinniger en harder.

Met sy skouer vee Caleb die water uit sy oë. Sy maag draai. Dis nie hael wat uit die lug uit val nie.

Dis voëls!

Hulle plof soos klippe op die boot.

Freya koes toe ’n voël haar been net-net mis en langs haar voete beland.

Golwe spat oor die kante, oor hulle voete en bene.

Caleb kom regop. As hy net kan induik. Net gaan kyk wat daar onder aangaan.

Dan sien hy weer Freya en die ander se vrees. Maar dis nou of nooit.

“Jammer, Freya!” roep hy desperaat. “Maar ek moet gaan kyk wat daar onder is!”

“Jy’s mal as jy dink ek gaan hier rondhang!” skree Kaptein bo die geraas van die golwe en wind.

“Caleb, nee,” sê Mateo en sit sy hand op Caleb se skouer.

Caleb ruk sy skouer weg en gaan sit op die rand, reg om agteroor in die see te tuimel. “Dis die plek,” probeer hy almal oortuig. “Hier’s iets vreemds.”

Nog ’n wit flits verlig hulle benoude gesigte. Dan hoor hulle die slag. Die volgende oomblik is dit Ebert wat vir Caleb wegpluk van die kant af.

“Ek het die koördinate gestoor. Ons kom môre weer,” sê Ebert.

“Jammer, Caleb,” sê Kaptein.

“Jy het die hele vakansie,” sê Mateo. “Chill net!”

Caleb kyk na Freya vir hulp. Maar sy is so bleek en wit soos die sonskerm op Ebert se neus.

Hy sak op sy hurke met sy rug teen die kant van die boot. Vies pluk hy die duikbril van sy kop af. Hy trek sy knieë op en druk sy kop in sy hande. So sit hy tot hulle aan land kom.

Op die strand lê ook dooie voëls. Wat gaan aan?

“Hou een of twee,” sê Kaptein. “Ons sal hulle moet wegstuur om uit te vind waaraan hulle dood is.” Hy kan sweer hy hoor Kaptein verder mompel: “Julle moes haar nie gebring het nie.”

Freya moet dit ook gehoor het, want haar oë land skielik op Caleb. Agter Freya, ver oor die see, blits die weerlig sinister soos ’n slegte voorbode. Hy kyk na die dooie voëls om hulle.

Is Kaptein reg oor Freya?

FREYA

Fyn reën val soos trane op Freya se skouers toe sy die Landy se deur toeslaan buite die kafee. Sy het vir Caleb gevra om gou hier stil te hou voor hy haar by die huis gaan aflaai.

Waterdruppels val op die stukkende, gelamineerde vloer toe Freya by die winkel inloop.

Mense skarrel uit die winkel asof daar iets vreesaanjaends is waarvan hulle wil wegkom. Die man agter die toonbank kyk net ongemaklik af na sy foon en lig nie sy kop toe Freya instap nie.

Dan sien Freya hoekom.

Bo-oor die lae rakke sien sy die dreads, dan die blou oë.

Freya stop. Haar gesonde verstand sê vir haar sy moet hier uitkom, maar haar hardkoppigheid laat haar vasstaan.

Sy wil weet hoekom Kaptein sê sy is vervloek. Julle moes haar nie gebring het nie, weergalm sy woorde in haar kop. Jy is vervloek nes jou pa, krap sy ander woorde aan haar siel. Miss het mos juis haar siekte “duiwels” genoem. Dalk het haar siekte iets met die vloek te doen. As sy moet verdrink, wil sy dit ten minste weet.

Sy trek haar asem in en loop reg op Iamanga af. Dalk kan sy verduidelik wat Kaptein in Freya sien.

Freya stop voor haar. Sy lek oor haar skielike droë lippe.

Die vrou kantel haar kop soos ’n uitdaging toe sy na Freya kyk.

Van naby is Iamanga nog mooier. Haar lippe is vol en in haar blou oë is daar fyn amber spikkels soos vonke wat uit ’n vulkaan spu. Dan frons sy.

Vandag op daardie boot het dit gevoel of die see sy nat, koue, donker tentakels na haar uitsteek om haar oor die kant van die boot te pluk en haar diep, diep na die bodem te sleep. Was die dooie voëls net nog ’n voorbode? As dit Iamanga was, moet sy Freya sommer nou vat en klaarkry.

Haar asem jaag. Sy was nog nooit in haar lewe so bang nie, maar sy bly staan.

Voor Freya iets kan sê, praat Iamanga: “Whatever can be used for good, can be used for evil as well.”

Freya se hart ruk in haar borskas. “What do you mean?” stotter sy.

Iamanga se blou oë lyk of dit gloei met die son wat direk van buite oor haar gesig skyn. Soos son deur seeglas. “Fathers can bestow on us both a blessing and a curse.”

Freya blaas haar asem uit toe Iamanga omdraai en toonbank toe loop.

Almal praat in raaisels. Miskien is almal in die dorp getik!

Freya vat die pakkie tampons, twee blikkies gaskoeldrank en suurlekkers. Sy loop toonbank toe. Sy weet die suiker is nie goed vir haar nie, maar ná die dag wat sy gehad het, gee sy nie om nie.

Agter Iamanga sien Freya haar inkopies. Sy frons. Iamanga koop nogal baie kos vir een persoon. En is dit deodorant vir ’n man? Het die seeheks ’n geheim van haar eie? Dalk hou sy ’n man gevange in haar huisie. Een wat nie verlief wou raak op haar nie. Freya glimlag vir haar eie lafheid. Geen man in sy regte denke sal dit naby die vrou waag nie.

Dan draai Iamanga na haar: “Just ask your grandmother,” sê sy en loop by die winkel uit.

Golwe bars los in Freya se kop. Sy voel skielik duiselig.

Haar ouma? Wat bedoel die seeheks? Sekerlik nie?

Miss?

Freya is naar toe sy uit die winkel stap. Iamanga se woorde sirkel in haar gedagtes soos honger haaie.

“Jy’s nog bleker,” sê Caleb. “Ná die voëls het ek nie gedink dis moontlik nie. Het jy vir die seeheks geskrik?”

Freya kry nie eens met moeite geglimlag nie. “Ek is fine,” sê sy. “Ek moet net by die huis kom.” Sy wil eers self verstaan wat Iamanga vir haar gesê het voor sy dit met enigiemand deel.

In die oprit kan Freya stemme in Miss se huis hoor. Op die vullisdrom is ’n deursigtige wit plastieksak. Is dit . . . ?

Voëls! So hier het ook voëls uit die lug geval. Dis amper soos iets uit ’n Alfred Hitchcock-film.

Sy staan vir ’n oomblik en luister by die deur voor sy ingaan.

“Wat is die ergste wat kan gebeur?” vra iemand.

“Ek dink jy oorreageer,” sê ’n ander stem.

“Ek sal met Kaptein praat,” sê nog een.

“Dankie, Dorothea.” Dis ’n stem wat Freya ten minste herken as Miss s’n.

“Moet ons bekommerd raak? Oor Iamanga? Die weer?” vra nog iemand. Die vloer onder Freya se voete kraak en sy vries instinktief.

Skielik is die stemme stil.

Freya byt haar lip. Trane brand haar oë. Sy sluk en ’n pyn steek vas in haar keel toe sy weer dink aan wat Iamanga vir haar gesê het. As Miss haar ouma is, beteken dit Simon was haar pa. Wat beteken dat haar regte pa dan

nooit ’n gesiglose, naamlose spermskenker was nie. En dit beteken haar ma’s steek haar lewe lank vir haar ’n moerse geheim weg.

Freya se hart hamer teen haar ribbes.

Toe sy die vertrek inloop, maak die groep vrouens kamma geselsies en lag. Elkeen met ’n wynglas in die hand. Die soet reuk van gebrande salie hang in die lug.

Freya knik na hulle. Vir Blanche, Lily en Irma herken sy darem. Lily vat ’n lang sluk wyn en kyk na Freya deur skrefiesoë.

“Hallo, Freya, kom in,” sê Miss. Sy beduie na die vyfde vrou in die vertrek. Die lang vrou het ’n helder, geblomde kopdoek aan en iets aan haar aantreklike gesig lyk bekend. “Daar is Dorethea. Anathi se ma,” verduidelik Miss.

Freya se oë flits na Miss, dan na al die foto’s van Simon teen die mure. Dan terug na Miss se gesig toe. Sy soek na iets bekends. Haar eie neus, haar mond. Maar sy kan dit nie in die vrou sien nie.

Dan besef sy sy moes seker opsigtelik staar, want Miss kantel haar kop. “En as jy nou so na my kyk?”

“Skies. Waar’s my maniere. Hallo, almal,” groet Freya. Sy kyk af na haar voete voor sy weer na Miss loer. “Waaroor het julle gepraat toe ek ingekom het?”

Die vroue kyk na mekaar. Eers antwoord almal in ’n warboel van woorde.

“Ons praat oor aardverwarming,” onderbreek Miss die ander in ’n harde stem. “Hier het ’n seeskilpad verder teen die kus af uitgespoel, met eendmossels aan sy dop. Hulle word nie hier aangetref nie.”

“Nie eens in Suid-Afrika nie,” voeg Irma by. “Dit was glo in die nuus vanoggend. En die voëls wat net vanoggend uit die lug begin val het? Hoe vreemd was dit?”

Freya knik net. “Op die oop see ook.” Naarheid stoot weer in haar keel op.

“Dis omdat die weer ook so onbetroubaar is deesdae, weet jy,” sê Blanche.

“Gaan kyk in jou kamer,” sê Miss. Freya kyk op. Toe sien sy dit. Aan die sagte trek om Miss se mond toe sy glimlag. Iets daaraan het sy al ’n duisend maal gesien. Dis háár glimlag. Of verbeel sy haar net? “Ek het vir jou ’n swembroek gekoop. Ek hoop dit pas. Ons gaan nou meerminpoel toe. Kom saam, toe?”

“Meerminpoel?” frons Freya.

“Dis eintlik net die swemgat waar al ons ou tannies op Stormwater graag swem,” spot Irma met ’n knipoog. “Dis so heupdiepte met hooggety. Eintlik ’n kinderpoel.”

Freya voel lam. “Dit reën dan buite?” kom haar stem krakerig uit.

Blanche waai deur die lug. “Nee man, dis klaar oorgewaai. Jy weet wat hulle sê van die weer in die Oos-Kaap, nè?”

Freya skud haar kop.

“As jy nie hou van die weer nie, wag net vyf minute,” giggel Blanche.

Freya skuif haar gewig na die ander voet. “Oukei, dankie. Dit sal lekker wees,” sê sy huiwerig.

Hemel weet hoe sy haar moeë lyf in ’n swembroek gaan kry ná alles wat al vandag gebeur het. Sy swaai haar rugsak van haar seer skouer af om dit op die eetkamertafel neer te sit, maar die gespe is los en van haar goed gly uit tot op die vloer. Haar notaboek plof op die los mat neer. Freya buk om dit op te tel, maar Lily spring haar voor. Sy staar na Freya se notas.

Freya mik om die boek by Lily te vat, maar die vrou draai weg.

“Wat is dít?” vra Lily in ’n skerp stemtoon. Sy vee met haar wysvinger oor die tekening van die skildery.

“Sommer niks,” sê Freya en hou haar hand haastig na die boek uit. Lily trek haar mond op ’n plooi. Sy gee die boek vir Freya en vou haar hande saam.

“Toe-toe. Ons wag vir jou. Anathi is seker al by die poel. Met dié weer kon sy toe nie ver met die honde gaan stap het nie,” sê Dorothea.

Dit laat Freya effens glimlag. Ten minste sal dit nie net sy en Miss se vreemde vriendinne wees nie. Dalk moet sy sommer vir Anathi sê wat Kaptein en Iamanga vir haar gesê het. Dat sy begin wonder of Simon dalk haar pa was.

“Ek gaan trek gou aan,” sê Freya.

Op die trappe bly sy egter ’n oomblik staan. Eers huiwer sy, maar dan haal sy ’n foto van Simon teen die gangmuur af. Agter haar klink die vrouens in die vertrek se stemme nou anders, asof hulle ’n gedempte gesprek voer.

“Mag nie uitvind nie . . .” vang sy net ’n deel van Miss se woorde.

Freya vries. Sy skud haar kop. Wie mag nie wat uitvind nie? Sy haat die geheimsinnigheid in die dorp. In hulle huis weet almal alles van mekaar. Haar ma’s sluit haar altyd in alles in. Of doen hulle?

Kaptein en Iamanga se woorde skiet deur haar kop. Sy kyk na die foto in haar hande. Het sy vandag ’n pa gekry en Caleb een verloor?

Haar oë gaan na die tweede verdieping. Dan na Miss se kamer.

Hoekom voel dit steeds vir haar of die antwoord waarna sy soek agter daardie geslote deur lê?

CALEB

In die donker lê Caleb op sy bed. Nou laat die stilte die werklikheid insink. Sy pa is dood. Hy klou sy pa se videokamera teen sy bors vas. Hy is besig om te verdrink, golwe van hartseer kou hom soos ’n brander wat hom nie wil uitspoeg nie. Om hom, in sy pa se kamer, dryf net wrakstukke van sy pa se lewe. Sy pa is nie meer hier nie. Al wat hy kan doen is om aan die videokamera wat die gemors veroorsaak het vas te klou en saam te dryf. Soos ’n drenkeling.

Hy was so seker sy pa lewe. Dat hy soos ’n superhero nie kan doodgaan nie.

Hy het ook nog nie die boodskap van sy oom gelees nie. Hy kan nie.

Nie met al die gedagtes wat deur sy kop flits nie.

Het Dawid Meyer iets aan sy pa laat doen omdat hy die seismiese opnames wou stop? Tog maak dit nie sin nie. Dit kan tog nie wees wat sy pa onder die water gesien het nie. Tensy . . . tensy dit is wat sy pa daardie dag getref het. Was Orion Energie dalk besig met opnames buite die gebied waarvoor hulle kamtig toestemming gehad het? Die koerantberigte het gesê Orion Energie het nie die regte kanale gevolg nie. Nes sy pa in sy e-pos gesê het. Iets maak nie sin nie. Kan seismiese opnames dooie water veroorsaak? Hulle sal moet uitvind. Is die opnames dalk verantwoordelik vir al die vreemde natuurverskynsels deesdae? Soos die voëls vandag. Dit was so verdomp freaky.

Dan dink hy aan Freya. Is Kaptein reg oor haar? Is sy gedoem? Gaan sy aan die einde van die vakansie nog hier wees? Die gedagte laat Caleb yskoud word. Hy dink hy hou van haar. Meer as net hou. Ná die bootrit het hy niks weer van haar gehoor nie.

Uit die kamer langsaan hoor hy ook nie geluide nie. Die ouens het seker uiteindelik hulle gewag opgegee. Hulle wou eintlik Playstation speel, maar Stormwater se krag is nou al vir ure af.

As hy net vandag in daai water kon duik. Van naby kon sien wat hy op die satellietkaart gesien het. Wat sy pa gesien het.

Hy vat sy oupa se muntstuk en speel ingedagte daarmee. Daar's nie 'n manier hoe hy nou aan die slaap kan raak nie. Hy trek skoene aan en loop see toe.

In die donker borrel en bruis die see onheilspellend. Hy sal nooit weer dieselfde na hierdie see waarvoor hy so lief is, kan kyk nie. Nou is dit net sy pa se watergraf. As hy ook maar net van die begin af vir Kaptein geglo het.

"Raai waar was ek vanmiddag?"

Caleb glimlag stadig sonder om om te draai. Verligting spoel oor hom. Freya is net wat hy nou nodig het. Hy wil nie alleen wees nie. Hy wil die realiteit net nog 'n klein bietjie uitstel en hom verbeel alles is nog soos dit was.

"Ek weet nie," sê hy en kyk op na haar. Sy het met haar fiets tot hier gery. Caleb se mond is skielik droog. "Sê my."

"Ek het in die meerminpoel gedryf. Saam met die Stormwater Herald."

"Ah," antwoord hy.

'n Senuweeagtige lag glip uit haar keel. "Dit was so lekker om weer ná 'n jaar te swem. Wel nou nie swem nie, net dryf."

Sy kom sit langs hom op die sand. Maanlig blink op die see.

"Water is so aanloklik in die aand. Sal dit nie fantasties wees om onderwater asem te haal nie? Dan kan ons net ontsnap."

Caleb glimlag. Dis hoe vryduik hom laat voel.

“Dis cool om onder ’n volmaan te vryduik. Jy word deel van die oseaan,” sê hy.

“Ek sal dit graag eendag wil probeer.” Freya kyk weg. Caleb kan sien iets vreet vanaand meer as gewoonlik aan haar.

“Ek kan jou leer,” sê hy voor hy kan keer. “Jy’s ’n goeie swemmer. Dit help klaar.” Caleb vryf oor sy nek. “Kon jy ook nie slaap nie?”

“Ek het nog nooit in my lewe soveel vreemde goed ervaar nie, en jy?”

Hy skud sy kop.

“Ek’s jammer oor vandag,” sug Freya.

“Jy’t gehoor wat Kaptein gesê het?” vra hy.

Freya knik. Hy’t gehoop sy’t nie die ou man gehoor nie. Hy weet nie wat dit met Kaptein is nie. Wat sien hy in Freya wat niemand anders sien nie?

“Moet jou nie aan hom steur nie.”

Freya druk haar gesig in haar hande. “Alles en almal is so geheimsinnig.”

Caleb huiwer eers, maar dan sit hy sy hand op haar skouer.

“Vandag in die meerminpoel toe ons almal soos seesterre daar ronddryf het Blanche iets gesê. Iets uit een of ander fliek. Iets soos: Beginnings are scary, endings are usually sad, but it is the middle that counts the most. You need to remember that when you find yourself at the beginning. Just give hope a chance to float up. Miskien is ek en jy nou albei soort van by ’n nuwe begin . . .”

Caleb sluk. Sy lewe moet nou aangaan sonder sy pa. Dis ’n einde en ’n begin. Hy is nie seker by watter nuwe begin Freya voel sy is nie.

“Wil jy iets doen om jou aandag af te lei?” stel Caleb voor. Hy het eintlik gedink om dit alleen te doen. Maar Freya kan nou maar net sowel saamgaan op sy stakeout.

“Hoekom nie?” sug Freya.

Hulle los haar fiets buite Caleb se voordeur en loop na die huis wat Anathi vir hom deur die kombuisvenster gewys het. Oorkant op die sypaadjie, agter ’n struik, bly Caleb eers staan.

“En nou?” vra Freya.

“Ons staan stil en kyk,” antwoord hy.

“Durf ek vra waarna?”

“Daai huis,” beduie Caleb. “Ek wil net weet of daar iemand op die oomblik bly.”

“Hoekom daai huis?”

“Anathi het vir my gesê my pa het die huis gehuur voor hy verdwyn het.”

“Hoekom dit doen as julle ’n huis hier het?”

“Dis wat ek wil uitvind.”

“Weet ons wie die plek besit?” vra sy.

“Nee, maar dis seker maklik om uit te vind. Almal weet mos alles van mekaar in die dorp.”

“As hy hier wou wegkruip, beteken dit hy het geweet sy lewe is in gevaar.”

Freya is reg. Sy pa het geweet dat wat hy ook al uitgevind het, dalk sy dood kan veroorsaak. Sy oom se dreigemente laat woede in Caleb opstoot. Miskien moet hy net sy oom konfronteer. Hom reguit vra of hý verantwoordelik is vir sy pa se dood.

Caleb verskuif sy aandag na die huis. Die plek is donker, maar dit is laat en hier is op die oomblik nie elektrisiteit nie.

Caleb pluk Freya dieper agter die struik in toe hy die geluid van bande op die teerpad hoor aankom. Hoofligte verlig die straat vir ’n oomblik. Dis ’n sekuriteitsmotor wat patrolleer.

“Dink jy hy het ons gesien?” vra Freya.

“Ek glo nie. Buitendien, ons mag seker hier buite wees. Dis vakansie.”

Maar die volgende oomblik ry die kar agteruit. Sonder om die enjin af te skakel, stop hy langs hulle. Busted!

’n Korterige man klim uit. Hy maak nie sy deur toe nie.

Toe doen Caleb die enigste ding wat kan verduidelik wat tieners dalk dié tyd van die aand agter ’n struik sou doen.

Vir ’n millisekonde kyk hy na Freya. Toe sy registreer wat hy volgende gaan doen, vergroot haar oë. En voor hy uitchicken, druk hy sy hande in haar hare. Sag bring hy sy mond nader aan hare. Sy pols jaag. Net voor sy lippe aan hare raak, trek Freya haar asem liggies in. Haar mond is warm. Hy skuif sy een hand na haar rug en trek haar stywer teen hom vas. Sy hart spartel teen sy ribbes.

Dan val lig oor hulle.

“Gaan vry op ’n ander plek, magtig man! Moet ek julle ouers bel?”

Caleb tree kamma verras weg. Vir ’n oogwink lig Freya se mondhoeke in ’n glimlag voor sy baie ernstig lyk.

Skerp lig skyn in hulle oë.

Caleb kan die figuur in die swart uniform net-net uitmaak. Hy hou sy hand op om die lig te keer.

“Nee, asseblief nie,” pleit Freya kamma, en skuif agter Caleb in.

“Dis nie veilig die tyd van die aand hierbuite nie. Julle loop julle dalk net vas teen perlemoen poachers,” sê die sekuriteitswag.

“Ons waai nou dadelik, dankie,” sê Caleb. Hy vat Freya se hand en loop in die rigting van sy huis. Die man ry eers stadig agter hulle voor hy spoed vermeerder en oor die bultjie verdwyn.

Freya draai om.

“Wag, waar gaan jy?” vra Caleb uit die veld geslaan, maar Freya mik al in die rigting van die wit huis.

“Ek het iemand oor die pad sien hardloop. Na die huis toe . . . toe jy my gesoen het,” sê Freya.

Caleb frons.

“Kom jy?” praat sy oor haar skouer.

“Sjuut!” sê hy toe hy ook omdraai.

En voor hy haar kan keer, sluip Freya soos ’n ninja. Gehurk en gefokus tot op die stoep van die huis. Is Freya reg? Het sy iemand gesien?

Caleb kyk rond of hy iemand in die straat sien.

Op die stoep staan niks rond wat verklap dat hier dalk vakansiegangers is nie. Geen sanderige plakkies, visstokke of skulpe wat opgetel is of nat swemhanddoeke nie. Hier is ook geen motor in die oprit nie.

Freya wikkel die handvatsel van die voordeur.

“Wat maak jy?” fluister hy.

“Dis gesluit,” sê sy.

“Dis wat ’n mens doen met ’n huis as jy nie tuis is nie.”

Caleb sit sy hand op hare.

Freya kyk na hom.

“Jammer oor die soen,” sê hy.

Sy vermy Caleb se oë, dan glimlag sy. “Dis fine. Jy het vinnig gedink. Goeie cover.”

Caleb sluk. Was dit net vir cover?

Die volgende oomblik hoor hulle glas breek.

“Agter die huis?” fluister Freya.

Caleb knik. Prikkels ril oor sy vel. Sy was reg!

Caleb hou sy asem op en wag vir ’n alarm om te begin skree, maar dis doodstil, behalwe vir sy asemhaling.

“Wag jy hier,” sê hy. “Ek gaan kyk.”

“No ways, netnou sien iemand my,” sê sy en volg hom.

Skerwe glas glinster op die sementpaadjie na die agterdeur. Die venster is gebreek.

Caleb kyk na Freya. Die gordyn waai spookagtig na buite. Wie het nou hier ingebreek en hoekom?

“Ek wil uitvind wie dit is voor hulle wegkom,” fluister Caleb. “Dalk is hier iemand met antwoorde.”

“Is jy mal?” Freya frons.

“Kyk of jy die sekuriteitswag kan opspoor.”

Hy sug verlig toe Freya om die hoek verdwyn.

Hy klim versigtig deur die ruit, oor die gebreekte glas na binne.

In die donker sien hy die eerste kamer se bed is netjies opgemaak. By die voetenent lê ’n opgevoude handdoek.

In die gang loer hy by die ander vertrek in. Dis die badkamer.

Vir ’n oomblik skrik hy vir sy eie refleksie in die spieël. Hy deins terug en vererg hom vir sy eie domheid.

In die gang staan hy voor die enigste toe deur. Dalk is dit die kamer waarin sy pa geslaap het.

Die volgende oomblik kraak die plankvloer in die toe vertrek. Sy asem ruk.

Dan druk Caleb met al sy krag om die deur oop te stoot. Maar iemand moet van die binnekant af stoot, want dit roer nie.

Onverwags pluk iemand die kamerdeur oop.

Die persoon dra ’n balaklawa.

Caleb strompel die kamer binne. Freya gil skielik agter hom. Hy kan nie glo sy het hom sowaar gevolg nie!

“Hardloop!” skreeu Caleb vir haar.

Dan sien hy net die skildery wat hom in die gesig gaan tref. Sy brein kan nie vinnig genoeg werk nie. Herkenning skiet Caleb se verstand soos ’n vonk binne. Hy dink nie eens daaraan om te keer nie. Nee, want dis dié skildery! Die een in sy pa se tekening. Dis die skets wat uit sy pa se notaboek geskeur is!

Belangrik: Sien skildery, flits sy pa se woorde deur sy kop. Skielik is dit asof sy lyf weer werk. Sy hande skiet uit om die raam vas te vat, maar dis te laat. ’n Kraakgeluid weergalm deur die vertrek. Dit voel of sy skedel oopbars. Hy val agteroor en tref die venster wat in die karige raam skud. Suurstof pers uit Caleb se longe. Die vensterbank beur teen sy ruggraat en hy sukkel om sy voete te kry.

Buite dreun donderweer skielik. Reën begin raas op die huis se sinkdak.

Die persoon skop weer Caleb se bene onder hom uit en hy val op die vloer.

Die laaste ding wat Caleb in die lig van ’n bliksemstraal sien, is die persoon se rug toe hy by die kamer uithardloop. Die plankvloere kraak onder haastige voetstappe.

Caleb kreun en rol op sy sy. Hy hoop Freya is veilig. Voor sy oë sien Caleb net swart spikkels. Glas kraak onder sy voete toe hy probeer regop kom.

“Caleb!” hoor hy Freya roep. Toe hy sy oë oopmaak staan sy gebuk oor hom. “Is jy oukei? Jy bloei.”

“Waar’s hy? Waar is . . .” Sy bors brand en sy ribbes pyn. “Die skildery?” kry hy uitasem sy woorde uit.

“Skildery? Jy het seker harsingskudding. Ek het gaan kyk of ek nie dalk nou die sekuriteitswag sien nie, maar al wat ek gesien het, was die inbreker wat oor die agterste muur spring net toe ek om die hoek kom.” Sy hou ’n stukkie swart lap na Caleb. “Wie dit ook al was, het sy hoodie geskeur. Die het op die heining agtergebly.”

“Skildery,” kreun Caleb.

Freya druk die lap in haar broeksak. Haar oë bestudeer sy gesig. “Laat ek eers kyk of jy oukei is,” sê sy en skyn haar foon se flitslig op sy gesig. “Moet ek ’n ambulans bel?”

“Nee.” Caleb hou sy hand na Freya. “Help my op.” Met sy ander hand druk hy teen die muur. Caleb skud glasstukkies uit sy hare.

Freya skuif die gebreekte raam met haar voet uit die pad. “Wie dink jy was dit?”

“Ek weet nie . . .” Caleb vryf sy hand oor sy kop om te voel vir nog kneusplekke. Toe hy met sy tong oor sy lip voel, proe hy bloed. Hy buk af en tel die stukkende skildery op.

“Wel, so much vir niks breek nie,” sê Freya en staar na die gemors om hulle. Sy vryf oor haar arms. “Het jy gesien hy het ’n balaklawa gedra? Wat as hy terugkom?”

Een ding is seker, iemand soek ook waarna hy soek.

“Hierdie is die skildery, Freya. Die een in die notaboek. Nou is dit flenters.” Hy sit dit versigtig op die bed neer om beter daarna te kyk.

“Caleb!” sê Freya skielik langs hom. Caleb trek sy asem in toe hy haar blik volg.

’n Opgevoude papier het uit die raam geval en lê nou by hulle voete.

Freya lig dit versigtig.

Die uitdrukking op Freya se gesig wys sy is ewe teleurgesteld toe sy daarna kyk.

“Dis net ’n ou koerantberig.” Freya lees dit hardop. “Museum curator Marjorie Courtenay-Latimer discovered the fish among the catch of a local angler, Captain Hendrick Goosen. Latimer contacted a Rhodes University ichthyologist, sending him drawings of the fish, and he confirmed the fish’s importance.”

“Dis oor die vrou wat die selakant ontdek het. Die eerste kurator van die museum. Dit was baie jare gelede en sy lewe nie meer nie,” sê Caleb.

Caleb se ma het hom al vertel dat hulle goed soos ou liefdesbriewe of briewe van die kunstenaar agter skilderye versteek gekry het.

“Die kunstenaar het seker ’n soft spot vir die selakant of die museum se kurator gehad,” sê Freya.

Maar Caleb dink nie so nie.

“Dalk nie . . . kyk,” sê Caleb. “Kyk na die agterkant van die raam. Die kleefband is nuut.” Freya haal die ander skildery wat nog teen die muur hang af en bekyk die agterkant. Die kleeflint is oud en vergeel en dreig om los te kom.

“Iemand het dit vervang? Jou pa dalk? Nadat hy die berig hierbinne versteek het?”

“Ek weet nie, dalk? Maar hoekom dit doen? Wie sou dit ooit daar kry?”

“Iemand wat die leidraad in sy notaboek verstaan het . . .”

“Dis net ’n wonderwerk dat ons dit gekry het,” sê Freya.

Caleb voel weer oor sy oogbank. Ingedagte draai hy die koerantberig om.

“Dis ’n leidraad, Freya!” sê hy. “Kyk!” Daar’s sowaar iets in sy pa se handskrif geskryf.

Caleb wys na die handgeskrewe nota. “Die webadres. Ek ken dit. Dis beslis my pa se handskrif. Sy gunstelingwebblad. In die tyd van die berig was daar nie internet nie. So . . .”

“Hý het die clue hier versteek,” sê Freya.

Caleb knik met ’n glimlag. “Uiteindelik ’n leidraad.”

“Maar hoekom dit wegsteek?” vra sy.

“Ek dink dis ’n kode vir iets . . . ons sal moet uitvind waarvoor.” Caleb se hart bons. “Ek vermoed ons volgende clue is op die webblad. Ek wonder net wanneer het hy die leidraad hier versteek.”

“Kom ons gaan vind uit,” sê sy.

Voetstappe in die gang laat hulle vries.

Freya kyk na Caleb. Hy beduie sy moet stilbly. Hy vou die berig op en druk dit in sy broek se agtersak. Hy skuif voor Freya in.

Dié keer sal hy die ou disnis slaan.

’n Skaduwee flits oor die vloer, die volgende oomblik swaai stywe arms met ’n pistool om die deur, reg op hulle gemik.

Freya gil.

Alles in Caleb word koud.

Toe die man hulle sien, lig hy die wapen na die plafon.

Dis die sekuriteitswag.

“Ek dog julle het gesê julle gaan huis toe?” sê hy met blitsende oë.

Caleb vee die bloed wat oor sy lip loop met sy T-hemp se mou af. Hoe gaan hy nou die gemors verduidelik?

FREYA

Caleb druk Freya se arm sag toe hulle soos kriminele deur die sekuriteitswag na Miss se voordeur gelei word. Hy het hulle hierheen gebring in sy kar. Roland Visagie, staan op sy naamplaatjie. Freya skat die man so in sy veertigs.

Miss neem ’n hele ruk om op te staan. Toe sy uiteindelik die deur oopmaak, verdwyn al die kleur uit haar wange. Sy staan in haar japon. Haar hare is deurmekaargeslaap. Die krag is nog af en sy hou ’n herlaaibare lig soos ’n lantern voor haar.

“En dit, Roland?” vra sy. Haar kyk skiet messe in Freya se rigting.

“Ek het hulle in Blanche se huis gekry,” sê hy.

Freya se wange brand asof die woorde haar skroei. So dis Blanche se huis! Nou voel sy nog slegter. Blanche is so gaaf. Geen wonder sy het Caleb se pa in haar huisie laat bly nie.

Miss draai na Freya. “Julle het ingebreek?” vra sy. “As jou ma’s moet uitvind!”

Die laaste ding wat Freya wil hê is dat haar ma’s hulle tweede wittebrood moet kortknip omdat sy skielik ’n inbreker geword het. Hulle sal so teleurgesteld wees. Freya weet nie wat het haar laat dink dit was ’n goeie idee nie. Sy wou net vir Caleb help en van al die nonsens in haar kop vergeet.

“Dis nie . . .” Hoe sal sy nou verduidelik dat dit nie so erg is soos wat dit klink nie.

“Dis alles my skuld,” sê Caleb. “Ek moes nie vir Freya saamgevat het nie. Dit was ek wat eerste by die huis ingegaan het, nie sy nie.” Freya maak haar

oë groot vir Caleb.

“Sy was ook in die huis toe ek hulle gekry het,” sê Roland.

“Het hulle enige skade aangerig?” vra Miss.

“Die ruit is gebreek,” antwoord Roland.

“Ons het dit nie gebreek nie. Daar was iemand anders ook,” keer Freya.

“Een skildery is flenters,” sê Roland.

“Vandalisme?” vra Miss. Die plooi tussen haar wenkbroue raak al hoe dieper. Sy vou die lapelle van haar kamerjas oor haar bors. “Ek dog jy lê al in jou bed en slaap.”

“Maar dit was nie ons nie!” keer Freya.

Caleb vou sy hand om haar elmboog. “Laat ek verduidelik,” fluister hy vir haar. Hy draai na Miss. “Ek wou net daar buite gaan rondkyk het. Anathi het my vertel dat my pa daar gebly het voor sy verdwyning. Ek het net gewonder of hy dalk ’n leidraad agtergelaat het.”

“En het hy?” vra Miss. Sy kantel haar kop ondersoekend.

Freya en Caleb kyk na mekaar.

“Nee,” antwoord hulle gelyk.

Roland se oë flits suspisieus na Miss s’n.

“Maar ons was nie die enigste persone wat iets daar wou kry nie,” sê Caleb.

“Hoe so?” vra Miss.

“Ons het iemand daar sien ingaan. Ons het die inbreker gevolg. Daar was ’n stoeiery. Dis hoe die skildery gebreek het. As dit baie werd was, kan my ma dit vervang.”

“Wie was die inbreker nogal?” vra Miss vir Roland.

“Ons weet nie. Hy het Caleb aangeval en weggehardloop,” keer Freya.

“Dis wat hulle sê,” kap Roland vinnig. Dan gee hy ’n skeptiese droë laggie. “Ek het niemand anders gesien nie.”

Miss vat Caleb se ken in haar hande sodat sy die sny bo sy wenkbrou kan bekyk. “Ons moet die polisie bel.” Ten minste klink dit of sy hulle glo.

“Ons is fine,” keer Freya.

“Dit was baie roekeloos van julle,” sê Miss. “Julle kon iets ergers oorgekom het.”

Caleb knik.

“Maar hulle het nie,” sê Roland. Freya is nie seker hoe om die smalende trek om sy mond te interpreteer nie.

Miss vee ’n los sliert uit haar oë. “Ek sal môre vir Blanche verduidelik. Dis nou te laat. Sy slaap al,” sê sy vir Roland.

“Dan neem ek aan ek hoef nie die polisie in kennis te stel nie?” vra Roland.

“Nee, nee, wag eers,” sê Miss. “Ek sal môreoggend met Blanche praat en hoor wat sy wil doen.”

“Dan gaan ek eers,” sê hy.

Roland steek sy vingers deur die lussies van sy broek. Dan wieg hy op sy hakke.

“Dankie, Roland,” sê Miss. “Jy kan maar gaan.”

“Julle moet maar versigtig wees hier rond,” sê Roland. “Hulle stroop deesdae die pearlies hier by ons.”

Hy kyk na Freya en Caleb toe hy dit sê. Asof hy hulle wil herinner dat hy dit al vroeër vanaand vir hulle gesê het. Dat hy hulle vroeër vanaand agter ’n struik vang vry het en dit enige oomblik ook vir Miss kan vertel. Hy sê gelukkig niks nie.

“Ek het juis vanoggend weer kondome en leë perlemoenskulpe op die duine gekry,” sê Miss. “Het jy die foto’s gekry wat ek vir jou gestuur het?” vra sy vir Roland.

“Dankie, ja. Dis op die aksiegroep geplaas.”

“Kondome?” vra Caleb.

“Die poachers sit hulle selfone daarin sodat dit nie nat word nie. So kommunikeer hulle met mekaar. Die in die water en die wat kuiwie hou.”

“O,” sê Caleb.

Freya frons.

Toe Roland na sy kar loop, draai Miss na haar en Caleb en bekyk sy oogbank. “Kom ons maak daai sny skoon,” sê sy. Sy loop voor hulle uit en hulle volg haar gehoorsaam.

Die gastetoilet in die gang op die grondvloer is heeltemal te beknop vir drie mense. Freya gaan staan in die deur en hou die flits vas sodat Miss kan sien wat sy doen.

Miss slaan die toiletsitplek af sodat Caleb daarop kan sit. Sy tap warm water in die wasbak en gooi ontsmettingsmiddel en gaas wat sy onder die wasbak uitgehaal het, daarin.

Miss druk die water uit die bondel gaas.

“Ouch,” steun Caleb toe Miss die nat gaas versigtig oor die sny vee. Freya skuif haar voete ongemaklik. In die weerkaatsing van die blink teëls kry sy oë hare.

Sy voel hoe haar wange warm word.

“Maak jy solank verder skoon, ek gaan net gou ’n pinset kry,” sê Miss en hou die gaas na haar uit. “Daar is klein stukkies glas in die wond.”

Freya staan nader. Sy sit die flits in die vensterbank.

Dan droog sy die gaas uit. Die water brand haar vingers.

Toe sy liggies oor Caleb se wond druk, deins hy terug.

“Moet tog nie vir my sê jy’s pieperig nie?” terg Freya.

“Die water is te warm,” lag hy.

Geduldig druk sy die gaas weer in die water en droog dit uit. Toe vee sy weer oor die sny. Die water in die wasbak is nou al so pienk soos ’n gin en tonic waarvoor Daniela so lief is.

“Die wond is amper skoon,” sê sy. “Nog net een keer.”

Maar toe Freya dié keer haar hande in die water druk, druk Caleb sy regterhand ook in. Hy streel oor haar vingers.

“Jammer ek het jou nou in die moeilikheid,” sê hy.

Freya staar na hulle hande in die water. Sy vee haar duim oor syne.

Toe Miss skielik die badkamer binnekom, gryp Freya na die gaas. Caleb pluk sy hand uit die water.

Die water spat oor hulle albei.

“Is jy oukei?” vra Caleb vir Freya.

Onopsigtelik wikkel Freya haar vingers asof sy weer sy hand op hare kan verbeel. “Ek’s fine,” sê sy.

Miss kyk verdag na hulle. Freya skuif uit die pad en hou die flits sodat Miss beter kan sien. Dan haal Miss die glasstukkies uit die sny. Toe sy klaar is, plak Miss ’n pleister oor die wond.

Freya is dankbaar toe hulle uit die klein spasie is en weer in die sitkamer staan. Caleb kan seker nie wag om by die huis te kom en die leidraad te ontsyfer nie.

“Dankie, en jammer oor vanaand,” sê Caleb vir Miss. Hy draai na Freya. “Jy moet lekker slaap, dan sien ek jou môre?”

“Ja.” Freya druk ’n sliert hare agter haar oor in. Sy glimlag vir Caleb.

Miss maak keel skoon. “Ek dink dit sal dalk beter wees as Freya glad nie meer saam met jou hierdie ondersoeke doen nie . . . haar ma’s sal my nie vergewe as ek haar lewe in gevaar stel of as sy huis toe gaan met ’n kriminele rekord nie.”

Caleb maak sy mond oop om te praat, maar maak dit weer toe. Hy vryf oor sy nek en kyk na Freya. Vir goedkeuring?

“Wat!” sis Freya. “Ek verstaan nie? Ek dog Miss sal bly wees as ek nie heeldag in die bed bly nie?”

Miss trek haar mond op ’n plooi. Sy vou haar hande saam. “Bly maar eerder hier waar ek ’n ogie oor jou kan hou.”

Freya rol haar oë. Dit voel of sy enige oomblik in trane gaan uitbars.

Caleb se blik rus op haar, maar sy kan haarself nie kry om na sy uitdrukking te kyk nie.

“Totsiens, Miss. Baai, Freya,” sê Caleb. “Ek hou jou op die hoogte.”

Haar keel brand. As sy hom nou moet groet, gaan sy huil. Dis hoekom sy die trappe na haar kamer klim voor Caleb die trane in haar oë sien. As haar bene nie nou so gepyn het nie, het sy opgehardloop, net om ’n punt te maak.

Toe sy op haar bed lê, staar sy na die plafon. Net nog een van baie plafonne wat sy intiem in haar lewe gaan leer ken.

CALEB

Oorhaastig strompel Caleb by die donker huis in. Die krag is steeds af en sy foon se battery is ook nou pap. Al wat hy wil doen is die leidraad ontsyfer en nou kan hy nie. Hy sal beslis nie nou ’n oog kan toemaak as alles wat hy dalk wil weet so naby is nie.

In die loop stamp hy sy been teen die hoek van die koffietafel en dit skuif oor die vloer. Kerslig gloei uit die badkamer en beweeg gang se kant toe.

Ebert.

Sy hare is deurmekaar en staan regop.

“Hei,” prewel hy. “Waar kom jy nou vandaan? Ek het jou gesoek. Wou weet waar is kerse en vuurhoutjies.” Hy kyk deur skrefiesoë na Caleb. “Jy bloei.”

Caleb vat aan die pleister. Die snyplek het seker weer begin bloei.

“Jy sal my nie glo as ek jou vertel nie,” sê Caleb.

“Try my.” Ebert gaap en loop kombuis toe. Hy kom terug met ’n glas melk en prop ’n koue vetkoek in sy mond.

“Ek was saam met Freya.”

Ebert glimlag met vol kieste.

“Nee man, nie so nie,” keer Caleb. Die oomblik toe hy dit sê, voel hy skuldig. Hy het dan nou net aan haar hand gevat. Sy het hom ook nie gekeer nie. Dan onthou hy die soen! Eers wou hy net máák of hy haar soen . . . en toe haar mond so naby is, toe besluit hy hoekom nie? Hy vryf oor sy borskas. Freya het gesê hy het goed op sy voete gedink, maar is dit hoe sy

werklik voel? “Ek kon nie slaap nie. Toe gaan sit ek by die see. Sy het ook daar aangekom.”

“Die tyd van die nag. Soos iets uit ’n romance. Asof dit destined is,” lag Ebert.

Caleb klik sy tong. “Wil jy hoor of nie?”

“Ja, oukei, sorry.”

“Ek en sy het ’n lead opgevolg.”

Dit laat Ebert regop sit.

“En?” vra hy.

“Ek het uiteindelik ’n konkrete bewys dat my pa vir iemand ’n leidraad gelos het. Die vraag is net vir wie? En waaroor gaan dit?” Toe Caleb sien hy het Ebert se volle aandag vertel hy hom wat Anathi oor die wit huis gesê het. En van die inbreker.

Hy haal die opgevoude berig uit sy broeksak en wys dit vir Ebert.

“Agterop is ’n webadres. My pa moes dit geskryf en in die raam weggesteek het. As die krag tog net wil aangaan,” sê Caleb vies. “Die inbreker moes weet die skildery is ’n leidraad . . . of bewyse.”

Asof Eskom net vir sy towerwoorde gewag het, flikker die ligte aan. Die televisie blêr skielik kliphard en in die kombuis gorrel die yskas weer ritmies.

“Jou dag was sleg, maar jou aand is besig om beter uit te draai,” sê Ebert. “Kom ons gaan kyk of ons iets kan kry.”

Toe hy agter die lessenaar inskuif, wens Caleb Freya was nou hier. Hy koppel sy foon met die laaier en wag ’n paar minute tot hy dit kan aanskakel. Dan stuur hy vir Freya ’n boodskap.

Als reg daar? Is Miss nog kwaad?

Sy het gaan slaap, kom haar antwoord.

Eers tik hy Gaan jou mis op die avontuur, dan vee hy die boodskap uit. Iets wat ons kan doen om dit beter te maak? tik hy eerder.

Ek glo nie.

Ek en Ebert gaan nou op die webwerf, sal jou laat weet.

Caleb sit sy foon neer toe Ebert een van die kombuisstoele vir hom indra en langs Caleb kom sit.

“Jy moet na daai sny van jou kyk as jy hier klaar is,” sê hy.

“Ja, Ma,” lag Caleb.

Hy tik die webadres in die soekenjin op sy laptop. Sy hande bewe skielik.

Alles voel nou werklik. Nie meer soos iets wat met iemand anders gebeur het nie.

Toe die webblad voor hom laai, wonder Caleb waar hy moet begin soek.

Die webblad is vir oseanograwe waar hulle foto’s en bevindinge kan plaas. Sy pa het deur die jare al baie wetenskaplike artikels vir die blog geskryf.

Het alles te doen met wat sy pa oor Orion Energie uitgevind het? Dalk is dit iets heeltemal onverwant. ’n Nuwe spesie dalk? In wetenskapskringe is daar baie kompetisie om eerste te wees. Of het sy pa belangrike inligting oor aardverwarming uitgevind? Het hy ’n spesiale ontdekking gemaak? Hy moet net weet of dit sy pa is wat die leidraad in die skildery geplant het. Wie anders sou dit wees?

“Weet jy waarna jy soek?” vra Ebert.

“Nee, dis die probleem. Ek moet dit uitfigure.”

Caleb klik op van die artikels wat sy pa geskryf het.

Dan lees hy die bloginskrywing wat sy pa gedoen het. ’n Maand voor sy verdwyning.

Dis die artikel oor die raar visspesies wat op die Oos-Kaapse kus uitgespoel het weens veranderende weersomstandighede. Blykbaar het die see se temperatuur van vier-en-twintig grade skielik na twaalf grade oornag gedaal. Daar’s ’n foto van die manta ray wat naby Stormwater uitgespoel het. Dieselfde foto wat sy pa vir hom gestuur het. Nog ’n rits ander ongewone visspesies het ook uitgespoel. Soveel dat mense met kruiwaens die visse op strande gaan optel het om te eet. Sy pa het beweer die temperatuurdaling is te wyte aan aardverwarming. Mariene hittegolwe en koue opwellings kan glo al hoe meer verwag word soos wat winde en die Kaap Agulhas-seestroom meer turbulent en onvoorspelbaar raak. Dan is daar ’n komplekse verduideliking van waterstrome in die Oos-Kaap. Sover hy kan sien, gaan dit oor koue water wat gewoonlik onderlangs bly, wat skuif na bo en dit laat die seelewe vrek.

“Ek wonder wat my pa oor daai dooie voëls vandag sou sê.”

“Ek ook,” sê Ebert.

Dan kyk Caleb na nog bloginskrywings, maar niks lyk op die oog af onnatuurlik of soos ’n kode nie.

Die laaste inskrywing van sy pa was die video, ’n week voor sy verdwyning.

“Sê as jy iets sien,” sê Caleb vir Ebert. “Als lyk vir my normaal.”

Hy kyk weer na die koerantberig wat hulle in die raam gekry het. Op die foto is die Oos-Londen museum, die selakant en ’n jong Marjorie Courtenay-Latimer met kort donker hare. Dis ’n swart en wit foto.

Sy oë beweeg weer vlugtig oor die berig. Hy wens net iets wil hom opval!

Toe tik hy selakant in die soekblokkie van die webblad.

’n Blog met dieselfde foto as die een op die koerantberig verskyn op die skerm.

Caleb skuif opgewonde regop.

“Kyk die datum,” sê Ebert.

“Flip, ek sien.”

Hierdie blog is drie weke ná sy pa se verdwyning geplaas. Sy oë flits na die naam van die skrywer. Hy trek sy asem vinnig in.

“Die inskrywing is deur John Fuller gemaak,” sê Ebert. “Wie’s dit?”

“John Fuller was my ma se pa.” Bloed suis skielik in Caleb se ore. “Hy is baie jare gelede al dood. Ebert, ek dink dit was my pa wat hierdie plasing gedoen het. Ek dink dis vir my en my ma hier geplaas!” Hy vryf oor sy borskas. Hy wil dit amper waag om te glimlag. “Jy weet wat dit beteken?”

“Dat hy nie dood is nie?” vra Ebert.

“Dat hy nie drie weke ná die vliegtuig in die see geval het, dood was nie.” Caleb gooi sy kop agteroor en maak sy oë toe. Dan kom hy regop. “Sy boodskap het gesê ons moet niks glo wat ons oor hom hoor nie, Ebert.” Hy klop sy pel op die rug. “Dan moet hier mos iets wees! Wag tot my ma dit hoor.” Hy kan die woorde nie gou genoeg uitkry nie.

“Kom ons maak net eers seker voordat ons haar onnodig opgewonde maak,” sê Ebert met ’n skewe glimlag.

“Ja, oukei, sure.” Caleb sluk. Ebert is reg. Hulle moet doodseker van hul saak wees. Enige iets kon daarna met sy pa gebeur het. Wat het sy oom gesê? Voor die verkeerde mense hom kry. Dis nie te sê sy pa lewe nog nie, maar dit bewys ook nie dat hy dood is nie. Die leidraad wys net dat hy nie in die vliegtuig dood is nie. Caleb gun homself die klein bietjie hoop wat na die oppervlak dryf.

Die woorde swem voor sy oë toe hy begin lees. Hy vee die klamheid weg en vergelyk die aanhaling op sy pa se blog en die berig.

Onderaan die foto val iets hom op. Daar staan: MOST IMPORTANT: SEE IMAGE. Presies wat sy pa oor die skildery geskryf het.

As dit nie leidraad skree nie . . .

Caleb kyk weer na die foto. Het sy pa iets daarin versteek? Sou sy pa weet hoe?

“Ek dink die foto beteken iets,” sê Caleb.

Vir ’n oomblik antwoord Ebert nie.

“Of iets is in die foto versteek, dalk?” sê hy uiteindelik.

Caleb vryf deur sy hare.

“Soos wat?”

“Steganografie?” vra Ebert.

“Wat de hel is dit?”

Ebert tik iets op sy foon en hou die skerm na Caleb.

Dis ’n bladsy wat verduidelik wat steganografie is.

“Dis crazy. Wat op aarde wou my pa so graag wegsteek dat hy tot sulke uiterstes sou gaan?”

Ebert frons terwyl hy lees. “Hulle beweer een van die maniere om uit te vind of daar ’n verskuilde boodskap binne ’n foto is, is om die foto in Notepad oop te maak. Daar sal dan ’n rits onsamehangende teks op die bladsy wees en heel laaste die boodskap. Om dit te doen het jy spesiale programme nodig.”

“My pa sou nie so iets kon doen nie. Hy was alles, maar nie ’n techy nie.”

“Hy was nie useless nie, hy het dan met al daardie ingewikkelde toerusting gewerk. As jou pa gedoen het wat ek dink hy gedoen het, sou dit nie baie

moeilik wees nie.”

“Wat het ons om te verloor?” vra Caleb en maak die foto met Notepad oop.

Maar op die skerm is net die foto. Hulle staar na die skerm. Teleurgesteld sak Caleb terug in die stoel.

Ebert lees verder.

“Nog ’n manier is om die foto se hue en saturation te verander. Miskien is dit wat jou pa gedoen het.”

“Ek weet nie of my pa enigiets van hue en saturation geweet het nie, maar kom ons hou duim vas.”

“Wel, dis nie te moeilik nie,” Ebert wys met sy vinger na die skerm. “Tik iets in wit op ’n wit agtergrond en siedaar, jou boodskap is versteek.”

Miskien is Ebert reg, dis iets wat sy pa dalk self sou kon regkry. Die keer maak Caleb die foto oop in Photoshop.

Hy het so lanklaas die program gebruik. Hy sal eers ’n bietjie moet speel en kyk waar die verstellings gemaak word.

Toe hy die verstellings kry, skuif hy die glyskaal van links na regs.

“My bliksem,” sug hy. Op die wit agtergrond kan hy iets net-net uitmaak.

Vinnig kies hy nog verstellings totdat . . .

“Wragtig,” sê Ebert.

Caleb kan sy oë nie glo nie. Daar is sowaar ’n boodskap op die foto! Noudat hy aan die blootstelling verander het, staan dit duidelik op die skerm. In swart op wit.

“Dis koördinate. Koördinate!” gil Caleb. “Dit beteken my pa lewe nog. Hy is iewers, Ebert. Ek dink die broodkrummels is vir mý. Hoekom anders sou hy hierdie leidraad in die skildery gesit het?”

Hy vat sy foon en tik vir Freya ’n boodskap. Ek het dit! My pa het koördinate versteek.

Waarvoor? kom haar boodskap dadelik.

Ons sal moet uitvind . . .

Hy sal in persoon vir haar sê daar is ’n moontlikheid dat sy pa nog lewe. Dat hy net iewers laag lê. Dit klink soos iets wat sy pa dalk sou doen. Hy het dalk tyd nodig om bewyse van iets te kry voor hy dit bekend maak.

“Hel, Pa,” sê hy en skud sy kop. “Kon Pa my nie net vertel het wat aangaan nie?” Caleb blaas sy asem uit. Hy glimlag. “As dit nie vir daardie inbreker was nie, sou ons nooit hierdie clue gekry het nie.”

“Nou is die vraag net, waarvoor is die koördinate?” Ebert lig ’n wenkbrou.

Caleb vat sy selfoon en tik die syfers haastig in op Google Maps.

“Natuurlik,” sug hy.

“Waar is dit?” vra Ebert.

“ ’n Plek waar ek en my pa altyd graag gaan snuffel het,” sê hy. “Hy probeer vir my iets sê. Ek is seker daarvan. Die vraag is net, wanneer het hy die leidrade geplant? Sal ons nog iets by die koördinate kry of het iemand ons voorgespring?”

“Wat dink jy sal ons kry?” vra Ebert.

Caleb sluk. “Ek weet nie. Dis wat ons moet uitvind.”

Ná wat vanaand gebeur het, is Caleb nie so seker of die inbreker net toevallig in die huis was nie. Soek hy waarna Caleb soek? Beteken dit dat hulle nou teen tyd jaag om eerste die inligting oor sy pa te kry? Al wat hy weet, is dat hy nie nou gaan ophou nie.

’n Deurmekaar Mateo kom die kamer binne.

“Wat raas julle so?”

“My pa lewe dalk nog!” sing Caleb en klap hom hard op die skouer.

FREYA

Water stroom in Freya se keel af. Sy sluk en sluk, maar kan nie die oppervlak sien nie. Deur die troebel waas sien sy hande wat na haar uitstrek, maar sy kan nie sien wie s’n dit is nie. Hoe nader sy aan die hande swem, hoe verder trek hulle weg. ’n Geroggel vul haar ore. Dan besef sy dit is sy wat so maak.

Sy is onder ’n muur van water begrawe en kan nie uit nie!

Freya ruk uitasem wakker. Sy hyg toe sy regop sit. Dan sak sy verlig terug teen haar kussings. Sy het nie verdrink nie. Stadig haal sy asem.

Dan onthou sy wat gisteraand gebeur het. Miss wat haar belet het om verder saam met Caleb ondersoek in te stel oor sy pa. Vandag gaan hy seker sonder haar die koördinate soek.

Freya draai vies op haar sy.

Dis nie te sê sy kan niks doen nie. Sy het vrae van haar eie wat beantwoord moet word.

Vandag moet sy net in daai kamer kom! Dis waar háár antwoorde lê, daarvan is sy seker.

Die tyd op haar horlosie wys dis al ná agt! Miss het seker lankal gaan stap. Of sou sy so vroeg op ’n Saterdag stap?

Sy spring op. Sy trek aan en gaan soek na Miss.

Miskien is sy gelukkig en stap Miss dalk ver vandag. Dan kan sy nog gou die sleutel kry en die geheimsinnige kamer oopsluit.

Freya kry haar in die kombuis besig om ’n koppie tee te drink.

“Ek gaan die hoenders kos gee,” sê Miss. “Wil jy my kom help?”

Freya frons. Dis nie wat sy gehoop het om te doen nie. Sy sal buitendien nie genoeg tyd hê om in die kamer te snuffel terwyl Miss die hoenders kos gee nie. En ná gisteraand beter Freya in haar spore trap.

“Oukei,” antwoord sy en probeer nie teleurgesteld klink nie.

Sy het gedink Miss gaan nie met haar wil praat ná die wit huis episode nie. Sy was seker haar ma’s is al op pad terug om haar te kom haal.

Toe hulle buite kom, staan die labrador nie op nie. Haar stert waai net hartseer. Die ander twee honde hardloop en speel met mekaar. Iets in Freya breek vir die ou hond. Sy gaan buk en vryf haar kop.

“Haai, jong,” sê Freya. Die hond se oë helder effens op, maar sy bly lê.

“Sy is nou so oud. Ek moet haar eintlik laat uitsit, maar . . . ek kan dit nie oor my hart kry nie. Dit was Simon se hond. Sy is al wat ek van hom oor het.” Miss se gesig lyk uitgehol en moeg.

Daar skiet skielik trane in die ouer vrou se oë en Freya se hart krimp ineen.

Hoekom voel dit vanoggend of Miss handomkeer verander het?

“Kom, die hoenders wag,” sê Miss. “Blanche wil darem nie ’n saak maak nie. Sy gaan net beter slotte laat installeer en uiteindelik diefwering voor die vensters laat sit. Die skildery was glo nie iets werd nie.”

Freya knik dankbaar.

Miss stap ’n ander paadjie as wat Freya gisteroggend gestap het. By die hoenders voel sy met ’n bewende hand onder een van die henne. Maar vandag is daar nie een eier in die neste nie.

“Dis die weer,” sê Miss en beduie na die donker wolke wat weer dreigend oor Stormwater lê.

“O,” sê Freya.

Hulle gee die hoenders verder in stilte kos.

Freya by haar lip. Sy het so baie vrae. As sy maar net geweet het hoe om met Miss daaroor te praat! Sy wil weet of Miss werklik haar ouma is. Sy wil haar vra of sý die somer gaan verdrink. Is dit hoekom sy die droom ook gehad het?

“Ek glo nie die vrugteboord sal ooit weer lewe nie. Ek moet eintlik net die bome uithaal,” ruk Miss se stem haar terug.

Toe hulle verby die rose stap, sê Miss: “En die blessitse bokke vreet al die roosknoppe af.”

Freya gee ’n simpatieke laggie en hulle stap verder.

By die wit tuintonnel stap Miss voor. Sy pluk ’n paar tamaties en twee komkommers. ’n Bietjie aarbeie ook.

“Het julle blomme hier gekweek?” vra Freya.

“Ja. Simon het die mooiste orgideë gekweek. Hy het groen vingers gehad . . .”

Freya se hart mis ’n slag toe sy daaraan dink dat Simon dalk haar pa was. As sy maar net die moed kon bymekaarskraap om vir Miss daaroor te vra.

Toe Miss by die bome stop waar die twee stoele onderstebo lê, tel Freya hulle op en gaan sit op een. Miss huiwer eers, dan kom sit sy langs Freya. Verweerde windklokkies klingel ’n vals deuntjie.

“Hierdie was my en Simon se geselsplek,” sug Miss. “Ek praat vandag baie oor hom, jammer. Daar is so baie verlies in hierdie dorp. My verlange bly vanoggend na die oppervlak skiet. My gedagtes gaan die heeltyd na die dag dat Simon verdrink het.”

Freya se asem ruk.

Simon het verdrink?

Haar kop spin. Sy staan op en vryf oor haar voorkop. Dalk moet sy net vir Miss vra of sy haar ouma is en klaarkry. Maar dis nie wat Freya vra nie.

“Is dit Simon wat nie van spieëls hou nie?” kom dit eerder oor haar lippe.

Die kleur verdwyn skielik uit Miss se wange.

Sy draai na haar en knik. “Dis wat ek vir myself sê. Simon het dinge gedoen . . . ek wil graag glo dat hy ná sy dood homself nie in die spieël kan kyk nie. Dat hy innig spyt is oor wat hy gedoen het.”

Freya sluk. Is dit waarvan Iamanga gepraat het? Whatever can be used for good can be used for evil as well. “As ek mag vra, wat het hy gedoen?”

Miss sit haar hand op Freya se arm. “Dis nie iets waaroor ek praat nie. Dalk ’n ander dag,” sê sy sag en staan op.

Nog geheime! Wat is dit veronderstel om te beteken?

“Dis seker erg as jou enigste kind verdrink,” sê sy in die hoop om Miss aan die praat te hou. Miskien het Miss ook net iemand nodig om te luister. Sy kan net dink hoe stukkend haar ma’s se harte sal wees as sy iets moet oorkom. As sy verdrink . . .

Miss draai haar gesig weg. “Die snaaksste is, ek het nie eens geweet hy’s in Stormwater nie. Hier was nie bagasie van hom nie. Net sy liggaam het op die strand uitgespoel. Dit was asof hy iewers anders verdrink het en toe bring die see hom na my toe. Huis toe.”

Freya frons. Wat ’n vreemde stelling.

Sy waag nog een vraag: “Was wat hy gedoen het so erg dat hy deur Iamanga vervloek is?”

Die volgende oomblik begin Miss huil. Haar skouers ruk toe sy sonder ’n verdere woord wegstap.

Freya kry ’n knop in haar keel. Hoe kon sy so ’n ongevoelige vraag gevra het? Simon is Miss se kind en ’n ma bly ’n ma. Sy spring op om agter Miss

aan te hardloop.

In die huis slaan Miss se kamerdeur toe.

Freya staan vir ’n oomblik voor die toe deur toe sy aan iets dink. Sy haal haar foon uit en stuur vir Caleb ’n boodskap voor sy op haar bed gaan lê.

Sy haal diep asem en wag vir sy antwoord. Miss het nie gesê Caleb mag nie na haar toe kom nie. Sy hoop hierdie plan van haar help om Miss beter te laat voel en sommer ook om hulle uit die moeilikheid te kry oor gisteraand.

’n Uur later blaf die honde en die hekskarnier kondig aan dat daar mense is.

Hulle het gekom!

Deur haar kamervenster sien sy vir Caleb, Mateo en Ebert. Hulle staan in die erf. Sy beter vir hulle wys waar al die tuingereedskap is sodat hulle aan die werk kan spring.

Dan hoor sy voetstappe op die grondvloer.

Miss het uit haar kamer gekom.

Miss en Freya loop saam na buite.

“Voor Miss raas,” sê Freya. “Hulle kom my nie oplaai nie. Hulle gaan vandag hier spandeer. Ek het hulle soort van opgekommandeer om die bosse hier agter uit te sorteer. Om jammer te sê.”

Miss kyk vraend na Freya. “O. Goed,” sê sy.

“Dalk sommer ook in ruil vir Freya se vryheid,” sê Caleb en haal sy skouers op.

Miss trek haar oë op skrefies. “Hier is baie om te doen.”

“En ons is bereid om dit te doen,” sê Caleb.

“Ja, ek was nie eintlik bereid nie,” mompel Mateo.

“Maar ons help graag ons pel,” sê Ebert deur sy tande.

Miss knik.

Freya weet nie wat Caleb die ander belowe het nie, maar hulle het duidelik nog nie gesien hoe oorgroei die erf is nie.

Miss sluit die gereedskapskuur oop.

Gewapen met grawe, snoeiskêre, tuinvurke en harke vaar die ouens die bosse in, en Miss roep bevele. Freya gaan kruip weg in Miss en Simon se hoekie. Vandag is een van daai dae. Sy is moeg. Oormoeg. En haar lyf voel soos iets wat deur ’n pastamaker uitgerol is. Nie dat sy van plan is om dit te sê of te wys nie. Natuurlik flits die gedagte van die sleutel in haar agterkop soos ’n advertensiebord in Times Square. Oor en oor. Sy kan seker nou by die huis inglip en die sleutel kry, maar wat as Miss haar vang?

Later, toe Miss vir elkeen ’n glas koeldrank bring, kom soek Caleb na Freya.

“Hier kruip jy weg!” verklaar hy. Sy lag, want sy sit agteroor met haar voete op ’n stomp en haar lyf in ’n stoel weggesak. “Ek soek oral na jou.” Hy hou vir Freya ’n glas. Sy sit regop en vat dit by hom.

“Dankie. Ja. Ek slack vandag ’n bietjie. Ek het dit nodig.”

Caleb knik. “Ná gisteraand?”

“Ná alles wat sover gebeur het. Ek ken my lyf. Vandag is dit time out vir my. En kyk, nou mis ek nie uit op enige aksie nie,” sê sy.

In die verte dreun die branders, onbewus van alles wat die laaste ruk in Stormwater aangegaan het.

Caleb kom sit in die stoel langs haar.

“Hierdie is die plek waar Miss en Simon altyd kom sit het. Ek dink sy mis hom vandag,” sê Freya.

“Hy was ’n nice ou. Goed vir sy ma,” sê Caleb.

“Was hy?” Freya het nie bedoel om so verbaas te klink nie, dis net, ná wat Miss vanoggend gesê het . . .

“Ja. Hy en my pa het goed oor die weg gekom. Dis snaaks. Die hele dorp was geskok oor die feit dat Kaptein beweer het my pa se vliegtuig het hier geval en toe spoel Simon se lyk twee dae later net hier anderkant uit.”

Freya wil vir Caleb vertel wat Iamanga gesê het, maar sy kan steeds nie die woorde hardop sê nie.

Sy besluit om nie met Caleb te deel waaroor sy en Miss vanoggend gepraat het nie. Dalk is Miss verkeerd oor Simon. Dalk is Caleb?

“Is dit wat Anathi bedoel het toe sy gesê het daar het klaar twee mense verdrink?” vra sy eerder.

“Seker, maar as my pa nog lewe . . .” Caleb se gesig verander. Asof hy besef hy moes seker nie gepraat het oor iemand wat verdrink het nie.

Freya vat ’n sluk koeldrank.

“Vertel my van jou pa,” sê Freya.

“Hy was die coolste pa ooit.” Caleb sit terug. Sy hande bewe skielik in sy skoot. “Ek lyk soos hy. Hy en sy broer is in Oos-Londen gebore. Hulle het ook daar skoolgegaan. As gesin het hulle naweke en vakansies hier in Stormwater spandeer.”

Freya glimlag.

“Jy mis hom seker baie?”

“Ek doen, ja. Veral noudat ek weer terug is hier. Dis waar ek vakansies grootgeword het. Saam met my pa geduik en visgevang en skatte gesoek het. My lewe saam met hom was ’n avontuur.” Dan raak Caleb stil voor hy ernstig na haar kyk. “Freya, ek dink hy lewe dalk nog.”

Sy frons. Dit moet die skok wees wat hom so laat dink.

“Hoekom sê jy so? Was julle al intussen na die plek waarna die koördinate lei?”

“Nee. Dit gaan nou mal klink, maar die leidraad wat ek en jy in die skildery gekry het lei mos na die webblad.” Freya knik. “En drie weke ná sy verdwyning was daar ’n blogpost, met my oorlede oupa se naam as die skrywer. Net ek en my ma sou sy naam herken. Net ons sou weet . . .”

“So jy dink hy is hier iewers?” vra Freya. “En hy het vir jóú die leidrade weggesteek?”

“Hy kan enige plek wegkruip. Of wie ook al hom in die eerste plek dood wou hê, kon hom intussen al gekry het.” Stilte dryf tussen hulle. Vir ’n oomblik is dit net die druis van die see en die suis van die wind wat om hulle vou. “Ek moet myself keer om nie opgewonde te raak nie, maar dis moeilik.” Caleb blaas sy asem hard uit. “Die strand gaan besig wees vandag. Ná eergister wil ek nie aandag trek nie. Buitendien . . . ek het gehoop jy kan saamkom wanneer ons die koördinate volg.”

Sy sluk.

Hy wag vir haar?

“Oukei, ja, natuurlik.” Sy knik. “Maar eers moet ek verby Miss kom.”

Ure later is die paadjies oopgesny. Die vrugtebome is gesnoei en geënt. Vuilgoed is tussen die groente uitgehaal. Dooie takke wat te laag gehang het, is afgesaag.

Tot die hoenderhokke se stukkende drade is reggemaak.

“Julle was fluks,” sê Freya vir Caleb. “Dankie.”

“Julle is ongelooflik,” sê Miss.

“Ongelooflik genoeg dat Freya nou op parool is?” vra Ebert.

Freya byt ’n glimlag weg. Dit lyk of Caleb en sy pelle gaan pleit.

“Solank julle nie weer in ander mense se huise gaan snuffel nie,” blits Miss se woorde.

“Glad nie, beslis nie,” keer Caleb.

CALEB

Sondagmiddag is dit koud en winderig. Hulle hou by die hoofstrand se parkeerarea stil. Anathi sit al in haar kar en wag met al die honde. Dis hulle skans om in die aaklige weer te kom stap.

Daar is net nog twee ander motors. Caleb het eintlik gehoop in dié weer sal hier niemand wees nie.

Op die rotse staan ’n visserman. Die eienaar van die ander motor is nêrens te sien nie.

Caleb weet nie wie mal genoeg sal wees om in dié onweer te gaan stap as dit nie nodig is nie, want dit voel of die wind hulle sommer sal skep en soos ’n vlieër die grou wolke inpluk.

Dit lyk of die visserman ook moed opgee, want hy katrol sy lyn in en begin tydsaam sy vissak pak.

“So waarnatoe gaan ons?” vra Freya.

“Die meerminpoel.” Caleb beduie na die rotse ver voor hulle.

Die honde ruik en snuffel aan alles. Arme Anathi. Dit lyk of elkeen in ’n eie rigting wil hardloop.

“Het jy vir Caleb vertel my ma-hulle het ons saamgesleep om daar te gaan ronddryf nou die dag,” spot Anathi met ’n kopknik na Freya.

“Dit was heel lekker,” verdedig Freya met ’n laggie.

“As jy soos ’n kurkprop wil rond dobber en nie van water in jou gesig hou nie, ja,” grinnik Caleb.

“Ek gee nie om vir water in my gesig nie, inteendeel, ek hou daarvan,” sê Freya.

“Ek sal dit onthou wanneer ek jou leer vryduik,” sê Caleb laggend terwyl hulle aanstap. Teen dié wind vat dit ekstra energie om vorentoe te beweeg.

“Jy gaan vir Freya leer vryduik?” vra Mateo.

“Ek gaan.”

“Cool. Dis moeilik,” sê Mateo. “Voel of jou longe wil explode.” Hy tel ’n klip op en plons dit in die vlak branders om sy punt te bewys.

“Klink soos tweehonderd lengtes in ’n gala-swembad,” sê Freya. Vandag het sy weer haar stapstok saamgebring. Gelukkig, want in die wind lyk dit of sy dit nodig het. Die punt van die stok knars op die fyngemaalde skulpe waarop hulle trap.

“Dis ’n entjie se stap,” sê Caleb. Hy beduie met sy kop. “Sal jy oukei wees?”

Freya vryf oor haar arms. “Ek hoop so.”

Queenie rem aan haar leiband en dit draai om Anathi se bene.

“Hierdie kant toe, Queenie!” raas Anathi. “Jammer. Queenie is ’n regte drama queen vandag. Sy’s nie lus vir die wind nie.”

Toe Mateo haar leiband wil vat, knor Queenie vir hom. Hy lig sy hande en tree agteruit. “Jammer!” sê hy laggend.

“Soos ek sê, drama queen. Net ek mag met haar gaan stap.”

“Wat presies makeer jou?” vra Ebert vir Freya. “As ek mag vra.” Hy lig sy skouers verskonend.

“Ek het ’n jaar gelede ’n virus opgedoen. My lyf wou net nie herstel nie. En van toe af was dit ’n slippery slope.”

“Wat is jou diagnose?”

Freya lag. “Myalgic encephalomyelitis. Dit klink soos iets uit ’n futuristiese film, ek weet. Makliker naam is kroniese moegheidsindroom.”

“Dit klink soos ’n doodsvonnis,” sê Mateo.

“Dit kan hoofsaaklik net beheer word. In enkele gevalle het mense wel volkome genees. Pasiënte soos ek is dokters se nagmerrie. Dis mal siklusse van gesonder, relapse, gesonder, relapse.”

Mateo kyk twyfelagtig na Caleb.

“Hoe voel dit presies?” vra Anathi. Caleb wonder of sy nou al vir Freya glo.

Freya sluk. “In die oggend nadat ek ’n hele nag geslaap het, voel dit of ek uit narkose wakker word. My hele lyf voel of ek iemand se slaansak was. Alles is styf en seer. Ek wil nog so baie doen, en nou . . . Ek was altyd lief vir swem,” sê sy.

“Nou sien jy nie meer kans daarvoor nie?” vra Ebert.

“Fisiese oefening sit my soms ’n paar dae terug. Ek wou so graag eendag aan die Olimpiese Spele deelneem. Toe word ek siek net voor Nasionaal. Ek was ’n goeie swemmer.”

“Ek is jammer,” sê hy.

“Dis oukei. ’n Mens leer om daarmee saam te leef. Ek dink die ergste vir my is net dat mense na aan jou regtig dink jy sal eendag gesond word. Asof dit jou keuse is om siek te bly.”

Hulle loop al met die strand langs, in die rigting van die meerminpoel. Caleb glimlag toe hulle verby die rots loop wat altyd vir hom as kind soos ’n dinosouruspoot gelyk het. Hy vergeet soms hoe lief hy ook vir die plek is. Nes sy pa.

Caleb se foon vibreer. Hy kyk na die skerm. Dis nog ’n boodskap van sy oom. Hy het steeds nie sy oom se vorige boodskap oopgemaak nie. Daar is

al ’n hele klomp missed calls ook van hom.

Vies druk hy die foon in sy broeksak.

Die golwe slaan en bruis teen die rotsbank wat keer dat branders die meerminpoel binnespoel. Sy pa het altyd gespot en gesê Atlantis was eintlik sommer net hier by Stormwater.

Freya buk en tel ’n skulpie op.

Caleb vat haar hand om daarna te kyk.

“Nerita Albicillia.” Hy vou weer haar palm toe. “Ken jy die mite van die skulpie?”

“Glad nie. Dis net vir my mooi,” sê Freya.

“Die storie vertel daar is ’n beeldskone skulpie wat gebore word waar die water op sy suiwerste is. Nereus, die seegod en Doris, die dogter van Oceanus, het vyftig dogters, die Nereïdes, gehad. Hulle het net een seun gekry. Sy naam was Neriet. Hy was die mooiste van al die mense en gode.”

“Oe,” koer Anathi. Mateo maak verspot ’n muscle. Die ander lag.

“Tot Aphrodite was verlief op die arme ou. Sy het gevra dat Neriet saam met haar na Berg Olympus moet gaan. Maar Neriet wou by sy familie bly. Sy kon hom nie eens met ’n paar vlerke omkoop nie,” praat Caleb verder.

“Ek sal nie nee sê vir ’n paar vlerke nie!” lag Ebert en sterk sy arms wyd oop.

“Toe verander sy hom in ’n seeslak!” sê Caleb. “In nog ’n weergawe was Poseidon verlief op Neriet. Helios, die songod was jaloers op die tweetjies en toe het hy vir Neriet in ’n seeslak verander.”

“Shame, arme Neriet,” lag Freya. “Wel, hy is cute.” Sy kyk weer na die klein swart-en-wit skulpie in haar palm voor sy dit in haar broeksak druk.

Mateo het ’n lang dryfhouttak opgetel. Hy gebruik dit nou as ’n stapstok.

Freya glimlag toe sy dit sien.

“Hier is ons,” sê Caleb toe hulle uiteindelik voor die poel staan. Dit is minder indrukwekkend as wat hy onthou, maar dit is tans laagwater en die swemplek baie vlak.

Caleb gaan na Google Maps om te kyk of hulle nog op die regte spoor is.

Toe hy opkyk, sien hy drie mans van voor aankom. Is dit hulle kar wat in die parkeerarea staan? Hulle kom uit Drie Susters se rigting gestap. Dis hoekom Caleb hulle nie netnou gesien het nie. As jy net ’n paar meter om die draai stap vanwaar hulle nou is, is jy weggesteek vir die wêreld.

Wat hom opval is hoe uit plek hulle lyk. Wie kom stap so ver met ontwerpersjeans en T-hemde? Dis somer en dis nie hoe vakansiegangers hier aantrek as hulle die paar kilometer se stap aandurf nie. En in die wind?

Soek hulle waarna Caleb-hulle ook soek? ’n Koue rilling kom oor Caleb. As dit so is, kan een van die mans die inbreker van nou die nag wees. Hy sal hulle mos herken!

Een ou roep die ander twee nader. Hy beduie na die rotse, strand en duine.

Die ou lyk ongemaklik toe hy Caleb-hulle opmerk. Hy laat sak sy hand en staar na hulle. Dan knik hy. Die mans verdeel en stap in verskillende rigtings.

Een van hulle begin oor Boulders se ongemaklike rotse loop. Locals het die plek so gedoop omdat die klippe so groot soos kanonkoeëls is en soos oor ’n slagveld gesaai lê.

Hy wonder waarna die mans soek, want hulle kyk onder en tussen die rotse.

“Ek het gehoop hier sal niemand wees nie. Om op ’n goeie dag hier tussen die duine rond te jol is minder suspisieus as op ’n dag soos vandag,” sê Caleb.

Hy blaas sy asem uit.

Hy het so gehoop hulle kan nou soek waarna sy pa wou hê hulle moet soek, maar hoe sal dit lyk as hulle nou skielik hier begin gate grou?

En as die mans ook op soek is na sy pa se geheim, sal hulle die ouens presies daarnatoe lei.

Toe een van die mans verby Caleb loop, kyk hy hom in die oë. Queenie gaan aan die blaf en dit sit die ander kleiner brakke ook aan die blaf. Hulle ruk aan hulle leibande in die man se rigting.

“Stop dit, Queenie!” raas Anathi.

Die man groet nie soos vakansiegangers gewoonlik doen nie, hy loop net met ’n strak gesig verby hulle.

Links is die see en regs die duine waarheen die koördinate lei.

Caleb se hart voel of dit gaan staan toe een van die mans tussen die twee duine in verdwyn. Dit is presies waarheen sy pa se koördinate wys hulle moet gaan!

Sy bene voel of dit wil meegee.

Het hulle ook die koördinate?

Hy moet iets doen! As iemand sy pa se volgende leidraad voor hom kry, sal hy homself nooit vergewe nie.

Die wind ween om hulle. Arme Freya se hare pluk uit haar poniestert en klou aan haar gesig. Sand slaan hulle bene.

“Ek race jou tot bo-op daai duin, Ebert!” roep Caleb en begin hardloop. Sy asem jaag toe hy bo kom, maar van hier het hy ’n goeie uitsig.

Met gevoude arms staar Caleb na die man tussen die duine. En vir ’n oomblik lyk dit of hy teruggluur. Hy het seker nie ’n clue waar hy staan nie. Die Khoisan-ashope is honderde jare oud. As Caleb reg is, lei die koördinate hom na ’n rots waar sy pa vir hom as kind soms skatte begrawe

het. Dis of die boodskap net vir hom bedoel is. Net jammer hy sal eers môre kan uitvind wat die boodskap is.

Toe Anathi skielik lag en gil, skrik Caleb homself koud. Dis Mateo wat haar met ’n stuk uitgespoelde jellievis rondjaag.

“Mateo, darem,” sê Caleb vir Ebert wat hom intussen ingehaal het. “Kom ons waai. Ek dink nie hierdie ouens is seker waarna hulle soek nie, en soos ek my pa ken, het hy dit nie ooglopend weggesteek nie. Ek dink ons is oukei.”

“Ja, hulle lyk verdag, nè?” sê Ebert.

Caleb knik.

Toe hulle onder kom gaan staan hy by Freya. Sy het op ’n rots gaan sit met haar bene teen haar lyf opgetrek.

“Die mans gee my die creeps,” sê sy. “Een van hulle kan die inbreker wees.”

“Miskien,” sê Caleb.

“Kom ons vind uit waarna hulle soek,” sê Mateo.

Skielik skiet Mateo om en pyl reg op die man naaste aan hulle af.

“Wat dink Mateo doen hy nou?” fluister Caleb. “Verdomp.”

“Ek sal gaan hoor,” sê Ebert.

Caleb loop ook nader. Sy pel is soms maar ’n los kanon.

“Haai, dit lyk of julle iets verloor het,” sê Mateo op sy koel manier. “Was dit ’n selfoon of ’n beursie, of iets?” vra hy. “Ons kan help soek?”

Die man staan skielik stil.

“Nee, dankie,” sê hy en grinnik. “Ons kom kyk sommer na die visvangplek.” Daar’s nie vis tussen die duine nie, wil Caleb sê.

Hulle lyk beslis nie soos vissermanne nie.

Die man fluit en wuif die ander mans nader. Hy beduie na hulle motor en die drie begin aanstap parkeerarea toe.

“Wat doen ons nou?” vra Ebert.

“Ek vertrou nie daai drie nie. Iets is af aan hulle,” sê Freya.

“Dink jy hulle het ook die koördinate gehad?” vra Anathi.

“Nee, dan sou hulle op die presiese plek gesoek het, dink ek,” sê Caleb. “Ek dink hulle gryp na strooihalms. Dis hoekom ek nie wil hê hulle moet snuf in die neus kry nie. Ons kan nie nou daar gaan grawe nie.”

“Grawe?” vra Freya.

“Ja, daar tussen die duine. Dis waarheen die koördinate lei.”

“Dan kom ons vanaand terug,” sê Ebert.

“Ek glo nie Miss sal my weer in die aand laat uitgaan nie,” sê Freya.

“Sy hoef mos nie te weet nie,” sê Mateo oor sy skouer. Hy buk voor Freya. “Klim,” sê hy. “Ons drie sal beurte maak om jou te abba. Dan hoef jy nie terug te loop nie.”

Caleb trek sy hande deur sy hare. Hoekom het hy nie daaraan gedink nie!

“Uhm . . . oukei,” sê Freya en klim op Mateo se rug.

Caleb pluk geïrriteerd aan sy T-hemp toe Mateo iets sê wat Freya laat lag. Vir wat weet hy nie.

Soos dit vir hom lyk moet Mateo eerder vir Anathi met die honde help. Vandag stap die honde met haar en nie sy met hulle nie. Hulle is duidelik

nie lus vir die weer nie en wil net terug kar toe.

“Ek loop solank vooruit!” roep Anathi oor haar skouer. “Die klomp begin nou knorrig raak. Sien julle môre!”

“Cool, sien jou môre!” roep Caleb.

“Jy kan my maar neersit, faithful steed,” sê Freya. “Ek weet jy wil saam met haar gaan.” Sy klop Mateo op die skouer.

“Meer soos faithful stud,” terg Mateo. Hy sit Freya op die sagte sand neer. “Jou beurt,” sê hy vir Caleb. “Jy kan my later bedank.”

Caleb probeer om nie te glimlag nie.

Mateo draf om by Anathi aan te sluit. Toe hy langs haar stop, glimlag Anathi in haar skik.

“Mateo is laf,” sê Caleb skaam vir Freya. Hoekom voel hy nou skielik ongemaklik? Dis Mateo se simpel opmerking, besef hy. Dan buk hy sodat Freya op sy rug kan klim. “Your Uber awaits,” terg hy. Onsekerheid flits oor Freya se gesig. “Die wind gaan net erger raak,” sê Caleb. Dit gaan nie oor die wind nie. Dit gaan oor die donker kringe onder haar oë en haar bleek vel. Hy kan sien die laaste paar dae is besig om hulle tol te eis.

“Oukei, dankie,” aanvaar sy uiteindelik die aanbod. Caleb dra haar stapstok.

Haar arms wat skielik om sy nek gly en haar bene om sy middel laat Caleb sy asem intrek. Nie omdat sy swaar is nie, nee, sy is so lig soos ’n veertjie, maar omdat sy nou so ongelooflik naby aan hom is.

Caleb kom regop en begin met Freya op sy rug loop.

Iewers agter hulle drentel Ebert rustig aan. Hy stop om alles af te neem. Elke skulp, veer en rots is ’n fotogeleentheid.

’n Vreemde stilte kom lê tussen Caleb en Freya. Dis net die wind en die see wat nou skel. Freya leun nie styf teen Caleb se rug nie. Asof sy versigtig is om nader as wat nodig is aan hom te kom.

Skielik gaan die honde mal. Caleb se kop ruk op. Die honde beur aan hulle halsbande en Anathi sukkel om hulle te beheer. Sy en Mateo skreeu op hulle, maar hulle luister nie en ruk los. Dan hardloop hulle na iets tussen die rotse.

Die stilte tussen Caleb en Freya word deur ’n gil verbreek.

“Dis Anathi!” sê Freya.

Anathi is op die rotse saam met die honde. Dan beur sy vooroor en Caleb kan sien sy braak.

Mateo sit sy hand op haar rug terwyl hy sy neus toedruk.

Dit kan nie goed wees nie.

“O, magtig,” sê Ebert toe hy verby Caleb en Freya draf.

“Dis seker net ’n dooie rob of seemeeu, of iets,” sê Caleb. Maar hy is nie so seker daarvan nie. Vir iemand soos Anathi wat by die see bly, is dit normaal om soms dooie seediere te sien.

Caleb sit Freya neer en gee vir haar haar loopstok. “Ek beter gaan kyk,” sê hy.

“Hardloop,” sê Freya.

“Wat gaan aan?” vra Caleb toe hy en Ebert by Anathi en Mateo aankom. Dan sien hy wat hulle gesien het.

“Ag nee, hel.” Dis Ebert wat nou wegdraai.

Caleb is ook skielik naar. Hy kyk weg van die aaklige toneel.

Dis iets wat hy gehoop het hy nooit sal sien nie.

Opgeblaas en besig om te ontbind, lê ’n liggaam in die vlak water.

Caleb se binnegoed voel of dit tussen die branders deur die see verrinneweer is. Is dit sy pa? Hy het so vinnig weggekyk. Maar sy pa kan seker nie ná twee maande meer so lyk nie?

“Ek sal die polisie bel,” sê Ebert.

Mateo sit sy arms om Anathi se skouers. Hy lei haar weg en gaan maak die honde in die kar toe.

“Moet liewer nie kyk nie,” keer Caleb vir Freya toe sy amper by hulle is. Sy is die laaste persoon wat dit moet sien. Anders glo sy dalk nog meer in die vloek.

Kalm verduidelik hy vir haar van die ontbinde liggaam wat anderkant die rotse lê.

Freya knik.

“Dink jy dis waarna die mans op soek was?” vra Freya.

“Ek weet nie.”

Sy sak neer op een van die groot klippe. “Kan dit jou pa wees?”

“Dalk,” antwoord Caleb en draai teensinnig terug om weer vinnig te kyk. “Of dalk nie. Ek weet nie hoe lank of hoe gou ’n mens in die see ontbind nie, maar my pa sal nooit so ’n hoodie dra nie. Dit weet ek.” Uit die bietjie wat van die klere oor is, kan Caleb sien die persoon dra ’n swart Metallica hoodie met die Grim Reaper op die rug. Die denim is laag oor die persoon se heupe. Die klere span oor die geswelde lyf. Dan sien hy die winkelhaak wat uit die hoodie geskeur is. Die ou wat hulle in die huis betrap het, het sy hoodie geskeur toe hy oor die heining gespring het. Is dit die ou? En dis wat van hom geword het? Caleb rol sy skouers om van die spanning ontslae te raak.

Daar’s ook nie skoene aan die persoon se voete nie. Hy lê op sy maag en die blouswart vingers lyk of iets daaraan gekou het.

“Daar’s ’n hap uit die ou se hoodie geskeur,” fluister hy vir Freya.

“Dink jy dis die inbreker?”

“Kan wees.”

Caleb kyk of hy nog mense sien.

In die parkeerarea is die kar van vroeër en die drie mans nou weg.

Caleb, Freya en die ander staan eenkant by die kar om die reuk te probeer ontsnap. Die man moes uitgespoel het toe hulle doer by Boulders getrek het, want hulle sou dit nie vroeër kon mis nie.

Ná ’n uur daag die polisie uiteindelik op. Hulle span die strand met geel misdaadlint af om nuuskieriges van die toneel weg te hou.

Caleb weet nie hoe die nuus so vinnig versprei het nie, maar hier is nou al ’n redelike klomp mense. Roland het al sy dae om die nuuskieriges te keer om foto’s te neem.

Miss en Lily kom ook aangestap.

“Ons het bekommerd begin raak toe jy nie huis toe kom nie,” sê Miss vir Freya.

“Wat gaan aan?” vra Lily.

Caleb beduie met sy kop na die dooie man waaroor klein branders steeds spoel.

“Iemand het verdrink,” sê hy.

Miss sit haar hand oor haar hart. “Ag nee,” sê sy. “Ek wil dit nie sien nie. Kom ons gaan liewer.”

“Natuurlik,” sê Lily en sit haar arm om Miss se skouer. Om vir Simon so te verloor het moes seker vir Miss hel gewees het.

Toe Freya bly sit, kyk Lily na haar. “Ek dink Miss bedoel jy ook, juffroutjie.” Daar is iets koels aan Lily se stemtoon. Dit lyk of sy haar

vingers gaan klap as Freya nie nou dadelik opstaan nie.

“O, uhm . . .” sê Freya. Sy kyk na Caleb.

“Lily is reg,” sê Miss. “Kom jy ook liewer.”

Caleb knik.

“Dan sien ek jou seker môre,” sê Freya.

“Dis reg. Ek laat weet jou.”

Caleb stap weer nader en kyk hoe die speurders hulle werk doen. Hulle voel in die persoon se sakke en kry ’n beursie.

“Dit was nie ’n roof as die persoon nog ’n beursie het nie,” fluister Ebert.

Anathi en die opgewonde honde het ook nou gery.

Nadat die forensiese span foto’s geneem het, draai hulle die man om.

Caleb hou sy asem op.

Die persoon se gesig is onherkenbaar, maar op sy geswelde nek herken Caleb die verwronge tatoeëermerk van ’n arend met een vlerk wat tot onder die man se oor strek.

Een ding is seker, hy is besig om met vuur te speel. Nes sy pa. Almal het hom gewaarsku en as die man wat nou hier in die nat sand lê dit kon oorkom, kan hy seker ook.

Dis waaraan hy dink toe hy in Le Roux Uys, die speurder wat hy en sy ma gehuur het, se lewelose oë staar. Was dit hy nou die aand in daardie huis?

Caleb ruk toe sy foon in sy broeksak vibreer.

Hy haal dit uit en kyk na die boodskap.

Dis van sy ma.

Het sy die nuus gehoor?

Nee, nou is hy mal. Die arme man lê nog hier op die nat sand. Sy naasbestaandes moet nog in kennis gestel word.

Caleb voel naar. Dis te danke aan hom en sy ma dat die man nou ook dood is.

Dan skud hy sy kop. Nee, dis omdat hy waarskynlik Karel Meyer se geheim uitgevind het. Daarvoor moes hy ook met sy lewe boet. Of het hy al die tyd saam met die skuldiges gewerk? Is dit wat met hom en sy vriende gaan gebeur as hulle die waarheid uitvind? Moet hy sy oom se waarskuwings kop toe vat? Hy wil nie nou dink aan die twee onoopgemaakte boodskappe van hom nie.

Caleb moet die boodskap van sy ma twee keer lees om sin daarvan te maak.

Sy ma gaan Citrusdal toe vir ’n paar dae?

Caleb se mond is skielik droog. Weet sy dit is vanwaar sy pa opgestyg het? Hy hoop nie sy is besig met ’n ondersoek van haar eie nie. Wat anders sal sy in Citrusdal van alle plekke gaan maak?

Hy bel dadelik sy ma om uit te vis.

“Caleb, hi,” antwoord sy.

“Hallo, Ma. Ek dog ek hoor gou hoe dit gaan,” jok hy.

“Ag jong. Oukei vandag, maar ná die nuus dat hulle jou pa se vliegtuig gekry het, is ek maar van vooraf hartseer.” Caleb sluk. Hy moet seker gemaak het sy ma is oukei, maar hy is so besig met alles wat hier aangaan. Mense is nie altyd so sterk soos wat hulle voorkom nie. “Het jy my boodskap gekry?” vra sy.

“Ja, ek het. Uhm . . . wat is in Citrusdal?” vra hy. Sy hart jaag toe hy vir haar antwoord wag.

“Jy ken mos vir tannie Cathy?”

Hy blaai deur die lêers in sy brein, maar die naam lui nie ’n klokkie nie. “Nee, wie’s dit?” vra hy.

“Ja, man. Sy’s getroud met prof Tinus. Onthou jy nie? Ons was nog op hulle troue? Hy was jou pa se baas voor alles gebeur het.”

Professor Tinus Krige! Hoekom het Caleb dit nie vroeër onthou nie? Hy is die direkteur van die fakulteit Oseanografie waar sy pa klas gegee het.

“O, ja . . . nou onthou ek,” sê hy. “Wat gaan Ma daar maak?”

“Hulle het ’n rooibosteeplaas in Citrusdal. Sy vrou het my vir die week genooi en toe dink ek hoekom nie? Jy’s reg. Ek het ook ’n breek nodig. Dit sal my goed doen. Baie wyn en baie bederf! Tinus is glo nie meer by die universiteit nie. Hy het nou ’n nuwe werk.”

“O, waar werk hy nou?” vra Caleb. Toe die polisie prof Tinus ondervra het, het hy niks oor Caleb se pa se verdwyning geweet nie.

“Ag, ek is nie seker nie,” sê sy ma. “Iets by die departement van omgewingsake, bosbou en visserye.” Caleb word yskoud. Hy hoop nie sy voorstel vir sy ma om bietjie weg te kom het haar nou in meer gevaar gestel nie. Het prof Tinus dalk iets met sy pa se verdwyning te doen?

As dit vanaf hulle plaas is waar sy pa opgestyg het, hoekom dit vir die polisie wegsteek?

Sou prof Tinus iets aan sy pa se vliegtuig kon doen?

Caleb druk sy los hand in sy hare terwyl hy die foon stywer teen sy oor vasdruk.

Carina Ross het gesê sy pa het ’n afspraak gehad met die minister van omgewingsake, bosbou en visserye, die dag dat hy nooit hier aangekom het nie.

Hoe kan hy nou vir sy ma sê sy moet liewer daar wegbly? Dat Le Roux Uys ook dood is. Hy wil vir haar sê sy moet liewer by die huis bly, maar dan sal sy ma gevaarligte sien flikker. Soos hy nou voel wil hy alles opgee. Eerder

nie weet wat sy pa geweet het nie. Hy stel net almal om hom se lewens in gevaar. Maar hy weet ook dis nie wat hy gaan doen nie. Hy móét net uitvind wat met sy pa gebeur het. Vir almal wat nou al met hulle lewens betaal het.

“Baai, Ma, veilig wees,” sê Caleb en sluk. “En hou maar liewer by rooibostee. Lief vir Ma. Laat weet my elke dag of Ma oukei is.” As sy ook iets moet oorkom . . .

Nou sal hy vir Tinus Krige ook moet kontak om uit te vind of hy dalk iets weet. Hoe hy dit gaan doen sonder om sy ma snuf in die neus te gee, weet hy nie.

Toe sy foon weer vibreer, vries hy.

Jy is volgende, staan op die skerm.

Kopseer hamer skielik agter sy oë en hy voel duiselig.

Die boodskap is van ’n verskuilde nommer.

Toe Caleb opkyk, gaan sy oë oor die skare mense wat na die toneel kyk. Sy blik stop by wilde oë wat reguit na hom kyk. Billy Boomslang gluur hom aan. Dan draai hy om en stap weg.

FREYA

Ná twaalf kry Freya die boodskap van Caleb.

Ek het van plan verander. Dink nie jy moet saamkom nie. Ek en die ouens gaan alleen die koördinate volg. Ek hou jou op hoogte.

Freya sit regop. Dis seker oor wat hulle vandag op die strand gesien het, wat Caleb van plan laat verander het.

Jy bedoel ek mag nie saam kom nie? tik sy huiwerig.

Dis gevaarlik. Ons gaan roei in die donker. Netnou loop ons ons teen poachers vas.

Se voet! Kry my oor 10 minute op die hoek.

Wat as ons vinnig moet wegkom?

Ek gaan nie nou uitchicken nie. 10 minute.

Is jy altyd so hardkoppig?

Ja

Freya staan op.

Sy ignoreer die pyn wat soos tentakels onder haar vel kriewel. Ook die stem in haar kop wat sê dat hierdie nie ’n goeie idee is nie. Eintlik moet sy glad nie nou uitgaan nie. Vanmiddag se stap het haar energie getap. Die limfkliere onder haar arms het ook vroeër vanaand begin klop. Sy het net ekstra vitamines gesluk en haarself probeer oortuig sy’s nie besig om ’n flare te kry nie. Hierdie soektog na die volgende clue sal sy vir niks mis nie.

Sy trek haar sneakers aan, maak haar hare vas en trek ’n kortbroek, T-hemp en hoodie aan.

Haar kamerdeur kraak toe sy dit oopmaak. Freya besef sy het nie die plan mooi deurdink nie. Hoe op aarde gaan sy die houttrappe na onder klim en oor die houtvloere loop sonder dat Miss haar hoor? Om nie te praat van die honde wat voor die deur lê nie.

Sy trek weer haar sneakers uit en hou hulle in haar hand.

Met elke kraak van die vloer voel dit of Freya se longe wil toetrek. Elke paar treë staan sy eers stil om seker te maak Miss snork nog.

Wat sal Miss doen as sy haar vang uitglip?

Sy hoop nie sy hoef uit te vind nie.

Freya sluk toe sy naby Miss se kamerdeur is. Skielik vibreer haar foon in haar broeksak. Sy pluk dit vinnig uit om dit stil te maak.

Nou, van alle tye, probeer Daniela haar bel! Haar ma’s weet hoe sleg sy slaap, dis seker hoekom sy dink Freya sal antwoord.

Freya druk die foon dood en sit die klank heeltemal af.

Agter die toe deur is Miss se gesnork skielik stil.

Sy hou haar asem op.

Toe Freya weer die ritmiese asemhaling kan hoor, sluip sy verby die kamer. Sy blaas haar asem sag uit toe sy uiteindelik die kombuis haal.

In die yskas vat sy drie rooiworsies vir die honde. Hopelik sal dit hulle stil hou tot sy by die hek uit is.

Langs die skuifdeur vat sy haar stapstok. Die skuifdeur is nie gesluit toe sy dit oopskuif nie.

Buite gooi sy vinnig vir die honde die worsies en loop na die hek toe. Sy stoot die hek op ’n skrefie oop sodat sy net-net kan deurglip. Sy is bang die honde kom uit. In die straat trek sy haar sneakers weer aan.

Bome in die donker lyk baie anders as bedags. Asof hulle lewe kry.

Freya vou haar arms om haar lyf. Sy moet darem net tot by die hoek loop.

Die lug ruik na nat grond ná die reën. Die wind waai liggies deur die bome se blare en klink soos ’n sug. Van agter voel Freya oë op haar nek. Sy kyk rond om seker te maak sy is alleen. Daar’s niemand nie. Net ’n kat wat op ’n muur sit en na haar staar. Toe hy sien sy kyk na hom, spring hy af en verdwyn by die erf in.

Sy loop vinniger. Freya is verlig toe sy na links draai en Caleb se kar in die donker sien.

“Dis nag en jy het nie jou pajamas aan nie,” terg hy toe sy in die kar klim.

Freya lag en rol kamma haar oë.

“Wat ons nie alles vir Caleb sal doen nie,” sug Ebert. Hy en Mateo sit agter.

Anathi is nie vanaand by nie.

Toe hulle ry, sit Caleb nie die kar se ligte aan nie.

Hy vat ’n afdraai na links.

Dis nie die pad na die hoofstrand nie, maar waar hulle met die boot in die see in is nou die dag.

“Ons gaan die kar hier los en roei tot daar,” sê Caleb toe hulle by ’n verlate stuk grond stilhou.

Mateo spring eerste uit en maak die deur vir Freya oop. Voor sy nog vir hom ’n dankie kan knik, staan hy al ’n paar treë voor die kar in die donker en wag, sy hande diep in sy hoodie se sakke.

Caleb kom na haar kant geloop. Hy vat haar aan haar elmboë. “Ek wou vrek graag hê jy moes by wees as ons die koördinate volg, maar ek weet nie, Freya. Dis nag en dis gevaarlik. Is jy doodseker jy wil saamkom? Ek wil nie hê mense moet weet waar ons is nie, want . . . die lyk op die strand vandag . . .”

“Was dit . . .” begin Freya vra maar kry nie die woorde uit nie.

Caleb maak sy oë vir ’n oomblik toe. “Dit was die privaat speurder wat ons gehuur het.”

Freya trek haar asem skerp in. “Oor jou pa? En nou is hy dood?”

Caleb knik. “As jy nie meer wil help met die ondersoek nie, sal ek verstaan.”

Sy skud haar kop. Sy het gesê sy wil help en sy gaan. “Nee. Ek help. Ek wil,” sê sy.

“Goed dan, Nancy Drew,” sê Caleb. “Daar’s niks om voor bang te wees op ’n kajak nie.” Sy glimlag lyk ligter. “Dan is ek bly jy kom saam.”

“Nou waar’s die kamstige kajak?” vra Ebert en vou sy arms.

“Daarso,” beduie Caleb na ’n wit huisie met ’n stoep aan die oorkant van die droë mond. “Oom Altie gee nie om as mense hier rond sy kajakke gebruik nie. Dit was drie jaar gelede die geval. Kom ons hoop dis nog so.”

“Een inbraak is een te veel,” keer Freya. “Miss kry ’n oorval . . .”

“Miss sal nie weet nie en ons sit dit mos weer terug wanneer ons klaar is,” sê Caleb. “Dan hoef jy ook nie so ver te loop nie . . .”

“Famous last words,” snork Freya.

Caleb loop voor want hy ken die pad. Hy hou sy selfoon se flitslig aan al is die maan ook helder, asof hy wil seker maak Freya struikel nie oor iets nie. Haar voete sak weg in die los seesand. Die paadjie is nou en kronkel tussen riete deur.

By die huisie stap hulle so sag as moontlik om die hoek na agter. Caleb vat die wit en blou kajak en twee spane wat teen die muur staan. “Dra julle die kajakke, ons bring die spane,” sê hy vir Mateo en Ebert.

“Ek dra agter,” sê Mateo.

Asof hulle dit al honderd keer gedoen het, vat Ebert en Mateo die handvatsel van ’n kajak in elke hand. Mateo agter en Ebert voor.

Toe Freya twee spane wil vat, keer Caleb haar.

“Ek het dit,” sê hy.

“Pasop net in die donker dat julle voete nie aan die seeplakkies se lang stingels vashaak nie,” sê Caleb.

Net toe hy dit sê struikel Ebert vorentoe. Betyds kry hy weer sy balans. Dié keer lig hy sy voet oor die lang kronkelende stingel waaraan dit vasgehaak het.

“En dis hoekom ek agter dra. Sodat jy eerste kan face plant in die donker,” lag Mateo.

Enkeldiep in die water sit hulle die kajakke neer.

“Ag nee, goeie dinges!” sis Mateo. “Die water is blerrie vriesend.”

“Waar is Anathi nou om jou warm te hou,” snorklag Ebert.

“Vra dit,” sê Mateo.

“Verskoon tog net die twee. Hulle gaan aan soos ou getroudes,” fluister Caleb. Hy haal ’n waterdigte selfoonsakkie uit sy sak en sit sy foon daarin. Dan druk hy dit terug onder sy T-hemp. Hy hou ’n kajak stil sodat Freya kan inklim. Toe Freya sit, gee hy die boot ’n stoot en spring agter haar in.

In Freya se gedagtes skiet Iamanga se gesig weer voor haar op. Die swart letters op die kafee se muur ook. Voer die vloek. Sy klou die kante van die kajak stywer vas. Haar maag draai. Caleb worry oor die poachers, maar wat

van die vloek? Hoe kon sy daarvan vergeet het? “Ons is mal, weet jy dit?” sê sy. “As ons verdrink gaan niemand weet waar ons is nie.”

Mateo kyk na haar en frons. Freya kyk weg.

“Gaan jy nou ophou om in die stupid vloek te glo,” sug Caleb.

Freya dink aan haar droom van die vorige nag. Dit gee haar van vooraf rillings. En nou dra hulle nie eens reddingsbaadjies nie.

“Nee, dis net . . . Ek het nog nooit in my lewe geroei nie,” sê sy eerder.

“Jy kan net chill. Ek sal alles doen.”

“Oukei,” sê Freya en blaas haar opgehoue asem uit. “Ek is chill. Ek is chill,” fluister sy vir haarself.

“Sien julle by die meerminpoel,” roep Mateo oor sy skouer. Met sterk hale roei hy en Ebert vooruit.

Caleb laat sak die spaan in die water. Lig dit uit. Laat sak dit aan die anderkant en lig dit uit.

Die kajak lig saam met die golwe wat vannag soveel anders lyk as vanoggend. Die swart, inkagtige water lyk nie onheilspellend nie, maar geduldig.

“Die see in die nag is creepy en mooi terselfde tyd,” sê Freya. Sy wonder of Caleb haar liefdesverhouding met water sal verstaan? Sy mis die gevoel om uitasem geswem te wees tot jou longe brand. Van water wat jou omvou soos ’n aanraking.

CALEB

Hulle roei na die sloep net duskant Boulders, waar hy en sy pa al so baie blouvis uitgetrek het. Die water hier is rustiger en hulle kan maklik naby die strand kom.

Caleb sleep die kajak uit die water. Hy hou sy hand om Freya uit te help, maar sy druk haar stapstok in die sand en leun daarop.

“Dit kan ek darem doen,” sê sy.

Dis amper volmaan. Die sand en see blink en flikker in die lig wat aan en af deur die wolke skyn. Dit maak alles vir hulle makliker sigbaar, maar ook vir ander mense. Sy hele plan om hierheen te roei was om daardie nuuskierige sekuriteitswag en die ouens van vanmiddag te flous. Vir ingeval iemand hulle dophou.

“Freya, jy moet hier by een van hulle bly. Help kywie hou,” sê Caleb. “Watter een van julle twee kom saam met my?”

“Ek het nie myself dié tyd van die aand uit die bed gesleep sodat ek kan kywie hou nie,” sê Freya vies en kap haar stapstok se punt hard in die bed fyn skulpe soos ’n regter met sy hamer. “Ek kan anyway nie fluit nie. Of wat julle geheime kode ook al is nie.”

Mateo lig sy wenkbroue. “Geheime kode?”

“Ja, jy weet, vir wanneer iemand aankom of as ons moet wegkruip of iets,” verduidelik Freya. “Om mekaar te waarsku.”

“Ek kan fluit,” sê Mateo.

“Dan gaan ek seker saam met jou,” sê Ebert vir Caleb.

“Ek het nie gekom om oppasser te speel nie,” sê Freya en kyk na Caleb vir hulp.

“Freya, jy is hier in die middel van die nag. Asseblief, bly by Mateo. Dis dalk net veiliger as julle hier naby die kajakke is. Dan hoef jy nie te hardloop as dit nodig is nie en so aan.”

Sy vou haar arms hardkoppig.

Caleb gooi sy hande in die lug. “Ag, oukei tog. Sal julle twee lookout wees?” vra hy vir Ebert en Mateo.

“Dis reg,” antwoord Mateo.

“Net hier om die draai, Freya.” Hy beduie na die bekende duine. Hulle moet nou weer terugstap in die rigting van Stormwater. Om dwalende oë te vermy moet hulle dalk eerder tot diep tussen die naaste duine loop en dan oor die twee groot duine tot hulle aan die onderkant van die een waar hulle moet wees, opeindig.

Caleb loop stadiger sodat Freya kan byhou. Opwinding kriewel deur sy lyf oor wat hulle moontlik nou sal kry. Wat het sy pa daar weggesteek? Lei die volgende leidraad na sy pa of sy pa se geheim?

Freya sal die steil duin moet uit, besef hy.

Caleb haal sy selfoon uit die sakkie om sy nek en tik die koördinate in. Hy sit ook die flitslig aan sodat hulle kan sien waar hulle loop.

Hy hou sy hand vir haar, al het sy haar stapstok. “Ons moet oor die twee duine, ek is bang iemand sien ons as ons seelangs loop.”

Freya knik en vat sy hand. Met haar ander hand druk sy die stapstok diep in die los sand. “Dis reg. As ek agter raak, kan jy vooruit loop.”

Hulle enkels sak weg in die los sand. Met elke tree wat Freya hoër klim, blaas haar asem ’n bietjie meer.

“Jy het dit gedoen,” fluister Caleb toe hulle bo is. Hy staan eers vir ’n oomblik met sy hande op sy knieë en rus. Nie omdat hy moeg is nie, maar omdat hy weet Freya het ’n blaaskans nodig en sy sal nie vra nie.

Toe Caleb sien haar asemhaling bedaar, sê hy: “Nou vir die lekker deel.” Hy val met sy boude in die sand en gly met die duin na onder. Freya skud haar kop en loop eerder ondertoe.

“Net nog oor die duin, dan is ons daar,” sê Caleb toe die volgende duin bo hulle toring. “Sal jy dit kan doen?”

“Ek dink ek kan. Ek dink ek kan,” lag Freya. Sy het ’n ritme gekry. Stapstok in die sand, tree, stapstok, tree. Toe hulle bo kom, hoor hy Mateo se fluit.

“Ag, vrek. Wat tog nou?” sis hy. “Wag hier,” sê hy vir Freya.

Gebukkend loop hy op die kruin na waar hy die strand beter kan sien.

Verder op teen die strand skyn ligte in die donker. Dis hoekom Mateo fluit.

Die ligte beweeg in hulle rigting. Is dit selfone? Miskien is dit die poachers.

“Verdomp,” mompel Caleb.

In die maanlig sien hy hoe Mateo beduie hulle moet terugkom.

Hy skud sy kop vir sy pel en swaai sy arms om te beduie dis buite die kwessie. Vanaand gaan hy nie huis toe sonder sy pa se leidraad nie.

“Dink jy dis dieselfde ouens as vanmiddag?” vra Freya skielik langs hom.

“Miskien. Of stropers, maar wie dit ook al is, mag nie weet ons is hier nie,” sê hy. “Bly laag, netnou sien hulle ons.”

Hy beduie vir Mateo en Ebert om te sak. Hy hoop hulle kan sien wat hy bedoel.

Caleb sit sy foon se flits af en wys vir Freya hulle moet die duin af.

Mateo fluit weer.

Freya vries. Haar oë flits na syne.

“Kom,” sê hy vir haar.

Sy hartklop weergalm in sy ore. Hulle is so naby om sy pa se geheim te ontrafel. Hulle kan nie nou omdraai nie.

Nog ’n fluit klief deur die nag.

Die keer is dit seker Ebert.

Hulle kan nie nou terug nie.

“Wat help dit hulle hou kywie as ons nie luister nie?” vra Freya.

“Ons kan nie nou opgee nie,” sê hy en bly loop. “Ons is amper daar.”

“Maar . . .” keer Freya.

“Kom net, asseblief.”

Freya kyk strand se kant toe, maar Caleb weet sy sal nie van hier af die see kan sien nie. Die paadjie kronkel tussen die duine deur terug strand toe. Dan is daar ook kleiner bultjies sand en struike wat hulle versteek.

“Niemand kan ons hier sien nie, tensy hulle die paadjie instap tot hier.”

Freya sluk. Dan knik sy ten minste. “Oukei, maar maak gou. As Roland my weer huis toe moet vat, maak Miss my vir seker vrek.”

Tussen die twee duine voel dit asof hulle pas ’n doolhof binnegeloop het. Die sand vorm soos ’n bakhand om hulle.

Weer kom Mateo se fluit.

Dan kom stemme vaagweg op die wind aangewaai. Is die mense nog nader aan hulle?

Adrenalien storm deur sy lyf. Wat as iemand hulle nou hier kry?

“Waar’s die plek?” vra Freya. Hy verstaan haar paniek.

“Hier.” Hy beduie met sy kop na die rots waarop die blou selakant geverf is. Sy foon se GPS wys hulle het gearriveer. Caleb glimlag. Hy druk sy foon in sy broeksak. Dis die plek waaraan hy gedink het. Versteek hier tussen die duine. So dis hoekom sy pa die plek gekies het! Die selakant dui die selakant-staproete aan. Dis iets wat Caleb sou weet. Dan moes sy pa vir hom die broodkrummels gelos het. Wat wil sy pa hê moet hy uitvind?

Freya kyk om haar rond.

“Waar is ons? Ek bedoel, wat is hierdie?”

“Hierdie is ’n midden,” sê hy.

Om hulle, amper gekompakteer, is honderde van dieselfde soort skulpe.

“Midden?” vra sy.

Caleb knik. “Engelse naam vir ’n Khoisan-ashoop,” verduidelik hy. Hy het nie nou tyd om verder daaroor uit te brei nie. Hy sal moet begin grou.

Hy sak op sy knieë langs die rots.

Freya sak langs hom op haar hurke en druk haar hande ook in die sand.

Nog ’n fluit wat deur die nag eggo laat Caleb vinniger grou.

“Mateo het weer gefluit,” sê Freya toe hy maak of hy dit nie hoor nie. Hy antwoord nie, druk net sy hande dieper in die sand.

“Caleb!” sis Freya harder.

“Saggies, asseblief. Laat ek net gou kyk of ek iets kry.” Hy kan nie nou moed opgee nie.

Onder sy vingers voel hy iets hards. Sy vuis vou om die rondings.

Hy haal dit uit.

Dis net ’n groot alikreukelskulp. Hy hou die skulp na Freya en skud sy kop.

Die skulp wat hy in haar hand sit, is spierwit. Hy vee die sand van die skulp af sodat sy dit mooi kan sien.

Op die boepens ronding van die skulp weerkaats die maan ’n verwronge pêrel.

“Baie jare se verweer deur sand en see het dit so wit verkleur,” verduidelik hy. Môre sal hy vir haar een op die strand wys. Een wat nog nie sy kleur verloor het nie, maar nou moet hy grawe.

Hy druk sy hande weer in die sand en stoot ’n hoop kant toe.

Freya sit die skulp neer en help ook weer grou.

“Deur die middens weet ons watse kos hier op ’n spesifieke tyd volop was. En wat die Khoi geëet het.” Sjoe. Hy klink nou amper soos sy pa.

“Dis so cool. Ek het nog nooit eens hiervan gehoor nie,” sê sy uitasem. “Nou sien ek dit sommer.”

“Ons sal weer in die dag kom. Dan kan jy van die skulpe optel.”

“Dit sal lekker wees.”

Fyn druppels begin op hulle neersak. Caleb kyk op. Bo hulle begin wolke voor die maan inskuif.

Nog ’n fluit weergalm deur die nag. Dié keer benouder.

“Ons moet wikkel,” sê hy en grawe vinniger. Hulle kan nie nou meer te ver wees nie.

“Is jy seker ons is op die regte plek?” vra Freya. Sy gaan sit plat op haar boude.

“My pa was old school. Toe ek klein was, het hy skatte hier vir my begrawe.”

Freya kou haar lip. “Oukei.”

Caleb luister vir nog ’n fluit, maar die keer hoor hy gelukkig niks.

Mateo was seker verniet paranoid. Sy pelle is nou stil.

Die druppels word groter en die wolke grys teen die swart naghemel. Hy moes die roeispaan gebring het om mee te grawe, of ’n graaf. Dit sou vinniger gegaan het.

Gelukkig is die sand sag. Hy grawe so naby moontlik aan die rots, reg onder die selakant.

Die sand skuur sy vel en kruip onder sy naels in. Hoe diep sou sy pa iets begrawe het?

Onder hulle voete rammel die aarde skielik. Donderweer kraak deur die lug asof dit die hemel gaan oopkloof. Freya gryp skielik na Caleb se arm en verstewig haar balans.

“Ons moet by die huis kom. Hierdie was dalk toe nie ’n goeie idee nie,” sê sy.

Caleb kyk strand se kant toe. Hy kan nie die see sien nie, net blitse wat stormagtig teen die hemel dans. Nes nou die dag toe hy so naby was aan antwoorde. Kaptein se woorde oor Freya flits deur sy brein.

Vinnig gaan sy oë na haar. Nee, Kaptein is mal.

Dan fokus hy weer op sy hande.

“Net nog ’n bietjie,” sê hy. “Nie meer lank . . .”

Die volgende oomblik voel Caleb dit onder sy vingerpunte! Iets hards. Metaal?

’n Handvatsel!

Opgewonde vee hy die sand weg en lig die klein antieke metaaltrommel uit. Sy hart mis ’n slag. In die lig van die maan herken hy die trommel. Dit was een wat altyd in die kothuis was, bo-op die kaggel. Caleb vee oor die ou kopersleutelgat, dan besef hy . . . dis waarvoor die sleutel is!

Met die trommel in sy hande kom hy regop. Die swart en goudkleurige verf is al verweer en gekrap. Sy ma het gesê die trommel kom uit die agtienhonderds.

Hy skud dit. Dit maak ’n hol geluid. En dis nie juis swaar nie. Wat is so belangrik dat sy pa dit hier moes wegsteek?

“Wat dink jy is daarbinne?” vra Freya.

“Ek weet nie,” sê Caleb. “Maar die sleutel wat ek op die Landy se enjin gekry het, is vir die trommel.”

“Is jy seker?” vra sy.

“Ek weet dit.”

“So ons moet wag tot ons by die huis is om uit te vind wat hierbinne is?” vra sy.

Caleb kyk na Freya met ’n glimlag.

Hulle stoot die gat weer toe vir ingeval iemand agterkom dat iets hier begrawe was.

“Kom ons waai,” sê hy. “Ek kan nie wag om te sien wat hierin is nie.”

Mateo het nog nie weer gefluit nie.

Dit beteken hulle geheim is veilig.

Die stap terug na die kajak vat langer as wat Caleb wou hê. Hy kon sien Freya sukkel om die keer by te hou. Bo-op die tweede duin gaan sit sy op

haar hakke. Haar asem jaag.

“Hei, is jy oukei?” vra hy. “Jy lyk nie baie goed nie.”

“Gee my net ’n minuut.” Freya rus haar kop in haar hande. Dit was dom van hom om haar saam te bring. Hulle moet gou maak.

Skielike stemme laat Freya haar kop opruk.

Die keer hoor hy Mateo se uilfluit. Hulle kode om weg te kruip.

“O, magtig,” sê Caleb. “Freya, kyk!”

Hy beduie na die strand waar mans met flitse na hulle spore loop en kyk. Caleb help vir Freya op en hulle kruip agter ’n karige duinstruik weg.

Hy loer om die struik om te kyk wat die mans doen.

“Nee, nee, nee,” fluister Caleb. Billy Boomslang loop na die kajakke, dan roep hy twee van die ander nader.

“Wat gaan aan?” vra Freya. Haar gesig bleek, asof sy enige oomblik gaan omkap.

“Hulle het die kajakke gekry.”

Sy pols versnel. Sy brein kan nie sin maak van wat hy sien nie.

Is dit Billy . . . en die mans van vanmiddag? Maar vanaand dra die mans duikpakke. Is hulle die stropers?

Caleb vou sy arms om die trommel. Niemand mag dit kry nie.

Hy hoop Mateo en Ebert is veilig.

Freya loer oor Caleb se skouer. “So hulle weet ons is hier,” sê sy.

“Hulle weet iemand is hier.”

Die een ou se kop ruk op, sy oë soekend op die duine gerig. Hy waai van die ander mans nader en beduie iets vir hulle.

Freya wil opspring, maar Caleb ruk haar terug.

“Is jy mal. Ek dink Billy is betrokke by die perlemoenstropery. Dis groot geld. Hulle sal ons doodmaak as hulle weet ons het hulle gesien. Geen wonder die ou was so paranoid nou die dag nie.” Is dit wat sy pa uitgevind het? Het hy geweet wie besig is om perlemoen te stroop? Nee, dit het niks met dooie water te doen nie.

Groter druppels begin val. Die donderweer kom al hoe nader.

Caleb se hart ys toe een van die mans buk om die kajakke terug te stoot in die see. Hoe gaan hulle nou by die huis kom sonder dat iemand hulle sien? Die wit kajakke sal uitstaan soos twee groot vet gloeiwurms op die donker water. Hy moes daaraan gedink het!

Skielik skeur ’n geweerskoot deur die nag. Die mans spat in verskillende rigtings voor die ou die kajak die see in kan stoot. Op die strand is ’n deurmekaarspul van ligte en stemme. Dan nog ’n skoot.

Is sy pelle veilig?

Hy kan hulle nie sien nie!

Caleb waag dit om op te staan.

Waar oomblikke gelede mense was, is die strand nou verlate.

Waar is almal? Daar’s net een plek waarheen ’n mens so vinnig hier kan verdwyn en dis deur die struike en fynbos oor die duine, tussen die huise deur.

Iewers begin honde blaf. Dit bevestig Caleb se vermoede. Die ouens moet nou al oor die duine wees.

“Is jy oukei?” vra Caleb.

Freya sluk. “Ek dink so.”

“Ek dink dis nou veilig. Ons sal moet wikkel,” sê Caleb.

Freya knik.

Caleb gooi sy baadjie oor die trommel en hoop wat ook al daarin is, kan maar nat word, want die reën kom in harde vlae op hulle neer.

Met sy skouer vee hy die water uit sy oë. Maar hoekom voel dit of ander oë hulle dophou?

Hy kyk terug na die duine.

Dis so donker, hy sal nie kan sien as iemand vir hulle staan en kyk nie.

Hy draai eerder sy aandag na Freya. Haar lip begin bewe van die koue.

“Ons is nou daar, byt net vas.”

Freya knik. Sy loop vinniger.

Naby die rotse sien hy Mateo en Ebert se koppe uitsteek. Hy en Freya loop gebukkend na die kajak. Sy pelle is papnat.

Hy wys vir Mateo en Ebert hulle moet gaan.

Die keer laat Freya Caleb toe om haar te help.

Hy sit sy selfoon in die waterdigtesakkie om sy nek. Die trommel sit hy veilig by die plek vir sy voete en gooi sy halfnat baadjie om Freya se skouers voor hy die kajak die water instoot.

As hy net dink hoe hierdie aand kon uitgedraai het.

Caleb roei harder, vinniger. Hulle beter by die huis kom.

“Ons moet nou vinnig roei voor hulle terugkom,” sê Caleb. Met alles wat hy het forseer hy die spaan deur die water. Sy spiere pyn. Hy druk homself

nog harder.

Toe Caleb opkyk, mis sy hart ’n slag. Links van hulle is ’n groot rots en regs van hulle ’n muur van water. En voor hy vir Freya kan sê om vas te hou, weet hy daar is nie wegkomkans nie. Nêrens om heen te vlug nie. Hy, Freya, Ebert en Mateo is magteloos teen die reusebrander wat oor hulle gaan ploeg.

“Hou vas!” gil hy vir Freya. Haar wit kneukels wat die boot vasklou ets in sy brein.

Caleb knyp sy oë toe en wag vir die slag. Vir die pyn. Vir die kraak van die brander teen die kajak. Hy trek ’n klomp lug in sy longe net toe die watermassa hulle tref. Die brander pen hom onder die kajak vas.

Die vloek! flits dit deur sy kop. Onder die water hoor hy Mateo en Ebert se stemme dof bo hom. Hy dink hulle is oukei.

Die trommel! besef hy.

Hy kyk rond in die donkerte. Maar al wat hy sien is Freya wat afsak na die bodem. Sy hap verskrik na die water. Haar oë verstar. Dan vries haar arms en bene ook.

Hoekom swem sy nie? Trap sy nie water nie? Sy het dan gesê sy’s ’n goeie swemmer.

Hy het haar belowe sy sal nie verdrink nie. Dat die vloek haar nie sal vat nie.

Onder haar sien hy hoe die trommel vol geheime ondertoe sak.

Af . . . af . . . af.

Toe maak hy die moeilikste besluit wat hy al ooit in sy lewe gemaak het.

FREYA

Freya draai op haar sy. Deur dowwe oë lyk haar kamer vanoggend leweloos en koud. Haar nat klere lê nog in ’n hoop op die vloer.

Dan onthou sy . . .

Die nag speel weer soos ’n riller in stadige aksie in haar geheue af.

Die vloek!

Gisteraand het sy amper verdrink.

In die onstuimige see moes Caleb ’n keuse maak tussen antwoorde op sy pa se verdwyning en Freya.

Hy het haar gekies.

En nou is Caleb sy pa se trommel kwyt danksy haar. Kaptein is reg. Sy is vervloek. Ná gisteraand twyfel sy nie eens meer daaraan nie. Hoe sal sy ooit weer vir Caleb in die oë kan kyk?

Sy sal haarself nooit vergewe dat sy gevries het nie. Sý, kampioenswemmer, moes in die water agter die trommel aangeduik het. Toe versuip sy amper. Ebert en Mateo het ingeduik, maar kon nie die trommel kry nie. Die water was te stormagtig en donker. Wie weet of hulle weer die trommel sal kry. Of waar dit ná die storm ooit is. Sy sal nie meer saam met hom speurder speel nie. Nee, want sý is die een wat heeltyd sy vordering jinx.

Freya staan op en loop kombuis toe. Sy dink sy sal sommer vandag net hier by die huis bly. Hier waar sy nie ander mense se lewens kan opmors nie.

Op die trappe hoor sy ’n mansstem.

Toe sy in die kombuis kom, stop Freya.

Dis Roland wat buite saam met Miss sit en tee drink.

Wat maak hy hier? Het hy haar en die ouens gisteraand gesien? Sy hoop nie so nie. Dan het sy nou groot moeilikheid. En daarvoor is sy nie lus nie.

Freya trek haar asem in en gaan sit by Miss en Roland op die dek.

“Freya,” sê Miss. Freya kan nie uitmaak of sy kwaai of vriendelik is vanoggend nie.

“Dagsê,” groet Roland.

Freya glimlag. “Môre.”

Dis ’n perfekte dag ná gisteraand se storm. Die son glinster op die see en laat dit soos ’n disco-bal skitter, en die hemel is so blou soos Iamanga se oë.

Freya skud haar kop. Hoe elke gedagte wat sy het opeindig by die vloek, weet sy nie. Haar oë flits na haar foon. Daar’s nie ’n boodskap van Caleb nie.

“So toe skiet ek hulle amper vrek, gisteraand,” ruk Roland se stem haar aandag terug.

Miss frons. Praat hy van wat op die strand gebeur het?

“Vir wie?” vra Freya en sit ’n bietjie meer regop.

“Die poachers,” sê Roland.

“Hoe seker is jy dit was stropers?” vra Freya.

“Wie anders sal daai tyd van die nag op die strand wees?” sê hy.

Dieselfde mense wat Caleb se pa en die speurder vermoor het, wil sy sê, maar los dit. Niemand hoef te weet wat hulle al alles uitgevind het nie.

Roland haal patroondoppies uit sy broeksak en sit dit op die tafel neer. “Ons het geweet hulle gaan daar wees. Ek het ’n tip-off van ’n anonieme nommer gekry. Iemand wat beweer hy het een van die klomp se selfoon tussen die rotse opgetel. Nog mooi in sy kondoom. Die boodskappe daarop was genoeg om hulle weg te gee.”

Is dit waarna die mans Sondagmiddag gesoek het? ’n Selfoon wat hulle seker die vorige nag verloor het.

Daar was gisteraand twee skote. So Roland was die skieter.

“Waar was dit?” vra Miss. Sy vat rustig ’n sluk tee.

Roland beduie met sy kop. “Naby Boulders. Maar die blikskottels is deur die bosse, oor die duine. Volgende keer sal hulle nie so lucky wees nie. Volgende keer skiet ek hulle vrek.”

In die daglig kan Freya sien hoe geplooi Roland se vel al van die son is. Weet Roland Billy is een van die mense op wie hy gisteraand geskiet het? Is sy nommer op die selfoon?

Beteken dit Billy is ’n perlemoenstroper? Is dit hoekom hy hulle so tussen die lyne gedreig het? Geen wonder hy het gedink hulle agtervolg hom nie. Dit maak meer sin as dat hy met Caleb se pa se verdwyning iets te doen sou hê.

Miss staan op.

“Roland, jy sal my moet verskoon. Ek moet vir Blanche fisio toe vat in Oos-Londen,” sê Miss en kyk na haar horlosie. “Sy is bang sy voel ná die tyd te seer om te bestuur.”

“Ek moet buitendien gaan werk,” sê Roland en staan op. “Ek wou maar net gou kom sê volgende keer kry ons hulle. Miss se bydrae help ook om hulle te vang.”

Miss knik. “Jy laat my soos ’n heldin klink. Dis darem net foto’s van die leë perlemoenskulpe en kondome wat ek vir jou aanstuur.”

“Met daai foto’s kan ons min of meer telling hou van hoeveel gestroop word.”

“Dankie, Roland. Ons slaap beter met jou in die omtrek.”

Hy glimlag in sy skik asof Miss hom pas ’n groot beloning gegee het.

Dan draai Miss na Freya. “Sal jy oukei wees op jou eie? Ek weet nie hoe laat ek terug gaan wees nie, dis ’n entjie se ry en ek en Blanche sal seker ’n lekker stuk koek iewers gaan eet as ons klaar is.”

Die ratte spin in Freya se kop. ’n Dag alleen is net waarvoor sy wag! Dalk kan sy uitvind wat agter daardie deur is. Miskien is dit sý wat antwoorde kry vandag.

“Ja, natuurlik,” sê sy.

“Nou toe. Ek stap saam met jou uit,” sê Miss vir Roland.

Op die dek staan Freya en kyk hoe Miss en Roland in hulle motors wegry. Toe Freya alleen is, sit sy haar hande oor haar gesig.

Nadat Miss en haar vriendinne nou die dag uit die meerminpoel geklim het en soos robbe op die rotse gesit het om droog te word, het Freya en Anathi nog ’n rukkie in die water gebly. Sy het toe vir Anathi alles vertel. Van die geslote deur op die eerste vloer. Van wat Kaptein gesê het en wat Iamanga gesê het.

Sy stuur vir Anathi ’n boodskap.

*Miss is weg vir die dag. Ek gaan daardie kamer se deur oopsluit. Miskien verstaan ek dan wat jou pa en Iamanga bedoel?!#**

Anathi se antwoord kom vinnig.

Ek is nou daar!

Freya gaan dadelik na Miss se badkamer. Sy vis die sleutel uit die boksie tampons.

Toe Anathi by die sitkamer inloop, staan Freya met natgeswete palms vir haar en wag. Sy het steeds nie vir Caleb en die ander ouens gesê wat sy vermoed nie. Dat Simon dalk haar pa is. Anathi het belowe om dit vir haarself te hou totdat hulle meer weet. Vandag is die dag dat sy die waarheid uitvind. Vandat Iamanga dit geïnsinueer het, fluister sy snags die woord “pa”. Dit voel so vreemd op haar tong. Dan wonder sy of sy anders sou voel as sy ’n pa gehad het. Al wat sy ken is twee ma’s. Freya het ook oumas en oupas, maar hulle is al oud en bly in aftreeoorde. Maar om ’n pa in jou lewe te hê moet tog ’n ander tipe lekker wees. Dan sak haar skouers en moet sy haarself herinner dat Simon buitendien dood is. Sy sal steeds nie weet hoe dit voel om ’n pa te hê nie.

“Hierso, ek kan nie,” sê Freya en druk die sleutel in Anathi se palm. Skielik is sy bang vir wat sy gaan kry. “Ek besef nou ek weet nie eens of dit die regte sleutel is nie.”

Anathi trek ’n skouer op en lag. “Wie het ’n sleutel nodig as jy vir my het?” Freya lig haar wenkbroue. “Een van die eerste goed wat my pa my geleer het. Hy glo ’n meisie moet ’n lock kan pick vir ingeval sy abduct word,” verduidelik Anathi.

“Goeie filosofie,” sê Freya. “Jy sal my moet leer.”

Die houtvloer kreun en kraak toe hulle die trappe na die eerste vloer klim.

Anathi hou die sleutel uit. “Jy reg hiervoor?” vra sy.

Freya knik.

Anathi druk die sleutel in die gleuf. Sy draai dit terwyl sy die deurhandvatsel wikkel. Anathi glimlag vir Freya toe hulle die klik van die slot hoor.

Dis die regte sleutel!

Sy en Anathi kyk skepties na mekaar. Freya lek oor haar skielike droë lippe. Sy vee haar klam palms aan haar sweetpakbroek af voor sy oor die drumpel stap.

“Dit voel soos ’n lokval,” fluister Anathi.

“Vir my ook,” sê Freya. Maar dit sal haar nie stop nie. Die geheimsinnigheid eindig vandag.

Dis ’n gewone kamer met ’n hangkas, laaikas, dubbelbed en bedkassies. Daar is ’n staanlamp langs ’n stoel voor die venster. Ook ’n ou lessenaar.

“Begin net soek. Iets sê vir my dat wat ook al Miss in die kamer wegsteek, iets met my te doen het. Jou pa en Iamanga weet ook wat dit is,” sê Freya.

“Ja en my pa is goed met geheime bewaar as hy nie die dag gedrink het nie.” Anathi gee ’n onvroulike snork. “Wat beteken hy is glad nie goed daarmee nie. So hy weet regtig iets oor jou pa.” Anathi kou haar onderlip.

“As dit waar is, as Simon my pa was, beteken dit my ma’s jok my lewe lank vir my.”

Freya begin wild in die bedkassies soek en Anathi in die hangkas.

Die eerste laai wat Freya oopmaak is vol poskaarte. Spanje, Rome, Rusland, Switserland. Almal aan Miss, van Simon. Sy maak die kassie se deur oop. Binne is ’n Bybel en ’n paar boeke. Nie-fiksie. The Sixth Extinction: An Unnatural History, The Selfish Gene, Double Helix en The Rise and Fall of the Great Powers.

Toe Freya die laai van die tweede bedkassie ooptrek is daar foto’s in.

Die boonste foto laat haar vries. Dis ’n groepfoto van drie mans: Simon, Kaptein en ’n man met sandbruin hare. Hulle staan arms om mekaar se skouers en glimlag breed om ’n kampvuur. Dit lyk of die foto hier op die strand geneem is. Freya se hartklop raas in haar ore soos ’n onstuimige see.

Anathi kom kyk na die foto. Sy vat dit by Freya. “Daardie is Caleb se pa,” sy wys na die man langs Kaptein. “Sjoe, hulle is nog so jonk hier. Ek het nie geweet my pa was pelle met Miss se seun nie.” Caleb se pa lyk skoon anders as op die pamflette wat hy hier in die dorp uitgedeel het. Seker omdat hy nog so jonk is op die foto.

“Miskien is dit hoe jou pa weet dat ek Simon se kind is.”

“Dalk,” sê Anathi.

Dan staar Freya na die volgende foto.

Freya is versigtig om aan die foto te raak. Asof dit sal verdwyn.

Simon glimlag breed met haar in sy arms. Sy dra ’n vrolike pienk sonrokkie en hy ’n wit rugbybroek en ’n vlootblou T-hemp. Sy arms en bene is bruingebrand. Sy hare is langer as wat sy dit sou voorgestel het. Langs hom, aan weerskante, staan haar ma’s.

En langs Marlena staan Miss.

Blydskap en hartseer pluk heen en weer binne Freya.

Sy moet seker omtrent ses maande oud wees op die foto. Sy herken die rokkie as een wat sy op foto’s saam met haar ma’s ook gedra het. Die foto moes hier op Stormwater geneem gewees het. So sy was al hier.

Eers toe Anathi langs haar praat, besef sy Anathi loer oor haar skouer.

“Is dit jy en Simon?”

Freya knik.

“So Simon was jou pa?”

“Dis nie te sê nie.” Freya se stem kraak. “Die foto sê niks.”

Anathi sit haar hand op Freya se skouer. “Dié foto, agter ’n geslote deur, sê als.”

Onder die foto is ’n boekie. Ronia, the Robber’s Daughter. Freya lig dit uit die laai.

Voorin staan: Vir Freya. Liefde Pa.

Haar hart ruk. Pa! Freya begin huil. Dit voel of sy gaan hiperventileer. Alles wat Miss oor Simon, haar pa, gesê het, breek haar hart. Is dit hoekom sy ook vervloek is? As Iamanga en Kaptein net nie so in sirkels gepraat het nie. Is dit hoekom niemand haar van hom gesê het nie?

Skielike voetstappe laat Freya en Anathi omswaai.

Miss staan in die deur. Sy leun teen die deurkosyn. “Blanche se afspraak is gekanselleer.” Daar is nou trane in Miss se oë.

’n Snik glip uit Freya se keel. “Miss is nie regtig Daniela se tannie nie, is jy?”

“Nee, ek is nie,” sê Miss. Sy buig vooroor, asof sy van hartseer wil krimp. “Ek is jou ouma. Simon was jou pa.”

Freya vryf senuweeagtig oor haar bene. Sy wil opstaan en haar ouma ’n stywe druk gee, maar sy weet nie of sy dit kan waag nie.

Ouma! Weergalm die woorde in haar brein. Sy het nog ’n ouma.

Miss se mond trek ’n dun lyn. “Ons moet jou ma’s video call. Dan kan hulle verduidelik.”

CALEB

Die strand en see was vanoggend toe onder ’n digte miskombers. Caleb voel uitgehol en leeg, en die stap help nie soos hy gehoop het nie. Ebert en Mateo is by die huis.

Hulle weet niks wat hulle sê of doen gaan hom vandag laat beter voel nie.

Die trommel is weg. Nog iets wat hierdie see van hom gesteel het.

Hoe sal hy nou ooit weet wat so belangrik was dat sy pa tot sulke uiterstes gegaan het om dit weg te steek, of bereid was om dalk daarvoor te sterf?

Freya se gesig toe hy haar gisteraand huis toe vat is ook in die groewe van sy geheue geëts. Hy kon nie help om te dink dat sy haarself blameer nie. Is dit net toeval dat sy elke keer by is wanneer hulle so naby aan gevaar kom? Is Kaptein reg oor haar?

Hy skud sy kop.

Freya kon gisteraand verdrink het. Hulle almal kon. Hy moes nie hulle lewens so in gevaar gestel het nie. Wat gisteraand gebeur het, was nie Freya se skuld nie.

Dalk is nou die tyd om op te gee. Miskien is hy nie veronderstel om te weet wat met sy pa gebeur het nie.

Stadigaan begin die son die mis verjaag en plek-plek skitter dit op die water. Caleb klim tot hoog bo-op die duin waaroor hulle gisteraand in die donker geloop het. Moedeloos sak hy op die koel sand neer.

Miskien sal die see hom genadig wees en die trommel vanoggend iewers langs die strand uitspoeg.

Van hier het hy ’n honderd-en-tagtig grade uitsig oor die strand en see.

Die polisieband is verwyder en die strand is weer oop, asof hier nie gister ’n lyk uitgespoel het nie.

Caleb vat sy foon en google nuus oor die Oos-Kaap.

Hy grom amper toe hy die eerste berig lees.

Onderhandelinge tussen Dawid Meyer en minister binnekort onderweg.

Caleb ghost nog sy oom. As Dawid Meyer hom om verskoning wil vra, kan hy dit persoonlik doen.

Hy skuif na die volgende berig. Dis die een waarna hy soek.

Le Roux Uys het verdrink. Dis wat die berig in die koerant vanoggend sê. Dis wat hulle wil hê ons moet dink, sê hy vir homself.

Caleb skud sy kop. Hy weet van beter. Die man het nie per ongeluk verdrink nie. Hy is dood omdat hy òf geweet het wat Caleb se pa uitgevind het òf baie naby aan die waarheid was. Dis al wat sin maak.

Daar is ook ’n berig oor die dooie voëls wat onlangs uit die lug geval het. Die artikel beweer dit is een of ander voëlgriep, die paramyxovirus, wat die skielike vrektes veroorsaak het. Die virus kom blykbaar elke vier jaar voor, maar dié jaar was dit baie erger as ander jare. Weens klimaatsverandering? As ’n mens net ’n bietjie ingestel is op jou omgewing, sal jy al die veranderinge raaksien wat besig is om die mens te bekruip.

Die hol gevoel van vanoggend herinner Caleb aan die wag vir sy pa. Daai leë gevoel wanneer hy verby sy gunstelingstoel loop en hy’s nie daar nie. Daai luister vir ’n sleutel in die voordeur. Bekende voetstappe wat net nie kom nie.

Caleb se oë voel skielik nat. Die wag is uitmergelend. Sy ma is reg. Hy vee die klammigheid met die mou van sy T-hemp af. Gisteraand was hulle so naby om ’n einde aan die wat, waar en hoekom te maak.

Caleb staan op. Hy kan nie hier bly sit as die antwoorde op al sy vrae dalk net hier voor hom in die water lê nie. Dalk moet hy nog net een keer probeer. Die trommel is in die see. Dis al wat hy vir seker weet. En as daar iemand is wat die trommel in die see kan kry, is dit hy.

Miskien is die heelal hom vandag genadig. Dis die perfekte dag vir vryduik en snorkel, en as hy gelukkig is, kry hy dalk net waarna hy soek.

Eers huiwer Caleb, toe stuur hy vir Freya ’n boodskap om te hoor of sy wil saamkom.

Nie vandag nie, laat sy weet.

Iets in hom voel teleurgesteld. Miskien as hulle die trommel kry kon hulle dit vier. Hy kon haar dalk in die vlak water so ’n paar asemhalingstegnieke geleer het.

Hy hoop nie sy verkwalik haarself nog oor gisteraand nie. Vir ’n oomblik sou hy graag wou glo dis omdat sy vervloek is dat die trommel die dieptes in gesak het, maar dis net om sy eie gewete te sus. Hulle moes vir daglig gewag het. Hulle moes dit beslis nie op die see met die trommel gewaag het nie. Hy was net so haastig. Hy’t geweet dit is gevaarlik om op daardie kajak te klim. Hy het amper Freya se dood veroorsaak. So dis eintlik sy skuld. Geen vloek s’n nie.

Dis hoekom hy dit moet regmaak.

Hy stuur vir Anathi ’n boodskap. Sy laat weet sy kuier by Freya vandag.

Dan woorde wat hom teen die ribbes slaan:

Freya het my nodig.

Caleb sluk. Hoekom laat dit hom jaloers voel? Hoekom wens hy hý was die een wat Freya nodig gehad het?

Hy stuur vir Freya ’n boodskap.

Hoop jy is oukei?

Daar kom nie ’n antwoord nie.

Hy gaan vinnig na haar sosiale media. As sy siek is, sou sy dit post. Die laaste foto wat sy gepost het, was van die dag toe hulle by die museum was.

Maar daar’s niks nuuts nie.

Hy sug. Dan is dit net hy en die ouens vandag.

Toe hy terugstap, sien Caleb die mooiste stuk dryfhout. Dit moet in gisteraand se storm uitgespoel het. Hy vryf oor die gladde lyne. Dit sal die perfekte stapstok vir Freya maak.

Caleb kyk weer na sy foon. Net soos gisteraand wil hy hê Freya moet hier wees. Hy voel skoon jaloers omdat Anathi vandag tyd saam met haar spandeer en nie met hom nie. Is hy besig om iets vir haar te begin voel? Freya maak iets in hom kalm, besef hy. Asof hy beter kan dink as sy by hom is.

Toe hy by die huis aankom, sit Mateo en Ebert buite.

“Kom ons gaan duik vir die trommel,” sê hy.

“Yes, baby! Dis die gees,” sê Mateo.

“Cool. Ek kry die metaalverklikker.” Ebert staan op.

“Dis net ons manne vandag,” sê Caleb.

“Ag nee,” sê Mateo en Caleb glimlag. Hy is seker Mateo wil vreeslik graag vir Anathi in ’n bikini sien.

Caleb bêre die dryfhout veilig in sy kamer. Hy sal iets daarmee doen vir Freya. Dan loop hy kombuis toe om vir hulle kos in te pak. As hulle gelukkig is, speel die weer die hele dag saam.

Ná ’n halfuur loop hulle af see toe met ’n gazebo, metaalverklikker, kos, vryduiktoerusting, strandrakette en body boards. Miskien as hy die uitstappie nie te ernstig opneem nie, kry hy dalk die trommel.

“Wish me luck,” sê Caleb nadat hulle die gazebo opgeslaan het. Hy trek sy duikpak aan en stoot die duikbril en snorkel oor sy hare. Dan trek hy handskoene aan.

Mateo vaar alreeds in die kos in. Hy’s ook altyd honger.

“Jy het nou net geëet,” sê Ebert.

“Dis die seelug, oukei.”

Ebert lag en vat ook ’n toebroodjie.

“Sterkte,” sê Ebert en Mateo gelyk toe Caleb water toe loop.

Caleb dra die paddavoete tot in die vlak water waar hy dit aantrek.

Hy staan op en loop dieper in. Heuphoogte skuif hy die duikbril oor sy oë en druk die snorkel in sy mond.

Caleb snorkel deur die branders. Onder hom is ’n reënboog van kleure tussen die rotse. Geel, pers, oranje en rooi anemone en seewaaiers wat wieg in die ligte stroom. Krappe, seekatte en sandhaaie skarrel na hulle wegkruipplekke onder die rotse wanneer hy bo-oor hulle swem. Om so in die see te snorkel laat hom weer soos ’n klein seuntjie voel. Dit laat hom aan sy pa dink.

Dan is hy skielik bewus van die seestroom wat hom effens van koers af wil trek. Dis nie te sterk nie en hy kan daarteen swem. Maar as jy duik moet jy weet wat in jou omgewing aangaan. Hy beter sy gedagtes skoon kry en fokus op waarmee hy nou besig is.

Hy swem tot waar die groot rots soos ’n baken uit die water staan. Daar waar die kajak gisteraand omgeslaan het. Caleb trek homself op die rots. Hy skuif die duikbril oor sy hare en haal die snorkel uit sy mond. Hy sit dit op die rots neer. Vir dit wat hy volgende gaan doen, het hy nie die snorkel nodig nie.

Op die strand kan hy sien Ebert is besig om met die metaalverklikker oor die rotse te loop. Mateo swem ’n entjie weg in die branders met die

bodyboard.

Caleb sit vir ’n oomblik net en kyk na die see. Hy sal eers sy asem moet terugkry voor hy enigsins kan vryduik.

Ná ’n ruk van net na die water se gewieg staar, voel Caleb se gemoed klaar beter.

Duik was soos kerk toe gaan vir sy pa. “Die see laat dinge in jou skuif,” weergalm sy pa se woorde in sy kop. “Elke gety en elke duik verander jou.”

Om sy lyf gereed te kry vir die duik, asem hy stadiger in en uit.

Hy skuif die duikbril oor sy oë en pers al die lug uit sy longe voor hy ’n diep asemteug vat. Een wat sy maag laat uitstoot en elke millimeter van sy longe vol suurstof maak.

Dan sak hy stadig onder die water in sodat sy spiere nie te veel energie gebruik nie. Met presiese bewegings swem Caleb ondertoe. Weg van die besige stroom bo hom. Dan raak hy kalm. Bo hom en onder hom is nou skakerings van blou. Dit voel of hy in die lug hang. Asof hy in die buitenste ruimte na ’n vreemde planeet kyk.

In die rots is baie skeure en riwwe. Dit staan so twaalf meter diep. Hy swem laer. Nuuskierige visse loer daarby uit. Kolsterte en blouvis. Steenbras, strepies en sebras. Klein verslete-tandhaaie, of raggies soos die locals hulle noem, vergader onder die skuiling van die rotswand.

Maar hy is nie hier om na die wonderwêreld om hom te kyk nie. Nie vandag nie. Hy moet die trommel kry.

Hy skop liggies om homself vorentoe te dryf. Sy oë gefokus op die bodem. Hy kyk tussen die wiegende kelp. Dan sien hy ’n hopie sand wat lyk asof dit iets versteek. Mag dit die trommel wees.

Hy swem nader.

Versigtig druk hy sy vingers in die sand. Hy skrik hom lam toe die sand beweeg en ’n gekamoefleerde pylstert vinnig wegswem.

Hy kalmeer en fokus weer op die bodem.

Miskien het die trommel onder die groot rots vasgehaak.

Dit moet hier iewers wees!

Hy hang bewegingloos sodat hy die bodem kan skandeer.

Hy swem om die rots. Met stelselmatige vorentoebewegings druk hy sy hande versigtig onder die rotsskeure in om te voel of die trommel nie dalk daar vassit nie.

Die volgende oomblik voel hy iets hards. Hy sak op sy knieë en druk albei sy hande onder die skeur in. Sy hart trom in sy ore. Hy beter kalmeer. Anders moet hy nou opkom vir asem en wie weet of hy weer die presiese plek sal kry.

Sy vingers vou om die harde objek. Dan skuif hy meer na links om ’n beter greep te kry. Caleb pluk hard. Dit kom los en hy bons effens agtertoe.

Hy het iets! Dan, uit die bloute vang ’n skielike pluk hom onkant. Soos iemand of iets wat aan hom trek. Haai! bars dit deur sy brein.

Sy hande bewe.

Maar dis nie ’n haai nie.

Dis die stroom! Dis besig om hom om die rots te sleur.

Caleb klou nog aan die ding in sy hande.

Dis nie die trommel nie. Hy laat los haastig die stuk geroeste metaal en gryp na die rotshang langs hom. Caleb druk sy vingers in die nou skeur. Hy klou vas. Dan druk die stroom hom teen die rots vas.

Hoe het hy nie opgelet hiervoor nie?

Aan die kant van die rots is die seestroom geweldig sterk.

As hierdie stroom hom vandag vat, het hy groot moeilikheid. Hy moes iemand saamgebring het. ’n Mens duik nooit alleen nie. Dis wat sy pa hom geleer het, maar dan was hy en sy pelle nou almal in gevaar.

Dink, Caleb! Dink!

Sy longe begin ook pleit vir suurstof. Hy sal moet opkom vir asem. Maar hoe?

Sal sy pelle agterkom hy’s in die moeilikheid?

Dis hoekom die water hier so silwerskoon is. Dis helder gewas deur sterk seestrome.

Hy sal hand oor hand teen die rots klouter tot hy uit die stroom is.

Sy hart hamer nog teen sy ribbes. Hy kry die beweging een keer reg. Die malende water maak dit moeilik om te sien waar hy volgende moet vat.

Hy skuif sy een hand en klou vas. Dan trek hy homself kant toe.

Die volgende oomblik pluk die stroom Caleb se hande van die rots af. Hy moet alles doen om nie na asem te snak nie. Hy is nou aan die stroom se genade oorgelaat.

Sy longe brand. Dis hý wat gaan verdrink, nie Freya nie.

Hy moet boontoe. Dis al wat hom nou gaan red.

Caleb maak die belt met die gewigte om sy middel los. Dan spin hy soos ’n top in ’n warrelwind na die oppervlak. Hy snak na asem toe hy deur die water breek. Caleb lig en sak saam met die gety. Net voor die see hom van die rots wegspoel, gryp hy na ’n oorhang.

Hy het dit. Met al sy krag trek hy homself nader en druk sy lyf styf teen die rots.

Met die ander hand pluk hy die paddavoete af en gooi hulle op die klip.

Met sy laaste bietjie krag trap hy vas en stoot homself uit die see.

Hy val op sy rug neer en fokus op sy asemhaling. Hy stoot die duikbril oor sy oë en staar net na die blou lug. Dit kon so verkeerd geloop het.

Caleb trek sy longe vol suurstof, maar niks kan die pyn in sy borskas beter laat voel nie.

Hy het steeds nie die trommel nie.

FREYA

Anathi hou Freya se hand vas terwyl sy vir die video-oproep van haar ma’s wag. Sy lyk seker nou vreeslik, want sy het haar kop onder die kraan gehou in ’n poging om beter te voel. Om haar gedagtes helder te kry.

Nou verstaan sy ook hoekom Miss nou die dag vir haar so baie van Simon vertel het. Sy het soveel vrae. Vir haar ma’s en vir Miss.

Hulle sit in die eetkamer by die tafel. Haar foon is teen ’n blompot gebalanseer. Spasmas kramp deur haar lyf. Dis die stres.

Miss kom sit aan Freya se linkerkant. Sy sit haar hand op Freya s’n. Die gebaar voel vreemd. Besorg amper.

Die foon lui en haar ma’s se gesigte verskyn op die skerm.

Freya blaas haar asem uit toe sy die oproep aanvaar. Haar ma’s sit styf teenmekaar. Agter hulle is die dekor van ’n beige hotelkamer. Marlena se arm is om Daniela se skouer.

“Hallo, julle,” sê Miss.

“Hallo, Miss. Hallo, my kind,” sê Daniela. Sy kyk na Anathi.

“Die is Anathi. Kaptein se dogter,” stel Freya haar voor.

Anathi lig haar hand in ’n groet.

Daniela se oë is rooi gehuil. Dan begin sy praat: “Ons is jammer jy moes so uitvind,” sê sy. Miss het haar ma’s voor die oproep laat weet hoe Freya die waarheid ontdek het.

Trane swem skielik in Freya se oë toe die werklikheid van wat sy nou gaan hoor haar tref. Sy weet nie wat om te sê nie.

“Jy het seker baie vrae, hoe wil jy dit doen?” vra Marlena. Sy druk Daniela se skouer.

Steeds het Freya nie woorde nie, want as sy praat gaan sy huil. Sy het altyd gedink hulle is ’n hegte gesin. Dat hulle mekaar alles vertel. Nou weet sy nie meer wat om te dink nie. En as sy huil, hou sy dalk nooit op nie. Hulle het haar van ’n pa en ’n ouma ontneem.

“Goed dan,” sê Daniela toe Freya niks sê nie. “Ek sal begin.” Haar ma byt haar onderlip soos wanneer sy hard konsentreer. “Miss sê jy weet nou sy is nie regtig my tannie nie.”

Freya knik.

“Ons wou so graag ’n baba hê . . . ek en Simon het ’n lang pad gekom. Hy was my beste pel op skool in Oos-Londen. Hy het geweet ek is gay voor ek dit geweet het.” Marlena vryf oor Daniela se rug. “Ons was saam op universiteit. Hy was die best man op ons troue. Toe ons begin beplan om ’n baba te kry, was ons onseker oor die skenker. Hoe kies ’n mens die regte een? Simon het een aand by ons gebraai. Hy was in die land vir ’n maand of twee. Ons het hom vertel dat ons graag wou swanger raak en dat ons nie weet watter skenker om te kies nie. Hy het aangebied om die skenker te wees.” Daniela haal haar skouers op asof dit ’n no brainer was.

Toe Freya nie reageer nie, sê Marlena: “Dit was die perfekte oplossing vir ons. Hy wou nie kinders van sy eie gehad het nie. Hy was amper nooit in die land nie.”

Freya dink aan die poskaarte uit verskillende lande wat sy in die laai gekry het.

“Hy was ’n goeie mens,” sê Miss. Sy klink amper verdedigend.

Freya kyk vraend na Miss. Miss het dan self gesê hy het verkeerde goed gedoen.

“Hy was ’n huursoldaat,” verduidelik Daniela toe sy die onbegrip in Freya se oë sien. “Die geld was goed en hy het van die opwinding gehou.”

“Wat ons gepas het,” sê Marlena.

Huursoldaat? Freya sluk. Soldate voer oorlog. Hulle vermoor mense. Hoeveel mense het haar pa vermoor?

Anathi moet seker haar ongemak aanvoel, want sy druk Freya se skouer asof sy jammer wil sê.

“Ja, Simon het sy duiwels gehad,” voeg Miss by. “Hy kon nie lank stilsit nie. Hy het net ’n onvermoë gehad om in die normale samelewing aan te pas. Hy was mal oor die adrenalien-skop. In ’n alledaagse lewe is daar geen alternatiewe daarvoor nie.” Is dit dieselfde duiwels wat Miss in haar ook sien? Dit voel vir Freya of daar nie genoeg suurstof in die vertrek is nie. Haar pa was ’n moordenaar. Dis hoekom hy verdrink het.

Freya skuif in haar stoel. Skielik bewus van die bloed wat deur haar are vloei. Simon se bloed. Dit voel of haar keel wil toetrek.

“Simon sou nou en dan in-check. Vra hoe dit met jou gaan,” sê Daniela.

“Hy wou net die skenker wees, nie die pa nie. En dis hoe ons dit ook verkies het,” sê Marlena. “Ons wou nie hê jy moet jou oor ’n pa bekommer wat nooit beskikbaar is nie. Kan jy jou voorstel? Jy sou altyd wonder of hy veilig is. Waar hy is wanneer hy vir maande oorsee gaan veg het. Dis nie ’n lewe vir ’n kind nie. Hy kon nie deel wees van jou lewe nie.”

“Dis hoekom ek nie ’n ouma kon wees nie,” sê Miss. Dit lyk of sy gaan huil. Freya sluk. As Miss gaan huil, gaan sy ook. “Hulle was hier met jou toe jy ses maande oud was en ek het nie geweet ek is jou ouma nie. Eers ’n jaar voor sy dood het hy vir my gesê dat hy ’n pa is, dat hy destyds ’n skenker was vir Daniela en Marlena. Hy het my van sy besluit om geen kontak met jou te maak nie vertel. Ek het so maand terug al vir Daniela gevra of ek jou mag leer ken. Nou dat Simon oorlede is, is daar nie ’n rede hoekom ek jou nie in my lewe mag hê nie. Toe Daniela bel en vra of jy hier

kan kom bly terwyl hulle reis het ek dadelik ingestem. Ek wou jou so graag leer ken.”

“Maar daardie eerste dag het Miss gesê ek moes nie gekom het nie,” Freya se stem kraak.

Miss kyk verskonend na haar. “Ek het soveel van jou pa in jou gesien en ek het geskrik, gedink my hart sou dit nie hou nie.”

Dalk kan hulle tog nou op ’n manier ’n verhouding hê. Noudat alles op die lappe is.

Freya los Anathi se hand. Eers huiwer sy en dan gooi sy haar arms om haar ouma se skouers.

Miss druk haar styf vas.

Deur die luidspreker kan sy hoor hoe Marlena ook nou huil.

Freya trek weg en kyk na die skerm.

Daniela praat sagter. “Dis die storie. Ons het jou nie van ’n pa ontneem nie. Ons het sy wense geëer, maar ja, ons het wel die skenker geken. As jy geweet het wie jou pa was, sou jy hom wou ken en dis nie wat Simon wou hê nie.” Dat haar pa haar nie wou ken nie, kom lê soos ’n klip op Freya se bors.

“Ek dink Simon wou jou beskerm teen die chaos in hom,” antwoord Miss. Sy knik asof sy haarself wil oortuig dat dit die waarheid is.

Simon se gene woel rusteloos binne haar. Hoe lank gaan dit vat om in te sink? Sy wil glimlag. Is dit waar sy haar avontuurlustige streep vandaan gekry het? Dan skrik sy vir haar gedagtes. Hy het oorlog gemaak vir ’n lewe. Háár pa was ’n moordenaar.

Dié gedagte swem soos ’n haai teen haar vas en gooi haar van balans af.

“Kaptein het gesê ek is vervloek nes my pa.”

“Hy het wat?” Daniela spring op asof sy deur die skerm gaan storm. Marlena trek haar aan die hand en sy gaan sit weer.

“Hy het obviously na Simon verwys . . . en Miss het vir my gesê dat Simon verdrink het. Is dit hoekom Iamanga hom vervloek het? Want hy het mense vermoor?” kom Freya se vraag oor haar lippe voor sy dit kan keer.

Almal is skielik stil.

“Nee,” kug Miss. “Ek het vir jou gesê ek glo nie in die vloek nie. Kaptein en Simon was vriende in hul jong dae. Hy het nie Simon se keuse van beroep goedgekeur nie. Dis hoekom hy geglo het Simon is vervloek.”

“Ek het die geroggel gehoor,” sê Freya.

Langs Freya verstyf Anathi.

“Vloeke word net waar as ’n mens glo jy verdien dit,” sê Marlena.

Daniela knik. “Iamanga word misverstaan. Daar’s nie iets soos ’n vloek nie. En jy gaan nie verdrink nie, oukei?”

Freya knik.

“Ons het ander goeie nuus,” sê Marlena.

Freya kyk verdag na hulle. Sy beter nie ’n bababoetie of -sussie kry nie.

“Ons het ’n wonderlike dokter hier gekry wat in ME spesialiseer. Sy het ingestem om jou vanaf Januarie virtueel te behandel.”

’n Gil glip uit haar keel. “Regtig?” Uiteindelik iemand wat haar gaan help! Wat haar kondisie verstaan.

“Dis wonderlik,” sê Anathi. “Freya is baie braaf. Sy lê nie hier elke dag in die bed nie. Sy is ons eie Nancy Drew.”

“Wat bedoel Anathi?” vra Marlena.

Freya sluk. Sy het so baie om te prosesseer. “Dis sommer niks. Ek help vir Caleb Meyer om meer uit te vind oor sy pa se verdwyning.”

Daniela knik bekommerd. Haar oë deursoek Miss se gesig.

“Ek dink nie dis ’n goeie idee nie, Freya,” sê Daniela.

Freya hoop nie Miss het vir haar ma’s gesê sy en Caleb is agter ’n inbreker ’n huis in nie.

“Hoekom nie?” vra Freya.

“Sy oom is deesdae heeldag in die nuus,” antwoord Marlena. “Is dit ooit veilig?”

“Caleb sal nie toelaat dat ek iets oorkom nie.” Sy dink aan hoe hy haar van verdrinking gered het.

Die gevoel van Caleb se lippe op hare en die manier hoe hy haar hand vashou glip ongenooid tussen al haar ander emosies in.

Hitte trek deur haar lyf toe sy besef die leë gevoel in haar is omdat sy dalk na Caleb verlang.

CALEB

Caleb, Ebert en Mateo sit buite. Dit is besig om skemer te raak. Die lug is gestreep met pienk, blou en pers kwashale.

Mateo is besig om ’n bonfire te bou – sy poging om Caleb op te beur. Caleb is net nie so seker of sy pel dit gaan regkry nie.

Ebert speel opgewekte musiek deur die bluetooth-luidspreker. Ná ’n dag in die warm son is sy gesig rooi vanaand.

“Jammer ons het nog steeds nie die trommel nie,” sê Ebert toe hy langs Caleb kom sit. Hy hou vir Caleb ’n yskoue bier. Caleb knak dit oop en vat ’n lang sluk.

“Môre kry ons die trommel,” sê Mateo. Die houtstapel lyk vir Caleb soos ’n Jenga-toring. Mateo steek dit aan die brand.

Hy wens Freya was nou hier.

Caleb vat sy foon. Hy gaan na Freya se sosiale media.

Daar is steeds geen nuwe plasings nie. Ook geen boodskappe van haar nie.

Hy brand om te weet hoe dit met haar gaan. Of sy oukei is.

Hy begin vir haar ’n boodskap tik.

Bonfire. Wil jy oorkom?

Spanning sak uit sy nek en skouers toe sy antwoord.

Sien jou nou.

Anathi en Freya daag tien minute later op.

Caleb hou Freya fyn dop toe sy uit die kar klim. Sy het nie haar stapstok nie. Dis ’n goeie teken, maar haar oë lyk pofferig en rooi asof sy die heeldag gehuil het. Caleb vryf oor sy borskas. Hy hoop nie dis oor gisteraand se gemors nie.

Hy het haar lewe so in gevaar gestel. Die stap, die see, die skietery. Hoe kon hy so dom wees?

“Hallo, julle,” sê Freya.

Caleb voel hoe die verligting oor hom spoel toe sy vir hom glimlag. Beteken dit sy’s nie kwaad vir hom oor gisteraand nie?

Mateo kry vir Freya en Anathi elkeen ’n blikkie koeldrank.

Hulle kom sit om die vuur.

Caleb trek sy stoel nader sodat hy langs Freya kan sit. Hy het so baie om vir haar te sê.

Hy begin met: “Ek is jammer oor gisteraand . . . dat jy amper verdrink het.” Hy sluk. Hy wil nie eens daaraan dink nie. Hy het geweet hoe bang sy daarvoor is en hy’t geweet sy’s siek.

“En ek is jammer ek het gevries. Ek weet nie wat het met my gebeur nie,” sê sy.

“Dit was skok.”

Sy skud haar kop. “Ek het gedink jy sal my nooit weer wil sien nie.”

Caleb raak aan haar pinkie. “Ek sal jou altyd weer wil sien.” Sy stem rasper.

Freya word stil. Hy moes dit nie gesê het nie.

Dan glimlag sy. “Ek sal jou ook altyd weer wil sien.” Haar wange word rooi en sy kyk vinnig weg. Elke keer dat hy na haar kyk, voel sy hart ligter.

’n Bekende liedjie begin speel. Freya ruk toe Ebert skielik die musiek harder sit. Mateo en Anathi spring op en begin dans.

“Moenie so skrik nie, Hashtag,” sê Caleb vir haar. Verbaas vir sy bynaam vir haar, val haar mond oop. “Ek het na jou sosiale media gaan kyk. Jy hou beslis van hashtags.”

Freya se wange word weer rooi.

“Ek hou daarvan om my siekte te dokumenteer. Die ups en downs.” Daaroor is sy reg. Freya is een van die min meisies wat nie net goeie foto’s post nie. Daar is slegte foto’s ook. In meeste foto’s lê sy in die bed. Maak nie saak hoe sy lyk nie, sy bly vir Caleb aantreklik.

Freya haal haar foon uit haar rugsak.

“Neem maar die selfie. Jy weet jy wil,” sê Caleb vir haar. Maar Freya neem nie ’n selfie nie, sy neem ’n foto van Caleb.

Sy kyk na die foto en bêre weer die foon. Dan flits haar oë terug na hom.

“Moenie eens vra nie. Ek kan nie dans nie,” terg hy.

“Toemaar, ek ook nie,” sê sy dankbaar.

Met Freya wat nou hier is, die vuur wat brand en die vakansie vibes kan Caleb amper vergeet hy kon nie vandag sy pa se trommel kry nie. Vir vanaand is hy heel tevrede om net hier langs haar te sit.

“Dit was stil sonder jou vandag,” sê hy.

“Bedoel jy ek praat te veel?” Freya skreef haar oë.

Caleb lag, maar dan word sy gesig ernstig. “Ek het gaan vryduik,” sê hy. “Ek was so seker ek sou die trommel kry.”

Freya se kop ruk op. “Sê asseblief vir my jy het die trommel.”

Hy skud sy kop. “Ek het niks gesien nie.” Hy sê nie vir haar hy’s amper deur die seestroom meegesleur nie.

Freya se teleurstelling is tasbaar, en al wat sy uitkry is: “Ek’s jammer.”

“Ons sal op ’n ander manier uitvind, ons moet net.”

Dan sluk Freya. “So ek het ook nuus,” sê sy.

Caleb knik.

“Dis groot nuus,” spring Anathi in.

“Simon van Miss was my pa,” sê Freya.

“So Miss is jou ouma?” vra Caleb.

“Ja.”

“Hoe het jy dit uitgevind?” vra hy.

“Ek en Anathi het vandag gesnuffel. In daai boomhuis was daar baie geheime toegesluit.” Freya glimlag.

“Miss het ons uitgevang,” sug Anathi. “Maar ek is bly sy het.”

“Ek ook,” sê Freya.

“Miss het seker uitgeflip,” sê Mateo.

“Nee, sy was eintlik nice. Asof sy ook bly was die geheim is in die ope. Ons het met my ma’s gevideo-call. Hulle het alles verduidelik. So jy was reg. Ek het ook ’n geheim gehad om te ontrafel.”

“Wow. Dis ’n groot dag vir Freya,” sê Ebert. “Ons moet dit vier!” Die woorde sny soos ’n skerp mes. Hier sit hy steeds sonder antwoorde oor sy pa. Ebert kyk na hom. Hy het besef wat hy sê.

“Jammer,” sê Ebert.

“Nee, jy’s reg. Ons moet dit vier,” sê Caleb. Hy hou sy hand na Freya. “Nou sal ons moet dans.”

FREYA

Freya kan nie slaap nie. Sy het huursoldate gegoogle. In Afrika word hulle gewoonlik gebruik in lande wat oproerig is. Hulle werk saam met daardie lande se weermagte. Een groep huursoldate het gehelp om jong meisies wat gevange gehou is, te bevry. Dit het Freya beter laat voel. Haar pa het waarskynlik mense vermoor. Is dit steeds verkeerd as dit slegte mense was?

Dan dink sy aan Caleb. Sy kry hom so jammer omdat hy nog nie weet wat met sy pa gebeur het nie. Eers die wag op sy pa en noudat hy weet die vliegtuig is beslis in die see . . . dit moet hom opvreet.

As sy net nie nou die aand gevries het nie.

Dis nou halfvyf. Miskien moet sy net self gaan kyk of die trommel nie vanoggend uitgespoel het nie. As Caleb nie agter haar aangeduik het nie, het hy nou sy antwoorde gehad.

Sy sluk. Sy weet almal sê die vloek bestaan nie. Maar sy voel dit aan haar lyf. Dalk . . .

Miskien as sy iets merkwaardigs vir iemand doen, betaal sy die skuld vir haar pa se vloek wat soos ’n seekat aan haar vassuig.

Voel sy nou skielik dapper omdat sy weet ’n huursoldaat se bloed vloei deur haar? Nee. Dis omdat sy vir Caleb jammer is. En omdat sy nie haar pa se vloek verdien nie.

Al hoe sy hierdie gaan regmaak is om self na die trommel te gaan soek.

Sy is ná alles ’n goeie swemmer. Sy moet net haar kop regkry.

Freya staan op en trek die gordyn weg. Dis nog nie lig nie.

Die swembroek wat Miss vir haar gekoop het hang in die badkamer. Miss se swembril lê op die tafel langs die skuifdeur.

’n Halfuur later staan sy op die strand. Sy het met die fiets gery. Die ekstra dik bande het dit maklik gemaak om op die sand te ry.

Freya stop regoor die plek waar die kajak omgeslaan het. Sy klim af en balanseer die fiets teen die rots wat soos ’n draakpoot lyk. Uitasem staan sy eers vir ’n oomblik na die see en kyk. Daardie aand se gebeure klots aan die rante van haar geheue.

In die see, net agter die laaste groot branders, daar waar die rots uit die water steek, dis waarnatoe sy moet swem. Dis nogal ver. En sy’s nie gewoond daaraan om in die oop see te swem nie.

Caleb het gesê hy het nie die trommel gesien nie. Dis nie te sê sý sal dit nie kry nie. Sy trek haar klere en plakkies uit sodat sy net in haar swembroek staan. Sy trek Miss se swembril oor haar oë. Vir ’n oomblik staar sy af na haar lyf. Sy kan nie help om te glimlag nie. As sy terug by die huis is, moet sy dalk probeer om weer te begin gala oefen. Nee. Sy stuur die gedagte weg. Miskien moet sy net eers die trommel kry voordat sy te braaf begin raak.

Sy vee haar klam palms aan haar handdoek af. Dis asof die koue oggendlug haar helder laat dink. Sy kyk links en regs van haar en dan vries sy. Nes daardie nag. Skielik voel sy nie meer so seker nie.

Hoendervleis slaan oor haar vel uit. Die wit skuim van die gety stop net voor haar tone.

Sy tree agteruit. Sy dink nie sy kan dit doen nie.

Wat as sy weer in die water verlam raak van vrees? Wat as haar spiere nie wil saamwerk nie? Of wat as sy te moeg raak om terug te swem land toe? Hier is absoluut niemand wat haar sal kan help nie.

Niemand weet eens waar sy is nie. En wat van die vloek?

Stadig skud sy haar kop. Sy kalmeer haar asemhaling. Sy voel regtig beter die laaste paar dae. Miskien is Daniela en Marlena reg. Stormwater doen haar goed.

En vandag was sy hierdie vloek van haar lyf af.

Sy is ’n goeie swemmer, bly sy haarself herinner.

As sy net weer in haarself glo.

“Jy kan dit doen, Freya,” fluister sy.

Freya lig haar ken. Dan sit sy een voet in die water. Vinnig lig sy haar been weer uit.

Die water is vrekkoud.

Dis nou of nooit.

Freya vryf met haar hande oor haar arms toe die koue water aan haar tone raak.

Dit was haar skuld dat Caleb sonder die trommel is. Sonder sy pa se geheim is.

Sy moet net fokus op wat dit vir Caleb sal beteken as sy die trommel kry. Vir hom en sy ma. En hopelik in die proses betaal sy vir haar pa se sondes. Iets in haar wil kompenseer vir sy foute.

Freya gee vinnig nog drie treë sodat sy kniediep in die water staan. Toe trek sy haar asem in en duik af onder die eerste brander. Die koue soutwater brand haar vel. Toe sy opkom spat die water in haar gesig. Gelukkig dra sy ’n swembril. Sy swem vryslag. Met elke ritmiese beweging kan sy aan haar lyf voel hoe lanklaas sy geswem het.

Soos in ’n swembad, herinner sy haarself. “Bolyf, arms, bene, hande, voete, kop, asemhaling. Al hierdie goed moet gesinkroniseer wees!” hoor sy haar afrigter se stem in haar kop weergalm.

Toe sy diep genoeg is, trap sy eers water. Haar asem jaag al klaar.

Sal sy dit tot by die rots kan maak?

Sy haal ’n paar keer diep asem om aan die koue gewoond te raak. Sy het tog al baie in koue water geswem. Ja, maar nie terwyl jy siek was nie, skreeu haar brein. Die water, nou onder haar ken, laat paniek in haar opstoot.

Dalk moes sy net vir iemand gesê het sy kom strand toe.

“Doen dit net Freya!” skreeu Coach weer in haar kop.

Sy duik onder die golwe in en begin swem in die rigting van die rots.

Haar hale is soos sweepslae. Haar lyf weet wat om te doen. Sy het nie vergeet nie. Haar arms kloof deur die water en vir ’n oomblik vergeet sy dat sy ’n patetiese meisie is wat niks kan doen nie.

Sy peil deur die water soos voor sy siek geword het. Soos toe sy nog Freya was.

Sy swem tot teen die rots en kry vashouplek waar sy vir ’n oomblik net in die see kan hang om haar asem terug te kry.

Sy het dit gedoen! As sy dít kon doen, kan sy die trommel ook kry.

Hoe ver is dit bodem toe? wonder sy.

Daar is net een manier om uit te vind.

Freya trek haar longe vol suurstof. Sy het nie ’n idee hoe ’n mens vryduik nie.

Haar moed begewe haar en sy blaas weer die lug uit.

Sy kyk af deur die helder water. Iewers daar onder lê die trommel. Caleb se antwoorde oor sy pa. Sy kan hom nie in die steek laat nie. Nie soos nou die nag nie.

Die son steek al die horison aan die brand. Sy weet dit word vroeg lig hier, maar sy sal moet wikkel voor mense op die strand kom stap.

Freya trek weer haar longe vol lug. Haar kieste staan bol toe sy induik. Sy skop haar bene harder, meer, vinniger. Dit voel of sy ’n gordyn wegtrek soos haar hande die water voor haar wegstoot.

Uiteindelik kan sy die bodem sien. Seegrasse en seeslakke wieg saam in ’n treurige dans. Visse skarrel weg toe hulle haar sien.

Adrenalien pomp deur Freya se are. Vir die eerste keer in ’n jaar voel dit of alles moontlik is. Asof sy net weer die ou Freya is. Sonder iets wat haar terughou.

Borrels tuimel oor haar lippe en warrel in ’n silwer streep na die oppervlak.

Dis omdat sy glimlag, besef sy.

Dan vang iets donkers Freya se aandag regs van haar.

Die trommel!

Haar longe brand. Sy sal eers weer moet opkom vir asem.

Sal sy weer die plek kry? Sy sal net moet.

Sy hyg oopmond toe haar kop bo die water is. Sy trap water sodat sy nie haar plek verloor nie.

Caleb gaan so bly wees.

Met longe vol suurstof getrek, duik Freya weer af.

Bloed raas in haar ore.

Die trommel is mooi netjies tussen twee rotse vasgevang. Soos hande wat dit vashou. Asof die see ook nie wil hê Caleb moet die geheim vind nie.

Freya duik dieper af, met uitgestrekte arms. Haar vingers reg om dit vas te gryp. Seegras kielie haar bene.

Sy versterk haar greep om die handvatsel en trek.

Die trommel wil nie roer nie.

Komaan! gil sy in haar kop.

Teen dié trant sal sy eers weer moet boontoe vir asem.

Freya skiet na die oppervlak. Sy hyg na asem. Dan trek sy haar longe vol suurstof en duik weer af.

Dié keer plant sy haar bene aan weerskante en trek.

Skielik tuimel sy effens agtertoe.

Sy het die trommel!

Freya druk die trommel teen haar bors en kyk op.

Na die lig toe.

Sy skop met haar voete om na die oppervlak te swem.

Die volgende oomblik gebeur iets in Freya se lyf wat sy baie goed ken.

Net nie nou nie! wil sy skreeu.

Freya voel hoe koue haar lyf skielik soos ’n gletser laat vries. Dis ’n koue wat altyd ongenooid en uit die bloute kom. Een wat sy nog nooit kon keer nie.

Binnekort gaan sy nie kan beweeg nie. ’n Rigor-aanval word dit genoem.

Freya kyk op. Sy voel hoe haar spiere swaar en onbeweegbaar word. Asof sy nou deur teer swem en nie water nie.

Elke haal en skop raak meer moordend.

Sal sy dit ooit tot op die strand maak voor sy begin bewe en inmekaartrek?

Om die trommel kramp haar vingers nou. Sy kan dit nie meer vashou nie.

Dan glip die handvatsel uit haar hande. Onder die water begin haar tande opmekaar klap. Sy sluk nou water. Dan raak sy verlore in ’n donker dwarrel van seesand en skulpe fyngemaal deur rowwe water. Sy kry nie asem nie.

Oor en oor tol sy onder die water. Watter kant is bo en watter kant is onder?

Borrels ontsnap uit haar neus en mond. Sy kan nie meer haar asem ophou nie.

Dan vat twee sterk hande haar vas.

Deur die gemaal kan Freya nie die figuur uitmaak nie.

Caleb? Mateo? Ebert?

Uiteindelik breek haar kop deur die oppervlak.

Die ritmiese sametrekkings van haar spiere maak dit moeilik om haar asem terug te kry.

Sy kan voel hoe beur hulle deur die golwe.

Iemand sit haar op die sand neer.

Deur die waas sien sy iets langs haar.

Die trommel!

Sy wens sy kan praat. Skerp sonlig verblind haar en sy kan die buitelyne van die persoon net-net uitmaak. Sy trek haar oë op skrefies, maar haar brein kan nie op ’n gesig fokus nie.

Al wat haar lyf nou wil hê is hitte. As dit by die huis gebeur, maak sy elke sentimeter van haar vel toe. Sokkies, sweetpak, parka, mus. Elke millimeter vel.

Maar nou . . .

Freya verbeel haar sy sit voor die kaggel by die huis. Dat sy warm aangetrek is. Dat sy nie bewe of koud kry nie, maar dit help niks.

Elke keer wanneer die koue lug oor haar vel streel, begin sy van vooraf ruk en bewe.

Iemand gooi haar toe met iets sags.

’n Handdoek?

Tussen die bewe deur kan Freya voel hoe haar lyf beweeg. Hande wat weer om haar vou. Dis nie sy wat loop nie. Haar voete raak nie aan die grond nie. Vlieg sy? Is sy dood?

CALEB

In die kombuis sit Caleb die ketel aan. Hy is vanoggend vroeg wakker. Hy moet op die strand kom voor daar nog stappers is. Vir ingeval die trommel dalk laasnag uitgespoel het. Dan gaan hy vir prof Tinus bel. Hoor of hy weet hoekom sy pa van hulle plaas opgestyg het eerder as die lughawe.

Eers moet hy koffie in sy lyf kry.

Terwyl die water kook, loop hy voordeur toe.

Onder die deur is ’n nota ingeskuif.

Vir antwoorde kom na die huis in die veld naby die kafee.

Hy voel duiselig.

Iamanga se huis?

Wat beteken dit? Wat sal sy van sy pa af weet? Het sy dalk die trommel gekry? Maar Caleb het die sleutel.

Die nota sê nie hy moet alleen kom nie.

Caleb vergeet vir eers van koffie. Hy hardloop om vir Mateo en Ebert wakker te maak. Maar die vraag wat in hom brand is: Wat sal hulle in die huisie by die veld kry?

FREYA

Die laaste ding wat Freya sien voor sy nie meer haar oë kan oophou nie, is poublou oë. Sy voel hoe die swembroek van haar lyf afgeskil word. Haar ooglede is te swaar om oop te maak. Iemand wikkel haar sweetpakbroek oor haar bene en haar T-hemp oor haar kop. Dan voel sy ’n sagte, warm kombers om haar vou. Dan die snoesige gewig van nog een. Iemand lig haar kop. Warm vloeistof raak aan haar lippe. Dis bitter, maar Freya sluk dit af. Met elke sluk voel dit of hitte haar lyf binnegly en saggies in haar maag begin gloei.

“Don’t move,” sê ’n sagte vrouestem.

Sy voel hoe vingers aan haar voorkop raak.

Waar is sy?

Soos ’n brander stoot die hitte in haar maag na die res van haar lyf. Totdat haar kaak nie meer bewe nie. Totdat sy uit die rigor se greep kan loswikkel en haar arms en bene weer kan reguit maak sonder om van vooraf te begin bewe. Haar vel is klam van die koue sweet.

Toe sy uiteindelik weer kan fokus, is dit in poublou oë waarin sy vaskyk.

Iamanga! Het die seeheks haar lewe gered in plaas daarvan om haar te laat verdrink?

Deur die waas sien Freya ’n man.

Onder die man se pet hang ’n bos lang bruin hare uit. Sy baard is lank en woes sodat net sy oë en neus sigbaar is. Hoekom lyk hy so bekend? Sy oë. Dis wat vir Freya bekend lyk, besef sy. Dan verdwyn hy uit Freya se gesigsveld.

Freya kyk om haar rond.

Teen die mure is rakke met glashouers vol kruie. Daar hang ook bondels gedroogde plante uit die sinkdak.

Iamanga staan met haar rug na Freya. Sy is besig om iets met ’n stamper en vysel fyn te maak.

Dan stoot die man haar fiets by die vertrek in. Hy sit dit teen die sinkmuur sonder om na Freya te kyk.

Skielik onthou sy hoekom sy in die see was. Die trommel! Dit het langs haar op die sand gelê. Sy is seker daarvan.

“Slowly,” sê Iamanga en kom sit langs Freya.

“Die trommel?” vra sy. Haar oë soek verskrik deur die vertrek.

Die man staan met die trommel in sy hande.

Iamanga sê iets in ’n taal wat Freya nie verstaan nie.

Die man knik.

“Los die trommel,” waarsku Freya.

Die man glimlag vir haar. Hy loop na haar toe.

Dan steek hy sy hand uit.

“Hallo. Ek is Karel Meyer. Jy ken my seun,” sê hy.

Freya is seker sy droom. Dit moet die koors wees.

CALEB

“Het iemand al iets van Freya gehoor vandag?” vra Caleb. Hy het vir haar ’n ton boodskappe gestuur, wat sy nog nie een beantwoord het nie. Sy antwoord ook nie as hy bel nie. Hy wil hê sy moet saamkom na Iamanga se huis toe.

“Nee, jammer,” sê Ebert.

“Kan ons nou gaan?” vra Mateo.

Hy knik. Hulle sal maar net sonder Freya moet gaan. Om na Iamanga te gaan is al leidraad wat hy nou het.

Hulle stop op die sypaadjie naby die veld. Dan klim hulle uit en loop na die sinkhuis.

Onder die boom klingel seeglaswindklokkies. Die bene en skulpe wat aan die boom hang gee hom die creeps.

Moet hulle nou klop? wonder hy. Hy ken nie seeheks-etiket nie.

Caleb loer deur die klein vensters van die sinkgebou.

Seesproei wat aan die ruite kleef maak dit moeilik om in te sien.

Die volgende oomblik pluk iemand die deur oop.

Caleb se lyf ruk.

Iamanga kyk met ’n frons na hom.

“It is rude to look through someone’s windows,” raas sy. Sy klik haar tong.

Caleb trek sy hoodie se rits hoër op. Vandag is dit weer kouer as wat dit moet wees vir Desember.

“Come in,” nooi Iamanga. Haar oë beweeg bekommerd oor die veld voor sy die deur toemaak.

In die kamer is ’n konka, ’n klein kombuistafel en twee stoele. Rakke vol kruie en doepas. Daar is ook ’n enkelbed.

Sy hart voel of dit in seegras verstrengel.

Dis nie die bed nie, maar wie op die bed lê wat woede in hom laat opstoot.

Hy kan nie die lyf sien nie, maar die pienk en blonde spookasemhare wat oor die kussing gesprei lê, sal hy enige plek herken.

Freya.

“What dit you do to her?” sis hy vir Iamanga. Sy antwoord hom nie. Haar oë gee ook niks weg nie.

Hy loop haastig na die bed en sak op sy hurke langs Freya.

Hy vee die hare uit haar gesig. Freya haal sag asem. Sy is onbewus daarvan dat hy hier langs haar is. Versigtig vat hy haar hand.

“Freya?” fluister hy.

“Sy wou die trommel vir jou uitduik.” Caleb vries. Dié stem laat hom agtertoe steier. Dit voel of ’n onverwagse brander sy voete onder hom uitslaan.

Ebert en Mateo trek saam hulle asems in en Caleb weet hy het reg gehoor. Hy druk sy palms oor sy oë voordat hy dit waag om te kyk na waar die stem vandaan kom.

Sy pa lewe?

Hy is te bang as hy omdraai word hy teleurgestel. Noudat hy daaraan dink, die nota was in sy pa se handskrif!

Toe draai hy stadig om.

Tussen die baard en snor en lang hare herken hy net sy pa se vriendelike oë.

Bloed raas skielik in Caleb se ore. Dit voel of vaste grond pas onder sy voete uitgespoel is.

Bekende arms vou om Caleb. “My kind! Ek het so gehoop jy gee moed op en gaan huis toe.” Hy trek weg om seker te maak dis nie sy verbeelding nie.

“Pa?” vra hy geskok. Hy het dit geweet! Sy pa lewe. “Ek het geweet Pa lewe! Maar hoekom hier wegkruip?” Caleb se oë vlieg na Iamanga. Dis asof sy nie weet hulle is hier nie. Sy hou haar besig met haar kruie en haar botteltjies.

Sy pa groet vir Mateo met die hand, maar Mateo trek hom sommer nader vir ’n mannedruk.

“Hel, dis goed om Oom te sien.”

“Ek verstaan nie?” Caleb se asem jaag. “Ma dink Pa is dood. Sy sal so verlig wees om te hoor ek was al die tyd reg!”

Hy kan nie genoeg na sy pa kyk nie.

“Ek is jammer ek het julle hierdeur laat gaan,” sê sy pa. “Dit was vir julle eie veiligheid. En toe kom jy sowaar Stormwater toe.” Sy oom se waarskuwing kook in hom. Kruip sy pa al so lank hier weg, danksy Dawid Meyer?

Freya kreun op die bed. Hy is so geskok om weer sy pa te sien dat hy vir ’n oomblik van haar vergeet het. Het sy pa gesê Freya wou die trommel uitduik?

Hy kon dit dan nie eens doen nie! Hoekom sou sy dit probeer het? Dan onthou hy. Hy het haar nooit van die stroom gesê nie.

Iamanga sit haar hand op Freya se voorkop.

“Is sy oukei?” vra Caleb besorg. Dan kyk hy na sy pa. “Het . . . het sy dit reggekry?” vra Caleb. “Het sy die trommel gekry?”

Sy pa glimlag. “Sy het amper verdrink in die proses. Ek het haar net betyds uit die stroom gekry. Iets het met haar onder die water gebeur. ’n Aanval, of iets.”

Caleb trek sy asem in. Hoe kon sy so dom gewees het om dit alleen te doen?

“She is brave this one,” sê Iamanga. “She will be fine.”

Sy pa vryf oor sy ribbes en borsbeen. “This one shouldn’t have gone into the water, though. He is still recovering,” raas Iamanga.

“Wat bedoel sy?” vra Caleb en kyk na sy pa.

Sy pa lig sy skouers. “Ek makeer niks. Net ’n paar gebreekte ribbes en gekraakte borsbeen van die ongeluk.” Ebert trek sy gesig asof dit hy is wat seergekry het. “Ek is oukei. Dis al agt weke. Iamanga het my mooi versorg. Ek skuld haar,” sê sy pa.

“Nou hoe het pa vanoggend op Freya afgekom?”

“Vandat ek beter voel doen ek elke oggend of snags opnames voor die dorp wakker word. Om die veranderings in die see te monitor, die situasie dop te hou. Vanoggend het ek gesien hoe Freya in die water ingaan. Ek het besluit om te kyk wat sy wil aanvang. Sy weet seker nie van die seestrome hier nie. Toe sy op ’n stadium nie opkom vir asem nie, het ek geweet iets skort. Ek kon haar nie net los nie. Ek het nie besef dit is die trommel waaragter sy aan is nie. Toe ek agter haar aanduik het ek dit in die water sien afsak en kon ek dit net betyds gryp.”

“Dankie, Pa,” sê Caleb.

Caleb gaan sak weer op sy knieë langs Freya en soen haar sag op haar wang. Iamanga is reg. Freya was nie dom nie, maar braaf. Geen meisie het

al ooit haar lewe gewaag vir iets wat vir hom belangrik is nie.

Sy pa loop na ’n ander vertrek en kom terug met die trommel.

Dit voel vir Caleb of die wêreld van sy skouers afrol.

Freya is oukei. Sy pa lewe. Die trommel het die see oorleef.

Nou net die vraag: Hoekom moes al hierdie dinge gebeur?

“Hoe het Pa uit die vliegtuig gekom?” vra Caleb.

Sy pa sluk. “Dit was ’n hengse ervaring.” Net sy pa sal ’n vliegtuigongeluk so beskryf.

“Of vertel ons eerder hoe het die vliegtuig geval?”

Sy pa lig sy wenkbroue. “Ná wat ek uitgevind het, was ek bewus van iemand wat my dophou. Natuurlik die skuldiges. Maar wie presies die skuldiges was, het ek op daardie stadium nie geweet nie. Ek het net geweet wat ek onder die water gekry het.”

“En dit was?” Caleb het so baie vrae.

“Ek sal nou daarby kom.” Sy pa haal die pet van sy kop af. “Ná die video wat ek op my blog geplaas het, het ek doodsdreigemente gekry. Die dag van die ongeluk . . . Freya se pa was saam met my in die vliegtuig.”

“Wag, stop net ’n bietjie,” sê Caleb. Sy pelle se oë is ook nou groot. “Praat pa van Simon?”

“Ja.”

“Pa het geweet hy het ’n kind?”

“Ja, Caleb. Ons was pelle toe ons jonger was. Deur die jare het ons kontak gehou al was hy amper nooit in die land nie. Iamanga het my vertel dat die meisie nou by Miss Marian kuier en ons het twee en twee bymekaar gesit.”

Caleb knik.

Sy pa kyk na Freya en dan terug na Caleb. “Ek het vir Simon gekontak nadat ek die doodsdreigemente gekry het. Ek het geweet ek moet ons op een of ander manier veilig hou. Simon het aangebied om my te help. Hy het voorgestel dat ek iewers laag lê, wegkruip tot die ding oorwaai.”

“Is dit hoekom Pa die vreemde boodskap gestuur het?” vra Caleb.

“Ja. Simon sou na jou en jou ma kyk vir my. So van ’n afstand af terwyl ek die legkaartstukke klaar bymekaar sit. Hy het geweet hoe vuil hierdie tipe mense speel. Hy het saam met my hierheen gevlieg. Die volgende dag sou ek met Carina gaan praat, haar vertel wat dit toe is wat die dooie water veroorsaak en dan sou ek ’n vergadering met die minister van omgewingsake, bosbou en visserye hê om vir haar te sê wat ek uitgevind het. Nou ja, ek het nooit daar uitgekom nie . . . Kaptein het die hele ongeluk sien gebeur. Hy het afgekom strand toe. My daar beseer en koud op die sand gekry . . . maar daar was geen teken van Simon nie. Kaptein het my na Iamanga gebring.” Sy pa sluk en skud sy kop. “Simon se lyk het twee dae later eers hier uitgespoel. My vriend is dood as gevolg van my. Ek weet nie hoe om Miss in die oë te kyk nie . . .”

“Dink Oom iemand het met die vliegtuig gepeuter?” vra Ebert.

Caleb se pa knik.

“Blikskottels,” sê Mateo.

“Die enjin was net skielik dood. Op daardie oomblik het ek en Simon albei geweet iemand het iets aan die vliegtuig gedoen. Ons het neus eerste ondertoe begin duik. Ons het geweet ons gaan val en onsself gereed gemaak vir die impak. Ek het geweet ons het negentig sekondes om uit die vliegtuig te kom voor hy bodem toe sak. En op daardie diepte kry hulle ons nooit nie. Ons het ons vensters oopgemaak en gewag vir die impak toe Simon die stuurstang gryp en die vliegtuig skuins draai sodat die vlerk aan sy kant eerste die water tref. Ek wou hom keer, maar hy het vasgehou en gesê dis al hoe een van ons gaan oorleef. Toe tref ons die water . . .”

Freya kreun skielik en beur regop.

Caleb wil haar help, maar hy's te stadig.

"Ek het dit probeer uitduik," sê sy deurmekaar. Freya se blou oë glinster van trane wat vlak daarin lê. Dit laat hom dink aan sonlig wat op die seebodem deur die water skitter. Sy kyk na hom asof sy jammer wil sê oor iets.

"Ons het die trommel," fluister hy vir haar. "En kyk, my pa lewe."

Freya vryf oor haar gesig. Sy skud haar kop. "So ek het nie gedroom nie," sê sy.

Caleb lag. "Nee. Jy het nie."

Hy is verlig toe Freya glimlag. "Het Oom gesê my pa het Oom gered?" vra sy slaperig.

"Ek het. Danksy jou pa lewe ek nog."

Sy sak terug teen die kussing met 'n tevrede glimlag.

"She needs to get home. People will be looking for her soon."

"Thank you for saving me," sê sy vir Iamanga. "En Oom," sê sy vir Caleb se pa.

Die jong vrou knik. "All of you better leave. I don't want the villagers showing up here with their pitchforks and torches."

Iamanga steek haar hand uit na Freya. Sy vee 'n haar weg wat oor haar oë geval het.

"For when it happens again," sê Iamanga en druk 'n sakkie kruie in Freya se hand. Wat het presies onder die water gebeur?

"Wat doen ons nou?" vra Caleb. "Pa kan seker nou by ons kom bly? Niemand sal Pa met daai caveman look herken nie. Pa lyk soos 'n hippie."

“Yes! I need my space to work,” sê Iamanga. Antwoorde op al hulle vrae sal moet wag. Ten minste weet Caleb hy sal vandag nog die waarheid weet.

“Ek het al vroeër gepak. Nadat ek die nota onderdeur jou deur gedruk het.”

“Ek sal die Landy nader trek,” sê Mateo en loop na buite.

Die drasak wat sy pa in die kamer gaan haal is klein en lig. Iamanga was werklik baie gaaf om so vir hom te sorg.

Caleb help vir Freya op. Sy sit haar arm om sy nek.

Iamanga gee vir Ebert ’n sak met haar nat swembroek en handdoek.

Mateo laai die fiets agterin die Landy.

Voor Freya uitloop, draai sy weer na Iamanga.

“Thank you for everything,” sê Freya.

Iamanga glimlag beleef. “You are not cursed, no matter what people tell you.”

Caleb kan amper voel hoe die woorde Freya ligter maak.

FREYA

Die storie wat die seuns vir Miss vertel is dat Freya fietsgery en toe nie lekker gevoel het nie. Hulle het haar langs die see gekry en toe bring hulle haar huis toe.

“Goeiste,” sê Miss en vat aan Freya se wang. “Miskien moet jy liewer vandag in die bed bly. Die laaste paar dae was stresvol vir jou.”

Freya frons. Sy wil saam met Caleb-hulle na sy huis toe gaan. Hoor wat sy pa alles vir hulle vertel. Sy was nog heeltyd deel van die ondersoek.

“Ek is fine,” jok Freya. Sy moet eintlik nou in die bed lê en net slaap. Oor ’n dag of twee is sy beter, dan kan sy weer duine klim en speurder speel.

Nou is dit Caleb wat frons. “Freya,” sug hy. “Ek wil ook hê jy moet daar wees as ons meer uitvind.” Sy oë lig na Miss. “Maar ek dink jy moet vandag rus.”

“Maar ek wil alles hoor wat jou p- . . .” wil sy keer, maar Caleb val haar in die rede.

“Ek hou jou op die hoogte. Belowe.” Hy druk Freya se arm. As Miss uitvind Caleb se pa lewe gaan sy wil weet hoe hulle dit uitgevind het. Dan sal Freya vir Miss moet vertel wat sy vanoggend aangevang het. En daarvoor sien sy nie op die oomblik kans nie. Freya kou die kant van haar lip.

“Oukei, maar môre vertel jy my alles.”

“Nou toe, gaan doen jou dinge,” sê Miss vir Caleb. “Vandag is my kleindogter myne.”

Kleindogter! Dit laat Freya glimlag. Vir die eerste keer vandat sy in Stormwater is, klink dit of Miss bly is sy is hier.

Sy kan doen met ’n dag saam met haar nuwe ouma. Sy wens sy kan vir Miss vertel dat Caleb se pa lewe. Dat Simon hom gered het.

CALEB

Caleb kan steeds nie glo sy pa sit op die bank in Sandkasteel nie. Gister het hy nog geworstel met die realiteit dat sy pa dood is. Vandag het daardie realiteit aan skerwe gespat.

“Ek verstaan Le Roux is dood,” sê sy pa. Hy sit in sy gunstelingstoel asof hy nie vir twee maande weg was nie.

Caleb knik. “Maar hoe weet Pa van hom?”

“Kaptein het my vertel hier is iemand in die dorp wat kom rondsnuffel het,” sê sy pa.

“Le Roux het ons nie gesê Pa lewe nog nie.”

“Want hy het nie geweet nie. Omdat ek nie self kon rondbeweeg as gevolg van my beserings nie, het Kaptein my gehelp om vir hom broodkrummels te los. Met die hoop dat hy die saak verder vir my kon oplos. Hy was my oë en ore.” Sy pa trek sy vingers deur sy lang hare, dan trek hy die pet oor sy kop. “Die trommel was vir hom bedoel. Julle het al die leidrade gekry voor hy kon.”

“Wat bedoel Pa?”

“Die nota in die skildery. Die foto. Die GPS-koördinate. Dit was alles vir hom om die trommel met die kosbare inligting te kry. Ek het gehoop hy sou dit kry en dit opvolg. Hopelik uitvind wie die rolspelers is as deel van sy ondersoek oor my ongeluk.”

Caleb sluk. Sy pa sê “kosbare inligting” asof sy lewe daarvan afhang en Caleb hoop dis nie die geval nie, want wie weet wat daarvan oor is nadat dit in die see was.

“Julle het my senuwees klaar gehad toe jy nie net wou opgee en huis toe gaan nie. Selfs Kaptein kon jou nie oortuig nie. Toe betrek jy nog vir Freya ook. Ek moes selfs vir Roland op die stropers se spoor sit nou die aand sodat hy hulle met ’n geweerskoot kon afskrik voor hulle julle sien en beetkry.”

Caleb vryf oor sy ken. Hy kyk na sy pelle. “Pa weet ons was daar in die nag?”

“Ja, Caleb. Dit was baie onverantwoordelik van julle.”

“Jammer, Pa. Ek het gedink die broodkrummels was vir my. Dit was dan alles leidrade wat ek kon verstaan.”

“Ek het ’n vraag,” sê Ebert met ’n frons. “Hoekom die hele Easter egg hunt en nie net die inligting die wêreld instuur nie?”

Caleb se pa vleg sy vingers saam en sit sy hande agter sy kop. “Want my rekenaar en my foon is gehack. My backups in die cloud was gewipe. Die mense het klaarblyklik groot geld. Dinge gaan nog lelik raak, Caleb,” sê sy pa. “Groot spelers is betrokke. Ek weet dit. Ek weet net nie presies wie nie. Dis wát hulle besig is om te veroorsaak wat my bang maak. Dis groter as wat hulle besef. Onmiddellik dink Caleb aan sy oom, sy dreigement en die twee boodskappe wat hy nog nie gelees het nie. “Toe besluit ek net tot hier toe met tegnologie, as daar een mens op aarde is wat ek vertrou, is dit myself. Toe doen ek dit maar old school.”

“Ek sal vir oom back-ups encrypt en op dit op díe SFTP server sit,” sê Ebert.

Caleb klop sy pel op die skouer. “Sien, Pa moes ons lankal betrek het.” Dan onthou hy van sy ma. “Ma is op prof Tinus se plaas. Pa dink nie hy het iets hiermee te doen nie? Is dit nie hy wat aan die vliegtuig gepeuter het nie? Moet ons haar waarsku?”

“Nee. Hy het niks hiermee te doen nie,” sê sy pa. “Tinus het aansoek gedoen vir ’n nuwe pos en wou nie betrokke raak by die ondersoek waarmee ek besig was nie.” Caleb voel verlig. Dit beteken sy ma is veilig

by hulle in Citrusdal. “Ek vermoed dis ook hoekom hy nie vir die polisie vertel het ek het van daar af opgestyg nie.” Sy pa kry so veraf uitdrukking in sy oë. “Ek is verbaas jou ma het jou toegelaat om Stormwater toe te kom.”

Die drie seuns kyk na mekaar.

“Ma dink ek is veilig besig om vakansie te hou in Plett,” sê Caleb. “As sy moet weet ek is hier . . .”

“Gaan sy jou afslag. Nes ek eintlik moet doen,” sê sy pa. “Maar ek is bly julle is hier.”

“Weet Ma pa lewe nog?”

“Nog nie. Ek sal haar bel as ek reg is. As ek haar nou bel, spring sy in ’n kar en kom sy sweerlik ook hiernatoe. En ek is nog nie seker dit is veilig nie.”

Caleb knik. Sy pa is reg. Dis dalk beter as hulle sy ma nog ’n klein rukkie uit dit hou.

Al die vrae warrel soos die oostewind deur Caleb se kop.

Sy pa lewe!

Dis al wat saak maak.

Hy kyk weer ongelowig na sy pa. Hy is so dankbaar sy gevoel was reg. Hy weet nie hoe hy sonder hom sou lewe nie.

Dan vra Caleb die vraag wat al die gebeure aan die gang gesit het.

“So wat het Pa uitgevind? Ons het so baie leidrade, maar kon nie kop of stert uitmaak nie. Die stukke metaal op die strand, Pa wat vanaf ’n plaas in Citrusdal opgestyg het, die ander huis wat Pa gehuur het. Om nie te praat van die notaboeke nie.” Caleb skud sy kop. “Iemand het ons aangeval in Blanche se huis,” sê Caleb.

“Dit was die speurder. Kaptein het hom afgetip sy volgende leidraad is in die skildery. Hy het julle nie verwag nie. Ons ook nie.” So dit was daardie aand Le Roux wat hulle in die huis betrap het!

“Billy Boomslang het ons van die pad af probeer ry,” voeg Mateo by.

“Billy?” vra sy pa verbaas, maar skud dan sy kop. “Hy’s ’n bietjie getik, maar ek glo nie hy is hierby betrokke nie. Hierdie is mense in baie hoë posisies aan die werk.”

“So waar is die inligting nou?” vra Ebert.

“Alles is gedokumenteer en op die geheuekaart in die trommel,” antwoord Caleb se pa.

“Sal dit nog oukei wees? Danksy ons was dit lank in die water.” Caleb beduie benoud na die trommel.

Sy pa glimlag. “Hoe ken jy my? Ek is old school, maar darem nie dom nie. Die geheuekaart is binne ’n waterdigte zipsakkie binne ’n waterdigte plastiekkissie in die trommel.”

“Daar’s net een manier om uit te vind,” sê Caleb. Hy haal sy bos sleutels uit sy broeksak, kry die trommel se sleutel en druk dit in die slot.

Binne is die trommel nat. Sy pa se grys R20 Ruck case waterdigte houer het druppels aan die buitekant. Caleb glimlag verlig toe hy dit oopmaak.

Binne is dit droog. Die waterdigte sakkie en die memory card ook.

Hy kyk na sy pa en sy pelle wat almal nou staan en smile.

“Ek kry my laptop,” sê Ebert en draf kamer toe.

Hy kom terug en skakel die skootrekenaar aan. Sit die geheuekaart in die laptop.

Almal se oë is vasgenael op die skerm waar nog beelde van onderwatergolwe soos iets uit ’n riller voor hulle afspeel.

“Op die satellietkaart meet daardie golf oor die tweehonderd meter,” sê sy pa.

“Dis mal,” sê Caleb. Hy voel hoe die bloed uit sy gesig dreineer. Enigiemand wat in daardie golf se pad kom . . .

Die golf kom aangestorm met soveel turbulensie dat dit sy pa en die kamera honderde meters ver laat tuimel. Daar is ’n warrelwind van sand en water, borrels wat bruis. Soos ’n ontploffing ruk die golf oor die seebodem.

“Dis ’n onderwater tsunami,” sê sy pa.

“Maar wat veroorsaak dit?” vra Caleb.

“Dooie water,” sê Ebert met sy oë vasgenael op die skerm.

“Kyk.” Sy pa beduie na die skerm.

Dan kom ’n grys voorwerp in sig. Dit lyk soos ’n missiel. Kompleet met flikkerende rooi ligte. “Dis die metaal wat jy op die strand opgetel het.”

“ ’n Missiel?” vra Caleb.

Mateo fluit.

“Nee, ’n onderwater drone,” sê sy pa.

“Maar waarvoor?” vra Mateo.

“Die vraag is eerder wie s’n. En wat ek uitgevind het, is skokkend. Eers het ek gedink dis die volgende stap in oorlogvoering. Maar dié tipe ding is iets heel anders.”

“Ek het al goed op die internet gelees oor meteorologiese oorlogvoering. Cloud seeding is ou nuus. Amerika het dit al in die Viëtnam-oorlog beproef. Operasie Popeye. Hulle oogmerk was om die reënseisoen te verleng sodat hulle die oorlog kon wen. Die operasie was toe ’n flop,” sê Ebert. “Hulle het presies sulke drones in Indonesië gekry,” praat Ebert verder. Hoe weet hy al die goed?

Caleb se pa knik. “Die sensors kan data versamel wat wissel in temperatuur, troebelheid, soutgehalte, chlorofil en suurstofvlakke. Hierdie data kan waardevol en noodsaaklik wees.”

“Maar in Stormwater?” vra Caleb. “Pa praat in sirkels.”

“Toe lande met meteorologiese oorlogvoering begin eksperimenteer het, is hulle deur kundiges afgeraai om dit te doen. Van gletsers te laat smelt tot atoombomme die atmosfeer in te stuur. Want niemand weet wat die langtermyngevolge daarvan sou wees nie. Daar is selfs ooreengekom dat sulke navorsing gestaak sou word. Traktate is tussen die groot rolspelers onderteken. Amerika en Rusland. Maar soos ek sê, hierdie is iets heel anders. Dit hang af hoe jy daarna kyk. Dit kán seker ook ’n mate van oorlogvoering wees. Die slimste sal oorleef. Hierdie is nie oorlogvoering nie, dis vir oorlewing. Iemand toets die waters. En waar beter om dit te toets as nie op eie bodem nie.”

Sy pa druk die knoppie en die opname speel verder.

“Ek het ’n paar dae daarna teruggegaan. Kyk wat het ek gekry,” sê hy.

Op die skerm is die water helder. Daar is tientalle dik pype, soos skoorstene wat uit presiese gate uit die seebodem kom.

“Watse pype is dit? Ek het nog nooit so iets in my lewe gesien nie,” sê Caleb.

“Vars water kom uit daai pype. Iemand het ontdek dat dié deel van die kus ’n waterdraer of aquifer bevat.”

“Wat is dit?” vra Mateo.

“ ’n Varswaterbron onder die oppervlak van die aarde. In dié geval is dit soos ’n groot dam wat onder ons kuslyn lê. Daar is ook een onder die Atlantiese Oseaan aan die noord-oostelike kus van Amerika. Drie-honderd-en-vyftig kilometer lank.”

Caleb vee oor sy oë. Die inligting is te veel om in te neem.

“Ek dink dis ’n land wat gereed maak vir die waterskaarste wat hulle gaan hê danksy aardverwarming. ’n Land met baie mense. ’n Land vir wie Suid-Afrika baie geld skuld,” sê sy pa. “En met ons korrupte regering wat enigiets sal doen . . .”

“Die Chinese?” vra Caleb.

“Ek dink so. Die drones is naamloos. Maar hulle pas duidelik die eksperiment op. Dis juis so ’n onderwatergolf wat van die drones vernietig het, en stukke het op die strand uitgespoel. Hulle eksperiment werk nie. Ek dink hulle wou kyk wat gebeur as jy die aquifer leegpomp. Toe los hulle alles net so.”

“Waar gaan die water heen?” vra Mateo.

“Dis die ding. Of hulle is nie klaar nie of hulle wil kyk wat gaan gebeur. Daar’s nie pompe wat die water iewers heen vat nie, dit dryf net op die oomblik na die oppervlak. Varswater op die oppervlak en die soutwater onder.”

“Dis hoekom al die vreemde goed hier gebeur?” vra Caleb.

“Dis besig om hele ekosisteme te verander. Ook die seestrome. Die aquifer strek honderde kilometer. Dis baie vars water. My kreet was juis dat die hele kus dooie water gaan word. Geen skepe sal hier kan vaar nie. Ganse ekosisteme gaan uitsterf.”

“Maar hoe het iemand so ’n operasie aan die gang gekry en niemand weet daarvan nie?” vra Ebert.

“Seker op dieselfde manier hoe hulle ons viswaters leegstroop, en niemand ’n oog knip nie,” verduidelik sy pa. Onmiddellik dink Caleb aan sy oom. Sou hy en Orion Energie nie so iets kon doen nie. Dalk kamma onder die skans van seismiese opnames?

Caleb haal sy foon uit. Uiteindelik kyk hy na sy oom se boodskappe.

Bel my dringend, lees die eerste boodskap van Dawid Meyer. Dis die boodskap wat sy oom gestuur het ná sy pa se vliegtuig in die nuus was. Ná hierdie boodskap was daar ook talle missed calls van sy oom af.

Dan lees hy die tweede boodskap.

Jy beter oor jou skouer kyk. Gee liewer pad uit Stormwater. Bel my!

Caleb vou sy hande in vuiste. Hy is seker sy oom het iets hiermee te doen. Maar hoekom hom dan juis aanpor om sy pa te kry? Het sy oom geweet sy pa lewe nog?

“Wat het nou verander?” vra Mateo. “Oom kon mos al die inligting vir die koerante stuur? Soos díe Wikileak of iets.”

“Nie terwyl ek teen ’n onsigbare vyand moet baklei en as ek nie weet my gesin is veilig nie. Môre sal ek al die inligting hê wat ek nodig het om vingers na die regte mense te wys. Ek kry môre vir Dawid by die Regent Hotel in Oos-Londen. Dan sal ek die inligting aan die koerante kan bekend maak. Hy het glo bewyse aan wie die geld oorbetaal is.”

“Oom Dawid?” vra Caleb.

“Ja.” Sy pa knik.

“Ek hoop nie pa het vir hom die inligting gestuur nie!” Caleb spring op. Hy voel ’n spier in sy wang spring. “Ek is seker hy het iets hiermee te doen. Hy het my en Ma gedreig, Pa.”

“Dis my broer, ek vertrou hom met my lewe.” Caleb gooi sy kop agteroor en blaas hard sy asem uit. “Ek het vir hom inligting gestuur toe ek besef jy gaan nie opgee en huis toe gaan nie. Toe ek besef ek kan julle nie meer veilig hou nie. Dat ek net so veilig is soos enige whistle blower sy lewe lank sal wees. Jou oom het kontakte wat ek nie het nie.” Presies! wil Caleb skree, maar hy sak net terug in sy stoel. “Hy het laat weet dat hy kon uitvind wie die rolspelers is. Aan wie daar geld betaal is. So môre is alles verby.”

“Hoekom kan hy nie net vir Pa die inligting e-pos nie?” vra Caleb.

“Want hy wil nie ’n kuberspoor agterlaat wat wys dat hy deel was van hoe die ding ontbloot is nie.”

Caleb staar net voor hom.

Hy hoop nie hierdie is ’n lokval nie.

Dis hoekom hy ’n plan van sy eie moet beraam.

FREYA

Freya se oë gaan oor die oproerige skare wat buite in die straat voor die Regent Hotel op die Oos-Londense esplanade saamdrom. Vanoggend voel sy die beste wat sy in maande gevoel het. Of dit iets te doen het met die tee wat Iamanga vir haar gegee, weet sy nie.

Saam met haar en Caleb is Ebert, Mateo, Anathi en Caleb se pa. Oom Karel het nog nie sy baard of hare geskeer nie. Hy dra ’n sonbril en ’n pet en is onherkenbaar teenoor die foto van voor sy verdwyning wat Caleb vir Freya gewys het.

Die skare lig hulle plakkate omhoog. Die mense stamp en stoot. Caleb gryp Freya se hand en trek haar nader aan hom.

“Red ons kus!” skreeu van hulle.

Is dit presies hoe die publiek gaan reageer wanneer Caleb se pa sy inligting onthul? Maar vandag protesteer hulle teen Orion Energie se seismiese aktiwiteite aan die Wildekus.

Binne die hotel is Dawid Meyer besig met middagete saam met die minister van omgewingsake, bosbou en visserye, om die kwessie van die seismiese aktiwiteite te bespreek.

Toe die protesteerders harder gil en krete roep, kyk Freya op. Caleb se oom en minister Crystal Oliphant verskyn op die stoep van die deftige hotel.

“Dis nou of nooit,” sis Caleb.

Freya frons. Wat bedoel hy?

Caleb beur deur die skare na voor.

“Wat maak die kind?” fluister oom Karel. Hy hou sy kop laag.

“Ek weet nie, ek sal gaan hoor. Bly Oom hier,” sê Freya en druk ook deur die mense.

Toe sy naby Caleb is gryp sy hom aan die arm. “Caleb, waar gaan jy?” sê sy. “Jy gaan aandag trek.”

“Dis mý plan, Freya. My oom is skuldig, ek sê jou. As Dawid Meyer betrokke is, verras ons hom hopelik en het hy nie tyd om nog vure dood te slaan en in sirkels te lieg nie. Mateo het die opname met die inligting op Youtube gelaai en teen vanaand sesuur sal die video die wêreld ingaan.”

Freya se pols jaag toe Caleb vorentoe druk om tussen die joernaliste in die straat te staan.

Buite die hek staan die minister nou stil.

“Die Departement en Orion Energie het tot ’n vergelyk gekom,” sê die minister. “Totdat die Departement nie self ’n behoorlike impakstudie voltooi het nie, sal hulle eers hulle aktiwiteite stopsit, al bewys hulle studie dat dit geen skade sal aanrig nie.”

Die skare juig.

“Wonder wat dit gevat het om my oom te oorreed,” sê Caleb.

Joernaliste begin vrae uitroep.

Crystal Oliphant beantwoord die eerste vraag.

Caleb is nou heel voor. In ’n harde stem roep hy uit: “Minister, wat weet u van die feit dat ons land se natuurlike hulpbronne aan China verkoop word? Ons vars water onder die kus naby Oos-Londen?” Crystal Oliphant se kop ruk op. In die skare soek sy na die persoon wat die vraag geroep het. “Ekosisteme is besig om vernietig te word! Daar is ook die gevaar van tsunami’s wat kan dreig! Stormwater kan onder die see wegsak as die aquifer leeg gepomp is! Wat doen julle hieraan?”

Die skare trek hulle asems in en begin onderlangs praat. Hulle staar na Caleb.

Dawid Meyer skreef sy oë. Dit lyk of hy enige oomblik vuur gaan spoeg. Hy kyk ook na die skare.

“Wie het dit gevra?” roep die minister.

Dawid Meyer se oë stop by Caleb se pa s’n. Hy het hom herken tussen die skare. Hopelik is dit omdat broers mekaar enige plek sal herken en nie omdat sy vermomming nie baie goed is nie, dink Freya paniekerig. Oom Dawid beduie na Caleb se pa, maar nie vir die minister nie. Na ’n man wat so ent van hom af wegstaan. Sy lyfwag?

“Ek het dit gevra!” roep Caleb.

Van die joernaliste draai nou na hom.

“Is hy reg?” vra een van die joernaliste vir Crystal Oliphant.

“Ons weet nie van sulke gerugte of aktiwiteite nie. Ek kan julle verseker dit is ’n ongestaafde bewering,” sê die minister. “Deur ’n kind!”

“Teen vanaand sesuur sal die wêreld weet!” roep Caleb. “Julle sal die bewyse sien!”

Dawid Meyer beduie weer iets en die man in die pak beweeg vinnig. Die ou peil reg op Caleb se pa af!

Mateo en Ebert skuif voor Caleb se pa in. Om Freya skree die mense klaar weer hulle proteskrete. Ander praat in televisiekameras oor die feit dat hulle so dankbaar is die seismiese opnames is vir eers gestop. Dis asof niemand gehoor het wat Caleb sê nie.

Dawid Meyer fluister iets in die minister se oor, dan stap hy terug by die hotel in.

“Dis genoeg vrae!” roep die minister. Haar lyfwagte neem haar na haar motor. Die skare hardloop agter haar kar aan.

Freya en Caleb druk tussen die mense deur om by die ouens te kom. Die man het klaar Caleb se pa aan die elmboog beet.

“Doktor Meyer wil met jou praat,” sê die man en los Caleb se pa. “Nou dadelik.”

“Vir wat het jy dit gedoen, Caleb?” kners oom Karel. Hy wil duidelik nie ’n scene hier maak nie, maar Freya kan sien Caleb se pa is woedend.

“Want iemand moes,” sê Caleb.

“Dudes, kom ons kalmeer net en doen wat ons gekom het om te doen,” sê Mateo. Hy maak sy oë groot vir sy pel.

Caleb knik. “Ek en jy praat later,” sê hy vir Caleb. Sy pa kyk na die tieners. “Bly julle liewer hier.”

“No way,” sê Caleb. “Netnou doen hy iets aan Pa.” Caleb kyk na die lyfwag. Die man se mond trek op in ’n onheilspellende glimlag. “Ons kom saam. Freya, jy en Ebert kan dalk hier wag.”

“Ek is jammer,” sê Freya, “maar ek kom ook saam.”

Ebert haal sy skouers op. “Ek ook.”

“Dawid hou nie daarvan om te wag nie,” sis die man.

Caleb se pa knik.

Hulle volg die man.

In haar kortbroek en plakkies voel Freya skoon uit plek in die deftige hotel.

In die hysbak is almal stil. Hulle kyk na mekaar, onseker oor wat om te verwag.

Hulle kan almal nou na hulle dood loop, dink Freya. En niemand behalwe hulle sal dit weet nie. Dis hoekom sy vir Miss ’n boodskap stuur. Vir ingeval.

Ons is by die Regent Hotel in Oos-Londen om vir Dawid Meyer te sien. Ek verduidelik later.

Die man sluit die hotelkamer oop met ’n sleutelkaart. Hy kyk op en af in die gang voor hy die deur oopstoot en hulle laat instap.

“Dankie, James,” sê Dawid Meyer van iewers binne die hotelkamer.

James maak die deur agter hulle toe sonder om in te kom.

Freya sluk.

Daar is ’n groot balkon wat oor die see uitkyk. Die vertrek is yskoud van die lugverkoeler.

Dawid Meyer loop op sy broer af.

Dan gryp hy hom om die skouers en kyk na sy gesig. “Kleinboet, dis goed om jou weer te sien.”

Langs Freya maak Caleb ’n snorkgeluid.

“Om verskillende redes,” sê Dawid Meyer en kyk na Caleb.

“Oom Dawid het gedink Pa het geld verduister en toe verdwyn,” sê Caleb.

“Jy het toe pas baie geld vir jou navorsing by Orion Energie gekry,” verdedig Dawid sy beskuldiging. “Nou weet ek van beter.”

“Soos ek verduidelik het, ek het ’n goeie rede gehad om weg te kruip,” sê oom Karel. “Ek is amper van kant gemaak oor iets wat ek uitgevind het.”

Dawid sit sy wysvinger ingedagte oor sy mond. “Jy is in ’n penarie, Kleinboet. En as ek jou nie so pas uit daai skare gered het voor jy jouself heeltemal weggegee het nie, was jy môre nie meer met ons nie. Ongelukke gebeur.” Billy Boomslang se woorde weergalm in Freya se kop. Sy sluk en kyk na Caleb. Sy oë vergroot. “Ek het vir Caleb probeer waarsku, maar hy ghost my. Dis mos wat julle jongmense dit deesdae noem as julle iemand ignoreer?”

Caleb klem sy kake. “Oom bedoel seker ek moes na Oom se dreigemente geluister het. Wat gaan Oom nou met ons doen?”

“Wat gaan ek met julle doen?” Dawid Meyer skink rustig vir hom ’n drankie. Hy gooi vir Caleb se pa ook een, maar hy vat dit nie. “Ek is nie die vyand hier nie. Julle weet nie hoe groot die bos is wat julle wil afbrand nie. As julle weet, sal julle nou daai video stopsit en vergeet wat julle weet. En die sirkus wat nou hieronder afgespeel het, was ’n groot fout.”

“Wat weet jy?” vra oom Karel.

“Ek weet dat die minister nie die persoon is wat jou probleem gaan oplos nie. Sý is jou probleem.”

Oom Karel gaan staan voor die glasskuifdeur en druk sy hande in sy Chino se sakke. “Jy bedoel Crystal Oliphant?”

Dawid Meyer haal ’n kartonvouer uit sy aktetas. Voorop staan in groot rooi letters, Confidential. Hy gee dit vir Caleb se pa.

Die spanning in die lug laat Freya kortasem voel, soos gisteroggend onder die water.

Almal staan om oom Karel toe hy die vouer oopmaak.

Dit lyk soos bankstate waarna hulle kyk.

“Ondenkbare somme geld is na rekeninge oorgeplaas. Daar is vier rekeninge wat uitstaan,” sê oom Dawid.

Freya trek haar asem skerp in toe sy die van op die een rekening herken. Sy kyk vraend na Caleb.

“Die president?” vra Caleb.

“Inderdaad,” sê Dawid. “Dis groot name wat jy sal moet beskuldig.”

Oom Karel trek sy hande deur sy hare.

“Drie van die spelers ken ek,” sê Dawid Meyer. “Maar die ander een is vir my onbekend.” Hy skud sy kop. “Die naam van die trust beteken vir my niks.”

“Jy bedoel . . .” Caleb se pa maak nie sy sin klaar nie.

“Ons eie regering verkoop ons uit?” sê Dawid en Caleb se pa knik. “Presies so, en die drie name is groot name. Hulle gaan dit ten alle koste wil toesmeer. Jy het ’n moerse byenes oopgekrap.”

“Daar is altyd iemand wat moet,” antwoord oom Karel. Hy staar na die name op die papier.

“Lyk die ander naam vir Pa bekend?” vra Caleb.

“Al persoon met so ’n naam en van is jare gelede al dood,” sê Dawid. “Waarskynlik ’n alias.”

“En jy het absoluut niks hiermee te doen nie?” vra Caleb se pa. “Wat betaal die minister jou om my van plan te laat verander?”

Dawid Meyer gaan sit geïrriteerd. “Orion Energie het toevallig afgekom waarop jy afgekom het toe ons die seismiese opnames gemaak het. Toe jy vir my die inligting stuur, het ek reeds begin ondersoek instel oor die betrokkenes.”

“So daar is ander mense wat weet?” vra Caleb se pa. “Wag, wat het jy in daardie deel gedoen? Jy het nie permissie gehad om daar opnames te doen nie!” Die woede in oom Karel se stem ruk deur Freya.

“Klein foutjie van ons kant af,” sê Dawid. Hy lig sy hande verskonend. “Met my kontakte kon ek agtergekom wie dit gedoen het. Soos ek dit sien, beter ek én jy van nou af oor ons skouers kyk.”

“Dan gaan ons voort met die video. As die wêreld weet, wat kan hulle aan ons doen?” sug oom Karel.

“As jy seker is,” sê Dawid.

Freya kyk na Caleb. Sy voel nou net so onseker soos hy lyk. Selfs Mateo lyk bekommerd.

“Ek is. Ons expose die wetters,” sê oom Karel.

“Jy vergeet vinnig jy was amper dood. En wat van die speurder wat vermoor is?”

“Hulle weet nie ék lewe nog nie. Enigiemand kon my navorsing gekry het en dit deel met die media,” sê Karel.

“Ek het vandag my bedanking ingedien. Dis onmiddellik van krag, die ete saam met die minister was my laaste werk as besturende direkteur van Orion Energie. Ek vlieg môremiddag oorsee. Ek is klaar met hierdie land. Dis beter dat jy nie weet waarheen ek gaan nie,” sê Dawid. “As alles oorgewaai het, kontak ek jou.”

Die twee broers groet mekaar met die hand. Freya sug. Toe sy besluit het om saam met Caleb na sy pa en die vliegtuig te soek, het sy nie gedink dit is wat hulle sou uitvind nie.

“Jammer ek het gedink Oom het iets hiermee te doen,” sê Caleb. Hy groet ook sy oom. “Sterkte.”

Dawid knik. “Ek is ook jammer,” sê hy.

Caleb se pa druk die lêer onder sy hemp in. Ebert keer hom.

“Uhm . . . kan ek dit gou afneem en dit op die server saam met die video en ander inligting save. Ek vertrou nie papier nie,” sê Ebert.

Caleb se pa gee ’n skewe glimlag en gee vir Ebert die lêer. “En ek vertrou nie tegnologie nie.”

Ebert neem die dokumente af en gee weer vir oom Karel die lêer.

Toe hulle uitloop, praat Dawid Meyer weer: “James sal saam met julle gaan. Julle veilig hou.”

“Dis nie nodig nie,” sê Karel.

“As jy so sê. Wees versigtig. Ek sou nie laat meer mense weet ek lewe nog as ek jy is nie. Die vierde persoon op daardie lysie is dalk iemand in Stormwater,” sê hy. “Iemand moet hulle informasie gevoer het.”

Dié woorde stuur ys deur Freya se are. Wie kan dit wees?

CALEB

Daar is net nog drie persone wat nou weet dat sy pa lewe.

Miss, Lily en sy ma.

Toe hulle gistermiddag vir Freya gaan aflaai, het sy pa saam uitgeklim.

Miss het begin huil toe sy hom sien. Sy pa het vir Miss vertel wat hy uitgevind het. Hy het vir haar verduidelik wat met Simon gebeur het. Dat Simon sy lewe gered het. Dat hy jammer is sy het haar seun as gevolg van hom verloor . . .

Miss het daarop aangedring dat hulle nie langer veilig sal wees in die kothuis nie. Sy het voorgestel dat hulle by Lily aanklop. “Haar plaas is soos ’n tronk,” het Miss gesê. Eers was sy pa huiwerig omdat nog ’n persoon sou weet hy lewe steeds. Uiteindelik het hy tog ingestem.

En nou is hulle hier. Miss was reg. Lily se plaashuis is enorm. Die huis is op ’n koppie en het ’n honderd-en-tagtig grade uitsig oor die see. Die plaas is omhein met elektriese drade, hier is ’n alarm en kameras buite om die geboue. Sterk diefwering voor die vensters en baie sekuriteitshekke. Seker omdat sy alleen bly. Hier sal hulle veilig wees vir nou.

Gisteraand het hulle almal hier in Lily se woonkamer na die videoprimêr op Youtube gestaar asof dit ’n tydbom is.

Duisende mense het ingeskakel en tegelyk na die video gekyk. Kommentare het ingestroom. Gretige joernaliste het hulle e-posadresse in die kommentaar gelos sodat Caleb se pa die inligting na die verskillende koerante kon stuur.

Die berigte vertel dat ’n anonieme video uitgelek het wat deur die oseanograaf, Karel Meyer, gemaak is net voor sy skielike dood in ’n

vliegtuigongeluk.

Van die koerantberigte lees: Suid-Afrika ruil noodsaaklike hulpbronne vir delging van skuld. Een koerant begin die berig met ’n 1992 Chris Hani aanhaling: “What I fear is that the liberators emerge as elitists . . . who drive around in Mercedes Benz’s and use the resources of this country . . . to live in palaces and to gather riches.”

Dieselfde koerant berig dat China links en regs geld leen aan lande in Afrika. Baie geld. As hulle die mafia was, sou ’n mens kon sê hulle het Afrika op ’n ongemaklike plek beet. Die berig beweer dis hoekom Orion Energie so spoedig nog olie en gas in Suid-Afrika moet opspoor. Ons kort meer hulpbronne om ons skuld af te betaal, want ons het nie die geld om dit te doen nie. Sy beweer dat Afrika China honderd-en-tagtig biljoen dollar skuld! En dis glo net die skuld waarvan ons weet. Baie lenings word geheim gehou, so wie weet hoeveel die kontinent werklik aan China skuld.

Lily kom terug met ’n skinkbord met tee en toebroodjies. Mateo spring op en vat dit by haar. Sy skink vir haar en Miss tee en gaan sit op die stoel voor die televisie waar die nuuskanaal sag in die agtergrond dreun.

“Wanneer maak jy aan die wêreld bekend dat jy nog lewe?” vra Lily vir oom Karel en vat ’n versigtige sluk uit die fyn porseleinkoppie in haar hand.

“Ek dink volgende week, as ek hopelik dan weet wie die vierde betrokkene is.”

“Daar is vier mense betrokke?” vra Miss.

“Ja, en ek het bewyse dat groot somme geld aan hulle oorbetaal is. So hulle gaan tronk toe. My informant sal teen volgende week hopelik weet wie die vierde persoon is. Dis hoekom ek eers die delikate inligting stil hou. Sodat almal betrokke vasgetrek kan word voor hulle land uit vlug.”

Miss knik. “Jy sal die Valke moet betrek hierby.”

“Ja, maar net as ek weet my bewyse is in goeie hande,” antwoord sy pa.

“Jy is welkom om delikate inligting in my kluis toe te sluit,” sê Lily.

“Dankie, maar danksy die kinders is dit baie veilig.”

Lily knik stram.

Dan begin die foon wat Iamanga vir sy pa gegee het te lui.

Sy pa kyk na die skerm. “Dis jou ma,” sê hy. “Sy gaan haar nou dood bekommer tot ons by die huis is.”

Sy pa het gisteraand ná die videoprimêr tog sy ma gebel. Hy het gevoel dis nie reg dat sy nog nie weet dat hy lewe nie, maar ander mense weet wel. Natuurlik was sy eers geskok en toe in trane. Sy wou dadelik in haar kar klim en Stormwater toe kom, maar sy pa het haar gekeer. “Dis nie veilig hier nie,” het Caleb gehoor hoe hy mooi met haar praat. “Laat die mense wat dink hulle het my klaar uit die weg geruim, maar steeds so dink. Dit behoort vir jou en Caleb te beskerm vir nou.” Sy ma het halfhartig ingestem om eers nog in Citrusdal te kuier.

“Hallo? Hallo?” antwoord sy pa. “Liz? Kan jy my hoor?”

Sy pa loop met die foon teen sy oor na buite.

Caleb merk daar’s nog net twee woorde in die blokraai ingevul waarmee sy pa besig was.

Mateo, Ebert en Freya speel kaart. Miss drink nog tee.

Almal probeer hulself besig hou om nie te dink aan wat alles gaan gebeur noudat die klip in die water gegooi is nie.

“Ek moet ry,” sê Lily en staan op. “Dit sal snaaks lyk as ek nie by die perskonferensie opdaag nie.” Sy sit haar leë koppie op die skinkbord neer.

Crystal Oliphant kom vandag Stormwater toe om die inwoners toe te spreek. Sy het geen idee hulle het die bewyse dat sy betrokke is nie. Hulle almal wag vir die nuus om te kyk wat sy gaan sê.

Soos sy oom gesê het, enigiemand hier kan ’n informant wees. Enigiemand hier kon Le Roux Uys vermoor het.

Sal die moordenaar vandag by die nuuskonferensie wees?

Net die gedagte aan die perskonferensie laat gal in sy keel opstoot. Om te dink die vrou wat dalk opdrag gegee het om sy pa te laat vermoor, is vandag hier in hulle dorp.

Dan hoor hy die vrou op die nuuskanaal. Miss sit vorentoe en stel die klank harder.

“In breaking news, the CEO of Orion Energy was found dead in his home early this morning. The death was ruled a suicide by authorities on the scene.”

“Dis oor jou oom . . .” sê Freya. Caleb se hart klop dubbel so vinnig. Hy staan stadig op.

Die groot sitkamer voel skielik vir Caleb oorvol. Sy mond is droog.

Toe kom sy pa die sitkamer binne en hy weet hoekom sy ma sy pa gebel het. Hy kan sien sy pa wéét. Sy pa se oë blink. ’n Traan rol oor sy wang en verdwyn in sy baard.

Sy oom is dood? Dit kan nie wees nie. Hulle het hom dan gisteroggend nog gesien.

“Karel, Caleb, ek is so jammer,” sê Miss sag.

Freya, Ebert en Mateo kyk bekommerd na sy pa wat op die bank neersak, sy kop in sy hande. Caleb vat sy foon en soek na nog nuusberigte.

“Hulle sê hy het homself opgehang.” Caleb se knieë wil knak. Hy gaan sit langs sy pa. Sit sy arm om sy pa se skouers. “Ek is jammer, Pa.”

“Dawid sou dit nooit gedoen het nie,” sê sy pa. Hy vat Caleb se foon. Sy pa se oë vlieg oor die berig. “Die koerante sê niks van sy bedanking nie. Hulle het hom stilgemaak . . .”

Caleb laat sak sy kop. “Is ons ooit veilig hier?” vra hy.

“Die plek is feitlik ondeurdringbaar,” sê Miss.

“Ek dink ons is veilig genoeg hier vir nou,” sê sy pa. Hy staan op en stap na buite. Caleb kyk sy pa bekommerd agterna.

“Ek gaan kyk of hy oukei is,” sê Caleb en loop ook na buite.

Die wind huil om die huis se hoeke. Ver op die horison is die wolke donker en dreigend. Asof dit die emosie in sy pa weerspieël.

“Is Pa oukei?” vra hy.

Sy pa knyp die brug van sy neus. “Ek wens ek het nooit uitgevind wat ek uitgevind het nie,” sê hy. “Soveel lewens is verwoes.”

“Dit is so, maar wat sal gebeur as niks hieraan gedoen word nie?” vra Caleb.

“Dan mors ons met die natuur,” sug sy pa.

“En dis nog erger. Hoeveel mense is dan nie in gevaar nie?” Hy sit sy hand op sy pa se skouer.

“Baie meer. Ons sal op ’n ramp afstuur.”

“Presies.”

Ebert maak die skuifdeur agter hulle oop. “Die perskonferensie gaan begin.”

“Dankie,” knik Caleb.

In die sitkamer kyk almal na die televisie.

Die enigste saal in Stormwater is volgepak.

Crystal Oliphant se lippe trek in ’n dun lyn asof dit die laaste plek is waar sy vandag wou wees. Sy vee haar hare vies uit haar oë en tik die mikrofoon met haar wysvinger. Daar is lyfwagte aan elke kant van haar.

“Inwoners van Stormwater,” begin sy. Die mense begin deurmekaar praat. Inwoners en joernaliste. “Bedaar net, ek verstaan hoe julle voel. Laat ek julle verseker ons ondersoek die saak al ’n geruime tyd . . .”

“Ag nonsens!” roep Mateo.

“Ons het ons ondersoek stilgehou omdat dit baie sensitief is . . . Ons is bly om te kan sê ons het vasgestel wie verantwoordelik is vir die vermorsing van ons kosbare hulpbronne.”

“Wie?” roep een joernalis.

“Dawid Meyer,” sê Crystal Oliphant. Caleb voel of hy wil ontplof. Die vrou hou haar gesig uitdrukkingloos. “Hy het die seismiese ondersoeke gebruik om sy eintlike agenda te verbloem. In ’n brief wat in sy woning gekry is, erken hy skuld. Dit is die rede vir sy selfdood.”

“Nou is Dawid die scapegoat!” sê sy pa.

Caleb klem sy kake. “Hulle glo haar seker,” sê hy. “Het hulle nie vanoggend die koerant gelees nie?”

Freya sit haar hand op Caleb se arm.

Nie dat dit seker saak maak nie. Oor ’n paar dae sal die wêreld weet wie almal betrokke is. As hulle net die ander persoon se naam kan vasstel.

“ ’n Maatskappy is ook reeds aangestel om die skade aan ons oseaan te herstel,” gaan die minister voort.

“Watter maatskappy?” roep ’n joernalis.

“Orion Energie.”

Caleb snak na asem.

Sy pa staan op en gaan staan voor ’n venster. Hy kan seker nie meer verder na die toneelspel kyk nie.

“Dit is die maatskappy se manier om terug te gee oor die skade wat deur Dawid Meyer aangerig is,” sê sy. “Dankie.” Crystal lig haar hand in ’n groet.

Die nuuskanaal se beeld sny terug na die ateljee.

Ebert sit die televisie af. “Ek dink ons het genoeg gesien,” sê hy.

Buite tref reëndruppels die ruite soos koeëls. Die wind van vroeër begin sterker waai. Deur die venster kan hy sien die swart boepenswolke hang nou laag oor die see.

Langs hom ril Freya. “Ek dink ek gaan bietjie op my bed lê. Ek is moeg.”

Caleb knik. Die gebeure sal op almal van hulle ’n uitwerking hê, dis vir seker.

Voor sy wegloop vat hy haar hand. “Hei. Ons is veilig hier,” sê Caleb.

“Ek weet,” sê sy en druk Caleb se hand. Hy wens net hy het dit self geglo.

FREYA

Die geluid van motorbande wat tot stilstand kom, ruk Freya uit die slaap. Twee kardeure slaan toe. Sy sit regop. Die tyd op haar foon wys dis al amper twaalfuur. Hoe het sy so lank geslaap? Buite huil die wind steeds en vet druppels reën dreun teen die ruite.

In die gang hardloop iemand nou verby haar kamer.

Wie sal dié tyd van die nag hier aankom?

Sy staan op en maak haar deur op ’n skrefie oop.

’n Harde stem beveel iets wat Freya nie kan uitmaak nie.

Sy frons.

Dan kom Caleb, Ebert, Mateo en oom Karel agteruitgestap verby haar kamer. Hulle hou hulle hande agter hulle koppe. Caleb se oë vergroot toe hy haar sien. Hy beduie iets met sy kop wat Freya nie verstaan nie.

Dan sien Freya hoekom.

’n Grootgeboude man hou ’n vuurwapen op hulle gerig.

James.

Freya skuif saggies agter die deur in. Sy verstyf. Het James haar ook gesien? Sy glo nie.

Die oorkantste kamer se deur gaan oop en Freya wens sy kan vir haar ouma sê om terug te gaan en haar deur te sluit, maar dis te laat.

“Wat op aarde?” hoor sy Miss vra.

“Kom jy ook sommer, en jy, meisiekind! Ek weet jy’s daar,” sê James.

Freya se hartklop weergalm in haar ore. Sy gryp na haar foon. Sy het die ligging afgesit toe hulle hierheen gekom het, maar nou sit sy dit vinnig weer aan. Die skerm wys daar’s geen sein nie. Seker as gevolg van die stormweer buite. Sy druk die foon vinnig in haar sweetpakbroek se sak en loop by die kamer uit.

Miss gryp vir Freya en skuif voor haar in soos ’n skild. Lily is nie in die gang nie. Freya hoop sy kruip iewers veilig weg. Hopelik kan sy die polisie bel.

Freya se bene voel skielik lam.

James hou die pistool teen Caleb se voorkop.

“Verbaas om my weer te sien?” vra James, aangevuur asof hy die hoofskurk in ’n fliek is. “Selfone en laptops!” beveel hy. Sy kop kantel en sy oë kyk skerp na Caleb se pa. “Maak gou, of jou seun kry ’n koeël in die kop! Bring sommer die lêer ook wat Dawid aan jou oorhandig het. En die geheuekaart met die video.”

Almal beweeg verward rond, maar Miss lyk of sy gevries het.

“E . . . ek kry haar foon,” sê Freya vinnig en draf na Miss se kamer. Sy pluk haar eie selfoon uit haar broeksak. Met bewende vingers gaan sy na die app op haar foon wat haar ma’s haar laat aflaai het. Net vir ingeval.

Namola.

Sy klik op die bystand wat sy benodig. Polisie.

Freya sit die klank vinnig sagter. Volgens haar ma’s sal ’n kontakpersoon haar terugbel. As sy nie antwoord nie, stuur hulle nooddienste uit na haar ligging. Sy kan maar net hoop die selfoonsein registreer enige oomblik weer.

“Laat almal net gaan,” hoor Freya oom Karel in die gang sê. “Dis tog vir my wat jy soek. Asseblief. Daar hoef nie nog mense seer te kry nie.”

James se stem is skerp. “Ek gaan nie twee keer vra nie,” sê hy. “Bring julle selfone!”

Freya gryp Miss se foon wat op die bedkassie lê en draf terug.

“Los ons!” skree Miss.

“Jy het my broer ook doodgemaak, nè?” sê oom Karel.

“Jy het nog een kans. Waar is die lêer?”

“Ek bring dit,” hoor sy Ebert se stem. Wat maak dit tog saak as hulle dit vat. Danksy Ebert is al die inligting veilig.

Dan kom ’n stem vanuit die sitkamer.

“Ouch! Los my,” gil ’n vrou.

Freya voel hoe hoendervleis teen haar vel opkruip. Hoeveel aanvallers is hier? Het hulle nou vir Lily ook?

“Liz!” roep Caleb se pa.

Dan sien Freya die vrou aan wie die stem behoort. Sy is kort en fyngebou.

“Ma!” skreeu Caleb.

Maar dis die persoon wat ’n pistool op sy ma rig, wat almal verbaas.

“Lily?” snak Miss. Vir ’n oomblik laat sak Miss haar arms laer.

Daar skiet trane in tannie Liz se oë toe sy na oom Karel en Caleb kyk.

Oom Karel trek haar na hom toe. Tannie Liz begin huil.

“Ek kon nie wag nie. Ek moes jou sien ná die nuus oor Dawid. Toe ry ek deur. . . Die man was by die kothuis toe ek daar aankom, besig om die plek uitmekaar te ruk op soek na iets.” Sy beduie na James. “Ek het nie geweet . . .”

“Sjuut. Dis oukei,” sê oom Karel en druk sy vrou stywer teen hom vas.

“Genoeg van die reünie!” gil Lily. “Waar’s die lêer?” Sy swaai haar pistool wild rond. “Ons kan geen spoor van bewyse agterlaat nie,” sis sy vir James.

Ebert gee vir James die lêer, laptops, selfone en die geheuekaart wat in die kamer was. Caleb beweeg stadig en kom staan tot teen Freya. Sy kan die hitte van sy been langs hare voel en dit stel haar effens gerus. Wat gaan haar ma’s sê as sy hier moet doodgaan vannag?

Lily en James stap agteruit, met die wapens steeds op hulle gerig.

Toe Lily haar hand op die veiligheidshek in die gang sit, vra Miss: “Hoekom, Lily?” Trane vul haar oë. “Vir nog geld?” Miss skud haar kop.

“Nie vir geld nie, vriendin. Vir antwoorde,” sê Lily. “Geen geld in die wêreld maak jou kind weer lewend nie. Jy weet dit tog.”

“Jy bedoel . . . jy bedoel Mieke?” vra Miss verward. Freya se oë vang Caleb s’n. Mieke Clark. Dit was die naam op die ander rekening.

Lily knik. Haar lip bewe. “Sy het belowe,” sê Lily.

“W . . . wat het wie belowe?” vra Miss. Sy hou haar stem egalig.

“Crystal Oliphant sou die Pegasus-saak weer oopmaak. In ruil vir informasie. Sy het belowe.”

“Pegasus?” vra Ebert sag.

“Vlug 406,” sê Caleb. “Wat hier in die see geval het.”

So Lily was die informant. En James het eintlik vir Crystal gewerk?

“Ek haat wat die land aan my gedoen het,” sê Lily koud. “Ek het nog altyd ’n passie vir die underdog gehad. Wie sou dink China sal so ver vooruit dink?”

Miss gryp na Freya se hand. Sy druk dit styf.

“Julle sal nie hiermee wegkom nie, alles is op ’n server ook gestoor!” sê Ebert deur geklemde kake.

“Nie as daar niemand is om in die server in te log nie,” lag James.

Dan pluk hy die veiligheidshek in die gang voor hulle toe. Hulle hoor die klik van die slot toe die deur toeslaan. James en Lily draai om en stap in die gang af.

Buite hoor hulle ’n motorenjin brul en vinnig wegry.

CALEB

Hulle skarrel rond soos miere om te kyk of hulle iewers kan uitkom.

Dan ruik hy dit. Sy pa seker ook, want sy oë flits na Caleb.

“Hulle het die plek aan die brand gesteek,” sê sy pa.

“Ons moet hier uitkom,” sê Miss. Grys slierte kleef aan haar voorkop.

“Almal na die verste vertrek van die brand af! Trek deure toe so ver soos julle gaan!” roep sy pa. “Bly laag, vir die gasse en rook, al moet jy op jou knieë kruip!” Gebukkend hardloop hulle in die gang af. Borrelende dik rook kolk soos ’n broeiende storm teen die plafon, kruip af teen die mure en maak dit moeilik om te sien.

Caleb en sy pelle trek die kamerdeure toe. Hy vryf oor sy gesig. Sy oë traan. Sy keel voel of hy skerwe glas gesluk het. Sy asem raak al hoe vlakker. Sy ore voel asof die vuur al daaraan lek, maar dis net die hitte. Hulle sal hier moet uitkom en vinnig.

Freya hoes. Haar oë is rooi en haar hare klam en klewerig.

Caleb trek sy T-hemp oor sy kop. “Hou dit oor jou mond,” sê hy. Freya vat die hemp by hom. Sy bind dit om haar neus en mond.

Die vlamme lek aan die vloer in die gang agter hulle, dan kruip dit teen die plafon op. Die hitte raak ondraaglik.

Hulle gaan nie betyds hier uitkom nie.

“Badkamer toe!” roep sy pa.

Caleb trek vir Freya aan die hand. Ebert en Mateo help vir Miss. Sy pa help sy ma.

In die badkamer maak sy pa vinnig die deur toe. Hy druk handdoeke teen die skrefie onder die deur.

“Bo die stort!” roep Mateo. “Die venster is klein maar dalk kan ons daar uit?”

Die badkamer se venster het nie diefwering voor nie. Dankie tog!

Caleb voel vir die knip van die venster. Sy oë brand en maak dit moeilik om te sien. Dan het hy die venster oop. Vars lug stroom die vertrek binne. Almal snak na asem.

“Ebert, klim jy eerste deur,” sê sy pa.

Mateo en Caleb help vir Ebert deur die venster.

“Miss, kom,” beveel sy pa. Eers huiwer sy, dan vat sy Caleb se hand. Sy pa help vir Miss op Mateo se rug, wat hy vir haar soos ’n trap hou. Caleb lig haar. Ebert help haar aan die ander kant af.

Dan kry hulle sy ma deur die venster.

Rook borrel nou deur elke moontlike skrefie van die deur. Selfs deur die toe deur knaag die vreeslike hitte aan hul lywe.

Sy pa begin hoes.

Caleb sluk. Sy keel, mond en lippe is kurkdroog. Die metaalsmaak van bloed lê op sy tong.

“Kom, Freya,” sê Caleb. Haar oë is rooi en tranerig van die rook.

“My bene . . .” sê sy met ’n hees stem. “Laat jou pa solank gaan.”

Sy pa knik en klim rats deur die venster.

Caleb voel na Freya se hand.

“Jy kan dit doen,” sê hy ferm. Dan tel hy haar op. Sy trap versigtig op Mateo se rug. Haar bene begin bewe. Sy voel na die venster en gryp die raam stewig vas. Dan lig Mateo sy lyf sodat sy hoër is. Caleb hou sy hande om haar bolyf om haar deur te help.

“Ek is deur,” roep Freya.

“Gaan,” sê Caleb vir Mateo. Sy pel mors nie tyd nie.

Dan trek Caleb homself op. Ebert en Mateo trek hom deur die venster. Uiteindelik is hy buite. Hy snak na asem. Sy longe trek krampagtig saam van die skielike vars lug. Sy ribbekas en skedel voel of dit wil oopbars.

Hulle is net betyds uit. Tussendeur die reën kan hy sien hoe oranje vlamme aan die badkamer se plafon begin lek. Die huis se dak keer dat reën die vuur op die onderste verdiepings help blus.

Almal is papnat. Strome water spoel om die huis.

“Caleb!” roep Freya verlig. Haar gesig en hare is swart van die roet. Dit meng met die reën op haar wit vel. Hy kyk na haar asof hy haar vir die eerste keer in sy lewe sien.

“Ek is so bly jy’s oukei. Vir ’n oomblik . . .” Freya hou op praat en snuif hard. Caleb voel hoe sy oë ook klam word. Hy druk Freya styf teen hom vas. Dan begin hy weer hoes en staan ’n ent weg.

Die volgende oomblik kom ambulanse en polisievoertuie met gillende sirenes op die toneel aan.

“Kaptein,” sê sy pa.

Caleb kyk op. Kaptein kom saam met twee polisielede na hulle aangestap.

“Karel, dankie tog,” sê hy verlig en gryp sy ou vriend om sy skouers. “Toe ek jou vannag probeer bel en jy nie antwoord nie, het ek geweet iets is nie pluis nie. James en Lily is vasgetrek. Net hier anderkant. Danksy die app

wat Freya op haar foon geaktiveer het, het die polisie die sein gevolg en hulle afgetrek. Toe hulle die motor deursoek, het hulle op al julle selfone en laptops afgekom en ook vuurwapens op hulle gekry. En toe sien ons die vlamme opgaan hier in die huis op die heuwel.”

“Hoor jy?” vra Caleb vir Freya. “Jy is ’n held, nes jou pa.”

Sy glimlag skaam. “Ek het dit eintlik geaktiveer dat hulle ons kon opspoor,” sê sy. “Ek het nie geweet hulle sou ons fone vat nie.”

“Jou pa sou trots op jou wees,” sê Miss.

Caleb se ma gee hom ’n stywe druk. “Jy het baie om te verduidelik, maar onder die omstandighede is jy vir eers vergewe,” sê sy. Hy hou sy ma stywer vas.

“Ma het geen idee nie,” sê Caleb.

Dan hou dit op reën. Op die horison begin die son opkom.

Caleb vat Freya se hand en loop na die krans wat oor die see uitkyk.

Die oseaan hou die borrelende oranje son in haar waterarms asof sy bly is om hom te sien. Onder op die wit sand lê ’n streep dryfhout uitgespoeg soos drenkelinge. Slagoffers van die woedende see.

Caleb blaas sy asem stadig uit. Hulle het die nag oorleef.

FREYA

In die donker op die strand staar Freya na die lyne van Caleb se gesig teen die sterrehemel. As sy net dink aan wat hulle alles saam deurgemaak het die vakansie. Freya sou nooit kon dink dat dit is hoe dit sou uitdraai nie. Haar ma's wou dadelik terugkom, maar Freya het gesê hulle moet bly waar hulle is. Sy en Miss het tyd saam nodig.

'n Helse politieke storm het in die land losgebars.

Opposisiepartye is besig met 'n mosie van wantroue teen die president al ontken hy die aantyging nes die ander betrokkenes.

Die Valke het op die skuldiges se eiendom toegeslaan en moontlike bewysstukke verwyder.

James en Lily gaan blykbaar nou vir die staat getuig. Dit beteken hopelik almal gaan boet.

Billy en die stropers is ook agter tralies. Roland was op die voorblad van die koerant vanoggend. Dit was hy wat die stropers vasgetrek het.

China ontken die aantygings dat hulle hulpbronne vir die toekoms wou verseker.

Caleb se ma het 'n privaat sekuriteitsmaatskappy aangestel om hom en sy ouers te beskerm.

"Noudat ons klaar speurder gespeel het, hoe lyk dit met 'n behoorlike vakansie?" vra Caleb en stamp liggies teen haar skouer. Voor hulle druis die see rustig en kalmerend. "Ek skuld jou 'n paar vryduiklesse as jy gesond genoeg voel."

“I have a chronic illness. A chronic illness have I,” lag Freya. “Dis deel van my. Maar ek sal mal word as dit my lewe moet beheer. Duiklesse sal lekker wees, dankie,” sê sy.

Sy is seker die kruie wat Iamanga vir haar gegee het werk. Miskien verbeel sy haar net, maar sy voel vandag die beste wat sy die afgelope jaar gevoel het. Dalk is dit die placebo-effek, maar Freya gee nie om nie. En Januarie sien sy die oorsese dokter virtueel. Wie weet, dalk neem sy tog eendag aan die Olimpiese Spele deel.

Vanoggend wou sy en Caleb vir Iamanga gaan dankie sê het vir alles wat sy vir hulle gedoen het, maar haar sinkhuisie was net skoonveld.

Daar hang nie eens meer ’n enkele been of skulp aan die bome nie. Dis asof sy nooit daar was nie.

Dis toe Anathi aangery kom met die nuus dat Drie Susters weer oopgespoel het ná al die jare, dat Caleb en Freya stilweg geglimlag het.

Dit was asof Iamanga die storm gestuur het om al Stormwater se geheime weg te spoel. En nou het sy saam met die geheime verdwyn en teruggegee wat haar ma en ouma gevat het.

“Dis nuwemaan – wat vanaand nog meer van ’n skouspel gaan maak,” sê Caleb en beduie na die see.

’n Nuwe maan vir ’n nuwe bladsy, dink Freya.

Sy kyk na waar Caleb wys en roep: “Daar! Jy was reg. Dis awesome!”

Ebert, Anathi en Mateo hardloop die gloeiende vlak water van die meerminpoel in. Bioluminessensie laat die strand en elke organisme in ’n blou, neonverligte skouspel ontplof.

Caleb was reg. As jou pa ’n oseanograaf is, het dit sy perks en weet jy wanneer die oksidasie gaan gebeur.

Freya kan nie wag om ook in die wonderwater te gaan swem nie.

“Wag!” roep Caleb.

Sy draai terug en vat Caleb aan die hand. “Kom!” roep sy, maar stop toe sy sien wat hy in sy hand het.

“Ek het iets vir jou,” sê hy. Hy hou ’n stapstok na haar.

“Dis net dryfhout,” sê hy.

“Vir my?” vra sy toe hy dit na haar hou.

Hy het die stapstok wit geverf en op die wit donkerblou patrone wat soos hiërogliewe lyk.

“Dis so cool,” sê Freya, “dankie.”

“Dis ’n plesier.”

“Ek sal altyd aan jou dink as ek hiermee stap.”

Freya skrik vir haar woorde. Sy wil nie nou daaraan dink dat hulle mekaar dalk nie weer gaan sien ná die vakansie nie.

“Die vakansie is darem nog twee weke lank,” keer Caleb. “Jy bly mos vir Kersfees en Nuwejaar?”

“Natuurlik.” Freya glimlag.

Sy leun nader en gee vir Caleb ’n soen op sy wang. Haar hart voel of dit uit haar borskas wil wip en soos ’n dolfyn in die water baljaar.

Caleb se oë is so naby aan hare toe hy wegtrek. “Jy’s ’n cool chick,” sê hy.

“Jy bedoel ’n sick chick,” lag Freya.

Caleb tel haar op en dra haar die koel water in.

Al vyf van hulle strek uit en lê op hul rûe en dobber, hulle gesigte gekeer na die naghemel. Freya se hare dryf soos seegras om haar kop en skouers. Met

elke beweging van ’n arm of ’n been trek ’n blink spoor deur die water om hulle. Dis asof hulle tussen skitterende sterre sweef.

Caleb strek sy hand na Freya s’n uit. Hulle vingerpunte raak veerlig aan mekaar.

“Ná alles het ons bly dryf, Freya,” fluister hy vir haar.

Sy draai haar kop om na hom te kyk.

Toe sien Freya iets . . . verder af met die strand langs. Op die rotse sit iemand. ’n Vrou? Freya skop haar bene en kom regop in die water.

’n Gloeiende figuur met lang dreads en blou oë!

Maar voor sy vir Caleb kan wys, is die vrou weg. Asof sy verdamp het en weer deel word van die see.

“Waarna kyk jy?” roep Caleb laggend en gryp na haar onder die water.

“ ’n Waternimf!” terg Freya, maar sy kon sweer dit was Iamanga wat vir hulle waai.

SKRYWERSNOTAS

Myalgic encephalomyelitis (ME) of Kroniese moegheidsindroom waaraan Freya, die hoofkarakter, lei, is ’n daaglikse deel van my lewe sedert 2011 toe ek self ’n virus opgedoen het en nooit weer dieselfde was daarna nie. Kroniese siektes affekteer elke persoon verskillend en grade daarvan verskil. Gaan volg gerus die hutsmerke #chronicillness #invisibleillness op sosiale media as jy meer daaroor wil weet.

Kyk ook gerus Jennifer Brea se brawe dokumentêr Unrest.

Die dorpie Stormwater is losweg gebaseer op Kayser’s Beach in die Oos-Kaap waar ons ’n vakansiehuis het. Vreemde dinge het werklik al daar in die see gebeur. Die verhaal het juis in my begin broei toe Colleen Fletcher, my buurvrou, my vertel het van die Rietbok-vliegramp van 1967. Jy kan gerus self daaroor gaan lees, asook die kontroversie daaroor.

Colleen het vir my van die stukke metaal gewys wat sy oor ’n tydperk daar op die strand opgetel het. Ek self het ook so ’n stuk opgetel en dit vir haar gegee om by haar versameling te sit. Sy glo vas dit is van die Rietbok afkomstig en het dit na Kevin Cole by die Oos-Londen Museum geneem. Met die skryf van die boek was Wouter Botes besig met die verfilming van ’n nuwe dokumentêr, Plane Wreck Hunter, waarin hy beweer hy nuwe inligting oor die Rietbok bekend sal maak. Colleen en Kevin verskyn in die dokumentêr. Kyk ook na sy vorige dokumentêr, Flights to nowhere.

In 1931 het ’n Fokker Super Universal daar geval. Dit is die presiese berig wat in die verhaal verskyn.

Die drie Portugese skepe wat in die verhaal genoem word, het moontlik werklik daar gesink. Die gebeitelde kaart met die kruis is steeds vandag ’n

klein bietjie sigbaar op die rots.

BEDANKINGS

Dankie aan my man, Johan, wat ons droom van ons eie huisie by die see, waar ek stories kan uitdink, bewaarheid het.

Dankie aan my uitgewer, Simone Hough, vir haar geduld met wat my man al Die Lang Boek gedoop het. Sonder haar uithouvermoë en goeie oog sou die boek seker nooit klaargekom het nie.

Opsomming

Mense glo daar’s ’n vloek oor Stormwater. Die see roep elke jaar sy slagoffers. Is dit waarom Caleb se pa se vliegtuig neergestort het? Caleb moet sy matriekvakansie opoffer om die geheim te gaan ontrafel. Freya word ook gedwing om haar somer in die vreemde kusdorp deur te bring – asof vars lug ’n kitskuur sal wees vir die kroniese pyn in haar lyf. Darem is dit goeie afleiding om saam met Caleb speurder te speel. Maar wat as die waarheid ’n tsunami is wat wag om Caleb te verswelg? Wat as Freya se ma’s vir haar gejok het? Wat as sy net daar is om te verdrink . . .?

Oor die skrywer

Cecilia Steyn is die trotse ma van twee pragtige seuns en woon in Orkney, Noord-Wes. Sy is op 9 September 1974 in Welkom in die Vrystaat gebore, die jongste van drie kinders. Na skool skop sy haar loopbaan af in die kleinhandel Apteekbedryf. Cecilia Steyn is sedert 2017 voltyds skrywer. Sy het reeds verskeie gewilde jeugboeke die lig laat sien, o.m.
die Tienerharte- en PresiesAnders-reeks, waarvoor sy elk ’n ATKV-Woordveertjie gewen het.

Ander boeke deur Cecilia Steyn

Ander boeke deur Cecilia Steyn, steeds in druk:

Tienerharte 1: Hartklop

Tienerharte 2: Hartbreker

Tienerharte 3: Hartedief

Tienerharte 4: Hartsnaar

#PresiesAnders: Eksperimente en eerste soene

#PresiesAnders 2: Cupcakes en kupido's

#PresiesAnders 3: Somerskool en spoke

Die vlerke van naaldekokers

Die vinnigste skoene in die hele wêreld

Ander e-boeke deur Cecilia Steyn

Ander boeke deur Cecilia Steyn, ook beskikbaar in e-boekformaat:

Tienerharte 1: Hartklop

Tienerharte 2: Hartbreker

Tienerharte 3: Hartedief

Tienerharte 4: Hartsnaar

Die vlerke van naaldekokers

Eerste uitgawe in 2022 deur Human & Rousseau,

’n druknaam van NB-Uitgewers,

’n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,

Heerengracht 40, Kaapstad 8001

www.humanrousseau.com

Kopiereg © 2022 in teks deur Cecilia Steyn

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp deur Nadene Kriel

E-boekontwerp deur Full Circle

Ook beskikbaar in druk:

Eerste uitgawe in 2022

ISBN: 978-0-7981-8330-7

Epub-uitgawe:

Eerste uitgawe in 2022

ISBN: 978-0-7981-8331-4 (epub)